# Die Blye Boodskap

# Die Evangelie volgens Markus



Louis Nel

# Jesus, Seun van God

## Oordenkinge uit die Evangelie volgens Markus

Louis Nel

November 2022

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

1 Inleiding
2 ‘n Stem uit die Woestyn
3 Die Stem van God
4 Jesus se Taak Begin
5 Besetene in Kapernaum
6 Petrus se Skoonma
7 Die Melaatse Word Genees
8 Die Verlamde van Kapernaum
9 Man deur die Dak
10 Levi se Partytjie
11 Om te Vas
12 Die Sabbat
13 Die Gebreklike en die Fariseërs
14 Twaalf Aangewys
15 Laster teen die Heilige Gees
16 Jesus se Familie

17 Die Saaier
18 Die Lamp Onder die Emmer
19 Die Sonneblomland
20 Die Mosterdsaadjie
21 Die Storm
22 Die Besetene van Gadara
23 Jaïrus se Frustrasie
24 Jaïrus se Dogtertjie
25 Verwerp in Nasaret
26 Op die Sendingveld
27 ‘n Grusame Einde
28 Kos vir ‘n Skare
29 Jesus Loop op die See
30 Tradisies
31 Wat maak jou Onrein?
32 Die Siro-Fenisiese Vrou
33 Jesus genees die Doofstomme
34 Jesus Voed Weer ‘n Skare

35 Fariseërs Soek ‘n Teken
36 Suurdeeg
37 Blindheid
38 U is die Messias!
39 Om Jesus te Volg
40 Verheerliking op die Berg
41 Wat van Elia?
42 Jesus genees ‘n Seun
43 Nederigheid
44 Verdraagsaamheid
45 Egskeiding?
46 Jesus en die Kindertjies
47 Die Ryk Jongman
48 Ereplek in die Koninkryk
49 Bartimeus, die Blinde
50 Die Intog
51 Chaos in die Tempel
52 Vye-Toebroodjie
53 Jesus se Gesag

54 God se Wingerd
55 Wat van Belasting?
56 Opstanding ‘n Werklikheid?
57 Die Grootste Gebod
58 Geestelike Hoogmoed
59 Die Tempel Verwoes
60 Die Groot Verdrukking
61 Die Seun Kom Weer!
62 Jesus Word Gesalf
63 Judas – God se Pion?
64 Die Paasmaal
65 Op pad na Getsemane
66 Jesus se Gebedsworsteling
67 Verraad in die Nag
68 Voor die Joodse Raad
69 As die Haan Kraai……
70 Voor Pilatus
71 Geslaan en Gespot
72 Gekruisig.

73 Jesus sterf
74 Jesus se Begrafnis
75 Die Leë Graf
76 Epiloog

# 1

# Die Evangelie

## Inleiding tot die Evangelie volgens Markus

**VIDEO * OUDIO**

“Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God.” Met hierdie kort sinnetjie vertel Markus presies waaroor sy boek gaan. Dis in die eerste plek die opskrif van die inleiding van die boek, maar dit vertel ook iets van die hele wese van die boek. Markus noem sy boek bloot: Die Evangelie, oftewel Goeie Nuus! Waaroor sou hierdie goeie nuus gaan? Natuurlik oor Jesus en oor

die verlossing wat Hy gebring het. Markus se hele boek handel dus slegs oor een enkele Persoon: Jesus!

‘n Kritikus oor literêre werke sou vir Markus ‘n nul gegee het vir sy boek se openingswoorde. In ‘n goeie speurverhaal sal jy moet wag tot die héél laaste bladsy om uit te vind wie die skuldige is. In Markus se verhaal blaker hy sommer in die héél eerste sinnetjie uit wie die belangrike Persoon is. Maar dan is dit mos só, dat jy reg van die begin af moet verstaan waaroor dit gaan, dat Jesus die Christus, die Seun van God is. Sonder hierdie feit

sou die boek van géén waarde wees nie!

Die vraag is of dit werklik die moeite werd vir my is om ooit hierdie boek te lees? Is dit vandag nog énigsins van waarde vir ‘n moderne gelowige? Hou die boek werklik vandag steeds ‘n aktuele boodskap in?

Markus se boodskap is in ‘n sekere sin baie kontroversieel. Ek het al baie mense hoor sê, dat as jy ‘n Christen-gelowige is en ernstig is oor jou geloof, sal alles net goed gaan met jou. Teëspoed sal dan nóóit jou pad kruis nie, en jy sal blakend gesond wees. Jou sake sal suksesvol wees, en

voorspoed sal jou metgesel wees. Markus sê: Nee, dis nie waar nie! Eintlik is júís die teenoorgestelde waar, want as jy waarlik vir Jesus wil volg, moet jy bereid wees om swaarkry te beleef!

Waarom doen jy nog dan al die moeite om Jesus te volg, as dit vir jou net swaarkry in die sak bring? Oor die eenvoudige rede, dat as jy die dag besef dat Jesus waarlik die Seun van God is, kan jy net eenvoudig nie anders nie as om Hom onvoorwaardelik te volg volgens Sy voorskrif. O, dis beslis nie ‘n maklike paadjie nie!

Die Jode wou Jesus eintlik op ‘n ander manier volg. Hulle het van

Hom verwag om hulle van die Romeinse juk te verlos sodat hulle triomfantlik in vrede sou kon leef. Dit was selfs vir die dissipels moeilik om te begryp dat dit nie Sy missie was nie, en dat Hy eintlik gekom het om te ly en te sterf.

Eers wanneer ons hierdie waarheid werklik begryp, begin ons besef dat as die Seun van God moes ly, dan kan ons beslis nie aanspraak maak op ‘n gemaklike lewe nie! Ek moet óók bereid wees, nés Jesus, om my kruis op te neem, myself te verloën, en Hom te volg!

Wie het hierdie Evangelie geskryf?

Baie eenvoudig: Sy naam was Markus. Ongelukkig is dit ál wat ons van hom weet. Daar is baie teorieë oor wie presies hy was, soos dat hy die Johannes Markus is waarvan ons lees in Handelinge 12. Dis egter slegs gissings, en ons weet absoluut niks van hierdie onbekende skrywer nie, behalwe dat hy 'n Joodse Christen was, en dat Grieks nie sy moedertaal was nie.

Wat ons egter wél weet, is dat dit die heel eerste volledige Evangelie is wat geskryf is en dat dit ongeveer 65 of 70nC geskryf

is, sowat 35 jaar na Jesus se kruisiging en opstanding. Voor Markus sy verhaal geskryf het, was die gebeure mondelings oorgedra, en daar mag dalk moontlik ook van die gebeure op skrif gestel gewees het. Markus sowel as Matteus maak gebruik van hierdie bron om hulle boeke saam te stel.

Het Markus op ‘n dag maar net gaan sit en die verhaal van Jesus begin skryf? Beslis nie! Dit was ‘n Goddelike inspirasie van die Heilige Gees wat daartoe gelei het dat hy hierdie wonderlike, meesleurende verhaal van Jesus, die Seun van God wat gekom het

om te ly en te sterf vir ons verlossing, op skrif te stel sodat almal daarvan kon kennis neem.

Nadat Markus sy verhaal geskryf het, het Matteus sowel as Lukas dit onder oë gekry, en hulle het gebruik gemaak van baie van die inligting in Markus se boek sowel as ander bronne om hulle eie weergawes van die Evangelie neer te pen. Elkeen van hulle het egter sy eie unieke stempel afgedruk, want hulle het elkeen die verhaal geskryf uit ‘n totaal ander oogpunt.

Vir wie het Markus oorspronklik die boek geskryf? Ons kan aflei dat dit vir gelowiges was wat in ‘n

baie moeilike tyd van konflik geleef het. Die Romeine het oorlog gemaak teen die opstandige Jode, en dit kon dalk vir húlle bedoel gewees het. ‘n Ander moontlikheid is ook dat dit geskryf was vir die gelowiges wat so wreed deur Nero vervolg was. Vir hulle was die boodskap dat Jesus nie maar net iemand was wat in Palestina geleef het nie, maar dat Hy ook húlle soort lyding moes verduur.

Vandag wil Markus ons moed gee in die situasie waarin ons onsself bevind, waar geweld, oorlog, konflik en swaarkry aan die orde van die dag is. Jy sal dan ook

duidelik sien dat Markus nie eers meld van die geboorte en kindertyd van Jesus nie, maar dat hy sommer wegval in die héél eerste hoofstuk met Jesus in die genadelose woestyn, en die duiwel wat Hom versoek.

Ek nooi jou uit om saam met my deur die bladsye van hierdie aangrypende boek te stap op soek na God se wil vir ons lewens.

Gebed:

Here, ek wil U graag dien met my hele hart, al beteken dit dan ook vir my swaarkry.

# 2

# Die Stem uit die Woestyn

# Markus 1:1-8

**VIDEO * OUDIO**

Iewers uit die woestyn het hierdie vreemde man net eendag opgedaag. Almal het hom grootoog aangestaar en met fluisterstemme oor hom gegis!

“Het julle hom gesien? Sy klere - ek gril my dood as ek sulke rowwe goed moet dra!”

“Hulle sê hy is glo ‘n regte, egte profeet!”

“Aag dis sommer bog man! Israel het in honderde jare nog nooit ‘n profeet gehad nie. Hulle is almal

lankal dood! Hoekom sal hier dan nou skielik uit die niet ‘n profeet verskyn?”

“Nee rêrag! Hierdie ou lýk nie net soos ‘n profeet nie, maar hy klínk ook so!”

“Hy verdwyn glo elke aand weer in die woestyn in. Niemand weet waar hy bly nie. Dalk is hy ‘n kluisenaar!”

“Hy’s beslis baie vreemd! Iemand vertel my dat hy met sy eie twee oë gesien het dat die man sprinkane eet, en dan doop hy dit nogal in wilde heuning! Jiggie! Ek gril my dood! Hoe kan enige mens so leef?”

“Van wie praat julle?” Andreas het so pas die kringetjie betree, en nou is hy baie nuuskierig.

“Daardie wilde kêrel met die woeste hare en die lang baard daar onder by die Jordaanrivier. Sy naam is glo Johannes.”

“Ja, hy’s glo nes ‘n krokodil - sleep almal water toe!”

“Om wat te maak?”

“Hy dóóp hulle! Bid jou aan, ‘n dopende profeet!”

“Dáái spektakel wil ek vir myself sien. Kom, kom ons gaan kyk!”

Al skertsende stap die groepie af na die Jordaan. Van ver af sien hulle al hoe die mense saamdrom

- daar is letterlik honderde mense wat saamkoek om iemand.

“Bekeer julle!” klink ‘n groot stem iewers uit die skare op. “Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe!”

Andreas besluit dat as hy hierdie Johannes-profeet te siene wil kry, dan sal hulle gou moet maak, want van oral af stroom daar nog mense daarheen, en die skare groei aan teen ‘n ontstellende tempo.

“Kom kêrels, ons moet gou maak!”

Andreas wurm hom tussen die mense deur - hy móét net

eenvoudig hierdie man te siene kry.

“Wag vir jou beurt!”

Andreas hou hom doof, en hy druk deur. Op die wal van die Jordaan staan die wilde man skielik voor hom. Andreas skrik hom yskoud as die “profeet” hom reguit in die oë kyk. ‘n Profeet is hy beslis! Hierdie man is presies nés Pa altyd vertel het van profete, rof en verwilderd. En dan dáárdie leergordel om sy heupe wat so pertinent uitstaan. Is hierdie nie dalk die Messias waarvan almal so praat nie?

Dit is asof Johannes sy gedagtes lees. Dit voel vir Andreas asof die

man regdeur hom kyk as hy met ‘n growwe stem uitroep: “Ná my kom Hy wat sterker as ek is. Ek is nie eers werd om te buk en die riempies van sy sandale los te maak nie. Ek het julle met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop.”

“Van wie praat die man?” wonder Andreas. “Gaan daar dan nóg ‘n groter profeet as hierdie een kom?”

Johannes kyk Andreas reguit in die oë – nou is sy growwe stem sag en vol deernis: “My seun, wil jy jou laat doop?”

Andreas voel bitter ongemaklik. Hy stotter amper onhoorbaar: “Ek… ek w-weet nie…..”

“Kom my seun, bekeer jou. Laat los al jou sondes. Die profeet Jesaja het gesê: Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal word soos sneeu. En al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.”

Andreas wil omdraai en weghardloop, maar hierdie man se blik hou hom vasgevang. “Laat los jou sonde, en laat jou doop!” Die man se woorde eggo deur sy hele wese.

Dan neem hy die besluit: “Ja, ja goed…...”

Andreas sweef op ‘n wolk. Hy kan nie glo dat hierdie ding met hom gebeur het nie. Hy, ‘n geharde visserman, het hom laat ompraat om gedoop te word! “Wat gaan ouboet Simon hiervan sê? Hy gaan ontplof as hy hoor wat ek aangevang het!”

“Ek het julle met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop.” Die profeet se woorde maal deur Johannes se gedagtes. “Wie is hierdie Persoon tog waarvan Johannes praat?”

Vir die Jode was die woestyn nie alleen ‘n onherbergsame woesteny nie, maar ook ‘n plek van voorbereiding, waar God

mense toerus vir ‘n groot taak. Johannes het inderdáád ‘n reuse taak op hande gehad. Maar sy kleredrag moes die mense ook herinner aan die profeet Elia. Die Jode het verwag dat die Messias se koms voorafgegaan sou word deur ‘n profeet soos Elia. Nou was alles gereed, die “profeet Elia” het gekom, en nou kon die langverwagte Messias maar na vore tree......

Vandag sê Markus vir my en jou dat Jesus se koms die héél grootste gebeurtenis in die geskiedenis was. Die verbond met Adam, Noag en Abraham was wél groot hoogtepunte. Hulle

was egter almal klein in vergelyking met die koms van die Messias, wat alreeds voorspel en beplan was tydens die sondeval in die paradys. Vandag is daardie gebeurtenis 2000 jaar gelede ook die hoogtepunt in elke gelowige se lewe. Kan jy ook só opgewonde raak daaroor soos wat Johannes daardie tyd was?

Gebed:

Here, dankie dat U ook vir my ingesluit het in U groot raadsplan - dat daardie gebeurtenis 2000 jaar gelede ook vandag vir my vars en nuut en aktueel, en die grootste gebeurtenis in my lewe is.

3

# Die Stem van God

# Markus 1:9-13

**VIDEO * OUDIO**

Op die oewer van die Jordaanrivier staan die profeet: “Bekeer julle!” Sy harde, dringende stem weergalm deur die heuwels en klowe van die Jordaanvallei. “Bekeer julle en laat julle doop, en God sal julle sondes vergewe!”

Skielik verstar Johannes. Uit Nasaret se rigting kom ‘n Man aangestap. Johannes staar Hom oopmond aan. Almal draai hulle

nekke om te sien wie Johannes se aandag skielik so vasvang.

“Wie is Hy?” Dit druis deur die skare, want Johannes is beslis diep aangeraak deur die opwagting van hierdie vriendelike, maar eenvoudige Man.

“Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” Johannes is skielik baie opgewonde.

“O, maar ek ken Hom mos! Hy is maar net ‘n skrynwerker uit Nasaret. Ek weet nie waarom Johannes so opgewonde raak oor Hom nie!”

“Hý is die Een van wie ek gesê het, ‘Hy wat ná my kom, is my voor, omdat Hy die eerste was.” *(Joh 1:15)

“Waarvan prááť Johannes tóg?” Nou verstaan hulle Johannes gladnie. Die mense maak plek dat Jesus kan deurkom. Hier kom vandag ‘n ding! Wat is dit dan met Johannes? Jesus beduie vir Johannes dat Hy gedoop wil word, maar Johannes weier.

“Is die Man se sondes dan so groot dat Johannes hom nie eers wil doop nie?” ‘n Geskokte fluistering trek deur die skare.

Maar dan kreun Johannes dit uit: “Ek is nie waardig om U te doop

nie! Ek moet eintlik deur U gedoop word, en U kom na my toe?”

“Wat bedoel Johannes? Is hier dan nou meer as een profeet?” Nou is die mense totaal verward!

Waarom wou Jesus Hom laat doop het? Hy het tog nie sonde gehad nie? Daar was veral twee redes waarom Jesus gedoop moes word: Eerstens om Homself te vereenselwig met die mense wat na Johannes toe gestroom het. Hy het homself nie bo die doodgewone mense verhef nie, al het Hy ook volle rede daartoe gehad. Later in die verhaal sien ons hoe laag Hy sou daal om

maar net die verworpenes te bereik. Maar daar was ook ‘n ander rede. Deur Sy doop sou God Hom salf met die Heilige Gees.....

Baie teësinnig voer Johannes hierdie doop op Jesus, sy verlangse familielid uit. En dan gebeur dit: Wanneer Jesus uit die water kom, is dit asof die hemel bokant hulle oopskeur. Johannes staan verslae as hierdie onbeskryflike gesig hier reg bokant hom afspeel. Vanuit die geopende hemel daal daar iets absoluut onbeskryflik neer, reg op Jesus af. Dit lyk amper soos ‘n duif. En dan skielik besef

Johannes: Dit is die Heilige Gees wat uit die hemel neerdaal op Jesus om Hom te salf vir Sy amp!

Johannes val in aanbidding neer op die grond, want vanuit die hemel weerklink daar 'n Stem wat spreek van gesag en majesteit: "Jy is my Seun, my geliefde." Johannes weet onmiddellik dat hierdie Stem met Jesus praat, en dat dit die Stem van God is. "Oor Jou verheug Ek My!" So weerklink die stem van God uit die hemel.

Die skare mense is verstom: "Wat het gebeur?" Hulle kon dit nie verstaan nie.

"Ek het die Stem van God gehoor," prewel Johannes

aanmekaar. “En ek het bly lewe! Ek is die mees geseënde van alle mense. Loof die Here!”

Het jy al die Stem van God gehoor? Iemand sê eenmaal vir my dat sy só graag die Stem van God hoorbaar wou hoor. Ek het daaroor nagedink en met ‘n groot skok agtergekom dat ek nog nooit geleer het om waarlik stil te word sodat ek God se stem kon hoor nie. Elke keer as ek in gebed voor God gaan, rammel ek ‘n gesprek af met Hom. Ja, ek bid dalk al die regte dinge, maar ek het nog nooit in absolute stilte aan Sy voete gaan sit nie.

Dit was eers een aand tydens ‘n “week van gebed” in ons gemeente, toe dit gebeur het. Dit was een van daardie tipiese snikhete, bedompige KwaZulu-Natal someraande. Ek het buite die kerk op ‘n boomstomp gaan sit terwyl die sweet my aftap. Ek het my oë toegemaak. En toe gebeur dit: ‘n Sagte, koel luggie het my hele gemoed verfris. In die stilte van die aandwindjie het ek net totaal stilgeword terwyl die Stem van God onhoorbaar saggies in my oor gefluister het.

Wat het Hy gesê? Nee, ek weet nie, maar my ganse gemoed het gelig en ek het ’n lofprysing voor

Hom uitgeborrel. Het ek al ooit God se Stem fisies hoorbaar gehoor? Nee! Maar Hy praat elke dag met my deur Sy heilige Gees. Hy is die Een wat elke dag die boodskap van hierdie dagstukkies in my oor fluister. En elke dag staan ek verstom oor wat ek geskryf het, want dit is nie ek nie, maar die Heilige Gees wat my laat skryf. Ek is maar net die sekretaris.

Markus skryf ‘n notatjie waarin hy kortliks sê dat Jesus ná die doop die woestyn ingevaar het, weggevoer deur die Heilige Gees, en vir veertig dae lank daar oorleef het tussen die wilde diere,

en dat die engele Hom daar versorg het. Soos Johannes en baie profete voor hom, het Jesus ook ‘n woestyntydperk gehad as voorbereiding vir die groot taak wat op Sy skouers gerus het. Maar daar was Hy ook deur die duiwel versoek. Nou was alles gereed vir Jesus se werk om te begin.

Gebed:

Here, dankie dat ek dag-vir-dag U stem kan hoor. Maak asseblief my geloofs-ore oop om U stem duidelik te herken, en te gehoorsaam.

4

# Jesus se Taak Begin

# Markus 1:12-20

**VIDEO * OUDIO**

Wat het Moses, Elia en Johannes in gemeen? Almal het ‘n woestyntydperk beleef. Moses was vir veertig dae op die berg gewees en Elia het vir veertig dae lank deur die woestyn geloop sonder kos. Johannes die Doper het sommer permanent in die woestyn gaan bly! Vir hierdie mense was die stilte en eensaamheid van die woestyn of berg ‘n kosbare tyd om God waarlik te leer ken en te leer om

alleen op Hom te vertrou. Deur die swaarkry het hulle geestelik gegroei en sterk geword vir die taak wat hulle moes uitvoer.

Maar Jesus? Hy is mos God? Waarom sou Hy dit nodig hê? Ons mag nooit vergeet dat Jesus ook tegelykertyd ‘n ware mens was wat dieselfde dinge ervaar het wat ‘n gewone mens ervaar. Om waarlik Sy taak met welslae te kon deurvoer, moes Hy Homself ten volle met die mens vereenselwig, en dus moes Hy hierdie woestyntydperk deurmaak. Markus noem net so kortliks dat Jesus daar deur die duiwel versoek is. Die ander

evangelies beskryf hierdie versoeking baie meer volledig. Die een groot boodskap wat egter hier na vore kom, is dat die duiwel hier ‘n vernederende nederlaag gely het. Dit was egter maar net ‘n voorsmakie, want in die finale slag, die “slag van Golgota” is die duiwel totaal verslaan.

Met Jesus se veertig dae in die woestyn agter die rug, begin Sy openbare bediening nou in alle erns. Hy begin preek - ‘n kort en kragtige preek, net soos Johannes: “Die bestemde tyd is vervul, en die koninkryk van God is op hande. Bekeer julle en glo

die evangelie.” Markus laat val dit ook net so terloops dat Johannes in die tronk opgesluit is. Sy enigste oortreding was dat hy vir koning Herodus betig het omdat hy met sy broer se vrou, Herodias getrou het. Johannes moes uiteindelik die hoogste prys betaal hiervoor: hy is onthoof! Jesus kon dieselfde soort teenstand verwag in Sy optrede.

Die vraag is: wat beteken Jesus se boodskap? Het dit betrekking op ons vandag? In die eerste deel sê Jesus dat God se Koninkryk op hande is. Dit was die beste nuus wat die mensdom nog ooit gekry het. Die Koninkryk van God

het in vervulling gegaan met Golgota, toe Jesus die finale losprys betaal het. En vandag kan ons ál die vrugte daarvan pluk.

In die tweede deel van Jesus se preek, sê Hy ‘n baie belangrike ding: “Bekeer julle”. Dit beteken dat jy moet breek met jou sondes. Nou sal jy dadelik vir my sê dat dit mos onmoontlik is. Geen mens kan waarlik met alle sonde breek nie? Bekering is egter ‘n aaneenlopende proses, waar jy elke dag jou lewe in heroorweging neem, en minder en minder sonde doen. Sodoende gee jy meer en meer plek vir die Heilige Gees om jou lewe te vul,

en om sodoende nader aan God te kan leef. As daardie proses nie voortgaan nie, stagneer jy en jy begin stadigaan geestelik doodgaan.

Die derde deel van Jesus se boodskap is seker die belangrikste deel vir ons: “glo die evangelie”. Met ander woorde: Neem vir God op Sy woord en aanvaar met ‘n jubelende hart dat die goeie nuus van Jesus waar is. Maar dit help nie net dat ons glo dat dit waar is nie. Die duiwel glo dit ook, maar vir hom is dit slegte nuus! Ons moet daardie goeie nuus ons eie maak deur ‘n lewende verhouding met Jesus,

die Boodskapper van hierdie evangelie!

Jesus wou egter nie die taak alleen deurvoer nie. Hy het mense nodig gehad wat die taak kon voortsit wanneer Sy taak afgehandel was. Hy sou vir Hom ‘n kerngroepie van manne uitkies wat later leierskap moes aanvaar en op hulle beurt weer mense oplei om dieselfde te doen. Sodoende sou dit ‘n reuse sneeubal-effek vorm. Wanneer Jesus egter dissipels om Hom bymekaarmaak, is daar ‘n paar dinge waarvan ons baie deeglik moet kennis neem, dinge wat ook vandag vir ons geld.

In die eerste plek sien ons dat dit nie die manne was wat Jesus wou volg nie, maar dat dit Jesus was wat die inisiatief geneem het om hulle te roep. Ander Rabbi's van daardie tyd het ook leerlinge gehad, maar die leerlinge het kom vra om by die Rabbi te leer. In Jesus se geval werk dit andersom. Dit is nie die dissipel (dit is nou ek en jy) wat vir Jesus kies nie, maar Jesus wat die dissipel (my en jou) kies.

Jesus kies die manne met 'n spesifieke doel, in hierdie geval om "vissers van mense" te word. Die ander Rabbi's het hulle leerlinge opgelei om meesters te

word in die uitleg van die Woord ens. Jesus wou slegs hê dat hulle moes kon “visvang”. Hulle moes leer hoe om ander mense na Jesus te lei, en dit geld óók vir my en jou vandag.

Ons sien dat die manne onmiddellik alles net so gelos het en Hom gevolg het. Die eerstes was Simon en Andreas, en daarna het Sebedeus se twee seuns, Johannes en Jakobus gevolg. Vandag verg dit van ons nog steeds groot opoffering om Jesus te volg. Dit was beslis nie maklik nie!

Het jy al die roepstem van Jesus gehoor, die roepstem om Hom te

volg? Ja, as gelowiges glo ons almal. Maar dit is juis daardie geloof wat maak dat ons wil doen wat Jesus van ons vra, nie om ‘n beloning te kan kry nie, maar bloot uit dankbaarheid vir wat Hy alreeds vir ons gedoen het. Kan jy die ou halleluja-liedjie “Waar Hy lei, daar sal ek meegaan” met oorgawe sing en dit bedoel?

Gebed:

Here, maak my asseblief gehoorsaam aan U roepstem.

# 5

# Besetene in Kapernaum

# Markus 1:21-28

VIDEO * OUDIO

Jesus se bediening het ‘n aanvang geneem, en sommer dadelik kom ons agter dat mense geluister het na wat Hy gesê het. Hy het met gesag gepraat. Sy boodskap was vir eers kort en kragtig: “Bekeer julle en glo die Evangelie” (Markus 1:15). Maar is dit werklik nodig dat ‘n boodskap lank en ingewikkeld moet wees? Onthou jy nog wat Jona se boodskap was in Nineve? “Nog net veertig dae en Nineve word

verwoes!” Dit was al wat Jona gesê het. Maar God het daardie eenvoudige boodskap in mense se harte laat werk sodat die hele stad tot bekering gekom het!

Jesus se boodskap het soveel gesag gedra, dat mense nét gelos het dit waarmee hulle besig was, en Hom gevolg het om Sy dissipels te word. Elkeen wat Hom gehoor het, het notisie geneem van wat Hy gesê het.

Jesus het Sy openbare bediening ‘n skamele dertig kilometer van Sy tuisdorp, Nasaret af begin. Langs die see van Galilea het Hy Sy eerste dissipels gekry, en daarvandaan het Hy na ‘n baie

dekadente stad aan die noordoewer van die see van Galilea, Kapernaum gegaan. Dit was ‘n baie ryk en welvarende stad met 1500 inwoners. Daar het die Romeine ook ‘n hoofkwartier gevestig vir verskeie leërafdelings, en dus was die nie-Joodse invloed baie groot.

Jesus het Sy bediening begin uitbrei. Nou was Hy egter nie meer net die “Straatprediker” wat preek: “Bekeer julle!” nie. Ons sien dat Hy op Sy eerste Sabbatdag in Kapernaum, reguit na die sinagoge gegaan het en vir die mense gepreek het. Dit was egter veel meer as maar net nóg

‘n preek deur een van die hooggeleerde Skrifgeleerdes. Jesus se preek was totaal anders. Die mense was gewoond daaraan dat die slim manne dikwels meer hulle eie beuel geblaas het as wat hulle die Woord verkondig het. Toe Jesus egter begin praat het, het daar ‘n doodse stilte toe oor die hoorders toegesak. Hulle monde het oopgehang, want hier was Iemand wat met groot gesag en terselfdertyd kinderlike eenvoud met hulle gepraat het. Hulle kon verstaan wat Hy sê, en Hy het reguit tot hulle hart gespreek, nie dwarsoor hulle koppe soos die ander nie!

Ek wil amper dink dat die groot jaloesie en vyandigheid van die Skrifgeleerdes en Fariseërs alreeds daar begin het, want hierdie "ongeleerde" Jesus het baie meer aandag as hulle gekry.

Maar op hierdie eerste Sabbatdag in Kapernaum sou daar iets gebeur wat die ganse gemeenskap tot in hulle fondamente sou ruk. As hulle gedink het dat Jesus slegs mooi kon praat, dan was hulle ver verkeerd!

Al die aandag was op Jesus terwyl Hy gepraat het. Maar skielik was daar iemand wat die ganse sinagoge versteurd laat

omkyk het, ‘n man wat waansinnig begin skreeu het. Almal het probeer om hom te kalmeer, maar hy het net aangehou skreeu. “Dis ‘n bose gees wat in hom is!” het dit deur die gemeente geruis. “Die arme man is nou totaal van sy trollie af!”

Toe draai die man na Jesus en gluur Hom met wilde oë aan terwyl hy gil: “Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret?” Die mense het hoorbaar na hulle asems gesnak. Hoe sou hierdie nuwe rabbi hierdie dilemma hanteer?

"Het U gekom om ons te verdelg?" het die man voortgeskreeu terwyl sy wilde oë in hulle kaste gerol het. Almal kon duidelik sien dat hierdie man vasgevang was in die mag van die aller-verskriklikste demone wat volle beheer oor sy lewe gehad het. "Ek weet wie U is!" Met 'n bewende vinger het hy reguit na Jesus gewys: "U is die Heilige van God!"

"Wat sou hy daarmee bedoel?" het almal hardop gewonder, terwyl die man bewend daar staan en kwyl het.

Deur al hierdie dinge het Jesus rustig Sy kans om iets te kan sê,

afgewag. Toe Hy uiteindelik praat, het alle oë na Hom gedraai. Met groot gesag het Hy gesê: “Bly stil en gaan uit hom uit!” Slegs dit!

Skielik het die man die allerverskriklikste stuiptrekkings gekry. Hy gee een oorverdowende gil, en toe slaan hy neer tussen die mense en bly doodstil lê (so lees ons in Luk 4:35). Sy gesig was nou egter rustig, en daar was géén teken meer van die besetenheid wat hom geteister het nie.

“Wat het hier gebeur?” het dit deur die sinagoge gegons. Mense kon nie glo wat hulle so pas beleef het nie. “Selfs die onrein

geeste gehoorsaam Hom", het dit deur die vertrek gedreun. Die nuus het soos 'n veldbrand versprei, en binne enkele dae het die hele Galilea van hierdie insident geweet. Dit was ál waaroor die mense gepraat het! "Daardie nuwe rabbi het selfs mag oor bose geeste!"

Dit was nog 'n groot nederlaag vir die duiwel. Hy het 'n leërmag van demone in hierdie man ingestuur, maar Jesus het hulle verslaan. Nou was dit oorlog! Hy sou die groot kanonne moes uithaal!

Een ding wat almal baie duidelik moes besef, is dat die persoon wat Jesus sou volg, verbind sou

wees aan die mees gesagvolle Leermeester wat hulle nog óóit teëgekom het.

Vandag is dit steeds nét so waar, en as ek en jy ons aan Hom verbind, het ons deel aan die mees gesagvolle Persoon wat die geskiedenis óóit geken het. Jesus is nie alleen "Liefde" nie, maar Jesus is ook Mag! Almag! Saam met Jesus is absoluut niks onmoontlik nie. En dit is nie maar net wensdenkery nie! Talle en talle mense kan daagliks daarvan getuig.

Gebed:

Here Jesus, dankie dat U my uitgekies het om deel te wees van

U gesin, en dat ek kan weet dat niks te groot of moeilik is vir U nie.

# 6

# Petrus se Skoonma

# Markus 1:29-39

**VIDEO * OUDIO**

Dit was vir Petrus ‘n doodgewone Sabbat. Hy was egter baie bekommerd oor sy skoonma. Nee, hy het nie skoonma-probleme gehad nie, maar sy was siek. Sy het die hele nag ‘n hoë koors gehad. Maar hy het nie rêrag tyd gehad om aan haar aandag te skenk nie, want sy nuwe Rabbi het vir hom en boetie Andreas gewag, en hulle moes haastig maak om betyds by die sinagoge te kom.

Sy bors het geswel van trots omdat hy ‘n leerling van daardie Rabbi is. En toe gebeur daardie skrikwekkende ding met die besetene. Petrus het hom asvaal geskrik toe die man skielik tussen al die mense opspring en begin gil en tekere gaan. Hy wou opspring en die man nét daar uitsmyt, maar Rabbi Jesus het vir hom beduie om te bly sit. Hy het hom só bloedig vererg vir die man wat so ‘n hartroerende preek van sy spesiale Rabbi so kom staan en bederf het.

Die manier wat Rabbi Jesus egter die saak hanteer het was absoluut fenominaal! Niemand

het nog óóit so ‘n ding beleef nie! Almal was in ekstase!

Nou is alles egter verby, en die groepie stap huistoe. Skielik onthou Petrus van sy skoonma, en die bekommernis kom sit weer soos ‘n vrot kol op Petrus se maag. Hy hoop dat sy dit darem oorleef het, en dat die koors haar gelos het. Petrus sit ‘n bietjie meer veerkrag in sy stap, sodat hy voor die ander uitloop. Rabbi Jesus het gevra dat hulle na sy huis gaan. Wat ‘n eer! Maar Skoonma sal mos nooit vir hulle kan regstaan in haar toestand nie!

Wanneer Petrus die huis binnestap, kry hy vir Skoonma waar sy steeds in die kooi lê en worstel met die koors. ‘n Vrees pak vir Petrus, want hy sien sommer dat dinge baie lelik lyk. Skielik tref ‘n gedagte vir Petrus: as Rabbi Jesus daardie besete man kon genees, kan Hy sékerlik ‘n gewone sieke ook gesond bid?

“Rabbi, bid asseblief vir my skoonma!” Jesus vat die vrou se hand. Haar koors is hemelhoog, en die sweet tap haar bleek gesig af. Sy is dodelik siek! Sou dit haar einde wees? Maar wanneer Jesus haar hand vat, gebeur die wonderwerk. Die kleur kom terug

na haar gesig, en sy sit regop asof sy nooit iets makeer het nie. Petrus wil nog keer dat sy opstaan, hierdie vrou was mos baie siek! “Ma, lê maar nog ‘n rukkie.....” Maar hy is te laat want sy het klaar flink uit die kooi gespring, blakend gesond. Die manne kan hulle oë nie glo nie. Só vinnig is haar herstel, dat sy dadelik aan die werk spring en vir hulle ‘n ete voorberei!

In ‘n ommesientjie begin die bostelegraaf gons: “Het jy gehoor van Simon se skoonma? Dis ‘n wonderwerk soos niemand nog óóit gesien het nie!”

“Kom ons gaan kyk wat gebeur het!”

“My seuntjie is siek - dalk kan die Rabbi hom óók gesondmaak.”

Binne ‘n uur weet die ganse Kapernaum van Petrus se skoonma. Vanuit elke hoek van die stad stroom die mense om vir hulleself te kom sien wat gebeur het. “Hoe is dit moontlik?” By die minuut groei die skare aan voor Petrus se eenvoudige huisie, totdat daar meer as ‘n duisend mense in die nou straatjie saamgedrom staan!

“Rabbi, help my asseblief,” klink dit hier en daar op. Jesus is maar net té gewillig om elke sieke te

help, en elke keer as daar ‘n genesing plaasvind, dan dreun dit deur die skare soos ‘n swerm bye. Tot laatnag toe duur dit voort, totdat Petrus uiteindelik vir die mense moet sê dat dit darem nou tyd is dat hulle huiswaarts moet keer. Die Rabbi is mos maar net ‘n mens! Hy het óók mos rus nodig!

Vroeg die volgende oggend - dit is nog pikdonker - hoor Petrus dat iemand in die huis beweeg. Hy sien die silhoeët van die Rabbi as Hy saggies uitloop na buite. Later moet hy verneem dat Jesus ‘n stil plekkie gaan opsoek het om te gaan bid. Wanneer dit begin lig

word, wil almal weet waar Jesus dan is? Petrus beduie net dat Hy uit is, iewers daar buite.

“Kom ons gaan soek Hom”, besluit hulle. As hulle Hom uiteindelik kry wil hulle weet: “Waar was U? Almal soek U!”

Maar Jesus ontwyk hulle vraag: “Kom, ons het werk om te doen. Ons gaan die naburige dorpies bearbei. Ek wil daar gaan preek, want dit is waarvoor Ek immers gekom het.”

Gedwee pak die manne op. Watter opwinding wag daar op hulle? Gisteraand se dinge het hulle laat bruis van opgewondenheid. Hier kan dalk

nog groot dinge gebeur! Galilea, hier kom ons!

Vandag is dit vir ons moeilik om te begryp hoe nuut en vars Jesus se prediking en optrede vir daardie mense was. Ons ken al hierdie verhale al van kleintyd af, en dis vir ons ou nuus. Maar Jesus het gekom om alles te verander en alles nuut te maak, nie net vir daardie tyd nie, maar nét so ook vandag. Moontlik was die nuwe dissipels opgewonde oor die verkeerde redes. Ons weet egter vandag wat die ware agtergrond was, en dit behoort vir ons nog destemeer meer rede te gee om opgewonde te raak oor Jesus. Is

Jesus vir jou “ou nuus”? Dan het dit nóú tyd geword dat ons met nuwe oë begin kyk na Hom en ons verhouding met Hom, en dat ons weer borrellend opgewonde raak oor Jesus!

Gebed:

Here, laat dit asseblief vandag bruis in my gemoed van opgewondenheid oor U. U is steeds so wonderlik soos daardie tyd saam met die dissipels!

# 7

# Die Melaatse Word Genees

## Markus 1:40-45

**VIDEO * OUDIO**

Het jy al ooit iemand teëgekom wat melaatsheid het? In my ganse lewe het ek dit nog nooit gesien nie. Tóg voel dit vir jou wanneer jy die Bybel lees, asof elke dorp in daardie tyd sy groep melaatses gehad het. Het die dokters dan nou so slim geword dat alle melaatsheid uitgeroei is? Ja, die wetenskap het seker iets daarmee te doen, maar die groot ding is eintlik dat die dokters in die jare van die Bybel nie so ‘n

goeie diagnose kon maak nie. Gevolglik was feitlik alle velsiektes bestempel as melaatsheid.

Om in daardie jare “melaatsheid” op te doen, was sekerlik die mees tragiese ramp wat enigiemand kon tref. ‘n Melaatse het net eenvoudig nie meer ‘n plek gehad in die samelewing nie. Hulle was totaal uitgedryf uit die stad, en hulle het nie eers naby ‘n gesonde persoon durf kom nie. Aanraking was absoluut taboe! Nie alleen was dit baie ongemaklik vir so ‘n persoon nie, maar ook uiters vernederend. As ‘n gesonde persoon per ongeluk

naby hom kom, moes hy skree: “Onrein! Onrein!” Die arme melaatses was soos die pes vermy.

Melaatsheid het darem ook nie altyd die einde van die wêreld beteken nie: sommige melaatses het wél gesond geword. Maar dan was dit beskou as niks minder nie as ‘n Goddelike ingryping. Wanneer dit gebeur het, kon hy nie sommer net terugstap huistoe nie. Hy moes eers deur die priesters ondersoek word en rein verklaar word.

In die melaatse kolonie buite die stad sit ‘n paar baie bedremmelde manne. Hulle vriende het hulle

verwerp én hulle familie het hulle verwerp. Hulle leef van aalmoese wat mense daar eenkant vir hulle neersit. “Ek hoor daar is ‘n nuwe Wonderwerker in die omgewing,” vertel een kêrel, “die mense sê dat Hy glo siekes gesond maak. Dink jy ‘n melaatse het ook ‘n kans?”

“Nee, vergeet dit! Hoe gaan jy in die eerste plek naby Hom kom? Nee wat, dis onmoontlik, slegs God kan ‘n melaatse gesondmaak! Droom maar voort!”

Nahum (‘n skuilnaam om sy identiteit te beskerm) sit in stilte en luister na hierdie gesprek. “Sê nou maar net.....” dink hy. “Nee

wat!" bedink hy homself. Dan hoor hy dit: ‘n klomp mense wat nader kom - stemme wat opgewonde gons. "Seker maar ’n bruilof," dink hy en hy begin regmaak om uit hulle pad te kom. Wanneer hulle egter binne sig kom, sien hy dat hierdie géén bruilof is nie. ‘n Groot klomp mense drom saam om ‘n Man. Sy hart begin woes klop: "Is dit nie dalk daardie Wonderwerker nie?" Op die ingewing van die oomblik besluit hy: "Vandag is die dag!" Hy spring skielik op en draf vinnig in die rigting van die skare.

"Wat byt jou nou alweer, Nahum?" wil sy skurwe maats weet. Maar

Nahum hoor hulle nie eers nie. Die waagstuk wat hy beplan kan hom sy lewe kos as dit nie uitwerk nie, maar hy is desperaat. Hy kan nie langer só lewe nie!

“Hoe gaan ek óóit naby daardie Man kom?” wonder hy. Versigtig bedek hy sy liggaam met sy klere sodat niemand dalk sal agterkom dat hy melaats is nie. En vir ingeval iemand hom dalk herken, trek hy ‘n kopdoek laag oor sy oë. Met bewende knieë en ‘n woes-kloppende hart, wurm hy homself deur die skare. “As hulle my nóú moet uitvang is ek maalvleis!”

En dan skielik is die “Wonderwerker” hier reg voor

hom. Nahum se mond droog op. Die woorde wil maar nie uitkom nie. Hy kry ‘n blik van die Man se vriendelike gesig. Soos ‘n dooie val Nahum voor Jesus se voete neer. “As U wil, kan U my gesond maak!” Rou snikke ruk deur sy liggaam. “Asseblieftog, asseblieftog!”

Dan gebeur die wonder: Jesus steek Sy hand uit en vat aan die man: “Ek wil,” hoor Nahum die sagte stem, “word gesond!”

Oombliklik trek die vreemdste gevoel deur Nahum se liggaam. Hy voel hoe die aaklige swere skielik opdroog en net eenvoudig verdwyn. “Is dit moontlik?” skreeu

sy oorblufte verstand vir hom. Hy trek sy mou op. Waar daar minute gelede nog ‘n pynlike, septiese seerplek gesit het, is dit nou silwerskoon vel.

“Moenie vir enigeen sê nie,” hoor hy vaagweg die stem van die Wonderwerker, “maar gaan wys jou vir die priesters.”

Maar hoe kan Nahum dan nou hieroor stilbly? Hy hardloop en dans en huppel en sing: “Ek is gesond! Ek is gesond! Kyk hier: daardie Wonderwerker, Jesus het my gesond gemaak!”

“Rabbi,” sê Simon later vir Jesus, “U moet tog versigtig wees: daardie man was melaats, en U

het sommer so aan hom gevat! U kan mos in gróót moeilikheid kom!” Maar Jesus beduie hom om net doodstil te bly hieroor.

Ek en jy is deur Jesus genees van iets baie erger as maar net melaatsheid. Ons was verdoem tot die ewige verderf. Jesus het ons daaruit gered, en in die proses nie net Sy hande vuil gemaak nie, maar aan die kruis gesterf. Die vraag is of ons ook so opgewonde is oor ons redding as daardie melaatse? Kan ons ook net eenvoudig nie stilbly daaroor nie? Kom ons verkondig dit wyd en syd dat Jesus ons genees het!

Gebed:

Dankie vir wat U vir my gedoen het, Here. Gee my die opgewondenheid en waagmoed om dit wêreldwyd uit te basuin!

8

# Die Verlamde van Kapernaum

## Markus 2:1-12

**VIDEO * OUDIO**

Dit druis deur Kapernaum: “Daardie Wonderwerker, Jesus is terug! Ek het gehoor Hy bly in Simon, die visserman se huis.” So versprei die nuus ál met die druiwerankie langs, sodat die ganse stad die boodskap in ‘n ommesientjie kry, en die mense in groot getalle na Petrus se huisie stroom. Die Skrifgeleerdes het al hoeka hulle koppe bymekaargesit, en tot die slotsom gekom dat hierdie Man vir hulle

nét moeilikheid inhou! Hy sê dinge wat hulle beslis ongemaklik laat voel, want hoe kan ‘n doodgewone timmerman, ‘n ongeleerde leek nou wil kom staan en preek? Dis mos ongehoord! Hulle het jare en jare se intense studie van die Skrifte agter die rug, en dit maak hulle gekwalifiseerd om te mag preek. Maar hierdie Man.......

As die Skrifgeleerdes hoor waar Jesus tuis is, spring hulle gou om die voorste gestoeltes te kry in Petrus se huisie sodat hulle hierdie Man behóórlik kan uitluister. Moontlik kan hulle Hom ‘n paar strikvrae vra om te sien of

Hy rêrag so goed is as wat die mense beweer. Skaars het hulle dan ook hulle sit gekry, of die huisie oorstroom van mense, sodat hulle naderhand by die vensters en deure uitpeul. Almal wil hierdie Wonderwerker sien, want vandag gaan Hy beslis weer die een of ander asemrowende wonderwerk doen!

Wanneer Jesus na die skare mense kyk wat steeds in groot getalle aanstroom deur die nou straatjies, brand dit in Hom om dit uit te basuin dat Hy die Seun van God is wat gekom het om die sondes van die wêreld te kom wegneem. Maar Hy durf dit nie

uitlap nie, want dan gaan dit alles bederf. As hulle maar net geweet het....... Maar nou verkeer hulle onder die wanindruk dat Hy maar net ‘n doodgewone Wonderwerker is. Vir Hom is dit nou baie belangrik dat hulle die boodskap van die Koninkryk van God kry. As hulle dit eers begryp, is die weg gebaan na die finale boodskap.

Elders in Kapernaum is ‘n ander drama besig om homself af te speel. Op ‘n bed lê ‘n uitgeteerde man, kom ons noem hom maar Joram. Jare gelede het ‘n verskriklike siekte vir Joram getref. Eers het hy net begin

mank loop, maar dit het vinnig vererger, totdat hy uiteindelik totaal verlam was. “Dis jou sondes!” het die mense vir hom gesê, “God straf jou oor al jou sondes!”

Toe Joram hoor van hierdie nuwe Wonderwerker-profeet wat mense links en regs gesond maak, het daar vir hom ‘n sprankie hoop opgegaan. Miskien, net miskien...... Maar toe is die Man weg voordat hy Hom nog kon sien.

Maar nou is daardie Jesus glo weer terug. “Ek moet net eenvoudig daar kom!” dring hy aan by sy vrou.

“Ek sal jou vriende laat roep, die ou paartjies wat jy nog oor het. Miskien kan hulle jou help.”

En so daag daar vier manne op met ‘n draagbaar wat hulle iewers te lene gekry het: “Toemaar ou Joram, moenie bekommerd wees nie, ons sal jou by die Profeet kry!”

En so draf die vier manne met hulle kosbare, protesterende vrag deur die kronkelstraatjies van Kapernaum na die huisie van Petrus. Joram voel bitter ongemaklik, maar daar is ‘n lied in sy hart. Maar o wee! As hulle naby Petrus se huis kom, sien hulle die moeder van alle

verkeersknope! Petrus se straatjie is só gepak van mense dat jy nie eers naby die deur kan kom nie, nie eers gepraat van binne nie! Joram bars in trane uit. Hy het sy hart daarop gesit om Jesus te sien, en nou dit!

“Ek het ‘n plan,” sê Josafat. Die manne sit koppe bymekaar. Joram kan nie mooi hoor wat hulle konkel nie, maar hulle kyk kort-kort in sy rigting, en hy sien sommer hier kom gróót moeilikheid vir hom. “Kom,” sê Josafat, “Ons gaan in!”

“Maar hoe?” wil Joram nog vra, maar dan word hy al klaar deur die agterplaas van een van die

bure gedra, oor ‘n heining gelig en tussen rommel deur. Intussen het een van die kêrels ‘n paar toue iewers gaan leen. Joram protesteer as hy sien hoe toue aan sy draagbaar vasgebind word. “Waarheen vat julle my?” Hy gee ‘n gil van angs as sy pêlle hom ophys na die plat dak van Petrus se huis. “Julle gaan my laat val!”

Liefde is...... vriende wat bereid is om selfs op dakke rond te klouter vir jou! Hoe ver is jy bereid om te gaan vir jóú vriende? Of vir ander mense? Dalk selfs wildvreemdes? Jesus het vir ons gewys wat ware liefde is, dat Hy bereid was om

selfs vir ongewensde mense uit Sy pad te gaan. Daar was ‘n Samaritaanse vrou wat in sonde geleef het, ‘n gehate tollenaar, ‘n melaatse - noem maar op!

In die volgepakte vertrek is die belangrike Skrifgeleerdes bitter omgekrap. Hulle probeer luister na wat Jesus sê, maar nou is hier ‘n lawaai op die dak. “Sê tog vir die mense daar bo om stil te bly!” gee een ‘n bevel na buite. Maar dan kyk almal verskrik op as daar skielik ‘n gat in die dak verskyn en die helder sonlig na binne stroom. “Wat probeer hulle maak?” wil een van die hoogsgeleerde manne vererg

weet. Jesus hou op praat. Tot hulle ontsteltenis sien hulle hoe die dak stukkie-vir-stukkie bokant hulle koppe oopgebreek word.

Word vervolg........

Gebed:

Here, gee asseblief vir my ‘n ware omgee-liefde.

# 9

# Man deur die Dak!

# Markus 2:1-12

**VIDEO * OUDIO**

Jesus se boodskap word onderbreek deur ‘n lawaai op die huis se dak. Stukkies dakmateriaal val op die gehoor se koppe, en hulle kyk vies op na bo. Skielik breek die helder daglig deur. Stukkie-vir-stukkie word die dak bokant hulle koppe oopgebreek. “Wat gaan aan?” fluister dit deur die vertrek.

“Wat maak julle daar bo? Staak julle nonsens onmiddellik!” Die Skrifgeleerde vererg hom bloedig

vir hierdie onderbreking! Die manne is egter só oorweldig deur hulle taak, dat hulle nie eers agterkom dat hulle ‘n konsternasie veroorsaak nie.

“Staak julle streke onmiddellik!” wil Petrus vir die “belhamels” skree. Dis immers sý huis wat hulle besig is om bo sy kop af te breek! Maar dan val sy blik op Jesus se gesig, ‘n vreemde glimlag wat liefde uitstraal as Jesus kyk hoe die manne werskaf. En dan bedink Petrus hom: “Hier is iets baie vreemd aan die gang!”

Uiteindelik is die gat groot genoeg dat ‘n man op ‘n draagbaar

daardeur kan pas. Nou heers daar totale chaos in die klein vertrekkie. Met oop monde kyk almal toe terwyl ‘n draagbaar aan toue deur die dakopening verskyn en stadig afsak vloer toe. As hy onder kom, snak die mense na hulle asems. Almal herken die arme man op die draagbaar. “Is dit nie Joram nie? Arme man is al vir jare verlam.”

Joram voel duidelik baie ongemaklik. Vir ‘n verlamde om deur só ‘n toertjie te gaan, is géén grap nie. Uitasem lê hy daar. Deur die dakopening loer vier baie tevrede gesigte, elkeen met ‘n reuse, selfvoldane glimlag op

die bakkies. Dankbaar kyk Jesus op na hulle: sulke geloof is uiters skaars.

Jy kan ‘n speld hoor val as Jesus afbuk na die man op die draagbaar. “Kind, jou sondes word vergewe!”

‘n Geruis gaan deur die vertrek: “Hoe kan Hy dit sê? Dis mos Godslasterlik! Niemand kan sondes vergewe nie, buiten God alleen! Dink Hy miskien dat Hy God is?”

Jesus merk dadelik die antagonisme: “Waarom het julle bedenkinge in julle harte hieroor? Wat is makliker, om vir die verlamde te sê, ‘Jou sondes word

vergewe,’ of om te sê, ‘Staan op, tel jou slaapmat op en loop’?” Hy kyk reguit vir die Skrifgeleerdes. Op hulle rooi gesigte is die woede duidelik te lees. “Maar sodat julle kan weet dat die Seun van die Mens volmag het om op aarde sondes te vergewe …..” Dan buk hy af na die man, met ’n gesig wat straal van liefde en deernis: “Ek sê vir jou, staan op, tel jou slaapmat op en gaan na jou huis.”

Jy kan letterlik hoor hoe die mense snak na hulle asems. Almal is skielik doodstil, en alle oë is gevestig op die verlamde: Gaan hy opstaan? Gaan ons vandag hier ‘n wonderwerk sien

soos niemand nog ooit gesien het nie? Pynlik stadig kom die man orent op sy draagbaar. Vir die eerste keer in baie jare kry hy dit reg om sy bene sélf van die draagbaar af te tel. Die stilte is so dik dat jy dit met ‘n mes kan sny, en die kollig val (deur die dak natuurlik) op die verlamde. Skielik voel hy lewe in sy twee uitgeteerde, dooie bene. Hy toets die grond, en dan, wankelrig staan hy op. Skielik bars hy in trane uit, trane van blydskap wat stroom oor sy wange!

Die oomblik is gelaai met emosie, en daar is nie ‘n droë oog in die vertrek nie. Die man gee ‘n

huppel, en dan moet almal net keer vir hulle tone, want in die klein spasietjie dans hy ‘n riel dat die stof so staan. Oral uit die vertrek klink dit op: “Loof die Here! Loof die Here!” Niemand het nog óóit so ‘n ding sien gebeur nie! Hierdie wonderwerk sal in die geskiedenis van Kapernaum nooit óóit vergeet word nie!

Wanneer Markus vir ons hierdie gebeurtenis beskryf, laat val hy die klem daarop dat Jesus nie in die eerste plek in Petrus se huis was om wonderwerke te doen nie, maar om met die mense te praat oor Sy boodskap. Die

inhoud van hierdie boodskap was natuurlik dat die Koninkryk van God gekom het. Mense moes voorberei word om deel te wees van hierdie Koninkryk. Vandag moet ons nog steeds wel baie deeglik begryp waaroor dit alles gaan. Alles draai om God se Koninkryk. Die tyd van wonderwerke is natuurlik ook nog baie lank nie verby nie. As jy maar net jou oë oopmaak, sien jy daagliks asemrowende wonderwerke om jou gebeur, dinge wat net eenvoudig nie anders beskryf kan word as dat God alleen hiervoor verantwoordelik kan wees nie.

Wat ons egter óók moet besef, is dat as ons die wonderwerke wil losmaak van die koms van die Koninkryk van God, dan raak wonderwerke vir ons hol en betekenisloos. Wonderwerke was 2000 jaar gelede bedoel om Jesus se boodskap prakties te illustreer. In die geval van die verlamde was dit om te sê dat die Seun van God in staat is om sondes te vergewe. Die Skrifgeleerdes moes kennis neem! As dit die geval was, dan was Jesus werklik God! Vandag gebeur wonderwerke nog steeds om Jesus se boodskap prakties te illustreer. En ons mag dit nooit losmaak van die boodskap nie.

‘n Verdere boodskap is die feit dat die verlamde se vriende hom na Jesus gebring het. Bring ons ooit ons vriende na Jesus? Dit behoort deel van elke gelowige se lewe te wees om só om te gee vir ons vriende, dat ons hulle na Hom bring.

Gebed:

Here, dankie vir hierdie mooi verhaal. Dankie vir die lesse wat ons hieruit kan leer. Help ons om hierdie lesse prakties uit te leef.

10

# Levi se Partytjie

# Markus 2:13-17

**VIDEO * OUDIO**

Levi is ‘n man wat alles het wat ‘n man kan begeer, oorgenoeg geld, vriende en gesag. Mense spring wanneer hy iets sê! Met die feit dat die breë samelewing hom minag en vermy, het hy lankal vrede gemaak. As belastinggaarder het hy oorgenoeg vyande. Dit is basies net die skuim van die samelewing wat sy vriende geword het, almal ‘n rowwe klomp wat hulle gladnie steur aan die kerk se eng wette

nie. Hy kry eintlik groot lag as die Fariseërs met hulle stywe nekke sulke wye draaie om hom stap, te bang dat daar iets van sy "onreinheid" op hulle sal afspring. Spul huigelaars! Dink mos hulle is so hoog-heilig, maar hy wat Levi is, het ook al gesien hoe hulle die kat in die donker knyp as hulle dink niemand sien hulle raak nie!

Kyk, Levi sou homself nou nie juis as "heilig" beskryf nie! Eintlik is hy baie ver daarvandaan! Maar wie wil in elkgeval dan nou so heilig wees? Kyk maar net hoe verskriklik eng moet hierdie arme Fariseërs leef. Mag nie dít doen nie; mag nie dát doen nie. Hulle

mag nie saam met enige Jan Rap en sy maat gaan eet nie. Sy gasheer móét sélf ook 'n Fariseër wees en boonop die wet onberispelik uitleef. Die arme manne mag nie eers deur 'n "gewone" mens aangeraak word nie, want dan kan hy sélf onrein raak! Nee wat, Levi is doodgelukkig as Tollenaar, al word hy dan ook so gehaat deur sy eie mense. Hulle dink mos hy verneuk hulle om elke hoek en draai. Hy doen maar nét sy werk!

In die nou straatjie hoor Levi 'n gedruis van baie stemme aankom. Wanneer die optog om die draai kom, sien hy 'n groot

skare baie opgewonde mense. Hulle fokus op Iemand daar in die middel van die groep. Hy kan nie uitmaak wie dit is nie. Levi se nuuskierigheid word geprikkel. “Wie is dit daardie?” vra hy ‘n verbyganger wat haastig op pad is om by die groep aan te sluit.

“Aag Levi, jy sal tog nie belangstel nie, dis geestelike dinge!” Die kêrel verduidelik haastig vir Levi van die Man wat sulke ongelooflike wonderwerke doen.

“O, dit is seker Jesus? Ek het al gehoor van Hom!”

Levi raak weer verdiep in sy werk, maar kort-kort kyk hy op, want die

massa kom al nader aan sy tolhuis. As hy weer opkyk, kyk hy reg in die oë van daardie Man. Sulke oë het hy nog nooit gesien nie! Dit voel asof hulle dwarsdeur hom kyk en al sy sondes en skelmstreke raaksien. Levi skrik hom boeglam as die Man tussen al die mense deur, reguit na hom toe aangestap kom en vir hom sê: “Volg My, Ek wil vanaand by jou kom eet.”

Levi is sprakeloos! Hy kan dit eenvoudig nie begryp nie - totaal uit die veld geslaan! Waarvoor sou daardie heilige Man dan nou by hom, ‘n vuil sondaar wil kom eet? Hy sal mos “onrein” word! En

dan is die Man weer weg - geabsorbeer deur die skare, wat ál Sy aandag vra.

Levi sit behoorlik en bewe van opwinding en senuwees. Wat moet hy vir die Man voorsit? Moet hy streng volgens die voorskrifte gaan wat die Fariseërs neerlê? Levi stap na een van sy kollegas vir raad oor die netelige saak. “Kan ek kom saam eet, Levi?” Sy tollenaar-vriend is sommer dadelik baie opgewonde. “Ek sou baie graag óók daardie Profeet wil ontmoet! Asseblief ou maat?”

Die nuus versprei soos ‘n veldbrand onder die tollenaars en uitgeworpenes. Álmal wil kom

saam eet! Levi staan hande in die hare - hoe kan hy hulle tog wegwys? “Aag, toe dan maar,” gee hy uiteindelik in. “Hoe meer siele, hoe meer vreugde!” En saam met die siele kom die hande om te help dat hierdie een réúse partytjie sou wees. Almal wil Jesus ontmoet, maar omdat hulle nie sulke “rein” mense is nie, is dit niemand beskore nie. Hier is nou die kans van ‘n leeftyd!

Daar heers groot vreugde aan die huis van Levi wanneer Jesus en Sy twaalf volgelinge daar opdaag. As die manne die spul tollenaars sien, voel hulle erg ongemaklik.

Hulle Meester val egter onmiddellik in by die spul, en dit lyk vir hulle asof dit tweede natuur is vir Hom om met daardie rowwe spul te gesels en te meng. Petrus en sy broer, Andreas huiwer nog buite. Pa het hulle immers geleer dat ‘n mens nooit jou voete in ‘n tollenaar se huis sit nie. ‘n Skrifgeleerde kom staan hier in Petrus se nekhare en blaas: “Wat máák julle Rabbi? Waarom eet Hy saam met die spul slegte mense?” Dan antwoord sy Meester daar van binne af, bo die lawaai uit: “Gesonde mense het mos nie ‘n dokter nodig nie!”

“Kom, Simon”, por Andreas hom aan, “Ons Meester wag!”

Wat sou gebeur as ‘n vuil boemelaar die kerk instap op ‘n Sondagoggend? Sou almal hom onvoorwaardelik aanvaar? Sou ek…..? Is ek beter as die tollenaars en uitgeworpenes? Ons is almal sondaars, en die een sonde is nie groter as ‘n ander nie. Jesus het nie onderskeid getref nie! Wat gee mý dan die reg om onderskeid te tref? Dit is nie nét goeie en voorbeeldige mense wat deel vorm van God se Koninkryk nie. Die enigste “toegangskaartjie” is geloof in Jesus.

Gebed:

Here, U stuur dikwels uitgeworpenes en “sondaars” op my pad. Vergewe my asseblief waar ek al so dikwels onsensitief en hard teenoor hulle opgetree het. Gee vir my ‘n hart van liefde vir alle mense, maak nie saak wie en wat hulle is nie.

# 11

# Om te Vas

# Markus 2:18-22

**VIDEO * OUDIO**

As sy by die deur instap, sien ek sommer: hierdie vrou gaan deur baie diep waters. Haar gesig wys dit; haar skouertjies hang; haar hele liggaamshouding wys dit. Sy sug swaar, en dan kyk sy my aan met oë wat sê: “Dis bitter, bitter swaar! Ek is diep beswaard…..” - sulke regte Genis-oë wanneer iemand alweer op sy liddoring getrap het.

Dan maak ek die groot fout, en ek vra: “Wat makeer?”

Sy gee ‘n swaar sug, en toe pak sy af: “Ek vas! Ek vas in sak en as!”

Ek wil myself skop dat ek haar gevra het wat fout is, want ek ken haar en ek weet dat hier alweer ‘n lang storie kom! Haar man is ‘n rowwe myner, en hy gee haar ‘n harde tyd.

Sy sug weer lank en swaar, en dan begin sy vertel dat sy rou oor haar sondes. En sy rou veral oor haar man se sondes! Maar sy het tot die besef gekom dat dit darem nou nie genoeg was om maar net te vas nie, want haar man se sondes is hééltemal te groot vir net ‘n eenvoudige vas. Toe gaan

koop sy vir haar ‘n goiingsak by die Koöperasie en sy sny gate in vir haar kop en arms en sy trek hierdie growwe affêre aan en gaan sit plat op die grond in haar agterplaas. Sy strooi as oor haar pragtige hare, sodat die grys slierte oor haar gesiggie loop waar die as met haar trane meng.

Die vrou bars in ’n stortvloed trane uit. Sy voel bitter jammer vir haarself, en ek voel baie ongemaklik!

Ek het baie jare gelede in ‘n Christelike boekwinkel in Welkom gewerk. Die vrou was een van my baie gereelde besoekers wat

slegs ingekom het om te gesels en hulle sorge af te pak.

Nou sal jy seker dink dat ek die vraag gaan vra, of dit dan verkeerd is om te vas? Nee, ek gaan níé díé vraag vra óf beantwoord nie! Wat ek wél wil beklemtoon, is dat as jy wil vas, moet jy baie deeglik besin oor hoe en wanneer jy dit wil doen. Boonop moet jy goed besin oor die ware doel van jou vas.

Markus skryf dat dit weer een van die gereelde Joodse vastye was, en baie Jode het hulle streng daarby gehou. Dit was ‘n baie belangrike gebruik deur die Jode. Die Fariseërs was natuurlik die

voorbokke op hierdie gebied, en hulle het gereeld elke Maandag en Donderdag gevas.

Die vraag is, waarom het die Jode gevas? Die doel was tweeledig, eerstens as ‘n teken van rou wanneer iemand ‘n groot verlies gely het, soos byvoorbeeld die dood van ‘n geliefde. Haar vas het aan die wêreld gewys hoe baie sy daardie persoon gemis het.

Vas was verder ook gebruik as ‘n teken van selfverloëning, om te wys dat die persoon waarlik berou gehad het oor sy sondes. En as hy die rou werklik wou beklemtoon, het hy boonop nog in

sak en as gaan sit sodat álmal kon weet dat hy deur diep, diep waters gegaan het!

Markus vertel egter dat Jesus se dissipels nie gevas het terwyl al die ander hulle lang gesigte opgesit het nie. Selfs Johannes die Doper se dissipels was besig om te vas, maar Jesus se volgelinge het hulle nie daaraan gesteur nie.

Die manne was warm onder die boordjie: “Dis nie regverdig nie! Waarom moet ons rou en swaarkry terwyl daardie dissipels aangaan asof niks verkeerd is nie? Hulle behoort óók te vas!”

Jesus se antwoord was, dat die gaste by ‘n bruilof mos nie vas nie? Dit sou verregaande wees! By ‘n bruilof is alles mos vrolik, want almal is bly en opgewonde oor die huwelikspaar se geluk. Die persoon wat by ‘n bruilof vas, het ‘n baie groot probleem!

Wat het Jesus hiermee bedoel? Hy wou dit beklemtoon dat daar ‘n ingrypende verskil is tussen die tyd vóór Sy koms en ná Sy koms. Hulle kon nie maar voortploeter soos voorheen nie! Sy koms het die begin van die eindtyd ingelui, wanneer die Bruidegom (Jesus) vir altyd by die mens sou wees. Later sou óók die Heilige Gees

binne élke gelowige wees, en nie net in ‘n paar uitgesoekte leiers nie.

Watse verskil behoort dit te maak? Sekerlik een van die belangrikste kenmerke van die eindtyd is die uitbundige vreugde wat in elke gelowige behoort te wees. Dit sou dus onvanpas wees om aan die ou praktyke van rou te probeer vasklou. Rou laat beslis nie vreugde toe nie!

Inderdaad sou daar ‘n baie kort tydperk van rou, droefheid en vas wees, toe Jesus die dag gekruisig was. Dit was egter van korte duur, en vandag kan ons jubel in die feit dat Jesus nie aan die kruis bly

hang het of in die graf gebly het nie. Hy het wáárlik opgestaan! Nou is Hy saam met ons, soos Hy belowe het in Matteus 28 tydens Sy hemelvaart!

Nou vra jy dalk wéér vir my: “Maar is dit dan verkeerd om te vas?” Nee, sekerlik nie! Maar dan moet jy egter baie versigtig wees om nie te vas sodat ander kan sien hoe swaar jy ly nie. Vas in jou binnekamer sonder dat iemand anders daarvan weet. Dit is ‘n saak tussen jou en God alleen. En wanneer jy daar uitkom, dan behoort die vreugde wat alleen Jesus kan gee, jou

hele gemoed, wese én gesig te vul.

Daar is egter ‘n ernstige waarskuwing: Dit is ‘n uiters gevaarlike praktyk om te vas om God in ‘n sekere rigting te probeer dwing. Ek kan en mag nie vir God voorskryf hoe Hy moet handel nie! Ja, ek kan Hom in gebed vra om iets te doen, maar dan moet ek my berus by Sy besluit.

Ja, jy mag maar vas! Maar dis baie beter om eerder in ‘n loflied uit te borrel: “Dit borrel in my, want ek is so bly - Jesus het my lief!”

Gebed:

Dankie Jesus, dat dit borrel in my lewe, dat U, die Bruidegom hier is! Daarom kan ek nie stilbly nie - ek moet net eenvoudig my vreugde uitjuig en -jubel!

# 12

# Die Sabbat

# Markus 2:23-28

**VIDEO * OUDIO**

Die Sondag begin soos enige ander Sondag, stil en stemmig. Daar hang ‘n gees van gewydheid oor die ou plaashuis, en van die gewoel en werskaf van die week, is daar géén sprake nie. Die werf is verlate, soos dit elke Sondagoggend maar is. Uitgevat in ons Sondagklere ry ons in doodse stilte kerk toe, waar die gewyde stemming van Oom Fred Geyser se hemelse orrelspel ons inwag. Na kerk ry

ons weer deur die dorp reguit plaas toe. Alles is morsdood in die dorp. Daar is skaars ’n motor in die strate, en ál die winkels is bot-toe. Sondag middagete is ook, soos elke Sondag, spesiaal, en heelwat vroeër as weeksdae, sodat daar na ete genoeg tyd is om te kan gaan skuins lê.

En dit is net hiér waar die moeilikheid begin. Vir ‘n lewendige tienjarige seun is dit die grootste straf op aarde om in die middel van die dag te moet lê en slaap, en dít terwyl die berge en ál die avontuur daar buite vir jou staan en roep! Die reëls was egter lankal baie duidelik

neergelê: Op ‘n Sondag gedra jy jou stemmig! Jy werk nie, jy speel nie, jy swem nie en jy vang nie vis nie - nie eers paddavissies of platannas nie! Dit beteken, jy gaan lê en slaap! Wat ‘n straf!

Skaars lê ek op my ysterkateltjie, of iemand klop aan my venster. Buite roep ‘n seunsstem: “Louis! Kom ons gaan swem!” My pêlle uit die dorp het ál die pad met fietse gery om op ons plaas te kom baljaar, want ons het ‘n heerlike gronddam waar jy kan swem tot jou gô uit is. En dan is daar die vrugtebome waar jy jou trommeldik kan eet aan

geelperskes, appels, turksvye, appelkose en pruime.

“Nee, ek mag nie!”

“Aag toe asseblief man!” smeek Gert. Dit kos nie veel oorreding om my te laat toegee onder die druk nie, en saggies sluip ek by die agterdeur uit. Nog so in die hardloop af na die dam toe, word die klere al van ons basse afgestroop, en kaalstert duik ons in die dam in. Ons gooi mekaar met modder, en ons lag en skree uitbundig. Dis lekker om kind te wees! Dis lekker om vry te kan baljaar!

Maar dan bereik die onheilspellende stem van die

plaashuis af bo die uitbundige gelag my paar bakore: “Louis! Kom hier!” En en wéét sommer: hier kom **GRÓÓT** moeilikheid.

“Jy wéét mos jy mag nie op Sondae swem nie!” Pa is nie ‘n gelukkige man nie! Kyk, hy is nie iemand wat sommer straf uitdeel nie, maar wanneer dit die dag gebeur…...

“Gaan pluk vir jou ‘n lat.”

My mond val oop. “Pa....?”

“Ja toe! Dit moet ‘n behóórlike lat wees vir jou pak slae!”

Daardie pak slae het ek al baie jare terug vergeet, maar die verskriklike straf om sélf die lat te

moes gaan uitsoek waarmee ek moes pak kry ….. dit is ingebrand in my geheue, asof dit gister gebeur het.

Dinge het verander: Sondag is baljaar-dag, die dag vir sport en ontspanning, fliek en inkopies doen. Sondag is die dag vir swem en visvang en op die strand gaan speel. Die winkel wat op 'n Sondag nie oop is nie, gaan baie gou ten gronde.

Dit is dus vir ons baie moeilik om werklik 'n prentjie te kan vorm en te begryp hoe ontsettend belangrik die Sabbat was vir die Jode in Jesus se tyd. Vir hulle was daar die "gewone" wette

soos dat jy nie mag doodslaan en steel nie. En dan was daar die twee "hoof" wette wat Jode onderskei het van álle ander mense: die besnydenis en die Sabbat. Daar was ellelange lyste van moets en moenies vir 'n Sabbat. Sabbat het natuurlik geduur van Vrydagaand met sononder tot Saterdagaand sononder, soos sommige Christene dit terloops vandag steeds onderhou.

En toe pleeg Jesus se dissipels die verskriklike "sonde" deur te loop en koringare afpluk terwyl hulle deur 'n land stap. Dit was 'n natuurlike aksie van manne wat

iets vir die hongerpyne gepluk het in die verbygaan. Ongelukkig vir hulle was die afpluk van koringare op die Fariseërs se lysie van "moenies", want dit was "oes", en oes was werk. En werk was natuurlik mos verbode!

"Die Sabbat is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die Sabbat nie," verduidelik Jesus vir die Fariseërs. Wat beteken dit? Die Fariseërs het die Sabbat gesien as iets wat God op die mens afgedwing het, en as jy dit nie onderhou nie sal jy gestraf word. Jesus stel God as die Goeie Gewer wat Sy kinders liefhet en gebooie gee om mense

te ondersteun en te help, en beslis nie om hulle te onderdruk nie. Die dissipels kan dus gerus maar koring pluk as hulle honger het. Christelike vryheid maak ons los van wettisisme. Dit beteken dat ons met héél ander oë na die Sondag kan kyk.

Beteken dit dan dat jy maar mag maak soos jy wil? In vers 28 sê Jesus dat Hy óók Here van die Sabbat is. Dit beteken dat die gesag nie in onsself lê nie, maar dat Jesus die Een is wat die finale sê het. Ons moet aan Hom al die eer gee, ook in die uitlewing van ons Sondag/Sabbat. Christelike vryheid beteken dat ons in

persoonlike verbondenheid en gehoorsaamheid aan Jesus alleen ons vryheid kan uitleef, nie alleen in die wyse waarop ons die Sondag gaan spandeer nie, maar ook hoe ons ons ganse lewe gaan uitleef.

Gebed:

Here, help my asseblief om my ganse lewe in te rig om te leef in U liefde, en om my vryheid uit te leef om U te eer.

# 13

# Die Gebreklike en die Fariseërs

## Markus 3:1-6

**VIDEO * OUDIO**

Die Fariseërs het tot die besef begin kom dat hulle ‘n baie groot probleem gehad het, en dat Jesus vir hulle ‘n groot nagmerrie begin raak het. Mense het in groot getalle na Hom toe gestroom, en Hy het hulle verlei om verkeerde dinge te glo.

Die styweboordjie-manne is bymekaar, en daar is vandag net één onderwerp in hulle gesprek: die probleem van dáárdie Timmerman van Nasaret! “Kyk

net hoe minag Hy die wet!” sê die manne kopskuddend vir mekaar.

Die afgelope tyd was daar etlike uiters ontstellende insidente. Alles het begin toe daardie visserman, Simon, se skoonma so onverklaarbaar gesond geword het. Die mense het daarna in hulle duisende na Jesus toe gestroom, want hulle het geglo dat dit Hý was wat haar wonderbaarlik genees het. En toe was daar natuurlik die melaatse man wat beweer het dat Jesus hom van sy melaatsheid genees het. Almal wéét mos dat alléén God só ‘n wonder kan doen!

Die kersie op die koek was natuurlik die verlamde man, die een wat sy vriende deur ‘n gat in die dak met toue laat afsak het. Die probleem is dat daar van hierdie Fariseërs se kollegas was wat met hulle eie oë gesien het hoe die man oombliklik net daar genees is.

“Hoe verklaar ‘n mens dit? Alleen God kan so ‘n genesing bewerkstellig!” Abigael is baie ontsteld, maar terselfdertyd is daar ‘n reuse vraagteken op sy gesig.

“Ja, dis alles goed en wel, maar toe gaan staan en vergewe Hy die kêrel se sondes. Dis mos

Godslasterlik!” Nou is Josefat woedend!

“Ja,” beaam die manne kopknikkend, “wie kan sondes vergewe buiten God alleen?”

Die groepie Fariseërs is duidelik bitterlik omgekrap. “’n Mens sou dalk nog kon dink dat daar ‘n vae moontlikheid is dat Hy dalk die Messias kan wees, soos die mense fluister,” merk iemand op, “maar na daardie insident toe Hy Homself so ontreinig het deur saam met die haatlike spul onrein Tollenaars te gaan partytjie hou, het ons almal besef dat Hy baie beslis nie die Messias kan wees nie.”

“Ja,” knik die manne almal hulle koppe in eenstemmigheid, “sékerlik sal die Messias mos darem ‘n Fariseër wees!”

“Die ergste nog vir my,” teem ‘n “wyse” ou Fariseër, “is die feit dat Hy ons kosbare wet so gruwelik minag. Kyk net wat maak Hy en Sy dissipels van die vastye! Hulle steur hulle net eenvoudig nie daaraan nie!”

“Enige behóórlike Jood sal dit streng onderhou, nes óns doen!” Almal stem saam dat gereelde vas beslis belangrik is!

Maar dan besluit die manne dat die toppunt van arrogansie Jesus en Sy dissipels se flagrante

verbreking is van die allerheiligste Sabbatswette, toe hulle in die koringland geloop en “oes” het, en dit nogal gedurende ‘n Sabbat! “Ons móét Hom net eenvoudig vastrek!” besluit die manne.

Hulle kans kom nogal baie gouer en makliker as wat hulle kon droom, want nét die volgende Sabbat kry hulle vir Jesus waar Hy besig is om te preek in ‘n sinagoge. As hulle instap, sien hulle die man met die gebreklike hand daar sit. Hy is vol verwagting, want sy kans het gekom om Jesus te sien! Dalk kan Jesus vir hom ook ‘n wonderwerk doen. Hy sou so

graag ook normaal wou wees soos enige ander man. Die Fariseërs stamp aan mekaar, en beduie na die man: “Vandag is die dag!”

Jesus lees die slim manne se gedagtes soos ‘n boek, en Hy wéét dat hulle Hom wil vastrek. Hy roep die gebreklike en beduie vir hom om hier voor tussen die spul Fariseërs te kom staan. Hy kyk die stroewe manne in die oë: “Is dit toelaatbaar om op die Sabbat goed te doen, of sleg te doen, om 'n lewe te red, of om dood te maak?”

Die manne brom onder mekaar: “Watter soort van vraag is dit? Hy

is arrogant! Besef Hy nie met wie Hy praat nie? Ons het immers almal ‘n ordentlike geleerdheid in die Skrifte, baie meer as wat Hy kan sê!”

“Wag manne, kom ons bly liewer doodstil! Ons sal Hom wél nog uitvang!”

Jesus is kwaad vir die Fariseërs omdat hulle in die hand van die duiwel speel en die Evangelie probeer dwarsboom. Maar tegelykertyd is Hy diep bedroef omdat hulle hulle harte so verhard. Die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die heelal, die dag toe God uit die hemel neergedaal het om die mensdom

te verlos van sonde, is besig om totaal by hulle verby te gaan. “As hulle maar net kon besef.....”

“Steek jou hand uit,” sê Hy vir die man. En dan gebeur die wonder: oombliklik is die man genees, sy verdorde hand so normaal soos dié van ‘n skrynwerker!

Bedroef kyk Jesus die Fariseërs aan terwyl hulle opstaan en uitstap. “Ons hét Hom!” sê hulle tevrede vir mekaar. En daarmee stap hulle na hulle “vriende in hoë plekke” om ‘n komplot te smee teen Jesus. Binnekort sal Hy die hoogste tol betaal vir sulke arrogansie!

Jesus het gekom om mense te red - so lui die boodskap wat Hy vir ons wil gee uit hierdie insident. Die Koninkryk van God is hier, en Jesus is die Heerser, selfs ook oor die Sabbat! Die Fariseërs moes die boodskap duidelik kry: sien Jesus raak vir Wie Hy is! Hy is immers die Een wat die Koninkryk van God gebring het.

Die boodskap is nog presies dieselfde vir ons vandag, en ons moet duidelik kennis neem van die Koning van die Koninkryk. Meer nog, ons moet deel word van die Koninkryk deur Sy uitnodiging te aanvaar! En as jy eers deel is, gooi dan jou vólle

gewig in om ‘n aktiewe Koninkryksburger te wees!

Gebed:

Here, dankie dat ek deel mag wees van U Koninkryk, en dat ek mag dien onder die grootste van alle Konings!

## 14

## Die Twaalf word Aangewys

## Markus 3:7-19

**VIDEO * OUDIO**

Ek word eendag uitgenooi deur ds. Simon Kwaseba van die VGK gemeente in Shakaville om vir hulle ‘n boodskap te lewer. Dis in ‘n baie arm dorpsgebied naby Kwa Dukuza (Stanger). Vir my

was dit ‘n reuse voorreg! Dis ‘n tipiese klein plattelandse kerkie, waar tyd nie ‘n faktor is nie, die diens was al verby, toe kom daar steeds mense ingedrentel!

Dis warm, stomend warm, en die klein venstertjies laat maar die minimum lug in. Sweet stroom my af, waar ek staan en wurg in my das (die prediker móét ‘n das dra!) Ek kyk oor die gemeente en ‘n see van klein kindergesiggies wat die voorste rye volpak groet my afwagtend. Gaan hulle ooit verstaan? Ek preek in Engels terwyl ‘n tolk in Zoeloe vertaal. Dis steurend en moeilik om ritme te hou. ‘n Baba skreeu

oorverdowend, en sy maatjie begin saam “sing” in die koor. Ek kan myself skaars hoor praat! Hoeveel van hierdie preek gaan ooit inslag vind?

By die voordeur verkondig ‘n rooi hoenderhaan sy heerskappy terwyl sy harem kekkel en kloek dat die biesies bewe. “Hier sal ek vanoggend ál die groot kanonne moet uithaal,” besef ek, terwyl die sweet in riviertjies deur my oë loop. “Hoe het Jesus dit reggekry om die skare se aandag te hou?” wonder ek. “Hy moes beslis baie praktiese dinge gedoen het!”

My boodskap gaan oor die vermeerdering van brode, van die

vyf broodjies en twee vissies. Ek het vyf langwerpige brode saamgebring, wat hulle staan gekry het op ’n tafeltjie voor die kansel. Ek klim van my hoë kansel-troon af, en begin die brode in stukkies breek. Eers kry die kleintjies hier voor elkeen ’n stuk brood, en die gemeente rek hulle nekke om te sien wat gebeur. ‘n Gedruis gaan deur die gemeente, want hier is aksie! Ek loop deur die banke en deel stukke brood uit. Almal is opgewonde, en die oë skitter, want só ‘n diens het hulle nog nooit belewe nie! Die boodskap is eenvoudig: jy vat ‘n stuk brood, breek vir jouself ‘n stukkie af en

gee die res vir jou buurman. Hierdie handeling sê dat ons as gelowiges ook die Brood van die Lewe (Jesus) wat ons gekry het met ander moet deel.

Hulle verstaan! Selfs die heel kleintjies hier voor verstaan.

En ek sê: “Dankie, dankie Jesus!” terwyl hemelse koorklanke spontaan met die wonderlikste harmonieë, sonder ‘n orrel of klavier of orkes die kerkgeboutjie vul en opstyg na die hemel.

Wanneer ek uitloop, wil elkeen in die kerkie met my hand-skud. En dan wonder ek: waarom moet ons eredienste dan so gekompliseerd, formeel en hoogdrawend wees?

Markus vertel dat Jesus en Sy volgelinge afgegaan het na die See van Galilea. Mense het in groot getalle na Hom toe gestroom, hulle móés Hom net eenvoudig sien! Daar was mense van Tirus en Sidon, Jerusalem, Idumea en van oorkant die Jordaan af. Van heinde en verre het hulle gestroom om Jesus te sien. Só groot het die skares naderhand aangegroei, dat Jesus in ’n skuit moes klim, en daarvandaan preek sodat almal Hom kon sien.

Waarom het Jesus sulke reuse skares getrek? Die een groot rede was dat Sy preke nie maar

net 'n klomp teologiese redenasies was, soos dié van die Skrifgeleerdes wat dwarsoor die gewone mense se koppe gepraat het nie. Jesus se preke was eenvoudige stories wat baie diep waarhede geïllustreer het. Hy maak mildelik gebruik van gelykenisse waarmee elkeen van hierdie mense kon assosieer, dinge uit die alledaagse lewe. Maar Jesus se preke het verder ook behels dat Hy dinge prakties gedoen het. Dit het nie maar net by woorde gebly nie, maar Hy het dit prakties toegepas. Hy het talle mense genees van allerhande soorte kwale. En dan was daar

ook die uitdryf van onrein geeste of demone.

Wanneer ’n ding só grafies vertel word, en boonop prakties geïllustreer word, onthou die gehoor die preek, en hulle maak dit deel van hulle lewens. Boonop geniet die mense dit, en dit maak dat daar nie maar net ’n handjievol opdaag nie, maar dat die nuus versprei, en mense daarheen stroom in groot getalle om Sy preke te beleef.

Op ‘n dag gaan sit Jesus tussen ‘n klompie van Sy gereelde volgelinge. Hy kyk vir Simon reguit in die oë en dan wink Hy die rowwe visserman nader.

Boetie Andreas moet ook maar naderstaan, en só ook die twee broers met die hoogs-vlambare humeure, Johannes en Jakobus. Wanneer Hy vir Judas Iskariot nader wink, is daar ‘n droewige trek in Jesus se oë. Die manne kyk vraend na mekaar: Wat wil Jesus met hulle doen? Nóg manne word nader geroep totdat daar uiteindelik ‘n groep van twaalf manne staan. Dan verduidelik Jesus: hulle is Sy kerngroepie “apostels,” Sy uitgestuurdes. Op hulle skouers sou daar eendag ’n reuse verantwoordelikheid rus. Maar nou wag daar eers drie jaar se intense opleiding op hulle.

Hierdie manne sou nie alleen die twaalf stamme van Israel verteenwoordig nie, maar met die kragtige vernuwing waarmee Jesus besig was, sou die manne terselfdertyd ook die “nuwe Israel”, die kerk van Christus verteenwoordig en verkondig, en die wonderlike Evangelie aan die hele wêreld uitdra!

Gebed:

Here, dankie vir die voorbeeld wat U vir ons gestel het. Dankie dat U ons ook geleer het om die Evangelie eenvoudig uit te dra.

15

# Laster teen die Heilige Gees

## Markus 3:20-30

**VIDEO * OUDIO**

Ons het nou al gesien dat Jesus se optrede reuse skares mense gelok het. Dikwels het mense lang afstande gereis, selfs dae lank, nét om Jesus te kon beleef. Nie álmal het Hom egter só positief beleef nie – Hy het sommige mense ongemaklik gemaak. Daar was soms heftige kritiek, en dikwels selfs openlike vyandigheid teenoor Hom!

In vandag se perikoop lees ons dat Jesus ‘n huis binnegegaan

het, waarskynlik weer Petrus se huis in Kapernaum. (Die 1983 vertaling sê dat hy huistoe gegaan het.) Soos by die vorige geleenthede wat Hy daar was, het mense weereens só om Hom saamgedrom by die huis, dat hulle Hom nie eers kans gegee het om ‘n ietsie te eet nie!

Jesus se familie was baie bekommerd oor Hom. Hy was besig om Homself totaal te verwaarloos. Maar boonop was Hy besig om hulle in ‘n groot verleentheid te bring. As jy jou familie daardie jare in die skande gesteek het, het dit sommer gróót moeilikheid beteken. Verséker

was hulle Familielid se optrede baie vreemd. Hy het, volgens die sienswyse van daardie tyd nie Sy plek geken nie. As jy ‘n Rabbi wou wees, moes jy eers jare lank opleiding kry by ‘n leermeester. Jesus het nooit sulke opleiding gehad nie, en nou skielik was Hy hierdie groot Rabbi wat mense links en regs wou leer. Hy het selfs die bekende Rabbi’s weerspreek, en hulle leerstellings verkeerd bewys. Sy optrede was inderdaad baie vreemd!

Daar was egter iets anders wat nog véél erger was. Hy het dinge aangevang wat gemaak het dat hulle hulle koppe in skaamte

moes wegsteek van verleentheid, soos byvoorbeeld dié slag toe Hy saam met die spul tollenaars en sondaars gaan partytjie hou het. Hy was rêrag besig om hulle gerespekteerde familienaam deur die modder te sleep!

“Hy is van Sy sinne beroof!” Jesus se familie het meewarig hulle koppe geskud. “Ons moet Hom gaan haal voor dit hééltemal te laat is!”

Maar Jesus se familie was nie die enigste wat gedink het dat Hy totaal die spoor bystergeraak het nie. Die Skrifgeleerdes van Jerusalem het tot die slotsom gekom dat dit véél erger was, en

dat Hy duiwelsbesete was! Die manne het Jesus se optrede dééglik dopgehou, en uiteindelik tot die slotsom gekom dat daar inderdaad iets bonatuurlik aan die gang was. Hulle kon nie die feit miskyk dat Hy wél talle genesings en wonderwerke gedoen het nie. Nog minder kon hulle dit ontken dat Hy duiwels uitgedryf het. Sommige van hulle het met hulle eie oë gesien hoedat die duiwels met ‘n groot geraas en manifestasie besete mense verlaat het.

“Hierdie is duiwelsdinge!”het hulle vir mekaar gesê. “Dit is alles dinge van die Bose!”

En so het die geleerde manne in Kapernaum aangemarsjeer gekom, al die pad van Jerusalem af om Jesus te konfronteer. Hulle het Hom daarvan beskuldig dat Hy van Beëlsebul, oftewel die duiwel besete was, en dat Hy met die hulp van die aanvoerder van die demone, wat natuurlik óók na die duiwel verwys, hierdie demone uitgedryf het.

Hulle aantygings was eintlik lagwekkend, want dit was totaal teenstrydig. Jesus het dan presies ook dít vir hulle gesê, want dit het gladnie sin gemaak nie. Die duiwel sal mos nie iemand gebruik om sy eie

demone se werk in die wiele te ry nie? “Hoe kan die Satan die Satan uitdryf?” wou Jesus weet. Dis belaglik! Toe verduidelik Hy met ‘n paar beelde hoe hierdie aantygings van hulle net eenvoudig nie sin kon maak nie. Soos, dat Satan mos nie teen homself in opstand sou kom nie? Eintlik was dit gruwelike, lasterlike aantygings wat hulle gemaak het.

Jesus het die slim manne aangekyk, en toe iets vir hulle gesê wat die manne se hare laat regop staan het: “Wie teen die Heilige Gees laster, kry tot in ewigheid geen vergewing nie,

maar bly skuldig aan 'n ewige sonde!”

Wat presies het Jesus hiermee bedoel? Hierdie vraag het al baie mense, dikwels selfs gelowiges nagmerries besorg. Ek het al dikwels hierdie bekommerde vraag gehoor: “Het ek nie iewers dalk al onwetend teen die Heilige Gees gelaster nie? In my jong dae was ek baie roekeloos, en ek het dinge teen God gesê waaroor ek vandag bitter spyt is! Kan ek ooit vergewe word?”

As jy mooi gaan lees wat Markus hier geskryf het, dan gaan dit nie oor iets wat onnadenkend gesê was, of iets wat jy bloot toevallig

gedoen het nie. Dit gaan oor iemand wat op hardnekkige wyse die verlossingswerk van Jesus aan die duiwel toeskryf. Dit gaan daaroor dat iemand God se groot genade verwerp. Ons moet baie goed onthou dat die Here nie Sy verlossingswerk op enigiemand afforseer nie. Niemand word ooit gedwing om die verlossing wat Jesus bied te aanvaar nie. In Openbaring 3:20 staan daar: “Ek staan by die deur en Ek klop.” Jesus sê nie dat Hy die deur gaan afbreek as jy nie wil oopmaak nie. Hy staan en klop, en wag. Geduldig! Dis jou eie keuse of jy gaan oopmaak!

As iemand Jesus egter volhardend verwerp, laster hy teen die Heilige Gees. Dan is hy verlore! Harde en bitter woorde!

Maar ons lees ongelukkig die ander sy van die saak dikwels mis: Al die ander sondes sal jou vergewe word! Die grootheid van God se genade is asemrowend. Sy vergifnis is duisendmaal groter as ál die ander dinge. Hoe wonderlik is dit nie om só ‘n God te kan aanbid nie!

Gebed:

Dankie Here, dat U genade ook oor my so groot is, en dat U al my sondes vergewe het.

16

# Jesus se Familie

# Markus 3:31-35

**VIDEO * OUDIO**

Wat leer ons in die Bybel van Jesus se gesin? Van Pa Josef lees ons bitter min. Teen die tyd toe Jesus begin optree het, hoor ons niks van hom nie, dus kan ons aanneem dat hy reeds dood was. Hy was ‘n timmerman en sy oudste Seun, Jesus het sy ambag by hom geleer. En ja, daar was ander kinders ook: Jesus het broers gehad. Daar word egter nie melding gemaak van susters

nie. Dit was dus ‘n doodnormale gesin.

In die Nuwe Testamentiese tye was ‘n gesin ‘n baie hegte eenheid, selfs nadat die kinders reeds uit die huis was en hulle eie gesinne gehad het. Alles het letterlik gedraai rondom jou uitgebreide gesin, en niks sou vir jou te veel wees om vir hulle te doen nie. Die gesinslede het deur dik en dun bymekaar gestaan.

In die vorige perikoop het ons egter gesien dat Jesus se gesin ongemaklik begin voel het met die dinge wat Hy besig was om te doen, en hulle het begin vermoed dat Hy “van Sy sinne beroof was.”

Hulle was baie bekommerd oor Hom. Wanneer só ‘n ramp ‘n gesin getref het, was die gesinslid nie summier verwerp as die “swartskaap” van die familie nie. Die gesin sou steeds vir die “afgedwaalde” lid bly omgee. En presies só was dit met Jesus se familie. Markus vertel dat hulle besluit het om Hom te kom haal, want Hy het hulle nodig gehad om Hom weer op die regte pad te kry. Hy moes huistoe kom, waar Hy behoort het. Hy was immers die Skrynwerker van Nasaret en beslis nie ‘n “straatprediker” nie!

Markus vertel dat Jesus se familie buite bly staan het. Hulle wou nie

in die huis inkom soos Jesus se volgelinge nie. Die mense wat werklik in Jesus belang gestel het, het rondom Hom gesit. Hulle wou naby Hom wees. Sy opponente het egter daar buite bly staan. Kon ‘n mens dalk nou Jesus se familie ook klassifiseer as Sy opponente? Nee, beslis nie! Hulle het nou wel die dinge waarmee Hy Hom besig gehou het verwerp, en daarom het hulle buite bly staan. Hulle het Hom as familielid egter gladnie verwerp nie.

Dankie tóg dat hierdie situasie ‘n paar jaar later totaal verander het. Jesus se broer, Jakobus, het ná

Jesus se hemelvaart tot nuwe insigte gekom en besef wie sy Broer werklik was. Daarna het hy ‘n baie groot rol gespeel as leier in die nuwe Christelike kerk en later selfs een van die Bybelboeke geskryf.

Toe Jesus se familie Hom kom haal het, was Sy antwoord: “Wie is My moeder en my broers?” Toe het Hy vir die mense by Hom verduidelik dat Sy moeder en broers diegene was wat hier rondom Hom gesit het. Hy het dus Sy bloedfamilie verruil vir ‘n nuwe gesin: diegene wat die wil van God gedoen het. Húlle was nou Sy gesin.

Die vraag is: hoe doen jy die wil van God? Eenvoudig: jy volg Jesus!

Ons kan nou ‘n paar gevolgtrekkings maak in die lig van wat ons so pas gelees het: As Jesus Sy volgelinge klassifiseer as Sy broers en susters, kan ons mos nou ook sê dat ek en jy Sy broers en susters is, want ons volg Hom mos? Maar dan moet ons ook terselfdertyd sê dat ons dan mos broers en susters van mekaar is. Ons is dus een groot gesin. En dit is presies wat die kerk is. Die kerk is nie ‘n gebou nie, en dis ook nie ‘n sekere gemeente nie. Dit is nie

eers ‘n spesifieke denominasie nie. Die kerk is ál die volgelinge van Jesus gesamentlik. En dit is wat die kerk soveel anders maak as ‘n sportklub of ‘n politieke party. Die kerk is een groot hegte familie van broers en susters.

Ons kan gaan leer by die gesins-opset van Jesus se tyd. In hierdie perikoop sien ons dat Jesus se gesin bekommerd was oor Hom, want Hy was “van Sy sinne beroof.” Hulle was gladnie gelukkig met Sy optrede nie. Volgens hulle het Hy skande oor die goeie naam van die gesin gebring. Wat het hulle gedoen? Het hulle Hom verwerp? Nee! Al

het hulle, soos Sy opponente buite die kring bly staan, het hulle steeds omgegee, en hulle wou Hom terugneem huistoe.

Wat maak ons as een van ons kerk-gesinslede ons in die skande steek? Wat maak ons as iemand wat deel is van die kerk, struikel? Gewoonlik word hy summier verwerp! Ons distansieer ons van die persoon. Dikwels word so ‘n persoon selfs ‘n uitgeworpene in die samelewing.

Net soos wat gesinslede in ‘n familie dikwels hemelsbreed van mekaar verskil, so verskil gesinslede in die familie van Jesus ook van mekaar. Ons het

nie almal dieselfde siening nie. Sommige van ons is charismaties, terwyl ander weer eng gereformeerd is. Ons verskil oor die doop en baie ander dinge. Selfs binne ons eie denominasie is daar dikwels groot meningsverskille oor sekere geloofsake en daar word soms heftig gestry. Ons beleef dit elke dag. Maar vandag wil ek ‘n beroep doen op jou, liewe leser, dat ons ons medegelowiges sal respekteer vir hulle sienings, en hulle nie daaroor sal afkraak nie. Hy is immers jou boetie en sy jou sussie! Kom ons bewys eerder ware liefde aan mekaar, soos wat Jesus vir ons die voorbeeld gestel

het. Kom ons behandel mekaar soos ‘n ware gesin dit behoort te doen.

Gebed:

Dankie Here vir die reuse gesin wat U my gegee het. Dankie dat ek so baie broers en susters het, en al is die meeste van hulle soveel anders as ek, weet ek vandag dat ons één ding in gemeen het: Jesus ons Verlosser en Here!

# 17

# Die Saaier

# Markus 4:1-20

**VIDEO * OUDIO**

Dis vroegoggend, en Jesus stap rustig saam met sy groepie dissipels op die strand van die see van Galilea, terwyl Hy hulle leer. Dis nie lank nie, of iemand gewaar hulle. Die nuus versprei soos ‘n veldbrand, en binne ‘n ommesientjie stroom mense van oral oor om die Groot Profeet te kom sien. Hééltemal te gou word hulle rustige wandeling kortgeknip wanneer ‘n reuse skare om hulle saamdrom, en hulle totaal

verdring. Jesus word gedwing om in ‘n skuit te klim. Simon Petrus en sy manne stoot die skuit in die rustige water van die meer in, sodat dit ‘n paar meter van die strand af dryf.

Wanneer Jesus oor die honger skare kyk, sien Hy in die verte ‘n plaasboer besig op sy landerye. ‘n Jong seun worstel agter ‘n ploeg aan, getrek deur ‘n os. Die grond is maar baie klipperig, en kort-kort moet die seun ‘n wye es gooi om die groot rotse in die land te vermy. ‘n Ent agter die seun kom Pa aangestap met ‘n leer saadsak wat oor sy skouer hang. Ritmies word die hand in die sak

gesteek en met ‘n swierige swaaibeweging word die saad behendig gestrooi, soos jare se oefening hom geleer het. “Hoeveel van daardie saad val ooit werklik in die ploegvore?” vra Jesus so half in die lug.

“Meester?” Petrus het nie die vaagste idee waarvan Jesus nou praat nie. Wat het saad en ploegvore dan nou te doen met die skare hier op die strand?

Dan begin Jesus vir die mense op die strand ‘n storie vertel: “**Luister, julle!**” roep Hy hulle tot stilte. “**Kyk, 'n saaier het uitgegaan om te saai.**” ‘n Doodse stilte sak oor die mense

toe. Oopmond sit hulle en luister terwyl Jesus vertel van die saaier se saad wat nie altyd so veilig in die ploegvore val nie, maar dat baie saadjies op ander plekke val: op klippe; op die pad; tussen bossies. Niks van hierdie saad word ooit ‘n plant wat koring voortbring nie. Slegs die saad wat in die vore land, groei suksesvol en word uiteindelik vrugbare plante wat ‘n groot oes lewer. “Laat dié wat ore het om te hoor, luister!” sluit Jesus die storie af.

Op baie gesigte is daar ‘n groot vraagteken. Ja dit was ‘n mooi storie, en hulle kan hulleself daarmee vereenselwig. En ja, dit

is baie waar dat die saad nie altyd val waar dit moet val nie. Een plaasboer hier in die voorste ry stem heftig saam met Jesus. Hy het al baie saad so verloor. Maar wat kan ‘n mens nou maak? Dis mos maar die lot van ‘n plaasboer!

Laatmiddag, wanneer die laaste mense wegstap terug huistoe, bly nog net ‘n handjievol manne oor by Jesus, die twaalftal wat Hy vroeër gekies het en nog ‘n klompie getroue volgelinge. Dan waag een dit: “Meester, hierdie was ‘n mooi storie, maar wat wou U nou éintlik hiermee sê?”

Dan verduidelik Jesus vir hulle presies wat die betekenis is. Die vraag is nou: wat sê hierdie gelykenis vir my en jou vandag in ons moderne samelewing?

Ons is van kleins af geleer dat hierdie mooi gelykenis beteken dat dit ‘n oproep is aan die mense wat die Woord hoor. Jy moet die regte reaksie toon wanneer die Here met jou praat deur Sy woord. Jy moet as’t ware daarna streef om die “goeie grond” te wees, sodat die saad van die Evangelie wat in jou lewe gesaai word, sal groei tot volwassenheid en sal vrug dra. En dit is heeltemal reg ook.

Maar daar is ‘n tweede betekenis wat nét so belangrik is. Dit gaan nie noodwendig slegs oor die ontvangers van die saad nie, maar óók oor die saaier, die persoon wat die goeie nuus verkondig. Hierdie gelykenis dien om diegene wat die saad van die woord saai te bemoedig in hulle arbeid. Persoonlik kan ek vanoggend bely dat ek al menigmaal uiters teleurgesteld was wanneer ek die Woord gesaai het, en dit was net eenvoudig verswelg deur die onkruid. Of dit lyk vir my asof my boodskap met blydskap aanvaar word, en daar is groot vreugde, maar ‘n maand of twee later het

alles verdor, nes die saad wat op die klip geval het, en die pragtige jong plantjie deur die son verskroei is. Dit maak ‘n mens moedeloos!

‘n Leraar kan Sondag-na-Sondag op die kansel staan en die Woord verkondig, maar aan die einde van die dag voel dit vir hom asof daar net mooi niks gebeur het nie. Die gemeentelede is nog steeds verdeeld; hulle skinder steeds van mekaar; sy woorde het tussen die distels geval!

Hierdie gelykenis wil die saaiers bemoedig, en aanmoedig om aan te hou met saai. Ja, daar sál saad op die pad, tussen die bossies en

op klippe val. Maar dan moet jy wéét dat daar ook saad sal val in die ploegvore, en daardie saad gaan groei tot volwassenheid en vrug dra. Moet nooit óóit ophou met jou saai-pogings nie, al voel jy soms moedeloos. En moet nooit óóit ophou om die Evangelie uit te dra nie, want iewers is daar iemand wat nét wag vir daardie boodskap van jou.

In Markus se tyd was hierdie gelykenis ‘n bemoediging aan die hele gemeente, want almal het deelgeneem aan die saaiproses. Dit was nie nét die leraar wat gesaai het nie. Vandag wil hierdie gelykenis nie alleen die leraar

bemoedig nie, maar elke "gewone" gelowige aanmoedig om deel te word van die saaiproses. Kom, saai saam! God sál vrug gee op ons arbeid!

Gebed:

Here, dankie vir hierdie wonderlike bemoediging, dat my arbeid nie verniet is nie. Dankie dat U vrug gee op my arbeid, al sien ek dit dikwels nie eers raak nie. Gee my asseblief die deursettingsvermoë om aan te hou saai.

# 18

# Die Lamp Onder die Emmer

## Markus 4:21-25

**VIDEO * OUDIO**

Ek het eergister geskryf dat ons nie weet of Jesus susters gehad het nie. Vriend Francois wys my daarop dat daar wél van Sy susters geskryf word in Markus 6:3. So leer mens…..!

Duisternis sak stadig toe, waar ons rustig ontspan op die stoep. Langs die watervoor begin die eerste paddas opwarm vir vanaand se groot konsert. ‘n Kriek stem sy viool in, en Ouma-tarentaal “Tji-tji-tji-tjirrrrrrrrr!”

oorverdowend om al haar kinders en kleinkinders en agterkleinkinders bymekaar te kry. Hulle moet baie wyd verspreid wees, want haar kras stemmetjie weergalm deur die klowe van Waterval Boven, sodat niemand kan sê dat hulle nie gewaarsku is dat die nag hier is nie.

“Nou toe,” por Oupa ons aan, en dan weet ons: dit het tyd geword vir die Du Plooys van Soetmelksvlei. Die huis is pikdonker as ons almal op ‘n streep die gang af kraak-kraak op die plankvloere. Die donker wil my aan die keel gryp, maar

gelukkig is die grootmense hier. Ek sorg dat ek baie naby aan Oupa loop. Dit wil so ál vir my klink of die vloer vanaand meer kraak as gewoonlik. As ons die eetkamerdeur oopstoot, maak dit ’n liederlike skreeugeluid. Ek gril tot diep in my murgbene! Ouma trek ‘n vuurhoutjie. Die paraffienlamp se pit vat vlam. En skielik is die duisternis weg. Skoonveld! Een enkele simpele paraffienlampie laat die donker soos mis voor die son verdwyn! Verlig kyk ek om my rond: Inderdaad lyk alles nog steeds presies soos wat dit in die helder daglig gelyk het!

Wonderlike ding, ‘n lamp! So eenvoudig, en kyk net watter wonderwerke kan hy verrig met donkerte! Maar nou sê Jesus vir Sy volgelinge dat ‘n mens dalk daaraan mag dink om ‘n lamp onder ‘n emmer te sit, of erger nog, onder die bed! Dit is ‘n lagwekkende situasie, want wat sal dan die doel van só ‘n lamp wees? Hy sal totaal nutteloos wees. In die eerste plek is hy ontwerp om lig te maak. Maar wat help dit as jy juis die lig wegsteek?

Die Koninkryk van God was aan die kom, so het Jesus by verskeie geleenthede aan Sy hoorders

gesê. En ons moet hierdie gelykenis van Jesus ook in hierdie lig sien. Die koms van die Koninkryk is natuurlik ‘n baie wye konsep. Maar in die héél eerste plek gaan dit oor Jesus se groot versoeningsdaad. Op die stadium toe Jesus hierdie gelykenis vertel het, was dit alles nog werklik soos ‘n lamp onder ‘n emmer, waar daar slegs ‘n klein skrefie lig onderdeur geskyn het. Selfs Jesus se intieme vriende het nie eers die vaagste benul gehad van waaroor dit gegaan het nie. Sommige het wél ‘n wilde raaiskoot gewaag deur te sê dat Jesus dalk die Messias kon wees, maar selfs hiérdie bewering was

baie vaag, want hulle het ‘n totaal ander Messias verwag, ‘n Messias wat hulle van die Romeine sou bevry en dan sou heers as ewige Koning oor Israel.

Maar dit alles sou verander: “Want niks is verborge wat nie blootgelê sal word nie,” sê Jesus vir hulle. Die “groot geheim” oor die Messias sou weldra uitgebasuin word soos wat ‘n helder lamp op ‘n staander sy lig versprei en die duisternis verdryf.

“Laat dié wat ore het om te hoor, luister!” vermaan Jesus Sy hoorders. Hulle verstaan nie mooi wat Jesus bedoel nie. Maar uiteindelik sou hulle tóg later

verstaan. Dit sou drie jaar neem vir daardie manne voordat hulle werklik vir die eerste keer kon verstaan waaroor dit alles gegaan het. Maar hulle het ag geslaan op Jesus se woorde, en toe hulle alles uiteindelik verstaan, ná Jesus se hemelvaart, het hulle Sy woorde onthou.

Wanneer die Heilige Gees op hulle uitgestort word, kom lê daar ‘n nuwe taak op hulle skouers. Nou sit hulle nie meer aan Jesus se voete en luister nie. Nou is húlle daardie lampe waarvan Jesus gepraat het. Wat is die doel van ‘n lamp? Om lig te versprei! Hulle taak was nou om as lampe

die lig van Jesus en die Koninkryk van God te versprei en uit te basuin.

Maar vir elf manne (onthou, een het gesneuwel) was dit ‘n haas onmoontlike taak om met uiters beperkte kommunikasiemiddele hierdie lig aan die ganse wêreld uit te dra. Daarom het elkeen wat die lig van hulle ontvang het ook sélf ‘n lampie geword wat die lig al wyer en wyer laat skyn het, totdat dit selfs tot in die hartjie van die bose Rome soos ‘n vuurtoring die lig laat skyn het.

Die Here het vir my en jou ore gegee om te kan hoor, en vandag moet ons aandagtig luister, want

net soos wat die Here tweeduisend jaar gelede die nuwe gelowiges as lampe aangestel het om Sy wonderbare lig te versprei, so sê Hy vandag ook vir ons dat elke gelowige, en dis ek en jy ingesluit, ‘n lamp is. En soos enige lamp is ons doel om die lig van Jesus te versprei. Soos die dissipels van ouds toegerus is deur die Heilige Gees vir hulle taak, só is ons ook deur dieselfde Heilige Gees toegerus. Ons het dus géén verskoning nie!

Dit beteken natuurlik nie dat elkeen van ons moet preek nie. Net soos wat daar baie verskillende soorte lampe is, so

het elkeen van ons ook ons eie unieke talente gekry. Die groot opdrag is dat ons nie daardie talent onder ‘n emmer (of die bed) mag wegsteek nie, maar dat ons Jesus se lig sal laat skyn deur ons talente te gebruik tot eer van God.

Luister dus vandag biddend na wat die Here se opdrag aan jou is. Op watter wyse wil Hy hê dat jy Sy lig sal laat skyn in die wêreld?

Gebed:

Here, dankie vir die talente wat U my gegee het. Dankie ook dat ek hulle vryelik mag gebruik, en veral om die lig van Jesus te laat

skyn. Help my om U stem duidelik te hoor, en gee my die wil om te doen wat U van my vra.

19

# Die Sonneblomland

## Markus 4:26-29

**VIDEO * OUDIO**

Vroegoggend, April 1977. Ek staan voor ons huisie op die plaas naby Welkom. Op die horison troon die grou-geel mynhope, maar hier voor my lê ‘n stoppelland uitgestrek tot amper aan die voet van die mynhope. ‘n Vervelige prentjie van niks! Net stoppels van die vorige jaar se oes. Vanoggend is daar egter iets opwindend in die lug: die gedreun van trekkers wat dáár ver in die plaaspaadjie aangewurm kom. ‘n

Hele string groen, rookspuwende wurms wat neus-teen-stert aankruie kom, elkeen met ‘n reuse ploeg agter sy stert. Vandag is die dag!

In gelid slaan die trekkers hulle ploeë in die hardgebakte grond in. Dit kreun en brul en agter hulle breek die vrugbare rooi grond oop. Anderkant die land maak hulle ‘n draai, en dan kom hulle weer soos ‘n peleton soldate afgestorm, met ‘n rooi stofwolk wat oor hulle sterte hang. Op en af, op en af dreun hulle voort. As die nag kom, hou ek die ligte dop soos hulle al kleiner en kleiner word. En dan uiteindelik is hulle

klaar, en ‘n doodse stilte sak toe oor die plaas.

Die volgende dag is dit ‘n gewoel en gewerskaf as al die regte doepa in die vore kom. Dan kom die planters aan die beurt en uiteindelik word die vore toegegooi.

Reën kom presies op die regte tyd, en dan begin daar ‘n bruisende opgewondenheid hier iewers diep in my maag blom. My afwagting is groot, want iets gaan aan onder die grond. Elke oggend stap ek af na die land om te sien of iets al gebeur het, maar dan moet ek net weer teleurgesteld

omdraai: “Wat is fout? Waarom groei die saad dan nie?”

Maar een helder oggend sien ek dit: die grond het ‘n krakie in, net ‘n haarkrakie. Versigtig vroetel ek in die grond met my vinger. Dan slaan my asem weg: GROEN! Daar is twee piepklein groen blaartjies onder die doppie grond. Die volgende dag is die ganse land, so ver as wat die oog kan sien, bedek in ‘n sagte groen tapyt van splinternuwe blaartjies. Wat ‘n wonderwerk!

Met groot belangstelling hou ek die plantjies dop soos hulle dag-vir-dag groei en uitdy, totdat hulle later so groot is dat ek verdwaal

as ek tussen die rye sonneblomplante deurloop in die aandskemer. Die groen oerwoud maak weldra plek vir ‘n see van goud, as die plante hulle reuse goue blomme oopmaak en hulle koppe draai na die son. Elke dan en wan is daar ‘n span werkers wat kom bossies uitkap of bemesting gee en die kosbare landery vertroetel.

Al té gou is hulle leeftyd verby. Té gou verdor die welige groen plante om plek te maak vir stokou, verskrompelde grys stamme met swaar, swart koppe wat grondwaarts knak onder die groot gewig van hulle saad.

Maar dan is daar een mooi oggend weer daardie opgewondenheid in my as ek die eentonige gedreun hoor. Ek hardloop uit: In ‘n groot stofwolk sien ek onder in die plaaspad ‘n lang ry reuse groen stropers aangewurm kom. Dis oestyd! Wriemelende sekels verslind die bejaarde sonneblomland, en waar hulle verby is, bly net die stoppels agter. Die swaar, swart koppe verdwyn in die groen monsters se maag, om net weer later as ‘n dik stroom pitte uitgespoeg te word in die bak van ‘n vragmotor.

Dan is alles verby. Die stropers is weg. Die vragmotors met hulle

swaar vragte sonneblompitte is weg na die graanskure. En weereens sak ‘n doodse stilte toe oor die kaalgestroopte stoppelland wat amper tot teen die grou-geel mynhope strek.

En ek kry kans om dit alles te oordink. Jesus het eenmaal ‘n gelykenis vertel oor saad wat vanself groei. “Die koninkryk van God is soos 'n man wat saad op die land uitstrooi,” het Jesus gesê, “en nag ná nag gaan slaap, en dag ná dag opstaan, en die saad ontkiem en groei.” Dan verduidelik Jesus verder dat die persoon wat saai, self nie weet hoe hierdie saad ontkiem of groei

nie. Daar gebeur iets onverklaarbaar in die grond, iets waarmee hy self niks te doen het nie.

Ek en jy het die taak gekry om te saai, om die Woord van God te saai. Let wel: ons taak is nie om met groot redenasies ‘n persoon te probeer oortuig om Jesus in sy lewe toe te laat nie. Niemand sal in elkgeval ooit die kompleksiteit van Jesus se verlossingswerk verstaan nie. Dit is totaal onverklaarbaar, en om dit aan ‘n ongelowige te probeer verduidelik, is ‘n gans onmoontlike saak. Ons ken maar net die héél basiese buitelyne. Al

wat Jesus dus van my vra is om te saai.

Intussen gebeur daar ‘n onverklaarbare ding in die persoon wat die “saad” ontvang het. Op ‘n bonatuurlike wyse werk die Heilige Gees in daardie persoon se lewe, en oortuig Hy hom van Jesus se verlossingswerk. En skielik, een dag, dan kom daardie groei. Ja, dis tragies dat nie almal “ontkiem” nie, en nie alma bereik volle wasdom en dra vrug nie.

Maar net soos plante versorg moet word en kunsmis moet kry en onkruid uitgeroei moet word, so is dit ook met die menslike

“plante.” ‘n Nuwe gelowige wat maar net laat staan word, gaan dit nooit maak nie. Dit is ons taak as saaiers om ook gedurig na die welstand van die vrug van ons arbeid om te sien. Hulle moet aangespoor word om te groei en vrug te dra. As ons nie nasorg gee nie, het ons nog nie ons taak voltooi nie. Kom ons besin vandag oor die manier waarop ons saai en nasorg gee. God gee die groei. Ons durf nie God se werk ongedaan maak deur laksheid nie!

Gebed:

Here, dankie dat ek ook kan saai. Dankie vir so baie mense wat U

aan my toevertrou het. Help my asseblief om al die nasorg te gee wat hulle nodig het.

20

# Die Mosterdsaadjie

# Markus 4:30-34

**VIDEO * OUDIO**

Jesus vertel ‘n gelykenis van ‘n piepklein mosterdsaadjie wat ontkiem en groei tot ‘n groot, nuttige struik van byna 3m hoog waarin selfs die voëls kom nesmaak. Markus sê dat Jesus dikwels sulke gelykenisse gebruik het om waarhede by die mense tuis te bring. Meeste van hulle het dit egter nie verstaan nie. Waarom? Die meeste van Jesus se volgelinge was slegs daar vir één doel: sensasie!

Hierdie gelykenis van die mosterdsaadjie is só sprekend van Jesus se eie bediening. Ja, daar was wel duisende mense rondom Hom elke dag, maar slegs ‘n klein handjievol was daar om Jesus waarlik te volg. Sy bediening was waarlik soos ‘n piepklein mosterdsaadjie, as ons dit in die konteks van Israel sien. As ons egter die hele destydse wêreld in ag neem, dan was dit nog véél kleiner. Onthou: Israel was maar ‘n niksbeduidende ou landjie iewers in die woestyn, slegs ‘n spatseltjie in die magtige Romeinse ryk!

In die wêreld-konteks was ‘n twaalftal onbeholpe leiers sonder énige teologiese opleiding, en nog ‘n paar arm bewonderaars, skaars ‘n druppel in die see. Boonop gebeur die tragiese wanneer hierdie groepie vissermanne se Leermeester tereggestel word, skaars drie jaar nadat hulle met hulle opleiding begin het. Daardie Mosterdsaadjie word as’t ware “geplant” in die klipgraf. Die manne was leierloos, moedeloos en totaal hulpeloos. ‘n Droewige, hopelose situasie!

Maar dan gebeur die wonderwerk wanneer Jesus uit die graf

opstaan. Vir Jesus se klein handjievol volgelinge wat oorgebly het, was dit letterlik soos die mosterdsaadjie wat ontkiem het - vars, splinternuwe blaartjies wat bo die grond uitgekom het. Hulle het nog steeds nie die vaagste benul gehad van wat om daarvan te maak nie, en alles was verskriklik broos en onseker. Om alles verder te vererger, het die hemelvaart gekom en Jesus finaal van hulle weggeneem. Skielik was selfs dáárdie bietjie troos van Jesus se opstanding óók weg!

Maar één ding het hulle aan bly vasklou: HOOP! Daardie

wonderlike woordjie wat ‘n mens ‘n nuwe visie vir die toekoms kan gee. Hulle het ‘n onblusbare hoop in hulle harte omgedra, want Jesus het aan hulle gróót beloftes gemaak. Hulle het dus met bonsende harte sit en wag vir die belofte om waar te word. Soos wat die dae nadergekom het vir die vervulling van Jesus se belofte, het die opgewondenheid al groter geword!

Uiteindelik het daardie onvergeetlike Sondag aangebreek, dáárdie Sondag toe die Heilige Gees op die mensdom uitgestort was. Skielik het die bedremmelde Petrus en sy

visserman-maats splinternuwe krag gekry, soveel só dat daar ná Petrus se toespraak daardie dag drieduisend mense tot bekering gekom het en ware dissipels van Jesus geword het.

Dit het egter nie maar net gebly by daardie één dag nie. Hierdie jong “mosterdplantjie” het baie vinnig begin groei en groei totdat sy takke die ganse Israel oordek het. Maar selfs dáár het dit nie geëindig nie, want die takke het aanhou uitdy om selfs Samaria en later ook Griekeland, Rome en die hele wêreld te bereik.

Die vraag is: Hoe het hierdie “mosterdplant” gefunksioneer?

Eenvoudig: Sy wortels was stewig geanker in die Een wat die saadjie geplant het, Jesus. Al die krag, voeding en stimulasie wat hierdie “plant” nodig gehad het, kon hy in oorvloedige maat uit hierdie onuitputlike Bron kry.

En dan was daar die stam: die apostels en manne soos Paulus wat hierdie bron van krag kon kanaliseer na al die takke. Hulle het ‘n reuse taak gehad, om rigting te kon gee aan die kerk. Hierdie manne het ‘n drie jaar lange intensiewe opleiding gekry by die grootste Leermeester van alle tye. Al die kennis en inspirasie wat hulle uit hierdie

opleiding geput het, kon hulle aanwend om die kerk in die regte rigting te stuur.

Maar dan was daar seker die héél belangrikste deel van hierdie "mosterdplant," waarsonder die plant nutteloos sou wees: die gewone mense, die gelowiges! Hulle het nie maar passief aan die boom gehang nie. Hierdie mense het aktief hulle taak uitgeleef en gedurigdeur nuwe lidmate "gewerf," sodat die kerk binne 'n baie kort tydjie kon groei van 'n piepklein mosterdsaadjie tot 'n reuse boom. Dikwels moes hulle groot waagstukke aangaan om die Evangelie uit te dra, want

enigeen wat die Woord versprei het, was wreed vervolg. Nogtans het hulle ywerig en onverskrokke voortgegaan.

En vandag? Tot ‘n groot mate het die boom gestagneer. Ja, die wortels is steeds reg geanker. En ja, die stam is steeds daar, en hy funksioneer. Maar in die meeste gevalle het die takke en blare totaal passief geraak. Hulle ontvang voeding van die stam, maar die krag word nie gebruik nie.

Kom ons maak vandag ‘n besluit, om weereens te begin werk maak daarvan om die krag, die onuitputlike krag wat ons kry, te

kanaliseer in die regte rigting, en dit te gebruik om God se Koninkryk uit te brei. Daar is baie maniere om dit te doen. Bid vir wysheid om jou talente wat God jou gegee het te gebruik om Sy Koninkryk te laat groei.

Gebed:

Here, ek staan vanoggend skuldig, want ek het gestagneer. Gee my asseblief die wil en ywer om aktief in U Koninkryk te werk.

# 21

# Die Storm

# Markus 4:35-41

**VIDEO * OUDIO**

Bewend van angs staan die Israeliete saamgedrom op die strand van die Rietsee. Voor hulle lê die uitgestrekte water, en agter hulle kan hulle die leërmag van die Egiptenare in ‘n reuse stofwolk sien aankom. Vandag is die dag dat die ganse volk hier uitgewis gaan word! Wanneer die son sak, sien die Israeliete die rye en rye strydwaens met hulle wrede ruiters op hulle afgestorm kom, en die volk kerm van angs.

Maar dan gebeur die eerste natuurwonder: ‘n pikswart wolkbank sak voor die aanstormende Egiptenare in, sodat hulle niks voor hulle kan sien nie. Maar die wonder is nog nie verby nie, want aan die Israeliete se kant is hierdie selfde wolkbank helder verlig, sodat dit vir hulle amper soos daglig is. In Genesis 14:19 lees ons: “Die Engel van God, wat die hele tyd voor die leër van Israel uit getrek het, het toe agter hulle in beweeg.” (Terloops, die Engel van God verwys na  die Seun van God, dus Jesus.)

Maar steeds is dit nie verby nie, want op God se bevel strek Moses sy hand uit oor die see. Daar steek ‘n sterk oostewind op wat die water van die see oopkloof, sodat daar ‘n wye pad drooggelê word waardeur die Israeliete van die aanstormende gevaar kan ontsnap. Soos een man beweeg die volk reg deur die nag deur die see. Aan weerskante van hulle sien hulle die wal water staan soos ‘n muur van glas.

Wanneer die son die volgende oggend begin opkom, sit die laaste Israeliete voet aan wal aan die anderkant van die see. As

hulle terugkyk, sien hulle aan die oorkant van die see-pad die Egiptenare met hulle strydwaens. Hierdie selfde pad wat God so pas vir hulle gemaak het om van die vyand te ontsnap, word nou die pad vir die vyand om hulle te agtervolg en te vernietig! Maar dan gebeur daar ‘n asemrowende wonder, wanneer die vreesaanjaende Egiptiese strydwaens se wiele skielik begin loskom en afval. ‘n Reuse verwarring heers onder die aanstormende mag. Die finale slag kom wanneer die muur van water weerskante van hulle begin verkrummel, en hulle ingesluk word deur die see!

Baie jare later was daar weer ‘n klompie Israeliete wat in groot nood was, en weereens sou dit net ‘n wonderwerk wees wat hulle kon red, ‘n baie groot wonderwerk!

Alles het begin toe Jesus vir Sy dissipels gesê het dat hulle na die oorkant van die meer moes vaar. Die see van Galilea is eintlik maar net ‘n groot meer met kalm water. Maar dit is uiters bedrieglik, want aan die ander kant van die meer is daar baie strategies-geleë klowe wat soos tregters winde kan kanaliseer oor die meer en skielike, hewige storms kan veroorsaak. Binne minute kan die

meer verander van ‘n rustige poeletjie na ‘n kookpot. Terwyl hulle op die meer was, het Jesus op ‘n bankie lê en slaap. Toe tref een van daardie skielike storms hulle. Reuse golwe het hulle skuitjie heen en weer geruk en oor die kant van die skuit geslaan. Vinniger as wat hulle kon uitskep, het die water die skuit binnegestroom!

Angsbevange het die manne vir Jesus wakkergeskud: “Meester, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?”

En dan gebeur die wonderwerk as Jesus die storm aanspreek: “Wees stil, bedaar!” Onmiddellik

het die wind gaan lê, en ‘n groot stilte het oor hulle toegesak.

In Die Beeld het ‘n sekere Ds. Cruywagen eenmaal geskryf dat dit nie help om te bid as jy in die nood is nie. Jy gaan verniet bid vir reën, want dit is slegs die natuurkragte wat reën kan maak!

Hierdie leraar het, soos dit vir my lyk, nog nooit die Bybel waarlik gelees nie. Hy het nie gelees van Moses nie, en van hoe Jesus die storm stilgemaak het toe Sy dissipels in die nood was nie. En hy het ook nie gelees van Elia wat gebid het dat dit moes ophou reën nie. En na die verskriklike droogte het hy weer gebid vir

reën, en toe moes almal hardloop want die gróót reën was daar! Weet hy dan nie dat ons ‘n Almagtige God dien vir Wie absoluut niks onmoontlik is nie?

Oor die jare het ek talle kere die antwoord op gebed ervaar, oor dinge wat ek nie anders kan as om toe te skryf aan God wat luister na my stem, en my gebed verhoor het nie. Ja, verseker gee Hy nie altyd wat ek vra nie, maar ek sien die antwoord op my gebed dikwels verrassend anders! Dan wéét ek dat God beter weet as ek, en dat my gebed op ‘n ander wyse beantwoord word.

Sou Moses ooit kon droom dat die Here sy gebed op so ‘n wonderbaarlike wyse sou beantwoord? En het die dissipels ooit kon droom dat Jesus die mag het om selfs die natuurkragte te verander?

Ek het “toevallig” die storie in Die Beeld gelees voor ek hierdie dagstukkie geskryf het. Toevallig? Nee! Duisend maal nee! Niks is “toevallig” nie! Hierdie storie het gekom as antwoord op my gebed om my die woorde vir hierdie dagstukkie te gee. As dit nie ‘n antwoord op my gebed was nie, wat was dit dan?

Die twee voorbeelde uit die Skrif vanoggend, is enkeles van duisende voorbeelde van Goddelike ingryping op mense se gebede. Jesus word hier deur Markus beskryf as God vir Wie niks onmoontlik is nie. Vandag is Hy nog presies dieselfde as in Moses en ook Markus se tyd. Hy is ewig! Hy is almagtig! En Hy luister wanneer ons bid!

Gebed:

Here, dankie dat ek met U kan praat en ook my behoeftes na U kan bring. Dankie dat ek verséker kan weet dat U luister na my gebed.

## 22

# Die Besetene van Gadara

## Markus 5:1-20

**VIDEO * OUDIO**

Steeds bewend van die verskriklike storm, het die dissipels saam met Jesus aan die oorkant van die meer aangekom. Nou was hulle nie meer in Joodse gebied nie, maar in die land van die Geraseners. Hier was alles anders, en hier het ander godsdienstige wette gegeld. Skaars het hulle voet aan wal gesit, of hier kom groot moeilikheid aangehardloop in die vorm van 'n besete man. Toe die

manne daardie wilde oë sien, het hulle gewens dat hulle maar liewer in die storm agtergebly het. Die demoniese magte wat hierdie man se lewe oorgeneem het, het hom so sterk soos ‘n bees gemaak. Kettings kon hom nie in toom hou nie. Hy het hulle soos garingdraadjies gebreek! Die mense van Gerasa wou hierdie wilde man nie naby hulle hê nie, dus moes hy homself maar tuismaak tussen die grafte. Vir die Jode was ‘n begraafplaas natuurlik ‘n onrein plek. Só erg was die arme man se besetenheid, dat hy homself met klippe gekap het.

Toe hulle skuit in Gerasa land, het die besetene onmiddellik vir Jesus herken. Hy het tot by Hom gehardloop en voor Jesus se voete neergeval, terwyl die demone in hom geskreeu het om genade: “Los my uit, Jesus, Seun van die Allerhoogste God! Ek besweer U by God, moet my nie pynig nie!”

“Wat is jou naam?”

“My naam is Legioen, want ons is baie!” Die naam hou verband met ‘n Romeinse legioen, ‘n afdeling van tussen 3000 en 6000 soldate. Hierdie arme man het dus in die kloue van die duiwel verval. Die onrein geeste, oftewel demone,

was werktuie van die duiwel, en ‘n oormag van hulle het hierdie man se lewe oorheers. Toe hulle vir Jesus sien, het hulle dadelik besef dat hulle géén kans gehad het teen Hom nie, en daarom smeek hulle om genade. “Moet ons asseblief nie uit die landstreek wegstuur nie!” In Gerasa het hulle gefloreer, want hier was God nie aanbid nie omdat die inwoners natuurlik heidene was.

Jesus se mag word in hierdie verhaal baie duidelik uitgebeeld, want hier sien ons hoe die demone, wat absoluut hulle mag misbruik het en volle beheer

gehad het oor hierdie sterk man, skielik besef het dat hulle absoluut magteloos gestaan het voor die saggeaarde Jesus.

Jesus staan die demone se versoek toe, en hulle word in ‘n trop van 2000 varke wat daar naby staan en wei het, ingestuur. Die varke het op loop gesit teen ’n berghang af, en in die see gestort en versuip. Die veewagters het hulle in ‘n ander geloof in geskrik, en so vinnig as wat hulle beentjies hulle kon dra, gehardloop. Bewend van angs het hulle so ver hulle gegaan het geskreeu: “Die allerverskriklikste ding het met ons gebeur!” Oral

het hulle vertel van wat met die besetene gebeur het en dat sy duiwels almal uitgedryf is en dat hulle trop varke daarmee heen is!

Later het ‘n afvaardiging uit die dorp na Jesus gekom en Hom vriendelik, dog dringend gevra om asseblieftog terug te gaan na waar Hy vandaan gekom het. Hulle het Hom beslis nie nodig gehad in hulle lewens nie, want Hy het hulle te veel gekos! Weereens het Jesus hulle versoek toegestaan. Hy en die manne het in die skuit geklim en teruggevaar na die oorkant van die meer.

En die besetene? Skielik was hy verlos van die verskriklike jarelange oorheersing van die Bose. Hy was vry! Maar hoe kon hy dan hier bly waar almal hom geken het as die “mal man?” Hy wou saam met sy Verlosser gaan om Hom te dien en elke dag by Hom te wees. “Ek gaan saam met U, Here,” het hy aangedring toe Jesus in die skuit klim. Maar dan kom die verrassende antwoord: “Nee!” Jesus het die versoeke van die duiwels en die heidene toegestaan, maar iemand wat Hom wou volg, ‘n baie edel versoek, dié het Hy geweier! “Gaan na jou huis, na jou mense, en vertel hulle alles wat die Here

vir jou gedoen het en dat Hy medelye aan jou betoon het."

Hy moes vir al die mense van sy landstreek die goeie nuus van Jesus gaan vertel. In só 'n heidense land was dit 'n reuse taak! Die een oomblik was hy nog 'n duiwelsbesetene en die volgende oomblik 'n evangelis! Die man het sy taak met volle oorgawe uitgevoer! Markus vertel dat hy regdeur die hele Dekapolis (tien stede) gaan vertel het van Jesus. En almal was verbaas daaroor!

Hierdie taak van hom was nie om dowe neute nie. 'n Paar jaar later, toe die Christene wreed vervolg is

in Jerusalem, het baie van hulle juis na die Dekapolis streek gevlug en daar was hulle met ope arms ontvang, suiwer as gevolg van hierdie eks-besetene se getuienis.

Wat beteken hierdie verhaal vir ons as gelowiges vandag? Is dit ‘n resep vir die uitdryf van duiwels? Allermins! Die hoofsaak is die verwondering oor Jesus, die Seun van God. Jesus se almag word hier weereens gedemonstreer, wanneer selfs die bose magteloos staan teenoor Hom. Jesus het vandag steeds volle mag om mense te bevry van die oorheersing van die duiwel en

sy bose magte. Wat ‘n wonderlike voorreg om vandag daardie selfde Jesus aan my sy te mag hê!

Maar dan moet ons ook uit die verhaal leer, dat ons edele versoeke nie altyd toegestaan word nie. Die rede is dat God vir ons dalk ‘n baie groter doel voor oë het, en soos die besetene die voorbereiding moes doen om die Christen-vlugtelinge beskerming te gee, so het Hy dalk ook vir ons ‘n groot taak. Wees dus gehoorsaam wanneer Hy daardie dag vir jou ‘n taak gee. Derdens kan ons leer dat selfs ‘n baie nuwe gelowige kan getuig. As

hierdie pasbekeerde heiden dit kon doen, kan ek en jy ook!

Gebed:

Here, maak my asseblief gehoorsaam om te doen wat U van my vra - maak my gewillig om die taak wat U my gee, uit te voer.

# 23

# Jaïrus se Frustrasie

## Markus 5:21-34

**VIDEO * OUDIO**

Jaïrus is ‘n baie belangrike man - hy was verkies tot een van die hoogste statusposisies in die samelewing van die dorp. As raadslid van die sinagoge is sy taak om reëlings te tref vir dienste in die sinagoge. Hy is verantwoordelik daarvoor dat alles in stand gehou word en dat dit ordelik gaan.

Maar Jaïrus is nou ‘n baie bekommerde man, want sy lieflingdogtertjie het ernstig siek

geword, en hulpeloos moet hy toekyk hoe haar toestand by die minuut versleg. Dag en nag waak hulle by haar bed. Baie mense het al met raad gekom, maar niks wil werk nie, en magteloos moet Jaïrus toekyk hoe die lewe uit sy dogtertjie vloei. Dit is ‘n totaal hopelose situasie.

En dan bereik die nuus Jaïrus se ore: Jesus is terug in die dorp! “Dit is ons laaste kans!” sê hy vir sy vrou, en dan hardloop Jaïrus die straat af na waar hy verneem het Jesus besig is. “As daardie Jesus Simon se skoonma kon gesond maak, én die verlamde man, kan Hy mos my lieflingkind

ook gesond maak!” Die arme man is desperaat.

Wanneer Jaïrus egter naby Jesus kom, sien hy tot sy groot ontsteltenis ‘n reuse skare wat rondom Jesus saamdrom. Hy druk sy pad tussen die mense deur: “Verskoon my, laat my deurkom asseblief. Dis dringend!” Stelselmatig wurm hy hom tussen die hordes deur, totdat hy Jesus uiteindelik hier reg voor hom sien staan. In wanhoop val die belangrike raadslid voor Jesus neer, smekend: “My dogtertjie, sy is besig om te sterf! Asseblief, kom lê tog net U hande op haar

sodat sy gesond kan word en bly lewe…..”

Die skare is opgewonde, Jesus stem in om saam met Jaïrus te gaan. Hier gaan hulle vandag weer ‘n gróót wonderwerk sien! Tot Jaïrus se groot frustrasie gaan dit egter uiters moeilik, want almal wil naby Jesus wees om mooi te kan hoor wat Hy sê. Mense verdruk mekaar en stamp aan Jesus, en die stoet beweeg vorentoe teen ‘n slakkepas.

Intussen is daar egter ‘n ánder baie groot drama wat besig is om af te speel rég agter Jesus se rug. Met vrees en bewing het die vrou die besluit geneem dat

hierdie haar enigste en laaste kans is. As sy tog maar net by Jesus kan uitkom. Twaalf jaar lank sukkel sy nou al met hierdie verskriklike kruis, amper so erg soos melaatsheid. Sy ly aan bloedvloeiing, en dit maak dat sy permanent onrein geklassifiseer word. Sy mag aan niemand raak nie. Dokters het al elke raad onder die son probeer, en finansieel is sy totaal uitgeroei. As sy tog maar net weer ‘n normale lewe kan lei......

Wat sy nou hier doen, is ‘n reuse waagstuk. Sy waag eintlik haar lewe om so tussen die mense deur te druk. Sy trek die tjalie laer

oor haar gesig sodat iemand haar nie per ongeluk herken nie. As sy uitgevang word, stenig hulle haar! Haar hart klop wild in haar borskas, as sy skielik vir Jesus hier rég voor haar sien. “As ek tog maar net aan Sy klere kan raak!” Sy bewe van angs. Mense stamp en druk van alle kante aan haar, terwyl sy ‘n bewende hand uitsteek.

Die oomblik wanneer sy aan Jesus se klere raak, voel dit asof daar ‘n elektriese stroom deur haar liggaam vloei. Oombliklik is die pyn en ongemak van soveel jare weg, en sy wéét: “Ek is genees!”

Oombliklik stop Jesus. Hy draai om en kyk haar reguit in die oë: “Wie het aan my klere geraak?” Sy dissipels vind dit ‘n komiese situasie, want almal stamp en druk dan aan hulle Meester, en nou vra hy wie aan sy klere geraak het? Dis mos belaglik!

Bewend staan sy daar, spierwit geskrik omdat sy uitgevang is. Haar knieë word lam. Dan val sy voor Jesus neer, en in ‘n stroom van woorde vertel sy haar droewige geskiedenis, van die dokters, die verwerping, die verskriklike stigma wat aan haar gekleef het.

“Dogter,” kom Jesus se wonderlike trooswoorde, “jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.” Dan verseker Jesus haar dat haar kwaal vir goed genees is. Sy is weer na al die jare ‘n normale mens.

Intussen staan Jaïrus en rondtrippel van nood. Sy dogtertjie is besig om te sterf, en Jesus raak nou eers besig met ‘n vrou! Haar kwaal dra sy al twaalf jaar met haar rond, kon dit nie maar nog ‘n klein bietjie langer gewag het nie? Netnou is dit dan hééltemal te laat!

Die vraag is nou, of die vrou se geloof haar gered het? Jesus sê

dan so! Wat presies het Hy daarmee bedoel? Natúúrlik was hierdie ‘n Goddelike genesing, want Jesus het haar mos gesond gemaak. Maar waar kom háár geloof dan in?

Deur haar geloof maak sy die deure oop sodat Jesus se krag deur haar kan vloei. So werk dit vandag nog steeds. God is die Een wat genesing, uitkoms, krag, wysheid ensovoorts gee, maar terselfdertyd vra Hy van my en jou om die geloofstap te neem en die deur vir Hom oop te maak om die wonderwerk deur ons te laat geskied. “As julle maar die geloof van ‘n mosterdsaadjie gehad het,”

het Jesus eenmaal Sy dissipels verwyt. Natuurlik is Hy by magte om enigiets te doen sonder ons geloof, maar God wil juis hê dat ons daardie volle vertroue in Hom sal hê, met die volle wete dat absoluut niks vir Hom onmoontlik is nie.

En Jaïrus se dogtertjie? Ons sal maar moet wag tot Maandag om te sien wat verder gebeur het!

Gebed:

Here, ek is dikwels so ongelowig wanneer ek U iets vra. Leer my asseblief van ware geloof!

24

# Jaïrus se Dogtertjie

# Markus 5:35-43

**VIDEO * OUDIO**

Jaïrus staan en rondtrippel van ongeduld. Sy dogtertjie is besig om te sterf en Jesus maak nou eers bemoeienis met ‘n vrou wie se langdurige siekte maar nog ‘n rukkie kon gewag het! Weet Jesus dan nie wat die erns van die saak is nie?

En dan, terwyl Jesus nog rustig met die vrou staan en gesels, kom daar van Jaïrus se mense aangehardloop. Hy sien sommer dadelik aan hulle gesigte dat hier

baie slegte nuus is. “Meneer, u dogtertjie het gesterf!” Jaïrus word doodsbleek. “Waarom het Jesus tog so getalm? Hy kon dalk nog betyds gewees het, as dit nie vir hierdie vrou was nie.....”

Maar Jesus het gehoor waaroor dit gaan en dan draai Hy rustig om en sê vir Jaïrus: “Moenie ontsteld wees nie – glo net!” Hoe bly jy glo in sulke omstandighede? Dit is te laat om te glo! Dis klaar verby! Sy is dood en niks kan haar weer terugbring nie! Het hierdie gedagtes dalk deur Jaïrus se kop gegaan? Dalk sou dit die gedagtes wees wat deur my en jou verwarde

verstand sou gaan as iemand vir ons sulke woorde van “vals hoop” sou gee, want ek dink dit is presies wat Jaïrus op daardie oomblik dalk sou kon dink.

Jesus beduie vir die skare om Hom asseblief alleen te laat. Dan vat Hy vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom na Jaïrus se huis. Daar tref hy ál die familie en vriende aan. Dit kerm en huil en rou, iets aller-verskriklik. Maar dit is nie net die familie wat kerm nie: daar is ook al die professionele roubeklaers. Twee manne speel hartseer musiek op fluite terwyl ‘n groepie vroue begraafplaas-liedere sing

wat selfs die dooies koue rillings sal gee!

“Waarom gaan julle so tekere?” vra Jesus vererg vir die klomp.

“Weet Hy dan nie dat Jaïrus se dogtertjie dood is nie? Hoe kan Hy so onsensitief wees? Ons doen in elkgeval maar net ons werk!”

Dan bars Jesus die bom: “Die kindjie het nie gesterf nie, sy slaap net.”

Die spul bars uit van die lag: “Wat weet Hy tog? Hy was nie by toe die kind dood is nie! Ons het mos met ons eie oë gesien hoe die arme kind ly en hoe sy haar

laaste asem uitblaas. En nou kom staan en spot hierdie Man met die dood! Dis verregaande!"

Jesus is egter nie klaar met hulle nie: "Gaan asseblief uit, almal!" Jesus neem vir Jaïrus, sy vrou en die drie dissipels saam met Hom die vertrek in waar die dogtertjie se lyk lê.

Deur sy hartseer trane, sien Jaïrus hoedat Jesus sy pragtige dogtertjie se koue slap handjie vat. "Wat gaan Hy doen?" Jaïrus se hart wil skeur. "Hy kan haar tog nie weer lewendig maak nie? Dis verby! Sy is dood!"

"Talita, koem!" (Dogtertjie, Ek sê vir jou: Staan op!) hoor Hy Jesus

sê. Dan sien Jaïrus hoe sy dogtertjie se ogies ‘n flikkering toon. Sy maak haar oë oop, en onmiddellik kom die kleur terug in die spierwit doods-gesiggie. Dadelik is daar krag in die handjie wat Jesus vashou. Die twaalfjarige sit regop voor die verbaasde gesigte van haar ouers en dan staan sy uit die bed op - blakend gesond, asof sy nooit siek was nie!

Jaïrus is stom van verbasing. Hoe is dit óóit moontlik? Hy gryp sy vrou vas, en trane stroom oor hulle wange. “My dogtertjie leef!” is al wat hy kan uitkry. Hulle vreugde ken géén perke nie!

“Gee vir die kind iets om te eet,” beveel Jesus die ma. Buite vertrap die mense mekaar om te sien wat gebeur het. Hulle monde hang onbeskaamd oop van verbasing as hulle die dogtertjie springlewendig daar sien sit met ‘n bakkie kos voor haar. “Hoe is dit op aarde moontlik? Ons het dan sélf gesien dat sy dood is!”

Wat leer ons uit hierdie verhaal? Watter boodskap is hier vir ons vandag opgesluit in die aangrypende verhaal?

Eerstens dat Jesus bomenslike krag gehad het in daardie tyd, en vandag nog steeds het. Hierdie was menslik gesproke ‘n totaal

onmoontlike situasie en só ook die een van die vrou in die vorige oordenking. Nogtans het Jesus dit verander na ‘n doodgewone situasie. Ons sien terselfdertyd dat die Koninkryk van God inderdaad gekom het, want daardie mense was stomgeslaan deur die gebeure. Hulle kon dit nie begryp nie. Vandag aanvaar ons dit as ‘n wonderwerk, want ons weet dat Jesus die Seun van God is en ons kan maar net in absolute verwondering voor Hom buig.

Die tweede boodskap wat Markus uitstuur is die rol van geloof. Ons verskraal dikwels ons geloof tot

“glo in Jesus as ons Verlosser.” Geloof behels egter meer as dit. Daar is ander fasette waarvan ons moet kennis neem. Geloof beteken ook dat ‘n mens wat in ‘n situasie kom waar alles desperaat onmoontlik lyk, sy hand kan uitsteek na God in die verwagting dat Hy kan help. Daardie dominee wat verkondig het dat dit nie help om te bid nie, het nog nooit ontdek dat geloof en vertroue in God jou nie teleurstel nie. Om bloot te sê dat ons in Jesus glo, maar ons stel nie ons totale vertroue op Hom nie – selfs ook dat Hy die onmoontlike kan vermag, is om Jesus se mag in ons lewe te beperk tot slegs een

enkele area. Ek nooi jou uit om Hom ten volle te vertrou!

Gebed:

Dankie Here, vir die asemrowende wonderwerke wat U daardie tyd gedoen het, en vandag steeds doen. Ek stel vandag my volle vertroue in U.

25

# Verwerp in Nasaret

# Markus 6:1-6

**VIDEO * OUDIO**

Januarie 2005. Ek is opgewonde: Mosbolletjie het my aangepor om weer te gaan kyk hoe die plek lyk waar ek grootgeword het, ‘n plaas naby Waterval Boven. Maar sommer met die intrapslag tref die eerste teleurstelling my wanneer ons die dorp binnery. Feitlik al die bekende landmerke is weg! Die dorp is nie meer dieselfde nie! Oupa se bakkery van baie jare gelede, staan darem nog, maar

hy is nou ‘n meubelwinkel. Het ek dalk iets anders verwag?

Ons ry na die stasie toe. In my geestesoog sien ek weer die talle stoomtreine wat ek as kind in verwondering staan en dophou het. Hier het ek my elke Saterdag staan en vergaap aan die ou vuurkolosse wat hulle swaar vragte teen die steil berge opsleep na Johannesburg. En die besige rangeerwerf met sy rye en rye spore, waar trokke heen en weer gestoot word om die regte bestemming te bereik. Ook hiér word ek bitter teleurgestel. Nie ‘n enkele lokomotief nie en die rangeerwerf is verlate!

Met ‘n swaar gemoed ry ons verby Elandskrans na die plaas waar ek grootgeword het. My hart bons wild - ons ou plaashuis staan nog steeds! Maar die res van die plaas het onherkenbaar verander. Die pragtige vrugteboorde met hulle sappige dragte perskes, pruime, appelkose en pere is alles weg. Selfs die ou plaashuis het ook totaal verander. Ek soek my ou speelplekke uit my kinderjare, maar ek herken amper niks. Dan merk ek Oupa se ou klipkraal - hy staan darem nog, en daar het nie ‘n enkele klippie verander nie!

Ek voel bitter teleurgesteld, selfs verwerp!

Daar moes seker by Jesus ‘n groot opgewondenheid gewees het toe Hy uiteindelik die geleentheid kry om in Nasaret, die dorp waar Hy grootgeword het te gaan optree. Hier het Josef Hom as jong seun opgelei as timmerman, in al die fynere kunsies van die ambag. Dit was Jesus as die oudste seun se plig om die werkswinkel oor te neem. ‘n Timmerman was ‘n edel beroep, en dit het Hom op die sosiale leer iewers in die middel geplaas. Aan die bopunt van hierdie leer was natuurlik die

intellektueles, soos die Skrifgeleerdes en raadslede van die sinagoge. Omdat Jesus nie hierdie soort “geleerdheid” gehad het nie, het Hy en Sy familie nie op daardie vlak plek gehad nie.

Jesus se reputasie as “Wonderwerker” het Hom alreeds vooruitgeloop, en almal het geweet van die dinge wat Hy elders gedoen het, al die genesings, en die wonderlike “stories” wat Hy vertel het. Dit was dus net natuurlik dat hulle Hom sou vra om daardie Sabbat in die Sinagoge voor te gaan. Dit was enige volwasse man se voorreg om dit te doen.

Markus wei uit oor hoe die mense deur Jesus se woorde aangegryp was, en hoe beïndruk hulle was met die wonderwerke wat Jesus gedoen het. “Waar kom hy aan hierdie dinge?” het hulle vir mekaar gevra. “Watter wysheid is aan hom gegee, dat sulke kragtige dade deur sy hande plaasvind?”

Almal was in ekstase oor Jesus. Maar daar was ‘n probleempie: Sy herkoms! “Is hy dan nie die skrynwerker, die seun van Maria en die broer van Jakobus, Joses, Judas en Simon nie? Woon sy susters dan nie hier onder ons nie?” ‘n Doodgewone middelklas

gesin! Daar was ‘n baie streng sosiale struktuur en elkeen móés sy plek in hierdie rangorde ken! Jesus se optrede het behoort tot die hoogste sosiale sport, maar Sy herkoms was elders. Hy was dus uit Sy plek, en daarmee kon die mense hulleself nie versoen nie!

Jy sal nog onthou dat Maria en Jesus se broers Hom by ‘n vorige geleentheid wou kom haal omdat Hy kwansuis “van Sy kop af geraak” het. Hy het skande oor Sy familie gebring omdat Hy homself sou verhef het tot ‘n hoër sosiale vlak.

Ten spyte van al die wonderwerke en die wyse dinge wat Jesus gepreek het, het sy eie mense Hom verwerp. Markus vertel dat Jesus uiteindelik nie ‘n enkele wonderwerk daar in Nasaret gedoen het nie. Dit sou hulle in elk geval nie oortuig het nie, want hulle het geweet van al die dinge. Hulle het hulle egter blindgestaar teen Sy “tweederangse” herkoms.

Vandag word Jesus steeds verwerp om basies dieselfde redes. Die eenvoud van die Evangelie maak dat baie mense Jesus nie wil aanvaar nie. Hulle soek iets baie meer verhewe. Die eenvoudige “Glo in Jesus, en jy

sal gered word,” kan onmoontlik nie genoeg wees om die hemelpoorte binne te gaan nie. Daarom word Jesus verwerp. Dan is daar diegene wat alles weet van Jesus af, wat van kindsbeen af al die dinge van geloof geleer is en al talle preke gehoor het. Maar om deel van daardie “Christenkultuur” te word, is ‘n vernedering, want “wat sal my vriende nou daarvan dink?” Daarom word Jesus verwerp, want Hy pas nie in daardie sosiale kultuur in nie!

Het jy al werklik by Jesus uitgekom? Het jy Hom aanvaar vir Wie Hy waarlik is? Het jy al vir

Hom “Ja” gesê toe Hy jou Sy kind wou maak?

Gebed:

Here, my gebed gaan uit vir elkeen wat weet wie Jesus is, maar Hom nie wil aanvaar nie. Maak asseblief vandag harte oop vir die Verlosser.

26

# Op die Sendingveld

## Markus 6:7-13

**VIDEO * OUDIO**

Dis nog vroeg-oggend, en die manne is opgewonde, want hulle sien sommer aan Jesus se houding dat Hy iets spesiaal beplan vir die dag. Dan wink Hy hulle nader: “Die tyd het aangebreek dat julle nou die dinge wat Ek julle geleer het prakties gaan toepas.”

“Maar Meester, ons het dan nog maar skaars begin met opleiding!”

Hulle probeer nog protesteer, maar Jesus dink anders daaroor.

As jy bloot net leer en nie prakties toepas wat jy leer nie, sal jy nooit die taak behoorlik bemeester nie. “Julle gaan vir die mense daar buite vertel dat die Koninkryk van God naby gekom het.”

“O, ons gaan visvang!” Nou gaan daar skielik ‘n liggie op vir Petrus. “Daardie dag toe ek en boetie Andreas deur Jesus geroep is, het Hy gesê dat Hy ons vissers van mense gaan maak. En nou het ons tyd aangebreek!”

“Ek gee vir julle vandag die mag oor bose geeste.”

Die gedagte is amper te groot om te begryp. “Maar dis mos slegs die Meester wat sulke dinge kan

doen!” Thomas is baie skepties oor hierdie ding - hoe kan Jesus van hulle verwag om dieselfde as Hy te doen? Maar die bloedjong Johannes se bors swel sommer van trots.

Jesus se verdere instruksies laat die manne egter baie gou besef dat hierdie g’n piekniek is nie! Dit is nie ‘n oggend-uitstappie om gou ‘n bietjie “visvang” te gaan oefen nie. Hulle gaan sommer vir ‘n volle week lank in die pad val. “En al wat julle mag saamvat is ‘n kierie,” verduidelik Jesus.

“Maar Meester, hoe gaan ons oorleef? Ons sal tog séker

padkos moet vat, en skoon klere?”

“Nee!” Jesus wil nie bes gee nie. “Géén kos, geld óf klere nie, niks! Slegs die klere aan julle lyf en die skoene aan julle voete!”

Nou verstaan die manne gladnie. Hier word hulle vir ‘n volle week die wildernis ingestuur, en hulle mag nie eers voorsorg tref nie? Maar hoe dan gemaak? Jesus verduidelik dat waar hulle iewers in ‘n dorp kom, daar wél iemand sal wees wat hulle huisvesting sal aanbied. Daar sal vir hulle gesorg word, hulle moet net vertrou!

Die eerste doel van hierdie oefening was dus dat die manne

moes leer hoe om waarlik op God te vertrou vir álles. Hulle moes besef dat hulle ten volle afhanklik was van die Here vir hulle hele bestaan. Met géén geld, géén kos en géén blyplek nie, voel ‘n mens totaal hulpeloos. Maar as jy dan besef dat jou hulp nie van mense is nie, maar van God, wat mense gebruik vir Sy Koninkryk, dan begin jy iets leer van afhanklikheid.

Maar daar was ‘n tweede les wat die manne moes leer: om tevrede te wees met dít wat jy ontvang. Jesus se opdrag was, dat wanneer hulle in ‘n dorp sou kom, en iemand bied hulle verblyf aan,

moes hulle daar bly vir die hele tydperk.

Dis ‘n vreemde opdrag! As jy egter mooi daaroor dink, dan kom jy agter dat dit dikwels die armoedige mense is wat waarlik gasvry is. As jy dan nou in so ‘n huisie ontvang word, en jou slaapplekkie is maar karig en ongemaklik, dan is die versoeking baie groot as iemand jou beter blyplek aanbied, om dít eerder te aanvaar! In sendingwerk gaan dit nie om selfverryking of gemak nie, maar suiwer om die verkondiging van die Woord. Op hierdie wyse moes die manne leer om hulle eie gemak tweede

te stel. Dis iets wat hulle in hulle latere lewe baie nodig sou kry, want daar het uiteindelik vir hulle ‘n harde pad voorgelê!

Dan moes die manne verder verneem dat hulle nie oral welkom sou wees nie. “Maar as 'n plek julle nie verwelkom nie of die mense nie na julle luister nie, gaan daarvandaan weg en skud die stof van julle voete af,” sê Jesus. Nie alleen sou dit ‘n oordeelsaankondiging wees vir diegene wat nie Jesus se Evangelie wou aanvaar nie, maar hiermee moes hulle ook die vernedering vergeet en aangaan met hulle taak.

Kan ons vandag iets leer uit hierdie gedeelte? Verséker is daar vir ons ‘n baie duidelike boodskap. In die eerste plek wil dit vir ons sê dat sending nie maar net ‘n bysaak vir die kerk is nie. Dit is dalk die héél belangrikste rede waarom die kerk bestaan. Die kerk is daar sodat hy na die wêreld uitgestuur kan word.

Die tweede belangrike les wat ons leer, is dat ons nie die sendingtaak op eie krag of alleen op ons eie kan aanpak nie. Dit moet in die eerste plek in volle afhanklikheid van God gebeur, en natúúrlik met God se volmag. En

soos wat Jesus hierdie ’n georganiseerde oefening gemaak het, mag sendingwerk nie maar lukraak gedoen word nie, maar dit moet behóórlik georganiseer word.

Wanneer jy sendingwerk doen, gaan jy baie beslis verwerping kry. Maar dan moet jy bloot daarvan vergeet. Moenie dat dit jou onderkry nie. Bly konsentreer op jou taak. Boonop moet jy ook bereid wees om soms ongemak te verduur. Daar mag géén bymotiewe wees van selfverryking of selfsug by iemand wat sendingwerk doen nie. Alles

moet gaan oor die Koninkryk van God alléén.

Maar dan moet jy weet, dat as jy jou ten volle in God se hande plaas, en in afhanklikheid van Hom die taak verrig, dan sál Hy jou die krag en wysheid gee om jou sendingtaak uit te voer soos Hy dit graag wil hê. Die twaalf manne het dit ervaar, en jy sal dit ook so ervaar!

Gebed:

Here, my gebed gaan vandag uit vir elkeen wat in die sendingveld is, mense wat baie prysgegee het om te werk in U Koninkryk. Ek bid dat U seën ryklik op elkeen sal rus, en dat hulle die nodige krag

en wysheid sal kry vir hulle reuse taak.

27

# ‘n Grusame Einde

# Markus 6:14-29

**VIDEO * OUDIO**

Koning Herodus Antipas is hoogs ontsteld: “Dis Johannes - ek sê vir julle dis Johannes wat by my kom spook! Hy het uit die dood opgestaan!” Sy raadgewers probeer hom kalmeer, maar Herodus raak net al hoe meer opgewonde: “Daardie Jesus - Hy is niemand anders as Johannes se spook nie!”

Alles het begin by ‘n skelm liefde, ‘n brandende begeerte. Dit was sy halfbroer Filippus se

uitlokkende vrou wat hierdie dinge in hom wakker gemaak het. Sy was ook nie juis onwillig om saam te speel nie, sy en daardie wulpse dogter van haar, Salome met haar wriemelende lyfie! Herodus het soos gewoonlik sy sin gekry. Herodias het Filippus soos ‘n vuil lap weggegooi en by Herodus ingetrek. Natuurlik nadat hy eers van sy eerste vrou ontslae geraak het!

Toe kom staan en bederf daardie woestynbarbaar, Johannes alles! Wilde kreatuur met woeste baard en hare. Hulle sê dat die man van sprinkane geleef het! Hoe afgryslik! En hy kom staan en

preek vir Herodus! Hoe durf hy! Toe Herodias hiervan te hore kom, wou sy slange vang! Sy het geëis dat Johannes net daar en dan tereggestel moes word. Natuurlik sou dit baie groot moeilikheid maak, want Johannes het nogal ‘n groot gevolg gehad, en Herodus kon nie bekostig om met húlle slaags te raak nie! Boonop het hy ‘n heimlike vrees vir Johannes gehad, want hierdie was ‘n man van God, dit kon hy baie duidelik sien. Toe smyt hy hom maar in die tronk.

Herodus het baie met Johannes daar in die tronk gaan gesels. Elke keer het dit uitgeloop op ‘n

vurige tweestryd, en dan het hy woedend uitgestorm. Maar keer op keer was hy maar weer terug, want hierdie man het dinge gesê wat hom diep in die hart getref het, en hom seergemaak het hier binne.

En toe gebeur daardie nag, die nag waarvan Herodus liewer wil vergeet! Maar hoe hard hy ookal probeer, die nagmerries kom keer op keer terug, en dan spring hy op, sopnat gesweet.

Dit was sy verjaarsdag, en sy verleidelike vrou het vir hom ‘n groot partytjie gereël. Almal was daar, al die Romeinse hooggeplaastes, selfs knorrige ou

Pontius Pilatus. Hy verpes daardie Romein, maar hy moes hom maar verdra ter wille van vrede. Die tafels het gekreun onder die swaar vragte eksotiese disse. En die wyn het soos die Jordaanrivier in vloed gevloei. Herodus en sy hoë gaste het hulle verlustig in die skamelgeklede danseressies wat hulle lyfies verleidelik gekrul het. Alles was sommer baie vrolik! Toe leun Herodus oor na sy beeldskone vrou: "Liefie, hoe lyk dit, sal daardie wulpse dogter van jou nie vir ons dans nie?"

Herodias het haar kans gesien om weerwraak te neem. "Ek sal

haar roep". Toe verdwyn sy. Daar word onheilige dinge gefluister in Salome se oor, opdragte wat die meisiekind laat sidder het! Maar as Mammie so mooi vra, wie was sy tog om te weier?

Salome was ‘n meester in die kuns van Oosterse dans, en sy het die gaste bekoor met ‘n asemrowende vertoning. Toe die musiek ophou, eindig sy haar dans reg voor haar stiefpa. Sy het gegril toe sy in sy dowwe oë kyk!

“Vra net wat jy wil,” het hy gesleur, “ek sal vir jou gee nét wat jy vra!” Sy het presies geweet wat sy sou vra, maar sy gee hom nog ‘n bietjie tou. “Die helfte van

my Koninkryk is joune!” het Herodus besope gebulder.

Dan bars sy die bom: “Die kop van Johannes!”

Daar het ‘n geskokte stilte toegesak oor die hele saal. Skielik was Herodus skoon nugter geskrik! “Bedoel jy dit rêrag?”

Hy wou dit nog afmaak as ‘n siek grap, maar Salome het by haar versoek gebly. Herodus het gevoel hoe die bloed sy kop verlaat. En toe, met ‘n bewende stem het hy die opdrag gegee dat Johannes onthoof moes word. ‘n Kort rukkie later word die profeet se bebloede kop op ‘n skinkbord

ingedra en aan al die gaste vertoon.

Daardie verskriklike nag sal Herodus nooit óóit vergeet nie. En nou is hierdie Jesus hier! Is dit nie dalk Johannes wat teruggekeer het uit die dood nie?

‘n Gru-verhaal! ‘n Verhaal wat wys dat selfs groot mag en rykdom nie geluk kan koop nie.

Markus het hierdie verhaal ingevoeg reg in die middel van sy beskrywing van die uitstuur van die dissipels. Jesus het hulle gewaarsku dat hulle teenstand sou kry. Wou Markus beklemtoon hoe erg die teenstand kon word? Vandag kan enigeen wat die

Woord eerlik verkondig ook teenstand verwag. Die duiwel wil die verspreiding van die Evangelie met alle mag keer. Hy het dit met Johannes gedoen, maar dit het nie gewerk nie, want die Evangelie was soos 'n onstuitbare tsoenami. Johannes het selfs daar in die tronk steeds aangehou om te sê wat hy op die hart gehad het, ten spyte van Herodus se tirade.

Die vraag is: gaan ek en jy ons laat onderkry deur 'n bietjie teenstand? As iemand ons spot oor ons standpunt - gaan dit ons stilmaak? Jesus het vir Sy dissipels gesê dat hulle bloot die

stof van hulle voete moes afskud. Hulle moes vergeet daarvan. Die probleem is dat ons dikwels té fyngevoelig is. As jy die Evangelie wil uitdra, moet jy dikvellig wees. Ons kan gaan leer hieroor by die Jehovah's Getuies! Maar ons kan ook gaan leer by die talle mense in die sendingveld en mense wat onverskrokke Bybels en die Evangelie versprei in lande waar dit totaal verbode is. Kom ons waag vir Jesus!

Gebed:

Here, ek is dikwels so bang om te waag om U Woord uit te dra. Vergewe my, en gee my asseblief waagmoed!

# 28

# Kos vir ‘n Skare

# Markus 6:30-44

**VIDEO * OUDIO**

Sarie, ‘n goeie vriendin van ons, is betrokke by Campus Crusade for Christ. ‘n Paar jaar gelede het sy en ‘n paar vriende op ‘n uitreik van die Masedonië Projek na Turkye gegaan. Hulle doel was om Bybels en Christelike lektuur te versprei in ‘n land waar dit verbode is.

‘n Maklike uitreik was dit beslis nie! Hulle was die hele tyd dopgehou met valkoë, en hulle het nie durf kontak maak met

enige van die inwoners nie, want Christene het kans gestaan om wreed vervolg te word. Daar was vir die groepie baie benoude oomblikke toe ‘n man van die gereg hulle trompop geloop het en wou weet wat in hulle groot sak was. Die sak was propvol Bybels! Na ‘n niksseggende antwoord besluit hy om nie eers in die sak te kyk nie. Die spanning het die hele tyd ondraaglik hoog geloop, en hulle moes ure in gebed spandeer vir krag om hulle gevaarlike taak af te handel. Na hulle terugkeer van hulle spanningvolle reis, was hulle uitgeput. Maar die wete dat

die Evangelie talle nuwe harte bereik het, was oorgenoeg!

Jesus se dissipels het aan die einde gekom van hulle uitstappie, waar hulle dít wat Jesus hulle geleer het prakties moes gaan toepas. Soos met Sarie se uitstappie, was hierdie een ook géén piekniek nie. Maar as hulle gedink het dat hulle nou ‘n bietjie kon uitrus, het hulle dit mis gehad, want by Jesus was die ark oop. Mense het die hele tyd na Hom gestroom, en die manne moes net bontstaan om die skare te beheer. Daar was nie eers tyd om te eet nie!

Jesus het besluit dat hulle nou genoeg gehad het, en toe klim hulle in ‘n skuit en vaar na ‘n stil plekkie om ‘n bietjie asem te skep. Maar die mense het klaar gesien wat hulle plan was, en toe hulle by die afgeleë plek kom, het daar alreeds ‘n klomp mense vir hulle gewag. Verder het hulle ook die stroom nuuskieriges gesien wat van ver af aangehardloop gekom het. Die nuus van Jesus het soos ‘n veldbrand versprei. Van hulle blaaskansie het daar dadels gekom!

Jesus het Sy oog laat gaan oor die see van honger gesigte, en Hy het hulle innig jammer gekry.

Hulle het kompleet gelyk soos ‘n trop verdwaalde skape sonder ‘n herder. Sonder om eers behoorlik asem te skep, het Hy hulle begin leer, terwyl die skare al groter en groter geword het.

Die twaalf manne praat saggies onder mekaar: “Manne, ek is half bekommerd: dit begin al baie laat word, en hier sit ons ver van enige dorp af. Hierdie mense raak honger, wat gaan ons doen?”

“Kom ons stuur iemand dorp toe om brood te koop.”

“Moenie laf wees nie! Hier is duisende mense! Ek het netnou probeer tel, en is maklik 5000 mans alleen! Dan het ek nog nie

eers die vrouens en kinders getel nie. Ek skat dat hier niks minder as tienduisend mense kan wees nie. Waar dink jy miskien gaan ons geld kry om vir almal kos te koop?"

Dan word een afgevaardig om Jesus in Sy prediking te onderbreek: "Meester, die mense moet eet...."

Jesus glimlag vir hom: "Nou dan moet julle manne vir hulle iets gee om te eet!"

Hy keer terug na die manne: "Die Meester sê óns moet vir hulle kos gee! Hoe verwag Hy dat ons so 'n klomp mense moet voer? Hy het gesê ons moet kyk wat hier is.

Wie dink Hy miskien gaan hier sit met mandjiesvol kos?”

‘n Seuntjie hoor hulle gesprek: “Ek het vyf garsbroodjies en twee gedroogde vissies wat Ma my gegee het vir padkos. Julle kan dit kry!”

Half spottend vat hulle dit vir Jesus. Tot hulle groot verbasing is die Meester tevrede met hulle vonds. Hy neem dit by hulle, kyk op na die hemel en vra die seën. Dan begin Jesus die brode en vissies in stukke breek en gee dit vir die dissipels om onder die mense uit te deel. Elkeen by wie die brood kom, breek vir hom ‘n stuk af, en dan gee hy die res vir

sy buurman. En so versprei die brood en vis deur die hele massa, totdat almal genoeg gehad het.

En dan volg ‘n ou Joodse tradisie: om niks te vermors nie. Al die oorskiet word bymekaargemaak, twaalf mandjies vol!

Die dissipels het pas teruggekom van hulle baie suksesvolle praktiese uitreik waar hulle sélf mense gesond kon maak en selfs duiwels kon uitdryf. Maar dan lyk dit asof hulle hopeloos misluk wanneer Jesus hulle ‘n “eenvoudige” opdrag gee. Ten spyte van hulle onbeholpenheid, gebruik Jesus hulle egter steeds om hierdie wonderwerk te laat

gebeur. Die boodskap hier is natuurlik dat Jesus, die Seun in die middelpunt van die wonderwerk staan. Ons mag dit nooit vergeet nie.

Vir my is daar egter ook ‘n ander boodskap wat duidelik hier uitkom. Soos wat elke persoon die brood geneem het, het hy vir homself ‘n stuk afgebreek en die res aangestuur. Op dieselfde wyse het elke gelowige ‘n “stuk brood” ontvang, die brood van die lewe. Dit het gebeur toe Jesus se liggaam gebreek is soos ’n stuk brood om te betaal vir ons versoening met God. Die vraag is, wat ons daarmee maak? Hou

ons daardie lewensbrood wat Jesus ons gegee het vir onsself? Dan is ons mos baie selfsugtig! Nes daardie mense dit aangestuur het, is dit elke gelowige se taak en plig om ook die lewensbrood wat ons kry met ander te deel. Die groot wonder is dat daardie brood óók nooit opraak nie! Dus kan ons maar oorvloedig uitdeel! Daar sal altyd nog genoeg oorbly.

Gebed:

Here, gee my asseblief die wil en krag en visie om die lewensbrood wat U my gegee het vryelik met ander te deel.

29

# Jesus Loop op die See

# Markus 6:45-52

VIDEO * OUDIO

Dit het baie laat begin word, en die manne was desperaat vir ‘n bietjie rus na hulle reuse taak om vir tienduisend mense kos te gee. Jesus het gesien dat die manne gedaan was, dus stuur Hy hulle om solank na die oorkant van die meer te vaar. Eintlik was dit ‘n relatief kort entjie, want vanaf Betsaida-Julius moes hulle slegs na Betsaida roei, seker nie veel meer as twee kilometer nie. Hy sê vir hulle dat Hy die mense wat

nog in hulle duisende daar bymekaar was, sou huistoe stuur. Hy sou dan sommer later te voet by hulle aansluit.

Teen die tyd dat hulle in die skuit geklim het, was dit al sterk skemer. Maar toe kom daar moeilikheid: ‘n stormwind het begin opsteek, en die arme manne het reg teen die wind ingeroei. Intussen het Jesus teen die berg opgeklim om te gaan bid. Van waar Hy op die hoogte gestaan het, kon Hy sien hoe Petrus en die manne stoei teen die wind. En toe oorval die donker hulle. Hulle het gebeur en gesweet en geroei en gestoei,

maar dit het vir hulle gevoel asof hulle nie eers beweeg het nie!

Ek ken daardie gevoel! Toe ek nog maar ‘n tjokkertjie was, het ons eendag in Mosambiek gaan visvang in die Limpoporivier se mond. Ons is rivier-af in ‘n roeibootjie tot by die monding, waar ons ‘n paar dae oorgeslaap het op die strand. Toe dit tyd word om terug te keer, klim ons almal in die skuitjie, en die roeier, ‘n seuntjie van sekerlik nie ouer as tien jaar nie, slaan sy roeispane in die water. Dit was ook al sterk skemer, en ek onthou hoe die water helder gegloei het elke keer as sy roeispane dit tref. Toe ons

egter die middel van die stroom bereik, was daar ‘n probleempie: dit het gevoel asof ons nie vorentoe kon kom nie, maak nie saak hoe hard die outjie roei nie.

En skielik tref die besef my dat die gety besig was om uit te gaan, en ons word diepsee toe gesuig deur die massa water van die magtige Limpopo. Die seuntjie het verwoed geroei en die fosfor het die water in ‘n geheimsinnige blou skynsel verlig. “Hier versuip ons vandag!” het dit deur my kop gemaal. Boonop was die omgesukkelde rivier vervuil van krokodille en monster-haaie!

Uiteindelik het die outjie besef dat hy op hierdie manier nooit by sy bestemming sou uitkom nie. En toe slaan my hart ‘n slag bollemakiesie toe hy sy roeispane neersit en uit die bootjie spring. “Wat maak hy nou! Gaan hy ons hier aan ons eie genade oorlaat? Gaan hy nou huistoe swem?” Ek het my yskoud geskrik! Die seuntjie het egter doodluiters agter die skuit gaan staan en begin stoot. Ek kon my oë nie glo nie. Toe bars ons almal uit van die lag. Die rivier was hier skaars kniediep!

Jesus se dissipels het egter ‘n ietwat groter probleem gehad.

Daardie meer is baie dieper as kniediep, en die wind was nou so sterk dat dit hulle totaal van koers af gedwing het. In plaas daarvan dat hulle na Betsaida geroei het, was hulle nou vinnig op pad na Gennesaret, 'n volle tien kilometer verder. In gunstige toestande sou dit nie 'n probleem wees nie, maar hierdie wind was reg van voor, en hulle kon maar net nie vorder nie. Die ure het verbygegaan en steeds het hulle teen die wind en golwe baklei.

Dit was twaalf baie uitgeputte manne wat so kort voor dagbreek hulle laaste kragte ingespan het om die land te bereik. Maar toe

gebeur iets wat hulle harte amper laat staan het. In die mistigheid van die stormsee het hulle ‘n gedaante aangeloop sien kom op die water. Die manne het mekaar vasgegryp: “Dis ‘n spook!” het Johannes gegil. “Ons is gedoem!” Hulle het geskree van pure angs toe die gedaante al nader en nader kom, reguit op hulle skuit af. Dit was nog te donker om behoorlik te kon sien, maar hulle kon duidelik uitmaak dat dit ‘n menslike gestalte was. Hulle het aan mekaar vasgeklou toe hulle sien hoedat Hy tot reg langs hulle skuit loop.

En toe praat die “Gedaante” met hulle: “Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie.”

Toe Jesus by hulle in die skuit klim, het die storm onmiddellik bedaar, en hulle kon kant toe roei.

Markus wil met hierdie vertelling Jesus se Goddelikheid beklemtoon. Ten spyte van die woeste storm, het Hy rustig oor die see gestap. In Job 9:8 word God beskryf as die Een wat op die golwe loop. Jesus wys hier vir Sy dissipels dat Hy waarlik God is. En as Hy hulle gerusstel, dan sê Hy: “Dit is Ek!” - dieselfde woorde waarmee God Homself aan Moses bekend gestel het. As

hulle ooit getwyfel het in Jesus se Goddelikheid, moes hulle dit nou begryp het. Maar steeds het hulle dit nie verstaan nie.

Jesus wou nie die manne bangmaak nie. Hy wou hulle verseker van Sy Goddelikheid en ook van Sy beskermende teenwoordigheid. Vandag is dit steeds ewe waar. Dikwels wil ons in vrees en bewing wegkruip vir God, want Hy gaan ons straf oor ons misstappe. Nee, dit is nie eers náástenby waar nie! Hy is ‘n liefdevolle Vader, en Hy wil ons verseker van Sy almag en Sy oneindige Vaderlike liefde vir ons. Die dissipels het hierdie dinge

eerstehands beleef, maar steeds kon hulle nie verstaan nie. Nogtans het Jesus hulle nie verwerp nie. So dikwels kan ons ook maar nie verstaan nie, en kan ons nie die omvang van God se genade begryp nie. Maar wees verseker dat Hy vir my en jou ook nie sal verwerp nie. Al wat Hy vra is dat ons in Jesus glo.

Gebed:

Dankie Here, dat U groot en almagtig is. En dankie dat U my in liefde aangeneem het nét soos ek is.

# 30

# Tradisies

# Markus 6:53-7:13

**VIDEO * OUDIO**

Ek wil net herinner dat ons die teks van die nuwe 2020 vertaling gebruik vir ons reeks.

Na die storm land Jesus se geselskap in Gennesaret. Hulle trek deur die hele landstreek en besoek al die gehuggies, dorpe en plase. Dit is net terloops interessant dat Jesus se bediening hoofsaaklik op die platteland plaasvind, terwyl Paulus weer hoofsaaklik in stede gewerk het.

Die nuus versprei baie vinnig en van heinde en verre het mense hulle siekes na die dorpies se markpleine gebring, selfs op slaapmatte, sodat hulle maar net aan “die soom van Jesus se bokleed” kon raak, en elkeen van hulle was genees. Die mense was oop om Jesus te ontvang, en Hy het talle wonderwerke daar gedoen!

Maar daar was ‘n slang in die gras! In skrille teenstelling met hierdie positiewe prentjie, het ‘n klompie baie suur Fariseërs en Skrifgeleerdes saamgekoek. Die hoogsgeleerde Joodse Godsdienstige leiers het hulle

mes ingehad vir Jesus, en op elke terrein in die lewe het hulle foutgevind met Hom en het hulle Hom probeer vastrek. Hulle het Jesus en die manne baie fyn dopgehou om te sien of hulle nie dalk iewers ‘n wet sou oortree nie, sodat hulle ‘n stok kon kry om hulle mee te slaan.

En daar kry hulle toe presies so ‘n baie nuttige stok. Die manne het met ongewaste hande geëet! Hoe afgryslik!

Ons is geskok as ons dit lees, want dis mos ‘n onbenulligheid!Vir die Joodse kultus was dit egter ‘n baie belangrike saak. Daar was ‘n magdom voorskrifte wat hulle

moes help om te onderskei tussen rein en onrein. Meeste van hierdie goed het nie uit die voorskrifte van Moses gekom nie, maar was gebruike wat deur die jare bygekom het, die sogenaamde “tradisie van die voorouers” waarvan ons lees in Markus 7:3. Vir die Fariseërs was hierdie gebruike net so goed as die Bybel sélf.

Dit is natuurlik goed om gereeld jou hande te was om higiëniese redes. Hierdie voorskrifte was egter om ‘n totaal ander rede. Dit was nie omdat jou hande vuil was nie, maar dit was ‘n ritueel vir geestelike reinheid. Die redenasie

was dat jy dalk net per ongeluk aan iets of iemand onrein geraak het op die markplein. Dus moes jy jou hande behoorlik was elke keer as jy van die markplein af gekom het. Selfs as ‘n Samaritaan se skaduwee daar op jou geval het, was jy onrein, al het hy nie eers aan jou geraak nie!

Die motief agter hierdie hele reinheids-ritueel, was om jou aanvaarbaar te maak vir God. En daarom het die Fariseërs so gehamer daarop, en probeer om almal te forseer om dit stiptelik na te kom.

Dit wil amper voorkom asof Jesus doelbewus daarop uit was om

hierdie reinheidsvoorskrifte te verontagsaam. Jesus het aan ‘n melaatse geraak - klaar ‘n doodsonde! Hy het toegelaat dat ‘n onrein vrou met bloedvloeiing aan Hom raak – absoluut angswekkend! Maar dit raak nog véél erger toe Hy aan ‘n lyk gevat het, dié van Jaïrus se dogtertjie! Toe kom die walglike daad toe Hy saam met tollenaars en onreines gaan eet het. Maar die kersie op die koek was dat Hy Sy boodskap in ‘n heidense streek gaan verkondig het! Dis om van flou te val!

En nou kom konfronteer die kerkleiers Jesus oor Sy hantering

van hierdie gebruike. Eintlik wou hulle probeer bewys dat Hy ‘n slegte leermeester was. Hulle wou Hom in die openbaar probeer verneder het om op hierdie wyse Sy werk te probeer ondermyn. Hulle het verskeie kere reeds met Hom probeer stry oor leerstellings, maar hulle het elke keer tweedebeste gekom. Dalk sou ‘n vernedering werk?

Hulle het egter baie duidelik nie met Jesus rekening gehou nie, want Hy het hulle op ‘n skitterende wyse geantwoord. Nie alleen het hy hulle vraag geantwoord nie, maar hy het ook reguit vir hulle gesê dat húlle fout

by hulle skynheiligheid gelê het! Toe het hy ‘n aanhaling uit Jesaja 29:13 geneem uit die Skrif wat hulle so goed geken het: “Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle harte is ver van My af.”

Jesus wou vir hulle sê dat daar ‘n baie groot verskil is tussen opregte Godsdiens wat uit die hart kom, en ‘n oppervlakkige Godsdiens wat bloot lippetaal is. Jy moenie dinge wat deur mense uitgedink is probeer voorhou asof dit God se opdrag is nie. Die ergste is dat hulle God se éintlike gebod verwaarloos het ten koste van tradisies. “Julle versaak die gebod van God en klou vas aan

die tradisie van mense.” (v. 8). Hulle het die kuns vervolmaak om voorskrifte te maak wat God se voorskrifte omseil, soos die geval is met die sogenaamde “korban” voorskrif. Hierdie was ‘n slinkse voorskrif waarmee jy jou ouers kon beroof van hulle regmatige deel deur te beweer dat jy dit eintlik vir die tempel bestem het. Na hulle dood kon jy mos weer van plan verander en dit vir jou sélf hou!

Dit het tyd geword om ons Godsdienstige tradisies te herbesin. Selfs die kerk moet weer kyk na haar tradisies. Is baie van die “oorgelewerde

gebruike" nie dalk bloot mensgemaakte gebruike nie? Is dit nie dalk dinge wat ons doen bloot uit gewoonte nie?

Gebed:

Here, leer my asseblief om die dinge wat ek in U Koninkryk doen om die regte redes te doen, en nie net uit gewoonte of tradisie nie!

# 31

# Wat maak jou Onrein?

# Markus 7:14-23

**VIDEO * OUDIO**

Die Fariseërs het Jesus se gesag probeer afkraak met hulle aanmerkings oor die reinheidswette wat Jesus en Sy dissipels so blatant verontagsaam het. Dit het Jesus genoop om vir die skare te verduidelik waaroor dit éintlik gaan.

Wanneer Hy almal se aandag het, sê hy: “Luister julle almal na My en verstaan! Daar is niks wat van buite af in 'n mens ingaan wat jou onrein kan maak nie, maar die

dinge wat uit 'n mens uitkom, dit is wat jou onrein maak.” (Markus 7:14,15)

Die mense het Jesus verdwaas aangekyk, hulle het nou gladnie verstaan nie. Nog ál die jare was hulle en hulle voorgeslagte geleer dat daar sekere dinge is wat jy net eenvoudig nie durf eet nie, want dis onrein. Wou Jesus nou kom en ‘n dik, vet streep trek dwarsdeur die leerstellings van die Fariseërs? Kon jy nou maar eet nét wat jy wou? Hulle was verward!

Daardie aand het Jesus-hulle in iemand se huis tuisgegaan. Die manne se gemoedere was vol

kwellende vrae. “Meester, ons verstaan nou gladnie hierdie ding van rein en onrein kos nie. Wat presies het U bedoel?”

Dit moes vir Jesus baie swaar gewees het dat hierdie manne wat later verantwoording sou moes neem vir die ganse kerk van die wêreld, so traag was om te verstaan. Só graag wou Hy dat hulle leer en begryp en geestelik groei, maar dit het nie gebeur nie. Hulle kon maar nie wegkom van die ou ingewortelde tradisies en leerstellings nie. Hulle het alles wat nuut was gewantrou. Hulle sou eers die Heilige Gees moes

kry om hulle verstand waarlik oop te maak.

Toe verduidelik Jesus, dat sogenaamde “onrein” kos jou nie onrein kan maak nie. Dít wat jy eet kom nie eers nááastenby by jou hart uit nie. Jou ete en drinke het absoluut niks te doen met die wesenlike van jou verhouding met God nie. En dit sou ‘n mens ook kon deurtrek na die uiterlike reinigingswette in gister se oordenking. Uiterlike reinheid het dus ook niks te doen met jou verhouding met God nie.

Die implikasies van hierdie uitspraak van Jesus is genoeg om enige opregte Jood se hare te

laat regop staan. Markus noem in vers 19 so terloops dat Jesus hiermee alle kos rein verklaar het. Wat dan van al die rye en rye voorskrifte oor vleis wat jy nie mag eet nie? Onder andere is daar seker die ergste van almal: varkvleis! ‘n Jood sou nie eers aan ‘n vark raak nie, wat sê nog om sy vleis te eet! Dit laat jou gril!

Ek dink dat die twaalf manne gehoor het wat Jesus hulle vertel het en toe maar gerieflikheidshalwe weer daarvan vergeet het, want dit was darem nou eenmaal nét te erg. Dit was eers héélwat later dat Petrus wéér hiermee gekonfronteer is,

toe hy die droom gehad het van God se bevel dat hy onrein diere moet slag en eet. Eers tóé het hy so langtand begin verstaan hiervan. Ons lees in Handelinge 10 van Petrus se droom, en hoe die Here daar vir hom sê dat hy nie onrein mag verklaar wat God rein gemaak het nie.

Jesus het vir die twaalf verduidelik dat dit nie gaan oor kos of reinheidswette of enige uiterlike ding nie. Dit gaan nie oor die voorskrifte en reëls wat stiptelik nagekom moet word nie. Alles wentel rondom jou innerlike gesindheid wat rein moet wees. “Want van binne af, uit die hart

van mense, kom slegte gedagtes, onsedelikheid, diefstal, moord, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, geslepenheid, onwelvoeglikheid, jaloesie, lastering, hoogmoed, dwaasheid," sê Jesus vir hulle in vers 21 en 22. Daar is seker nog baie ander goed wat 'n mens aan hierdie skrikwekkende lysie kan heg.

Vir meeste gelowiges vandag is "onrein kos" nie eers meer 'n kwessie nie, alhoewel daar steeds enkeles is wat 'n probleem daarmee het. Ons het egter die klem 'n bietjie verskuif na 'n rits moets en moenies. Die groot ding is dat jou hart aan God moet

behoort. As dit gebeur, sal jou ganse lewe ingrypend verander. Ons mag dan ook nie aan ander gelowiges probeer voorskryf oor wat hulle mag en nie mag doen nie, asof dit ‘n Goddelike opdrag is. Dit is ‘n persoonlike saak vir elke gelowige tussen hom en God.

Dit is interessant, en tegelyk ook baie belangrik om te sien hoe Jesus die manne onderrig, en met watter gesag Hy dit doen. Anders as die ander rabbi’s wat die mense slegs kon leer oor dinge uit die Ou Testament en oorgelewerde gebruike, sonder om sélf werklik te verstaan

waaroor dit gegaan het, het Jesus presies die betekenis verstaan. Hy kon dus vir die manne ‘n uitleg gee daarvan, maar baie meer nog: Hy het die gesag om selfs die Ou Testamentiese voorskrifte te wysig of op te hef, soos Hy gedoen het met die reinheidswette omdat hulle uitgedien was.

Kom ons gaan dink dus weer ‘n slag baie mooi oor ons Godsdienstige gebruike en ons moets en moenies. Waaroor gaan dit werklik? Is dit eerlikwaar tot eer van God? Maar nog belangriker: kom ons gaan kyk ‘n slag hoe ons binneste lyk. Leef ek

waarlik tot God se eer? En die grootste van alles: leef ek liefde uit soos wat God dit van my vra?

Gebed:

Here, maak asseblief my oë oop sodat ek kan sien hoe my binneste lyk. Help my om rein te wees van binne, tot U eer.

# 32

# Die Siro-Fenisiese Vrou

# Markus 7:24-30

**VIDEO * OUDIO**

Jesus was totaal uitgeput van ‘n nimmereindigende werk. Onthou, Hy was fisies ‘n gewone mens nes ek en jy! Die aaneenlopende stroom van derduisende mense met al hulle skete en kwale wat dag-vir-dag by Hom kom aandring het om hulp, van vroeg soggens tot laat saans, moes ‘n geweldige druk op Hom geplaas het. Boonop was daar nog die Fariseërs en Skrifgeleerdes wat Hom om elke hoek en draai

probeer vastrek of van Hom probeer ontslae raak het.

Daar was boonop nêrens ‘n plekkie waar Hy kon gaan wegkruip om net ‘n blaaskansie te kry nie. Oral waar Jesus gekom het, het die mense Hom al geken en Hom oorval. Dus was Jesus verplig om na ‘n gebied te gaan waar Hy totaal onbekend was. Hy vertrek dus na Fenisië, en Hy gaan tuis in ‘n huis iewers in die omgewing van Tirus, ‘n hawestad op ‘n skiereiland aan die kus van Fenisië, sowat 50km. noord-wes van Kapernaum.

Maar selfs hier in die buiteland was daar tóg iemand wat Hom

herken het, ‘n Griekse vrou van Siriese afkoms, dus ‘n heidense vrou. Toe sy Jesus herken, was dit soos manna uit die hemel vir haar, want sy was radeloos oor haar liefling-dogtertjie. Die kind was van ‘n onrein gees besete, en niemand kon iets daaromtrent doen nie. Ons weet nie of dit werklik demoon-besetenheid was nie, want alle geestesafwykings was geklassifiseer as besetenheid, selfs epilepsie. Al wat ons met sekerheid weet, is dat hierdie kindjie die slagoffer was van ‘n ongeneeslike toestand.

Die vrou moes sékerlik geweet het van die Joodse taboe, dat Jode nie kon meng met heidene soos sy nie. Sy het dus ‘n groot kans gewaag om Jesus te gaan opsoek. Sy het Jesus gaan opsoek in die huis waar hulle tuisgegaan het en toe haar versoek gerig. Jesus moes asseblief die onrein gees uit haar dogtertjie uitdryf. Die berigte het haar ore bereik dat Hy in Palestina al talle soortgelyke genesings gedoen het. Waarom sou Hy dit nie ook hier in Sirië vir haar kon doen nie?

Jesus se antwoord is verrassend: “Dis nie mooi om die kinders se

brood te neem en vir die hondjies te gooi nie."

Wat wou Jesus hiermee sê? Dat Hy na die volk Israel gestuur was, dié volk waarmee God 'n verbond gesluit het. Hier moes die groot versoeningsdaad plaasvind, want God het dit so bepaal nog lank voor die grondlegging van die wêreld. Hy het hierdie volk voorberei om Jesus, Sy Seun te ontvang, en nou het die finale voorbereiding gekom tydens Jesus se drie jaar lange bediening. Hierdie volk moes deur Jesus se prediking en bediening mense oplewer wat die Evangelie die wêreld kon indra.

Natúúrlik sou die ganse wêreld later daar buite, oftewel die heidendom uiteindelik óók gekonfronteer word met die Evangelie. Die tyd was egter nog nie ryp daarvoor nie, en alles moes eers in Israel gevestig word.

Jesus gebruik beeldspraak om in een kort sinnetjie Sy dilemma aan haar te verduidelik. Haar insig is egter verstommend, want dadelik begryp sy presies waaroor dit gaan. Maar sy is desperaat, en sy laat haar nie hierdeur afsit nie: “Here, die hondjies onder die tafel eet darem van die kindertjies se krummels.” Sy sou selfs tevrede

wees met die oorskiet! Inderdaad het sy maar ál te goed besef dat sy nie  deel was van daardie uitverkore volk van God nie, en sy erken dat die Jode voorkeur moes kry. Maar ál wat sy wou vra was ‘n ou paar krummeltjies sodat haar dogtertjie gesond kon word. Wou Hy nie asseblief maar kom nie?

As ons terugdink aan die verhaal tot dusver, sien ons net keer op keer die absolute onvermoë van die Jode om te verstaan. Hulle kon net eenvoudig nie eers die mees basiese begryp nie. Hulle kon nie insien wie Jesus werklik was nie en hulle verstand het elke

keer toegeslaan wanneer Hy ‘n wonderwerk gedoen het. Hulle het hulle blindgestaar teen die wonderwerke en nie die Persoon agter die wonders raakgesien nie. Selfs die twaalf manne wat Jesus so deeglik opgelei het en wat elke dag saam met Hom al hierdie dinge deurgemaak het, was steeds totaal in die duister. Nou kom hierdie heidense vrou wat nog nooit eers vir Jesus ontmoet het nie en sy het die dinge wat die Jode totaal dom gehad het, verstaan. As ons tussen die lyne lees, kan ons aflei dat dít wat hierdie vrou gehad het, suiwer geloof is!

Jesus het haar huistoe gestuur. Haar versoek was toegestaan en haar dogtertjie was reed genees. Weereens sien ons Jesus se asemrowende almag, want die dogtertjie was gesond sonder dat Hy eers naby haar was!

Ons sit vandag in die wonderlike bevoorregte posisie dat die Evangelie vir ons uitgespel is in die Bybel, nog baie duideliker as wat die Jode óf selfs daardie Fenisiese vrou óóit gehad het. Die vraag is: wat maak ons daarmee? Van kleins af word ons alles geleer, maar hoe sterk is ons geloof werklik? Het ons waarlik ter harte geneem wat ons

deur die jare geleer het? Het ons dit ons eie gemaak soos daardie vrou? Ek werk elke dag met hierdie dinge, en ten spyte daarvan is my geloof dikwels maar klein.

Kom ons vertrou God met ons hele hart en wese!

Gebed:

Here, vergewe my dat my geloof soms wankel en dat ek die golwe rondom my raaksien en bang raak. Maak asseblief my geloof sterk, soos dié van daardie Fenisiese vrou!

# 33

# Jesus Genees die Doofstomme

## Markus 7:31-37

**VIDEO * OUDIO**

In Jesaja 35 sing die beroemde profeet ‘n profetiese loflied wat handel oor die koms van die Messias, Jesus. Hier is enkele uittreksels: “Laat die woestyn en die dor land hulle verheug, laat die Araba juig en blom soos 'n tulp........ Maak die slap hande sterk, versterk die wankelende knieë. Sê vir dié wat angstig is: “Hou moed, moenie bang wees nie! ........ Dan sal die oë van blindes oopgaan, en die ore van

dowes sal oopgaan. Dan sal 'n verlamde spring soos 'n wildsbok, en die tong van 'n stomme sal jubel; want in die woestyn sal water uitbars, strome water in die Araba.” (Jesaja 35:1-6)

Wat ‘n aangrypende lied! En hier vlakvoor die oë van die dissipels word hierdie profesie bewaarheid. Hulle sien ál hierdie dinge gebeur - so onwerklik. En tóg gebeur die dinge waarvan Jesaja sing!

Jesus het teruggekeer uit Fenisië, en nou het Hy Hom weereens in ‘n nie-Joodse gebied bevind langs die See van Galilea, die Dekapolis. Die vorige keer toe Hy in hierdie streek was, het die

mense Hom gevra om liewer maar te loop, want hulle was bang. Dit was nadat Jesus die besete man genees het en die varke in die see ingejaag is deur die demone. Jy sal onthou dat hierdie man dwarsdeur die Dekapolis gebied gaan verkondig het wat Jesus gedoen het. Dalk was die mense nou al méér ontvanklik vir Jesus omdat hulle oor Hom gehoor het van daardie man.

Nou het die mense ‘n dowe man met ‘n spraakgebrek na Jesus gebring, en Hom gevra om asseblieftog Sy hande op die man te lê. Jesus het die man eenkant

toe geneem, Sy vingers in die man se ore gedruk, spoeg aan sy tong gesmeer en in Aramees (Sy moedertaal) gesê: “Effata!” wat beteken “Gaan oop!” Oombliklik was die man genees en hy kon normaal hoor en praat.

Die mense was in verwondering! ‘n Gedruis het deur die skare gegaan: “Hy het alles goed gedoen – selfs dowes laat Hy hoor en stommes laat Hy praat.” Dis baie meer as wat enige van die sogenaamde wonderwerkers van hulle land óóit kon regkry. Die woord het soos ‘n veldbrand versprei, totdat almal in die streek geweet het van Jesus.

Met hierdie vertelling wou Markus dit beklemtoon, dat Jesus nie maar net nóg een van die wonderwerkers was nie, maar dat Hy baie, báie meer was. Vandag moet ons ook terdeë besef dat Jesus baie spesiaal is. Hy is groot genoeg dat ons Sy lof kan en móét besing, soos Jesaja dit gedoen het: "Die woestyn, die dor land, sal jubel, die droë wêreld sal juig!" (Jes. 35:1 - 1983 vertaling)

Ons is so geneig om Jesus maar sommer as vanselfsprekend te aanvaar. Hy is nou maar eenmaal daar en Hy sal by ons wees deur alle omstandighede! Ja, ons weet dit inderdaad al lankal, maar

besef ons ooit werklik die grootheid van Jesus? As ons Sy lof besing, doen ons dit waarlik met die wete dat ons dit vir Koning Jesus, die grootste van alle konings van alle tye doen? Besef ons aldag Wie Hy werklik is? En betoon ons Hom werklik al die eerbied wat Hom toekom?

Het jy al ooit op ‘n yskoue Karoo-nag buite gesit en die wonder aanskou van die skepping - Jesus se skepping? As jy bibberend van die ysige lug opkyk na die hemelgewelf, dan bewe jy nie meer van die koue nie, maar van verwondering oor die onmeetlike, asemrowende skoonheid van dit

alles. Die kleurewonder van die miljoene-der-miljoene sterre, te veel vir die menslike verstand om te kan verwerk. Dit laat jou snak na jou asem en jy wil net aanhou kyk en kyk en die skoonheid daarvan indrink en diep hier binne bewaar vir altyd. Dan besef jy dat Jesus, Skepper-God dit alles gemaak het met die spreek van ‘n enkele woordjie. Net soos Hy een enkele woordjie gebruik het om die doofstom man te genees.

En het jy al ooit ’n nag in die Bosveld langs ‘n knetterende vuurtjie gesit en luister na die musiek van die bos? Na die magtige leeu se brul wat

kilometers ver oor die veld aangesweef kom op die aandluggie? Die reuse olifant se trompetter en diep, diep rammelinge wanneer hulle snags in die Krokodilrivier baljaar? ‘n Rooijakkals se nostalgiese lied as hy sy maat roep? En die sagte “Koer-koer” van ‘n skopsuiltjie iewers in ‘n doringboom? Musiek wat trane in jou oë bring - musiek wat die lof van Jesus besing soos géén simfonie-koor dit kan doen nie! Musiek wat vertel van die fyn handewerk van ‘n Skepper wat nie alleen die onmeetlike hemelruim gemaak het nie, maar ook die olifant, die leeu en die piepklein ou skopsuiltjie, elkeen

absoluut volmaak, soos nét die Meester dit kon doen.

En as jy dan daar so broos en uitgelewer aan die magtige bos met al sy gevaarlike diere sit, besef jy dat hierdie selfde Jesus - die Almagtige Skepper-God - óók die Alomteenwoordige is. Dan kom jy tot die besef dat Hy hier langs jou - bý jou is. Dat Hy omgee vir jou en jou oneindig liefhet. Dat Hy ‘n plan - ‘n fyn uitgewerkte plan vir jou lewe het en dat Hy jou Sy kind gemaak het uit genade.

Dan wil jy dit uitjubel saam met Jesaja van ouds: “Die woestyn,

die dor land, sal jubel, die droë wêreld sal juig!”

Gebed:

Here Jesus, ek aanbid U, want U is groot en goed en Almagtig. Géén lied sal ooit U lof na waarde kan besing nie. Ek loof U met alles wat binne-in my is!

# 34

# Jesus Voed Weer ‘n Skare

# Markus 8:1-10

**VIDEO * OUDIO**

Jesus kyk na die skare mense wat voor Hom sit, en dan kry Hy hulle innig jammer. Die toneel wat hier voor Hom afspeel is ‘n herhaling van wat ‘n rukkie gelede gebeur het, toe Hy en die manne ook by ‘n afgeleeë plek was, en die mense naderhand honger was. Hierdie slag is Hy egter op nie-Joodse grondgebied, die Dekapolis. Vir die laaste drie dae sit die skare van “heidene” nou al bankvas hier voor Hom

terwyl Hy hulle leer. Die bietjie kos wat daar nog was, is al lankal op, en Hy kan sien dat die honger nou sy tol begin eis. Dan roep Jesus die manne bymekaar: “Ek is baie bekommerd oor hierdie mense. Party van hulle het ‘n ver pad gekom. As ons hulle nou huistoe stuur sonder om eers vir hulle iets te ete te gee, kan ‘n paar van hulle dalk iewers langs die pad beswyk van die honger!”

Dan gebeur die onverstaanbare, die verstommende, dieselfde hande-opgooi ding van ‘n paar maande tevore toe hulle in presies dieselfde situasie was. Die manne vra radeloos vir Jesus

waar hulle in hierdie verlatenheid kos in die hande moet kry vir so ‘n klomp mense? Hulle Meester moet darem onthou dat hier nie minder nie as vierduisend mense voor hulle sit. Hoe verwag Hy dan nou van hulle om skielik kos op te tower vir hierdie skare?

Hoe kort is hulle geheuetjies nie! Het hulle tog nie al klaar vergeet van die vorige geleentheid nie? Toe Jesus ‘n skare van minstens tienduisend mense kos gegee het met slegs vyf broodjies en twee verskrompelde ou vissies? Het dit lankal by hulle koppe uitgewaai dat hulle agterna nog twaalf mandjies vol oorskiet bymekaar

gemaak het? ‘n Mens voel dat jy daardie twaalf manne aan hulle skouers kan vat en skud dat hulle wakker word en sien Wie hulle mee te doen het! Kan hulle dan nie verstaan nie?

As ek Jesus was, sou ek sékerlik nét daar uitgebars het en die manne se koppe gewas het oor hulle ongeloof, hulle geestelike blindheid en hulle onvermoë om te kan verstaan.

Maar Jesus doen dit nie. Hy verstáán. Hy wéét hoe moeilik dit vir hulle is om te begryp. Hy weet ook dat hulle tyd nog nie gekom het om waarlik insig te hê in al hierdie dinge nie. Later sal hulle

wél verstaan, en dan sal hulle die wêreld aan die brand steek met hulle geloof! Sonder verwyt vra Jesus hulle geduldig: “Hoeveel brood is hier?” Hulle kon sewe brode bymekaar skraap, dis al! En hiermee moet hulle vir vierduisend mense kos gee?

Jesus neem die brood by die manne, en dan kyk Hy op na die hemel en sê dankie vir God vir die kos, terwyl vierduisend paar honger oë Hom aangaap en wonder wat nou aan die gang is? Wat sou hierdie Rabbi nou wil doen met die brood? Sy aksie maak hulle rasend van die honger! Vol belangstelling hou

hulle Hom dop as Hy die brood in stukke breek. Dan gee Hy dit vir die twaalf manne om uit te deel, saam met ‘n paar vissies wat iemand “geskenk” het.

En weereens vind die vermeerderings-wonder plaas. Die manne hou aan uitdeel en die kos raak net eenvoudig nie minder nie! Hoe meer hulle uitdeel, hoe meer word die brood en vis, totdat vierduisend honger mense versadig is en daar nog sewe mandjies propvol oorskiet oorbly!

Hoe moes die manne hierna gevoel het? Was hulle skaam oor hulle ongeloof? Het hulle tóé

begin besef dat Jesus waarlik die Messias is? Dat Hy almagtig is? Hoeveel asemrowende, verstommende wonderwerke moes hulle nog sien voordat dit kon insink?

Jesus het die mense huistoe gestuur en toe klim Hy en die manne in ‘n skuit en vaar na die Dalmanuta gebied.

Opvallend wanneer ons hierdie verhaal lees, is Jesus se omgee. Hy het die mense innig jammer gekry, al was hulle nie eers Jode nie en al was hulle nie deel van God se verbondsvolk nie. Maar ewe opvallend is Jesus se geduld met die manne wat dag-vir-dag

die talle wonderwerke beleef het, maar net nie kon verstaan nie. Hoeveel keer moes Hy dit nog vir hulle verduidelik? Was daar ‘n manier om dit vir hulle duideliker te kon stel? Maar Jesus het nie ongeduldig geraak met hulle nie: Hy hét verstaan.

En ek en jy? Moes Hy nie dalk al lankal met my ongeduldig geraak het nie? Hoeveel keer het ek Hom nie al teleurgestel in my lewe nie? Hoeveel keer het ek al gevra: “Here, vergewe my,” om maar net môre weer dieselfde sonde oor te gaan doen? Ek raak moedeloos met myself, maar Jesus bly maar net geduldig met

my. Hy verstaan! En as ek die dinge wat Hy doen bevraagteken, so asof ek dalk beter weet as Hy? As ek Hy was, het ek hierdie kreatuur al lankal verdoem. Maar Hy doen dit nie! Sy genade en liefde is baie groter as wat enige menslike verstand ooit kan peil. En soos daardie twaalf manne, sien ek elke dag die wonderwerke, dikwels asemrowende wonderwerke rondom my gebeur. Maar dan staan ek steeds in ongeloof en kerm as daar die geringste probleempie oor my pad kom!

Hoe onbeskryflik groot is Jesus se omgee en geduld en liefde en verstaan en barmhartigheid nie!

Gebed:

Here, maak asseblief my oë oop sodat ek U grootheid en almag en liefde en omgee kan raaksien!

35

# Fariseërs Soek 'n Teken

# Markus 8:11-13

**VIDEO * OUDIO**

Die twaalf manne roei saam met Jesus die lang ent van die Dekapolis-gebied tot by die Dalmanutha streek in Galilea. Vars vasgebrand in hulle geheue, is die groot skare van vierduisend heidene wat hulle Meester so pas gevoed het met 'n skamele sewe broodjies.

Wanneer hulle voet aan wal sit, word hulle ingewag deur 'n groep omgesukkelde Fariseërs. In skrille teenstelling met die heidene aan

die oorkant van die meer, wat so aan Jesus se lippe gehang het van verwondering, is al wat hierdie geleerde manne soek, konfrontasie. Jesus moet hiér en nóú vir hulle ‘n wonderteken uit die hemel doen!

Het hulle nie alreeds oorgenoeg wonderwerke uit Sy hand gesien nie? Sal hulle ooit glo as hulle nóg een sien? Maar eintlik stel hulle gladnie belang in hierdie “doodgewone” wonderwerke wat Jesus doen nie, hulle wil iets uit die hemel sien gebeur! Hulle wil iets sien wat oortuigend van God Sélf kom om te bevestig dat Jesus waarlik die Messias is!

Ons weet dat daar wél reeds sulke wondertekens plaasgevind het, soos die dag toe Jesus gedoop is, en die hemel oopgeskeur het. Daar het God hoorbaar bevestig dat Jesus Sy Seun is, en almal het dit gehoor. Maar natuurlik was die Fariseërs nie daar nie. Hulle was te besig met "belangriker dinge." Eintlik stel die Fariseërs nie werklik belang in die wonderteken self nie. Al wat hulle probeer doen is om Jesus te ontmasker en Hom te verneder. Hulle wil Hom op die proef stel om vir eens en altyd te bewys dat Hy nie is Wie die mense dink Hy is nie. Hoe verskriklik verkeerd is hulle nie!

Jesus weier hulle versoek, en dan noem Hy hulle “hierdie geslag.” In Genesis 7:1 en Psalm 95:10-11 word presies dieselfde woorde gebruik om mense te beskryf wat hulle rug op God gedraai het. En dit is presies wat hierdie Fariseërs besig is om te doen: Hulle verwerp God! Hulle draai hulle rug op Hom. Nét daar klim Jesus en die manne terug in die skuit en roei na die “oorkant”, na Betsaida-Julius.

Wonderwerke of wondertekens sal mense nie oortuig om te glo nie! Dit werk eintlik totaal andersom, want jy het eers geloof nodig om waarlik wonderwerke te

kan waardeer. Kom ons neem ‘n voorbeeld: Wanneer ek in die aand opkyk na die hemelruim, dan word ek vervul met die wonder daarvan, en die onmeetlike omvang van die skepping laat my steier. Die ondenkbare grootheid en almag van God die Skepper van dit alles, laat my snak na my asem.

Die ongelowige kyk na presies dieselfde wonder, maar hy wil dit bloot wetenskaplik analiseer as die gevolg van die oerknal, ‘n geweldige ontploffing wat 15 biljoen jaar gelede plaasgevind het en die heelal gevorm het soos ons dit vandag ken. Die

wetenskap weet nie hoe dit gebeur het nie, maar hulle probeer baie hard om ‘n antwoord te kry!

Die bekende skrywer, Gideon Joubert, het met totaal ander oë na presies dieselfde teorie gekyk. Die oerknal-teorie het vir hom sin gemaak, maar hy sien dit as die begin van God se skepping. In sy boek, “Die Groot Gedagte” beskryf Gideon hoe dit totaal onmoontlik sou wees dat die heelal kon vorm sonder dat daar ‘n baie besliste plan was met die samestelling daarvan. Selfs die beroemde Einstein het hierdie feit raakgesien. Sou die oerknal ‘n

werklikheid wees, dan kon dit alleen geskied uit die vormende hande van God! Maar die ongelowige sien dit nie so nie, en niks sal hom anders oortuig nie! Die wonderwerk het by hom verbygegaan!

Die talle sosiale media berigte wat byvoorbeeld die wêreld ingestuur word met sogenaamde bewyse dat die Bybel waar is, sal ook géén ongelowige oortuig nie. Dit laat slegs gelowiges met groter sekerheid. Die hartseer is egter dat meeste van hierdie "bewyse" vals is, soos byvoorbeeld die klassieke een met foto's van reuse

mensgeraamtes wat sou bewys dat die reuse wat in die Bybel beskryf word, ‘n werklikheid was. Hierdie foto’s was gemanipuleer deur ‘n groep studente as deel van ‘n taak. Sulke “bewyse” doen meer skade as goed, want dit sê vir die ongelowige dat gelowiges tog só hard probeer om hulle geloof as eg te bewys, en dat hulle selfs vals materiaal gebruik om te probeer glo. Maak asseblief seker voordat jy sulke goed aanstuur!

Eintlik gaan hierdie hele saak nog verder: Niemand kan bewys dat Jesus werklik die Seun van God en die Messias is nie. Daar is

selfs nie eers veel buite-Bybelse verwysings na Jesus as ’n historiese figuur nie. Slegs enkeles soos die Joodse geskiedskrywer, Josefus verwys kortliks na Jesus. Ons kan dit alleen in geloof aanvaar.

Maar wat is geloof dan? Hebreërs 11:1 stel dit baie duidelik: “Geloof, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word, 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie.” Geloof kan dus nie op sigbare dinge gebou word nie. Dit word egter wél versterk deur sigbare dinge, wanneer jy alrééds die geloof het, soos byvoorbeeld die wonder van die heelal.

Die Heidelbergse Kategismus stel dit só, dat geloof bestaan uit kennis en vertroue. Natuurlik kan jy nie glo as jy nie weet waarin jy glo nie. Daar moet kennis wees van die dinge. Maar dan kom die belangrike by, dat daar vertroue moet wees - ‘n váste vertroue. Nie alleen moet jy vertrou dat Jesus waarlik die Seun van God is nie, maar jy moet jou volle vertroue in Hom stel, en in totale afhanklikheid jou in ‘n verhouding aan Hom oorgee, anders kan dit nooit werk nie.

Gebed:

Here, dankie dat U my geloof gegee het. Leer my om U in alles totaal te vertrou.

# 36

# Suurdeeg

# Markus 8:14-21

**VIDEO * OUDIO**

As ek begin gesels oor potbrood, dan raak ek skoon liries! Een van die groot lekkertes van ‘n kuiertjie in die Bos, is natuurlik daardie siel-salige uitstrek by ‘n hardekoolvuurtjie, en om dan die klanke en geure van die veld in te drink. Om die vlammetjies dop te hou terwyl hulle bokspring en dans en huppel en allerhande prentjies optower, voer jou weg na ‘n sprokieswêreld. Wanneer jou vleisie rustig op die kole lê en

lekker raak, en daardie vingerlek-lekker geur van die smeulende hout soos ‘n spons indrink, dan kan dit amper nie beter nie! Maar alles raak eers volmaak as daar ‘n potbroodjie eenkant op ‘n paar rustige kooltjies staan en stoom!

Só ‘n potbrood gebeur nie sommer maar vanself nie. Om hom so goudbruin en donsig-sag te kry, het jy ‘n paar belangrike goed nodig, soos meel en sout, dalk ’n bietjie kruie vir die smaak, maar sonder suurdeeg sal hy soos ‘n baksteen smaak. Die suurdeeg moet behóórlik deur die deeg geknie word, dan begin die wonderwerk as die wit deeg na ‘n

halfuur hier voor jou oë begin rys, totdat hy naderhand oor die skottel se rand probeer ontsnap. Dis wonderlik hoe slegs ‘n paar korreltjies suurdeeg ‘n hele skottel deeg in ‘n heerlike, geurige, stomende, watertand broodjie kan omtower. As jy na ‘n uur se bak die pot se deksel lig, dan sug almal om die vuur: “Aaaaah!” van pure verwondering. Dis dán waar jy skoon vergeet van die peperduur biefstuk op die kole……!

Ek kon nog nooit mooi agter die kap van die byl kom, oor presies hoe suurdeeg werk nie. Al wat ek weet, is dat hy alles waarmee hy

in aanraking kom, beïnvloed en dat dit ‘n lewende organisme is. Gooi jy ‘n teelepeltjie vol in ‘n skottel deeg, dan begin dit borrel en groei. Gooi ‘n bietjie suurdeeg in ‘n emmer vol water, suiker en gemmer, en daardie flou watertjie raak binnekort ‘n heksebrousel wat gis totdat dit borrel en kook en stoom! Die eind-produk is dikwels ‘n ding met ‘n skop soos ‘n donkie as jy hom te lank laat staan! Dis die suurdeeg wat die rustige watertjie ‘n baie kwaai brousel maak. Tydens my dienspligdae het een van die kokke eendag skelmpies ‘n paar bottels gemmerbier gemaak en in die warm plafon weggesteek. ‘n

Paar dae later het een bottel ontplof. Toe hy die res uithaal, het die goed ‘n skop gehad soos ‘n muil! Giftig!

Dalk is dit juis hierdie invloed wat die Jode suurdeeg in ‘n negatiewe lig laat sien het. Hulle het geglo dat suurdeeg in ‘n sekere sin agteruitgang veroorsaak het. Gedurende Paasfees was alle suurdeeg dan ook as ‘n simboliese aksie by die huis uitgesmyt. Tydens daardie tyd was brood sonder suurdeeg gebak. Ek dink nie dit kon lekker wees nie! In die Nuwe Testament word suurdeeg dan gewoonlik ook, met slegs een of twee

uitsonderings, in ‘n negatiewe sin gebruik. In Markus 8 waarsku Jesus Sy dissipels teen “die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodus”.

Net soos wat ‘n klein bietjie suurdeeg ‘n groot invloed het, het een enkele persoon dikwels ‘n invloed op baie mense. Hitler was ‘n kragtige “suurdeeg” wat miljoene mense beïnvloed het. Net so kan ‘n enkele negatiewe persoon ‘n hele gemeente versuur. Ek onthou die Sondag toe ‘n gemeentelid opgestaan het tydens die Erediens en aangekondig het dat hy nie langer na die dominee se “snert” wou

luister nie. Alhoewel die leraar ‘n goeie boodskap gehad het, was die ganse erediens totaal geruïneer daardie Sondag. Een persoon se negatiewe houding kan ‘n hele gemeente saamsleep op sy donker pad!

Maar suurdeeg kan ook in ‘n positiewe lig gesien word, soos in Matt. 13:33 beskryf word. Dink maar aan die geurige potbrood. Een enkele persoon kan ‘n hele gemeente positief beïnvloed met byvoorbeeld liefde wat uitstraal of blydskap of entoesiasme. Toets dit maar: stap in ‘n vertrek in waar ‘n klomp teneergedrukte mense sit. Begin om vrolik en hartlik die

mense te groet met blydskap wat uit jou hart en gesig straal, en binne minute verander die ganse stemming van daardie groep. Mense wat totaal afsydig is, sal selfs met mekaar begin gesels. Dis hoe goeie suurdeeg werk!

Die wonderlike van suurdeeg is dat dit ‘n lewende organisme is. Anders as bakpoeier wat slegs vir een baksel die deeg kan laat rys, kan suurdeeg aangaan en aangaan. As jy ‘n bietjie van die deeg wat ingesuur is bêre, kan jy more en oormore en volgende maand nog steeds deeg daarmee laat rys. Net so is ‘n gelowige se positiewe suurdeeg ook nie maar

‘n eenmalige ding nie, maar dit moet ‘n lewenswyse wees van positiewe inspirasie en blydskap wat aangaan sonder ophou, selfs deur swaar tye. Op hierdie wyse gee jy dan ook vir ander mense moed en veral belangrik: hoop!

Die belangrike om egter te onthou, is dat niemand dit kan doen uit eie krag nie. God die Heilige Gees alléén kan jou die krag gee om vol te hou daarmee om goeie suurdeeg te wees en geurige “potbrode” te bak. Maar ewe belangrik is, dat jy nie die eer aan jouself toeëien nie, maar sal vertel waarvandaan jou krag kom.

Gebed:

Here, maak my asseblief ‘n goeie suurdeeg in U Koninkryk, en gee my die krag om dit uit te leef tot U eer.

# 37

# Blindheid

# Markus 8:14-30

**VIDEO * OUDIO**

Jy sal onthou dat Jesus-hulle in die skuit geklim het en teruggevaar het na Betsaida-Julius na Sy konfrontasie met die Fariseërs. Dit het egter so haastig gegaan, dat die manne skoon vergeet het om brood te koop. Nou sit hulle met een ou broodjie tussen die klomp van hulle. En die manne is honger! Daar volg ‘n redenasie oor hulle dilemma, en dan waarsku Jesus hulle: “Pasop vir die suurdeeg van die

Fariseërs." Dit kon die arme manne gladnie verstaan nie, en dan begin hulle mor. "Wat probeer die Meester vir ons sê?"

Jesus is moedeloos met hulle: "Begryp julle nie? Verstaan julle dan gladnie?" Hoeveel keer moet Hy dan nou nog wonderwerke doen voordat hulle verstandjies sal begryp Wie Hy werklik is? 'n Dag of wat gelede het Hy dan vierduisend mense kos gegee met sewe broodjies. En nie lank voor dit nie het hierdie einste manne nog sélf die vyf brode en twee vissies uitgedeel aan tienduisend mense. En hoeveel mandjies vol brood het daar nog

elke keer oorgebly ook? En nou bekommer hulle hulleself alweer oor daar net een brood vir hulle groepie is?

“Julle wat oë het, sien julle dan nie? En julle het ore! Hoor julle dan nie? Verstaan julle dan nog nie?” Die manne is sprakeloos. En skaam!

Daardie bootvaart oor na Betsaida-Julius het waarskynlik in ‘n baie ongemaklike stilte plaasgevind, met ‘n klompie manne wat baie hard nagedink het oor wat Jesus so pas vir hulle gesê het. Is hulle dan geestelik blind vir alles wat hulle ondervind het?

En dan, by hulle aankoms in die dorp aan die oorkant van die meer, word daar nog sout in hulle wonde gevryf, want die eerste persoon waarmee hulle gekonfronteer word is júís ‘n blinde, so asof die geestelike blindheid waarvan Jesus so pas gepraat het, deeglik ingevryf word!

Jesus het die man aan die hand gevat en uitgelei uit die dorp uit, en toe “behandel” Hy die blinde se oë met spoeg. En skielik kon die man sien! Maar daar was ‘n probleempie, want al wat hy kon sien was vae beelde. Die mense het vir hom soos bome gelyk wat

rondloop. Ek dink die arme man se moed het in sy skoene gesak, want as dit was hoe hy van sy blindheid genees sou word, sou dit beslis nie baie gehelp het nie. Maar Jesus was nog nie klaar met hom nie: Hy het Sy hande oor die man se oë gehou, en toe Hy hulle weer wegvat, was die blinde se visie helder en normaal. Van stokblind na normaal. Wat 'n asemrowende wonderwerk!

Dit laat my dink aan die storie van Dereck se huiswerker. Hulle het agtergekom dat sy dinge omstamp en bloot baie onhandig is. Uiteindelik kom hulle tot die slotsom dat dit haar oë moes

wees. Hulle neem haar oogarts toe, en dié gee vir haar ‘n bril. En vir die eerste keer in haar lewe sien die vrou normaal. Sy het behóórlik gestraal! Sy kon nie glo wat met haar gebeur het nie. Maar daar was ‘n groot vraagteken op haar gesig. “Wat pla jou?” wou Dereck weet. Nee, sy wonder maar net: watter soort medisyne het hierdie man in die bril gesit dat sy nou skielik kon sien?!

Die twaalf manne saam met Jesus het ook medisyne vir hulle oë nodig gehad om behoorlik te kon sien. Nadat hulle ‘n ruk saam met Jesus was, het daar vir hulle

‘n flou liggie opgegaan. Hulle het besef dat hulle hier te doene het met ‘n baie spesiale Rabbi wat die wonderlikste goed kon doen en sê. Maar hulle visie was soos dié van daardie blinde na die eerste sessie, nog teleurstellend dof. Hulle kon die beweging sien, maar hulle kon Jesus nog gladnie herken nie. Daar sou eers iets baie spesiaal moes gebeur voordat hulle Jesus sou herken vir Wie Hy waarlik was.

O ja, daar was die oomblikkies van ‘n enkele flitsie, ‘n dowwe flikkering hier en daar, waar hulle slegs vir ‘n vlugtige oomblik gedink het dat hulle die ware

Jesus gesien het. Só ‘n oomblik het een dag aangebreek terwyl hulle van die een dorpie na die ander gestap het. Jesus het hulle totaal onkant betrap toe Hy vra: “Wie sê die mense is Ek?” Dit was ‘n maklike vraag, want hulle het mos gehoor hoe die mense Jesus beskryf as ‘n Profeet, of selfs as Elia. Herodus het selfs gedink dat Jesus Johannes die Doper was wat uit die dood verrys het. Absurd!

Maar toe slaan Jesus die manne se voete totaal onder hulle uit: “Maar julle, wie sê júlle is Ek?”

Dit was Petrus wat geantwoord het sonder om te dink. O, hy het

dit dikwels gedoen! “U is die Christus!” het hy homself hoor sê. Dit sou nog ‘n hele tyd neem vir Petrus om eers te besef wat hy daardie dag kwytgeraak het, en wat dit werklik beteken het!

Gelowiges gaan ook maar dikwels nés die dissipels met baie swak sig deur die lewe. Sien ons ooit vir Jesus raak vir Wie Hy werklik is? Besef ons ooit wat Jesus waarlik deurgegaan het om ons versoening te bewerkstellig? Ons sê so maklik, so ligtelik: Jesus het vir ons gesterf aan die kruis. Dink ons ooit wat dit werklik beteken? Besef ons deur watter hel Hy moes gaan tydens en voor

die aaklige dood? My gebed is dat elke gelowige daardie “bril met die medisyne” sal opsit en Jesus sal sien in Sy volle heerlikheid en dat ons so ‘n ietsie sal besef van daardie groot versoeningsdaad van Hom.

Gebed:

Here, maak asseblief hierdie dowwe geestes-oë van my helder.

# 38

# U is die Messias!

# Markus 8:27-33

**VIDEO * OUDIO**

Gister het Jesus die dissipels gevra wie hulle dink is Hy werklik? “U is die Christus,” oftewel die Messias, het Petrus onomwonde verklaar, sonder om tweekeer te dink. Hierdie is ongetwyfeld die hoogtepunt van Markus se verhaal, dus durf ons nie sommer so vlugtig hierdeur draf nie. In al die vorige hoofstukke het niemand nog na Jesus verwys as die Messias nie, buiten die bose geeste wat

mense se lewens beset het. Húlle was wél baie deeglik bewus daarvan wie Jesus werklik was, en hulle het in vrees en bewing geleef oor hierdie gedagte.

Maar wat presies het Petrus bedoel toe hy hierdie aardskuddende belydenis gemaak het? Vandag weet ons dat wanneer ons van die Christus of Messias praat, dan bedoel ons daarmee dat Hy die Seun van God, die derde Persoon van die Goddelike Drie-Eenheid is. Die Jode het dit ‘n bietjie anders verstaan. Hulle het nooit in hulle wildste drome kon dink dat God Persoonlik na die aarde sou kom

nie, dus het hulle vir hulleself ‘n prentjie geskilder van die beloofde Messias as ‘n baie besonderse Persoon, amper iemand soos die groot koning Dawid. Hierdie Messias sou ‘n nuwe tydperk vir die Joodse volk inlei, soos die profete dit voorspel het, ‘n tydperk van glorie en vrede. Moontlik is dit óók wat Petrus in gedagte gehad het. Party Jode het ook ander verwagtngs gekoppel aan die Messias, soos dat Hy nes koning Dawid wat die volk destyds verlos het van die Filistyne en ander vyande, ook nou die volk met mag sou verlos van die Romeine.

Jesus was wel deeglik bewus van wat Petrus en die ander gedink het. Daarom maak Hy ‘n baie dramatiese aankondiging, dat Hy lyding sou ervaar! Petrus wou sy ore toedruk toe Jesus in groot detail vir die manne begin vertel van die verskriklike lyding wat op Hom gewag het. Met afkeur het Petrus geluister hoedat die familiehoofde en die kerkleiers Jesus sou verwerp. Dit wou nie vir hom sin maak nie, want pas het hy ontdek dat Jesus die Messias was, en dan hoor hy van totale verwerping! Dit kon mos nie! Al die volksleiers móés die Messias mos aanvaar as Leier!

Dit het egter nóg erger geraak, want hy moes hoor dat hierdie Messias van hom doodgemaak sou word. Jesus noem inderdaad dat Hy drie dae later weer sou opstaan, maar díé gedagte het nie eers by Petrus geregistreer nie, want hy het dit gladnie verstaan nie. Jesus wou die manne laat verstaan dat Hy wél sou sterf, maar dat die dood nie die finale sê sal hê nie. Hy sou dus die dood finaal oorwin!

Hierdie was beslis nie hoe Petrus hom voorgestel het ‘n Messias moes wees nie. Jesus móés darem besef dat die Messias ‘n Leier by uitstek was, en beslis nie

‘n lydende figuur nie! As Petrus dalk die agtergrond gehad het van ‘n Skrifgeleerde, sou hy miskien geweet het dat daar dikwels in die Skrifte verwys was na regverdige mense wat swaar moes ly. Dan sou hy dalk besef het dat Jesus hierdie Groot Lydende Regverdige was. Petrus was egter maar net ‘n eenvoudige visserman!

Petrus het Jesus eenkant toe geneem waar die ander manne nie kon hoor nie, en sy Meester hard berispe. Hy moes darem nou begin besef dat as Hy die Messias wou wees, moes Hy die regte geluide maak! Het Hy dan

nie geweet wat die mense van die Messias verwag het nie?

Jesus het omgedraai, en terwyl Hy na die ander manne kyk, sê Hy vir Petrus hierdie skokkende woorde: “Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy dink nie aan wat God wil hê nie maar aan wat die mense wil hê.” Petrus het gevoel hoe die bloed sy gesig verlaat! Hy het gewens dat die aarde hom nét daar sou insluk. Hy kon sy tong afbyt oor die dinge wat hy kwytgeraak het. Ja, en dit sou ook nie die laaste keer wees wat Petrus sulke soort dinge sou sê sonder om eers behoorlik te dink

nie. Hy sou later nóg ‘n keer-of-wat sy tong wou afbyt......

Maar vandag is dit nie Petrus waaroor ons wil praat nie. Ons wil nie kyk na die prentjie wat hy van die Messias vir homself geskilder het nie. Hierdie verhaal vra van elke gelowige om introspeksie te doen. Hoe lyk die prentjie wat ék van Jesus, die Messias vir myself skilder? Is Hy waarlik vir my God Almagtig? Herken ek Hom as die Skepper van die heelal? Die Een wat sit op die troon en regeer oor alles en almal? Die Een vir Wie niks, absoluut NIKS onmoontlik is nie? Is Hy ook vir my die Alomteenwoordige - die Een wat

in die hemel regeer, en ook terselfdertyd hier by my teenwoordig is waar ek hierdie oordenking sit en lees? Skilder ek Hom ook as die Alsiende en Alwyse, die Een vir Wie ek nie kan wegkruip nie, en wat alles van my weet? Is Hy ook vir my die Een wat liefde ontwerp en vervolmaak het? Is Jesus waarlik die Een in my lewe wat my so onbeskryflik liefhet? Is Hy werklik vir my die Een wat luister na my, ten spyte van die patetiese wenslysies wat ek so dikwels vir Hom aframmel? Ja, Hy is nog baie meer as dit, want Hy gee intens om vir my en Hy hoor elke versugting van my hart.

Gebed:

Here Jesus, leer my asseblief Wie U waarlik is.

39

# Om Jesus te Volg

# Markus 8:34-9:1

**VIDEO * OUDIO**

Skok is duidelik te lees op die gesigte van die twaalf manne. Jesus het so pas vir hulle vertel van hoe Hy moes ly, en dat Hy totaal verwerp sou word, dat Hy selfs doodgemaak sou word!

“Wat gaan van ons word?” Hulle het gesien toe Petrus die Meester eenkant neem om met Hom te praat. Hulle het gesien dat daar harde woorde geval het. Hulle het ook gesien dat die spraaksame Petrus doodsbleek en woordeloos

was toe hy weer by hulle aansluit. Wat daar gesê is - Petrus wil nie praat nie. Maar dat hy hewig ontsteld is, is baie duidelik! En Jesus? Hy lyk steeds so kalm soos altyd, asof niks ooit gebeur het nie! “Hoe kry Hy dit reg?”

Jesus wink die skare nader. Hulle het alreeds weer in groot getalle begin saamdrom. Hy gaan sit op ‘n groot klip, en dan sê Hy: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg. Want wie sy lewe wil red, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My en die evangelie verloor, sal dit red.”

Die mense brom en kyk met vraende oë na mekaar. “Wat bedoel hierdie Rabbi dan nou? Wie sal dan nou iemand se volgeling word, net om sy eie lewe in gevaar te stel?”

Jesus vra egter nie van Sy volgelinge meer as wat Hy Sélf bereid is om te doen nie. Ons het reeds gehoor hoe Jesus Sy eie lyding beskryf het, en wat Hy bereid was om deur te maak. Messiasskap het van Jesus sy totale lewe gevra. Dit het absoluut géén ruimte vir eie belang gelaat of om eers aan Homself, Sy eie veiligheid of eie gemak te dink nie. Dit het van Hom gevra om

álles te gee om die Groot Versoening te bewerkstellig!

Toe Jesus dus van Sy volgelinge vra om hulleself te verloën en hulle kruis op te neem, was dit nie ’n onbillike versoek nie. Om jouself te verloën beteken om jou eie belange geheel en al opsy te skuif ter wille van Jesus. Om jou kruis op te neem, gaan nog ‘n stappie verder. Dit beteken dat jy nie alleen jouself bereid verklaar om swaar te kry nie, maar selfs bereid sal wees om die hoogste prys te betaal - om vir Jesus te sterf. As jy dus waarlik vir Jesus wil volg, moet jy baie duidelik besef dat daar nie noodwendig ‘n

gemaklike lewe op jou wag nie. Jou totale lewe moet gerig wees op die Evangelie en jy kan maar seker daarvan wees dat dit lyding tot gevolg sal hê.

‘n Baie goeie voorbeeld van iemand wat hierdie woorde van Jesus tot op die laaste letter uitgeleef het, was Paulus. Daar het vir hom ‘n baie goeie toekoms voorgelê. Hy was ‘n briljante jong man met ‘n redenasievermoë wat onge-ewenaard was. Hy sou waarskynlik op die Joodse Raad gedien het, en ‘n hoë posisie kon beklee as dit nie was dat hy gekies het om eerder vir Jesus te volg nie. En nét daar begin sy

kruistog! Hy is liederlik vervolg, gegésel, talle kere in die tronk opgesluit, gestenig, verwerp, uit die stad gejaag - en so kan ons aangaan. Uiteindelik het hy dan ook gesterf vir sy geloof. Paulus was ook nie die enigste nie - talle van sy tydgenote moes dieselfde prys betaal!

Waarom verwag Jesus so baie van Sy volgelinge? Hy verduidelik in verse 35 en 36 dat iemand wat alles gee om sy aardse besittings en lewe te verseker, maklik sy plek in die ewige lewe kan verloor. Wat is die belangrikste? Jou kortstondige lewetjie op aarde of ‘n lewe van ‘n ewigheid

in die hiernamaals? Dit sou dom wees om die ewige lewe prys te gee ten koste van ‘n plesierige aardse lewe!

Die probleem is dat dit in die praktyk nie ‘n maklike keuse is nie. Daar is van Jesus se volgelinge wat sal terugdeins vir Hom en Sy woorde en hulle sal skaam daarvoor. Maar dan moet hulle baie goed besef dat Jesus, wanneer Hy terugkeer, Hom ook sal skaam vir hulle!

Terloops, hierdie selfde woorde van Jesus word so dikwels misbruik in die sosiale media om jou skuldig te laat voel as jy nie ‘n sekere boodskap sou aanstuur

nie. Ek het ‘n kleintjie dood aan mense wat die Bybel so blatant, so skaamteloos misbruik!

Jesus sluit af met ‘n belofte wat vir baie mense al hoofbrekens gegee het: Dat sommige van die mense daar teenwoordig nie sou sterwe voordat hulle die Koninkryk van God sien kom het nie. Was dit ‘n fout? Jesus se wederkoms het dan nie plaasgevind nie? Daar is twee verklarings voor: Die eerste is dat daar ‘n wederkoms-verwagting by die gelowiges geskep is, iets wat ons vandag steeds het. As ons vandag die “tekens van die tye” lees, is ons nou nader as ooit aan

die wederkoms. Die tweede verklaring is dat Jesus verwys het na een of meer van ‘n paar baie belangrike gebeure. Die eerste was Sy verheerliking op die berg (Markus 9:2-8). Dit kon ook verwys na Sy kruisiging. Een van die belangrikste dinge wat dáár gebeur het, was die hoogtepunt toe die voorhangsel van die tempel geskeur het en die skeiding tussen God en die mens vir goed weggeskeur het. By daardie geleentheid het die Romeinse offisier bely dat Jesus die Seun van God is, ‘n groot waarheid wat selfs die dissipels nie kon snap nie!

Ek dink dat Jesus se woorde van elkeen van ons introspeksie vra. Hoe ver is ek werklik bereid om te gaan om Jesus te volg?

Gebed:

Here, maak my asseblief bereid om die volle pad vir U te loop.

## 40

# Verheerlik op die Berg

## Markus 9:2-8

**VIDEO * OUDIO**

Dit was nie ‘n baie goeie week vir Petrus nie. Jesus se woorde maal gedurig deur sy kop: “Moenie in my pad staan nie, Satan!”

“Waarom sê ek dan altyd die verkeerde dinge op die verkeerde plek? Sal my Meester my ooit vergewe?” Maar hierdie is nie ál wat vir Petrus pla nie. Hy het eintlik ‘n seer knop op die krop van sy maag oor Sy lyding. Die Jode gaan verskriklike dinge met Hom doen. En hulle gaan Hom

doodmaak! Petrus wil so amper dink dat hy tóg reg was om die Meester oor Sy uitlatings te berispe!

Petrus kyk op en dan sien hy Jesus se vriendelike gesig. Sy oë soek dié van Petrus. Hy wink Petrus nader. “Kom Petrus, kom saam!”

Hy sien Jakobus en Johannes by Jesus staan. “Waarheen gaan ons?”

“Ons gaan teen hierdie berg opklim, net ons vier.”

Die ander manne kyk hulle vraend agterna: “Waarom gaan

ons dan nie saam nie? Wat gaan julle daar bo doen?”

“Ek weet nie, ek dink die Meester gaan alweer bid….!”

Die klim is nie maklik nie. Los klippertjies gly gedurig onder Petrus se sandale uit en dreig om hom te laat val. In stilte streep die vier die steil berg op, met Jesus vooraan. Wanneer hulle feitlik héél bo is, gaan staan Jesus. Petrus kyk terug oor die asemrowende uitsig. Die stilte is oorverdowend, weg van die gedurige skares mense wat sy ore laat tuit. Alleen, net hulle vier. “Hier is ons seker baie naby aan die hemel,” wil hy sê, maar dan

bedink hy hom - netnou sê hy weer die verkeerde ding!

En dan raak Petrus bewus van iets wat besig is om te gebeur. Hy kry die gevoel dat God hier baie naby hulle is, so asof hy op heilige grond staan. "Ja, so het Moses seker gevoel toe hy daardie dag op die berg by die Here gestaan het!"

Wanneer Petrus omdraai, skrik hy hom yskoud. Sy Meester se gelaat het totaal verander, Sy gesig is skitterblink, en Sy klere - dit is onbeskryflik skielik witter as wit en glansend blink! Niemand het Hom nog óóit só gesien nie! Die drie manne staan sprakeloos

en hulle monde hang onbeskaamd oop.

“Wat is aan die gang?”

“Ek weet nie, maar hier is iets baie groot besig om te gebeur!”

Die manne bewe van angs, of dalk onsekerheid, verwondering, verbasing. Hulle verstandjies is te klein om te kan begryp wat besig is om te gebeur.

Maar dis nog maar net die begin! Die grootste kom nog!

Skielik, uit die niet verskyn twee baie ou, wyse manne en gaan staan weerskante van Jesus. Petrus moet homself knyp om seker te maak dat hy nie droom

nie – alles is só onwerklik! Die twee ou gryse manne lyk soos hemelwesens, en hulle het die voorkoms van wyse manne. Hulle klere gee die voorkoms dat hulle profete moet wees. Dan wéét Petrus: "Dis niemand anders nie as Moses en Elia daar saam met Jesus!" Die drie dissipels staan verdwaas en toekyk hoe die twee wyses met Jesus staan en gesels asof hulle ou vriende is!

Petrus is die eerste een wat sy spraak terugkry: "Rabbi, dit is baie goed dat ons hier is!" Hy babbel onbedaard met 'n stem wat bewe van aandoening en verwarring. "Laat ons drie hutte

hier bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia!"

(Markus se kommentaar op Petrus se uitlating, is dat Petrus beslis nie geweet het wat hy sê nie, want hy en sy twee maats was totaal verskrik.)

Maar nóg is dit nie die einde nie, want terwyl hulle verdwaas daar staan en kyk na die hemelse toneel wat voor hulle afspeel, hang daar skielik 'n swaar wolk oor hulle wat sy skaduwee oor hulle laat val. Dan kom daar 'n gesagvolle stem uit die wolk: "Dit is My geliefde Seun!"

Die manne krimp ineen van vrees! Hulle besef onmiddellik dat

dit die stem van God is, en hulle bewe van angs. “Sal ons dit ooit oorleef?”

Dan gaan die stem voort: “Luister na Hom!”

Meteens is alles verby. Die wolk is weg; die stem is weg; Moses en Elia is weg. Slegs die oorverdowende stilte van die berg bly oor. En die herinneringe aan die onvergeetlike dag se gebeure wat met vuur in die manne se geheue ingegrafeer is. Hoe kan hulle dit óóit vergeet!

Jesus wou die gordyne van die hemel net so ‘n skrefie ooptrek vir die binnekring van Sy dissipels. Hulle moes finaal besef dat Hy

nie daardie Messias was wat die Jode verwag het nie. Húlle verwagting was ‘n besondere Mens en sterk Leier. Jesus was egter véél meer as dit! Met Elia en Moses, twee baie gerespekteerde mense uit die Ou Testament wat alreeds in die hemel was, wou Jesus vir hulle wys dat Hy tuis was in die hemelse atmosfeer. En dan, daardie stem van God uit die wolk - daarmee wou God Persoonlik vir hulle kom sê dat Jesus baie meer was as net ‘n aardse Messias. Hy is inderdaad die Seun van God! Nou is daar absoluut géén twyfel meer nie. Maar daar was ook ‘n baie

duidelike opdrag: “Luister na Hom!”

Die boodskap van hierdie gebeurtenis is eenvoudig: Jesus is nie alleen die Lydende Messias wat moes sterf vir ons sondes nie. Hy is óók die Seun van God wat triomfantlik op die troon sit. Hy is in die hemel, en Hy regeer oor die heelal. Maar Hy is tegelyk ook in Sy alomteenwoordigheid hier op die aarde by ons. Vir Petrus se verstand was dit net te groot om te begryp. Ek verstaan dit ewe min en dit maak dat my verstandjie vasvries. Maar ek aanvaar dit in geloof.

Gebed:

Here, U Wese is gans te groot vir my verstand om te kan verstaan. Maar ek glo, Here!

41

# Wat van Elia?

# Markus 9:9-13

**VIDEO * OUDIO**

Petrus se lewe is soos ‘n skuitjie op ‘n rowwe see – een oomblik bo-op die kruin van die golf, die volgende weer héél onder, dan weer bó op die volgende kruin! Skaars het Jesus hom vertel dat hy in dieselfde kraal as die duiwel is, dan beleef hy weer ‘n eksklusiewe ontmoeting met Moses en Elia!

“Wat het ek gedoen om dit te verdien?” Petrus kan nie wág om onder te kom sodat hy die ander

kan vertel van hierdie ongelooflike ondervinding nie. Wow! Om vir Elia en vir Moses te kon ontmoet! Petrus gee ‘n wilde bokspring oor ‘n groot klip van pure uitgelatenheid. En om sy Meester se verheerliking te kon beleef - Sy glansende klere, Sy blink gelaat – kan jy dit óóit vergeet?! “Ek móét net gaan vertel! Die manne gaan só jaloers wees!”

Dan dink Petrus aan die stem van God uit die wolk. Daarvan wil hy liewer vergeet, hy was só bang!

Jesus lees Petrus se gedagtes. “Julle mag vir niemand vertel van wat julle vandag gesien het nie,

onder géén omstandighede nie!" Daar is ‘n groot dringendheid in Jesus se stem.

"Maar Meester, waarom nie?" Petrus is bitter teleurgesteld.

"Julle kan dit vertel nadat die Seun van die Mens uit die dood opgestaan het, dán moet álmal hiervan weet!"

Johannes fluister in Petrus se oor: "Wat bedoel Hy daarmee dat die Seun van die Mens uit die dood sal opstaan?"

"Ja, ek wil ook weet!" brom Jakobus. Petrus trek sy skouers op, hy verstaan óók nie. Hierdie

Meester van hulle praat soms in baie groot raaisels.

Jesus loop ‘n entjie voor die drie manne. Hy mag nie toelaat dat hierdie geheim, dat Hy die Seun van God is, nóú al uitlek nie. Die tyd is nog nie ryp nie. As die manne dit nóú moet uitblaker, sal dit die verkeerde uitwerking hê. Die kruisdood lê voor! Jesus sidder as Hy daaraan dink. Maar Hy durf nie daarvan wegskram nie, want daarsonder kan die versoening net eenvoudig nie plaasvind nie. As die geheim nóú uitlek oor Wie Hy waarlik is, sal dit die aandag aftrek van die kruisiging. Dit durf nie gebeur nie!

Baie mense is alreeds besig om Hom te sien as die Messias, maar hulle het die verkeerde idee van wie die Messias werklik is. Dit is só jammer dat hulle baie teleurgesteld gaan wees wanneer hulle moet sien dat hulle Messias nie is wie hulle dink nie. Ja, hulle sál die kruisiging moet sien, al die pyn en verskrikking daarvan beleef voordat hulle sal verstaan dat die Messias nie gekom het om in prag en praal te leef nie. Hy het immers nié gekom as 'n politieke regeerder en om die Romeine te verdryf nie. Die ware Messias het gekom om te ly!

Wanneer Hy eers uit die dood opgestaan het, dán kan en móét die geheim uitgebasuin word vir die ganse wêreld om te hoor! Dán kan hierdie drie manne by Hom, die manne wat Hy so innig liefhet ten spyte van hulle foute, maar vir álmal vertel van wat hulle vandag hier beleef het. Moontlik sal hulle dán ook verstaan waaroor dit alles gegaan het.

“Meester!” Petrus het ‘n gróót vraagteken op sy gesig. “Meester, waarom sê die Skrifgeleerdes dat Elia eers moet kom?”

Nou is die arme Petrus se verstand alweer deurmekaargekrap. Hier het hy

so pas vir Elia persoonlik gesien op die berg, maar waarom het Elia dan nie agtergebly nie? Moes Elia dan nie die pad vir die Messias voorberei het nie? Hy is nou séker dat sy Meester wél die Messias is, maar dan moes Elia mos saam met hulle afgekom het? En nou is hy terug hemel toe! Hy verstaan nie.......?

Jesus verduidelik dat die Skrifgeleerdes hééltemal reg is dat Elia eers moes kom. Maar dan beklemtoon Hy eers weer van die lyding wat die Messias moet deurmaak. Die manne bly so vashaak aan die “glorieryke Messias” dat hulle die ware feite

nie raaksien nie. Dus hamer Hy eers nog ‘n paar spykers in om hulle te laat verstaan. “Ek sê vir julle: Elia het reeds gekom en hulle het aan hom gedoen wat hulle wou, soos daar oor hom geskryf staan.”

Ja, die arme Johannes die Doper het dit nie maklik gehad as opvolger van Elia nie. En hy moes ‘n gróót prys betaal vir sy taak. Afgryslik hoe hy aan sy einde gekom het, maar ten minste was sy lyding nie lank nie. ‘n Vinnige swaard en alles was verby. Die vernedering van sy bebloede kop wat in ’n skottel voor al Herodus se spottende,

besope gaste tentoongestel is, is hom gelukkig gespaar, want toe was hy alreeds saam met sy voorganger, Elia in die hemel. In ‘n sekere sin het Johannes se lyding ook vooruitgewys na wat Jesus nog sou moes deurgaan voordat Sy aardse taak afgehandel sou wees.

Ons is vandag so bevoorreg om die ware feite te ken omtrent Jesus: Hy is die Seun van God en Hy is die Verlosser. Die vraag is egter of ons hierdie kennis waarlik in ons harte dra? Dit moet egter baie meer as net kennis wees! Dit moet ook vertroue wees en ‘n lewende verhouding. Omdat

ons weet Wie Jesus waarlik is, en in Hom glo, kan dit nie anders as dat ons geloof ‘n volle, onvoorwaardelike vertroue in Jesus, die Messias, die Seun van God, Skepper van die heelal asook ‘n lewende liefdesverhouding met Hom sal behels.

Gebed:

Here, U is alles in my lewe. Dankie dat U my innig liefhet ten spyte van al my foute!

42

# Jesus genees 'n Seun

# Markus 9:14-29

**VIDEO * OUDIO**

Petrus huppel die berg af. Hy kan steeds nie glo dat hy deel kon wees van hierdie wonderlike ondervinding op die berg nie. Hy het waarlik die hemel geopend gesien! Elia, Moses….! Hy brand om sy maats te vertel. Maar hy kan nie - Jesus het hulle belet om 'n woord hiervan uit te lap!

Petrus is egter skielik weer terug in die werklikheid as hy hom vasloop in 'n groot skare mense wat aan die voet van die berg vir

hulle staan en wag. Hy sien sommer: hier is groot moeilikheid! Sy maters word gepeper deur ‘n groep Skrifgeleerdes, en Petrus hoor net hier en daar van “Julle totale onvermoë” en “Waar is julle kamtige krag dan?” Wanneer die mense vir Jesus-hulle sien, hardloop hulle nader, hulle is baie opgewonde.

“Waaroor redeneer julle so met My dissipels?” Jesus is kalm.

‘n Man tree na vore en hy vertel vir Jesus van sy seun wat so verskriklik deur ‘n bose gees geteister word. Die arme kind kry epileptiese aanvalle, en dan vertrek sy lyf van stuiptrekkings.

“Hy het selfs al in die vuur geval,” huil die pa.

Dan moet Jesus hoor dat Sy dissipels baie hard probeer het om hierdie bose gees uit te dryf, maar hulle was magteloos. “Ongelowige geslag! Hoe lank moet ek julle nog verdra?” Jesus sug: hierdie manne kan net eenvoudig niks reg doen nie, en dit nadat Hy hulle dan so mooi geleer het! Hulle was selfs baie suksesvol toe Hy hulle uitgestuur het. “Bring hom na My toe!”

“As U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons!” Die arme man is desperaat!

“‘As U kan?’ Alle dinge is moontlik vir iemand wat glo!”

“Ek glo! Ek glo! Kom my ongeloof te hulp!”

Jesus beveel die gees om die seun te verlaat, en na ‘n paar hewige stuiptrekkings lê die kind doodstil.

“Hy is dood!” ‘n Geskokte fluistering dreun deur die skare. Daar sak ‘n doodse stilte neer oor die mense. Alle oë is gerig op die seun wat daar leweloos lê. Jesus buk en vat die seun aan die hand. ‘n Kreun van verwondering eggo deur die skare as die seun opstaan, blakend gesond en bevry van die bose gees!

Met hierdie beskrywing beklemtoon Markus net weereens wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het dat die Koninkryk van God nou baie naby gekom het. Dit kon vir die mensdom net iets baie goed beteken. Maar Markus wil ook twee ander sake uitlig wat van uiterste belang is: geloof en gebed.

Die dissipels se ongeloof is in die eerste plek verantwoordelik vir hulle onvermoë om die bose gees uit die seun te dryf. Jesus is moedeloos met hulle, want na ál die dinge wat Hy gedoen het en hulle geleer het, het hulle steeds nie die vertroue om die seun

gesond te maak nie. Ons het alreeds per geleentheid genoem wat geloof beteken, en dat dit nie alleen kennis is nie, maar dat dit hand aan hand gaan met ‘n onvoorwaardelike vertroue. Die dissipels was wel deeglik daarvan bewus dat hulle hierdie dinge slegs deur God se krag kon doen. Dit was nie húlle nie maar God Almagtig wat deur hulle gewerk het om genesing, of in hierdie geval, die uitdryf van ‘n bose gees te bewerkstellig. Die dissipels het egter nie die nodige vertroue gehad dat God hulle werklik kon gebruik nie.

Die tweede belangrike saak wat skoon by hulle verbygegaan het, is gebed. Toe die dissipels later vir Jesus uitgevra het waarom hulle nie die gees kon uitdryf nie, was Jesus se antwoord nie, soos ons sou verwag, dat hulle nie geloof gehad het nie, maar omdat hulle nie gebid het nie! Hulle het ‘n baie groot fout begaan deur hierdie bose gees in hulle eie krag uit die seun te probeer dryf. Jy kan die duiwel nie sonder handskoene aanpak nie, en allermins in jou eie krag! Jy gaan lelik tweedebeste daarvan afkom! Alleen, soos ons hier bo gesien het, in God se krag kan dit geskied. Om egter jouself as Sy

werktuig te stel, vra kommunikasie van jou kant af met God. En jy kommunikeer deur gebed.

Ek dink nie ons besef aldag die waarde en die krag van ‘n gelowige se gebed nie. En nou praat ek nie van die wenslysies wat ons dikwels aframmel nie, dis nie gebed nie! Gebed is ‘n innige, gelowige en intieme gesprek met God. In gebed kan jy dan ook jou totale afhanklikheid van God verklaar, en jouself in Sy hande plaas. Dit is blykbaar iets wat die dissipels gladnie gedoen het nie! Hulle het maar op hulle eie probeer voortploeter.

Vir ‘n gelowige het gebed verder ook ‘n groot waarde, dat dit die band tussen jou en die Here sterker maak. Hoe meer tyd jy in gebed spandeer, hoe meer raak jy bewus van die Here, en hoe meer plek gee jy Hom in jou lewe. En hoe meer dit gebeur, hoe meer besef jy jou totale afhanklikheid van Hom. Terselfdertyd besef jy ook dat Hy jou kan gebruik soos Hy wil. Dan begin jy ook besef dat Hy wonderwerke kan laat geskied deur jou te gebruik!

Gebed:

Here, leer my asseblief hoe om waarlik te bid, en my volle vertroue op U te plaas.

43

# Nederigheid

# Markus 9:30-37

VIDEO * OUDIO

Na die episode op die berg, het Jesus en die dissipels stilletjies na Kapernaum vertrek sodat niemand hulle kon sien nie. Dit was broodnodig dat hulle 'n bietjie kosbare alleen-tyd kon kry waar hulle vir 'n verandering 'n bietjie alleen kon gesels. En Jesus het dan ook die geleentheid benut om die manne te leer. Hulle was gedurig so besig om die skares te beheer en te versorg dat hulle nooit by hierdie noodsaaklike

onderrig kon uitkom nie. Dan noem Jesus so terloops: “Die Seun van die Mens word in die hande van mense oorgelewer, en hulle sal Hom doodmaak!”

Petrus wil sy ore toedruk. “Hoe kan Hy so ‘n ding wil sê?” Hy verstaan dit nie, en hy wil dit nie hoor nie. Jesus is dan so ‘n sagmoedige Mens, en Hy doen so baie goed vir ander. Maar dis daardie simpele Fariseërs, die skynheilige, witgepleisterde grafte! Eendag gaan hy nog ‘n onverantwoordelike ding doen as een van hulle weer sy Meester so probeer intimideer!

Petrus is só ontsteld oor Jesus se opmerking, dat hy skaars die res van die sin hoor: "Maar drie dae nadat Hy doodgemaak is, sal Hy opstaan."

Daar volg 'n doodse stilte. Die manne is te bang om iets te sê. Tomas fluister vir Petrus: "Wat bedoel Hy?"

"Nee, ek verstaan ook nie!"

"Vra Hom, Petrus!"

"Nee!" Die rowwe visserman weier botweg. "Ek maak nie wéér 'n gek van myself nie!"

Jesus kyk die twaalftal met weemoed aan. Hoe wens Hy dat Hy vir hulle die volle waarheid

kon uitlê. Maar dan gaan dit alles bederf. Nee, hulle sal wél na Sy opstanding verstaan, dis genoeg!

Die laaste entjie pad na Kapernaum loop Jesus voor en die manne bondel agter Hom aan. Jesus sien dat hier onheilige dinge broei en kook tussen die manne, maar Hy los hulle om dit uit te praat. Wanneer hulle rustig by die huis ontspan, vra Jesus onverwags: "Waaroor het julle langs die pad loop en praat?"

Skielik voel Petrus baie skuldig: "Ag nee, sommer niks nie Rabbi....." Hoe kan hy dan nou vir die Meester sê dat hulle eintlik 'n hewige stryery gehad het oor wie

van hulle die leier behoort te wees? Hy weet in sy siel dat hý eintlik die belangrikste onder hulle is, want wie moet elke keer die praatwerk doen? En wie is dit wat namens die ander die vrae moet vra as húlle iets wil weet? Hy! Petrus! En dan kom Judas en wil maak asof hý die belangrikste is omdat hy die beursie dra en hulle finansies moet behartig. Daar is iets in Judas se skelm ogies...... nee, dalk verbeel hy hom! En dan is daar Johannes, verbeel hom mos hy is slimmer as die res, en belangriker. Bogsnuiter! Skaars droog agter die ore!

Petrus se gedagtes word onderbreek: “As iemand eerste wil wees, moet hy laaste van almal en almal se dienaar wees.” Petrus word spierwit in die gesig as hy Jesus se beskuldigende woorde hoor. “Het Hy dan ons gedagtes gelees?” Hy is skoon lam geskrik.

Dan kom daar ‘n kindjie laggend by die deur ingehardloop, tussen die manne deur. “Loop speel buite!” raas een van die manne met hom. “Ons is hier besig met ernstige dinge!”

Petrus vererg hom bloediglik vir die kind. “Kinders hoort mos nie in grootmense se geselskap nie.

Waarom beheer sy ma hom nie? Hy moet maniere geleer word!" Hy is sommer vies vir hierdie onderbreking. Maar as die ma die kindjie wil gryp, sit Jesus Sy arm om die outjie en druk hom liefdevol vas: "Wie een van hierdie kindertjies in my Naam ontvang, ontvang My, en wie My ontvang, ontvang nie My nie, maar Hom wat My gestuur het."

Petrus is verslae. Dis ongehoord! Hoe kan die Meester Hom ophou met kinders? Hulle is net eiendom! Hulle is nog nie mense nie!

Ons skud die kop meewarig oor die twaalf se onkunde, en veral

oor hulle optrede. Markus se doel met hierdie vertelling is egter nie om die manne in ‘n slegte lig te stel nie, maar eerder om ons te laat nadink oor onsséIf. Hoe lyk my gesindheid?

Dalk het die manne méér rede gehad om dinge nie reg te hanteer nie, want hulle het nog gladnie verstaan waaroor dit gegaan het nie. Ons het vandag daardie kennis van kleintyd af geleer en ons lees dit steeds in die Woord. Ons hoor dit elke Sondag van die kansel af, maar steeds pas ons nie waarlik toe wat Jesus ons leer nie.

Vat nou maar die kwessie van leierskap. Hoe stry ons nie in elke situasie om die leier te wees nie, en om belangriker te wees as iemand anders. Hoe kyk ons nie só dikwels neer op ander nie! Armes, bedelaars, boemelaars, straatkinders - hulle is in ‘n “laer klas” en ons sien neer op hulle!

Jesus het prakties die voorbeeld gestel van hoe om, ten spyte van jou hoë posisie in die lewe, steeds die minste te wees, en jouself nooit hoër as enigiemand anders te ag nie. Kyk byvoorbeeld maar hoedat Hy die ongehoorde gedoen het en ‘n geselsie aangeknoop het met die

gehate Samaritaanse vrou. Só ‘n persoon het jy ten alle koste vermy! En Matteus die skelm tollenaar? Jesus het die onnoemlike gedoen en by hom gaan eet! Boonop was daar nog ‘n spul ander tollenaars en vuil sondaars ook by Matteus se partytjie!

Kom ons gaan leef daardie voorbeeld van Jesus vandag uit, en maak ‘n verskil in iemand anders se lewe.

Gebed:

Here, leer my asseblief wat ware nederigheid is. Help my om nederig te leef!

# 44

# Verdraagsaamheid

# Markus 9:38-50

**VIDEO * OUDIO**

Johannes kom uitasem aangehardloop: “Meester, hier is moeilikheid!” Die jong dissipel is hewig ontsteld! “Hier is ‘n ou wat bose geeste uitdryf in U Naam!” Jesus kyk Johannes aan met ‘n glimlag op Sy gesig, sonder om iets te sê. “Meester, U verstaan nie! Hy is nie een van ons mense nie!” Steeds reageer Jesus nie. “Ons het hom probeer keer, Meester - hy mag mos nie? Hy is nie een van ons groep nie?”

Johannes se geheue is baie kort, want kort tevore het hy en sy maters hande in die hare gestaan toe hulle sélf nie kon hond-haaraf maak met ‘n bose gees nie. En nou kom hierdie man wat nie eers deel van hulle eksklusiewe groep is nie, en hy dryf geeste uit. Hoe durf hy?!

Jesus sit sy arm om Johannes se skouers: “Wees rustig Johannes, moenie hom probeer keer nie. Wie nie teen ons is nie, is vir ons!”

Jesus leer die manne, én vir ons vandag ‘n paar waardevolle lesse in die lewe. Die eerste is verdraagsaamheid. Daardie man

wat bose geeste uitgedryf het, was wel nie een van hulle groep nie, maar die belangrike is dat hy dit in Jesus se Naam gedoen het, en nie uit sy eie krag nie. Hy was dus inderdaad óók ‘n volgeling van Jesus.

Ons is dikwels nes Johannes: ek dink my eie kerk is die enigste een wat waarlik al die regte antwoorde het! As iemand anders ook iets regkry, raak ek jaloers en skiet hom summier af! Hier in Ballito kom ‘n groep manne weekliks bymekaar rondom ‘n koppie koffie. Hulle verteenwoordig omtrent elke denominasie waaraan jy kan dink.

Nogtans bid en gesels hulle saam oor dinge wat gelowiges raak, dra mekaar se laste en bemoedig mekaar, alles terwyl hulle respek het vir mekaar se uiteenlopende sieninge oor geloofsake.

Jesus se tweede waardevolle les, is dat jy moet sorg vir die "kleintjies." Dis nou diegene wat swak is in die geloof. As sterk gelowige moet jy besonder versigtig wees hoe jy met so 'n persoon omgaan, en dat jy nie dalk met jou optrede veroorsaak dat hy struikel nie. Iemand wat jonk is in die geloof, is besonder broos, en hy kan baie maklik op 'n dwaalspoor beland. Jesus is só

ernstig oor hierdie saak, dat Hy vir die manne sê dat iemand wat so ‘n “kleintjie” laat struikel, liewer met ‘n “maalklip van 'n donkie” oftewel ‘n meulsteen om die nek in die see gegooi moet word. Met ‘n meulsteen om jou nek sink jy soos ‘n klip!

Derdens leer Jesus dat daar nie dinge in jou lewe mag wees wat verhinder dat jy Hom behoorlik volg nie. As jy Hom wil volg, is daar sekere opofferings wat jy noodwendig moet maak. Jesus gebruik natuurlik beeldspraak, en dit beteken nie letterlik dat jy jou hand moet afkap as dit jou laat struikel nie. Kom ons noem ‘n

voorbeeld: Jy word ‘n baie goeie betrekking aangebied met ‘n salaris waarvan meeste mense maar net kan droom en die voordele is fenominaal. Dit behels egter dat jy dinge moet doen wat teen Bybelse beginsels indruis. Wat sal jy doen? Oë toeknyp en daarmee voortgaan? Wat Jesus ons hier leer is dat dit beter is om so ‘n aanbod van die hand te wys en daarmee ‘n groot opoffering te maak, eerder as om die kans te staan om jou saligheid daardeur te verloor! As bevordering van jou vereis om jou beginsels prys te gee, moet jy dit liewer weier. En as dit kan maak dat jy dalk van die Here af kan wegdryf, dan

moet jy dit eerder van die hand wys. “En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit! Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van God in te gaan as om met twee oë in Gehenna gegooi te word, waar die wurm in hulle nie doodgaan en die vuur nie geblus word nie.” (Mar. 9:47-48)

Vierdens moet jy bereid wees om te ly. As ‘n jong seun, het ek grootoog staan en kyk hoe die plaasimplimente herstel word. Die yster is in ‘n warm vuur gloeiend rooi verhit. Dan word dit op ‘n aambeeld met ‘n hamer gekap sodat die rooi vonke spat. Stadigaan word dit gevorm totdat

dit skerp is en presies die regte vorm het. Maar die hitte maak ongelukkig die yster sag, sodat dit dan baie maklik gaan slyt wanneer dit gebruik word. Om dit weer hard te kry, word dit weer in die vuur gesit totdat dit rooiwarm is en daarna vinnig in yskoue water gedoop om dit te louter sodat dit hard en bruikbaar kan wees.

Op presies dieselfde wyse moet gelowiges bereid wees om die slae te vat. Dit is juis die pynlike dinge van die lewe, die vuur en hamerslae, wat jou geestelik vorm. Dan kom die "hardmaakproses" wat dinge soos

Bybelstudie en kursusse kan behels, want dis wat ons louter en geestelik sterk maak. Jy moet met ander woorde bereid wees om swaar te kry ter wille van Jesus en die Evangelie. Die bonus is dat dit jou geestelik laat groei.

Die vyfde les wat Jesus ons leer, is om vrede na te streef. Hy gebruik die beeld van sout. Sout gee smaak aan kos, maar sout maak ook wonde gesond en ontsmet dit. Gelowiges moet "smaak" gee aan hulle verhouding met ander gelowiges, en sodoende vrede bewaar tussen mekaar. Ons gelowiges het mekaar baie nodig, want ons

dra mekaar, bemoedig en leer mekaar en maak mekaar sterk. As die vredesband tussen ons verbreek word, kan dit rampspoedig wees, dus moet ons alles doen om ons verhouding met ander gelowiges “smaakvol” te hou.

Gebed:

Here, leer my ware liefde en verdraagsaamheid teenoor gelowiges wat anders as ek is!

# 45

# Egskeiding?

# Markus 10:1-12

VIDEO * OUDIO

Die twaalfjarige meisietjie se ma kom opgewonde ingehaas: “Ek het baie goeie nuus vir jou!” Dadelik is die kind die ene ore: wat is dit wat Ma so laat babbel? Dit moet iets baie groot wees! “My kind, jy gaan trou!”

Die arme meisie se hart gaan amper staan. Sy begin dan nou eers die lewe geniet! Sy is in die fleur van haar kind-wees, en nou moet sy trou! “Wie is hy, ma?”

Dan moet sy hoor dat dit die seun is van ‘n welgestelde veraf familielid wat in Jerusalem bly. Sy het hom nog nooit met ‘n oog gesien nie, nie eers van hom gehoor nie. “Hy is nog maar sestien jaar oud, maar sy pa sal goed voorsien,” babbel Ma opewonde voort. Die arme meisie het nie ‘n keuse nie! Pa het alreeds die onderhandelinge gedoen, en sy het géén sê daarin nie. Sy móét noodgedwonge voortgaan met die huwelik, al is daar géén sprake van liefde of romanse nie.

So het die meeste huwelike afgeskop in ou Israel, en so word

dit, terloops, nog steeds gedoen in sommige van die Oosterse lande. En dit was seker ook een van die groot redes waarom mense in daardie tyd wou skei. Onpas paartjies is teen hulle wil saamgegooi in ‘n huwelikskookpot. Om só ‘n huwelik te maak werk, het baie harde werk gekos.

Jesus en die twaalf manne was van Kapernaum af op reis na Jerusalem, die plek waar Jesus geweet het Sy grootste probleme sou wag. Hy het egter nie weg van God se plan vir Hom weggeskram nie, maar

doelbewus na die plek van Sy veroordeling gereis.

En dit is juis hier, op pad na Jerusalem, waar Jesus gekonfronteer word deur ‘n groepie Fariseërs. Hulle het ‘n eenvoudige vraag gevra, maar hulle het géénsins goeie bedoelings met hulle vraag gehad nie: “Mag ‘n man van sy vrou skei?” Hierdie is ‘n baie slim strikvraag, want daar was daardie tyd baie verskillende menings hieroor. Hulle wou Jesus dwing om standpunt in te neem, en wát Hy ookal sou antwoord, sou Hy op iemand se tone trap. Hulle het veral gehoop dat Hy Homself

téén die tradisie van die Ou Testament sou uitspreek. En natuurlik was daar ook politieke motiewe, want die arme Johannes het kort tevore sy kop verloor omdat hy dit durf waag het om die onderwerp aan te roer in Koning Herodus se teenwoordigheid.

Maar weereens het die Fariseërs nie met Jesus rekening gehou nie. Hy het hulle geantwoord met ‘n teenvraag: “Wat sê Moses?” Die manne het die Wet goed geken: In Deuteronomium 24 het Moses geskryf dat ‘n man wél sy vrou mag skei as hy iets “onbetaamlik” aan haar sou vind.

Maar die vraag is: wat presies beteken hierdie “onbetaamlik”? Die wetsgeleerdes het gestry dat die vonke spat oor wat Moses hiermee bedoel het. Die interpretasie het erg gewissel. Party het gemeen dat owerspel die enigste rede kon wees om te skei. Ander het geglo dat feitlik enige rede goed genoeg kon wees, soos as die vrou die kos verbrand het, of selfs as sy nie vinnig genoeg kinders kon voortbring nie, was dit vir sommige genoeg rede om te mag skei. Wette, wette en nogmaals wette! Dit is waarop hierdie manne se ganse lewe geskoei was.

Jesus se antwoord aan hulle was dat Moses egskeiding toegelaat het as gevolg van die hardheid van menseharte. En dan beklemtoon Hy hoe ontsettend belangrik God die huwelik ag.

As Jesus eenmaal deel van jou lewe geword het en jy Sy vryspraak ervaar het, mag jy nie meer toelaat dat jou lewe oorheers word deur allerlei reëls, regulasies en wette nie. Dan doen jy wat vir God aanneemlik is, om Hom te eer. En omdat God die huwelik as so belangrik sien in ‘n gelowige se lewe, sou dit verkeerd wees om te skei, nie omdat Moses of die een of ander

wet so sê nie, maar bloot omdat dit vir God belangrik is.

Wat beteken dit in die praktyk vandag?

Vir ‘n begin moet ongetroudes baie versigtig wees oor die kies van ‘n lewensmaat. Dit mag nie sommer ligtelik gedoen word nie. As ons nie van ons huweliksmaat hou nie, skei ons mos maar net weer en kies iemand anders! Almal doen dit mos......

Wanneer jy eenmaal getroud is, kos dit harde werk om die huwelik te maak werk. Ons moet ernstig en positief daaraan werk om God se bedoelinge vir ‘n huwelik na te streef en uit te leef.

Wat daarvan as daar probleme kom, en ‘n egskeiding dreig? ‘n Gelowige skei alleen as daar géén ander uitweg is nie. Gaan vir berading, en gaan woon ‘n huweliksverrykings geleentheid by. Doen alles moontlik in jou vermoë om die huwelik te red. Hou altyd in gedagte wat God se gevoel is oor die huwelik.

En wat daarvan as jy reeds geskei is? Vergeet van die verlede. Ja, dit is verkeerd om te skei. Net so is dit verkeerd om ‘n leuen te vertel of te skinder. Dit is nie ‘n onvergeeflike sonde nie! Aanvaar God se vergifnis en gaan aan met jou lewe. Hiermee

wil ek nie sê dat ’n egskeiding sommer ligtelik opgeneem kan word nie! Inteendeel, enige beplande sonde is ernstig. Jy kán weer van voor af begin en ‘n nuttige Koninkryksburger word onder leiding van die Heilige Gees, al is jy geskei.

Gebed:

Here, gee my asseblief die krag en wysheid en wil om my huwelik lewendig te hou.

46

# Jesus en die Kindertjies

## Markus 10:13-16

**VIDEO * OUDIO**

In die Nuwe Testamentiese tyd was kinders, veral seuns belangrik binne gesinsverband, maar daar buite was hulle bloot gesien as die pa se eiendom, dus héél aan die onderpunt van die sosiale leer. G'n ordentlike Jood sou enige aandag gee aan 'n kind nie, en as jy boonop nog die status van rabbi gehad het, sou jy jou gládnie aan 'n kind steur nie!

Met dit in gedagte gehou, vou 'n toneel voor ons oop waar Jesus

besig is om met ‘n klomp mense te praat. En dan gebeur die onvermydelike, dat iemand dit in haar gedagte gekry het om Jesus vir haar kinders te wys. Hulle voel dadelik aangetrokke tot hierdie vriendelike Man, en die vrou laat hulle toe om na Jesus toe te gaan. Die manne sien dit, en hulle skrik hulle yskoud: “Nee, dit mag nie! Ons durf nie toelaat dat ons Meester se kosbare tyd so gemors word deur nikswerd kinders nie!” Summier word die kinders verwyder, en die ma word behóórlik die hare gewas oor hulle onsinnige optrede. Sy wéét mos dit mag nie! Kinders het mos nie plek hier by hulle Meester nie!

Maar Jesus voel anders oor die saak - Hy is verontwaardig oor die manne se optrede en Hy roep die kinders terug. “Moenie hulle keer nie,” vermaan hy die manne, “die Koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.” Jesus laat Hom nie bind deur sosiale norme nie. Die manne is gladnie gelukkig nie: hoe kan hulle Meester so laag daal? Elke Jood weet tog dat kinders nog nie eers die eerste sport van die sosiale leer bereik het nie. Hy is besig om so reg in die hande van die Fariseërs te speel.

Jesus lees hulle soos ‘n boek: “Wie die koninkryk van God nie

soos 'n kindjie ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie.” verduidelik Hy vir die gebelgde manne.

Daarmee trek Hy die kindertjies liefderyk nader en sit Sy arms om hulle en seën hulle. Vir die eerste keer in hulle lewetjies voel hulle dat hulle iewers behoort!

Hierdie gebeurtenis gee vir Jesus die geleentheid om vir die mense iets baie belangrik te leer: ALMAL is vir God belangrik! Dit is van uiterste belang dat gelowiges veral aandag moet gee aan diegene wat gewoonlik geminag word. Hulle het dit soveel meer nodig as enigiemand anders!

Het jy dit al ooit ondervind hoe iemand wat ‘n klap van die lewe weg het, blom wanneer jy aan daardie persoon aandag gee? Hom laat voel dat hy óók íémand is, en dat hy ‘n volwaardige mens is? Iemand se Jesus-optrede kan vir onwaardige mense hulle menswaardigheid teruggee en hulle laat blom! Ja, natuurlik is daar baie kansvatters in die lewe wat op jou gevoel speel, maar wie is ek om te oordeel? Die suksesverhale van mense wat selfs boemelaars en uitgeworpenes ‘n tweede kans in die lewe gee is legio, en een enkele geval maak dit deur en deur die moeite werd!

Dit is moeilik vir ons om die situasie van daardie tyd in te dink. Vandag is kinders nie meer so 100% afhanklik van hulle ouers nie. Vroegoggend is hulle al in die skool in die sorg van onderwysers. Daarna is dit weer die sportafrigter wat na hulle omsien en Sondae die Sondagskoolonderwyser wat hulle van die Here moet leer. Ouers sien hulle dikwels net saans! Daardie jare was dit anders: Kinders was totaal afhanklik **ALLEEN** van hulle ouers. Natuurlik het hulle wél binne die gesin 'n status gehad. As dit nie vir die ouers se

goedgesindheid was nie, was ‘n kind op sy eie totaal verlore!

Dalk is dit juis hierdie gedagte wat Jesus by die mense wou tuisbring, dat gelowiges moet begin besef dat ons nét so afhanklik is van God soos wat daardie kinders was van hulle ouers. ’n Paar jaar gelede was ek dééglik aarde toe gebring toe ál my aardse sekuriteite van my weggeneem was, en ek prakties moes ondervind hoe dit voel om gestroop van alles voor die Here te staan in volle afhanklikheid. Ek het nie geweet waar ek ‘n blyplek sou kry nie, want sonder ‘n inkomste kon ek nie daarvoor

betaal nie. Die Here het voorsien. Toe daar nie geld vir kos of brandstof was nie, het Hy elke keer op die mees verrassende wyse voorsien. Maar ek moes leer om ten volle afhanklik van Hom te wees. Dit is veral moeilik om jou afhanklikheid van die Here te besef as dit finansieel met jou goed gaan.

Dis egter nie net op stoflike gebied waar ‘n mens jou afhanklikheid van die Here moet besef nie. Ook op die geestelike terrein is dit ewe belangrik. Iemand sê eendag vir my: “Ek sal kerk toe gaan wanneer ek die behoefte voel.” Die probleem is

dat ‘n mens daardie behoefte al minder en minder voel. Soms moet jy jouself dwing om in die kerk te kom, Bybel te lees of te bid. As jy vir jouself die dag sê: “Vandag het ek dit nie nodig nie,” dan beweeg jy op baie dun ys. Dan wil jy in werklikheid sê: “Ek het die Here nie rêrag nou nodig in my lewe nie!” Ons moet baie deeglik besef dat ons nie vir ‘n enkele oomblik kan bestaan sonder die Here nie.

My gebed vir jou vandag is dat jy elke oomblik van die dag jou afhanklikheid van die Here sal besef!

Gebed:

Here, gee my ‘n hart en ‘n passie vir diegene wat laag is op die sosiale leer.

# 47

# Die Ryk Jongman

# Markus 10:17-31

**VIDEO * OUDIO**

Gister het ons gehoor dat jy maar net jou volle afhanklikheid van God moet besef, dan is jy op die regte pad. Maar nou hoor ons vandag die teendeel, dat dit vir iemand wat ryk is, uiters moeilik is om in die hemel te kom. Let wel: nie onmoontlik nie, net MOEILIK!

Na die insident met die kindertjies, maak Jesus klaar om hulle reis te hervat na Jerusalem. Op daardie oomblik kom daar ‘n jong man uitasem

aangehardloop. Aan sy klere kan ons sommer sien dat hy baie welaf is – duur ontwerpersklere. Hy kom val voor Jesus neer op sy knieë: “Goeie Meester, wat moet ek doen sodat ek die ewige lewe kan erf?”

Baie mense het my al daardie selfde vraag gevra! Dit is ‘n wonderlike voorreg as iemand jou só kom vra! Wat ‘n heerlike voorreg om met so ‘n persoon die evangelieboodskap te kan deel!

Ons het nou al gewoond geraak dat wanneer iemand Jesus ‘n vraag kom vra, dan is daar bymotiewe. Hulle wil Hom probeer vasvra of uitlok om iets te

sê wat Hom in die moeilikheid sal laat beland. Hierdie man is egter anders as die Skrifgeleerdes en Fariseërs, want hierdie vraag kom diep uit sy hart uit sonder énige bymotiewe. “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, en dit is God!” Dit wil amper lyk asof hierdie man besef wie Jesus werklik is, dat Hy die Seun van God is en nie soos die meeste mense gedink het dat Hy slegs ‘n profeet is nie.

“Jy ken die gebooie, ‘Jy mag nie moord pleeg nie; jy mag nie egbreuk pleeg nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie vals getuig nie; jy mag nie bedrog pleeg nie;

eer jou vader en jou moeder.'" Dit wil amper lyk asof Jesus vir hom wil sê dat jy maar net die gebooie moet onderhou om in die hemel te kan kom. Die jongman reageer heftig. Ja, hy maak dit sy taak om al die gebooie stiptelik na te kom, sommer al van kleintyd af. Ons kry die gevoel dat hy sommer 'n toegewyde gelowige is wat sy volle gewig ingooi in die kerk. Markus vertel dat Jesus hom baie liefgekry het oor sy toewyding.

Maar dan ruk Jesus die dam skoon onder die eend uit: "Een ding kom jy kort – gaan verkoop alles wat jy het en gee dit vir die armes, en jy sal 'n skat in die

hemel hê. En jy, kom hier, volg My."

Jesus se voorwaarde is nou net eenmaal té groot vir die man. Hy het die ware begeerte om die ewige lewe te kry, maar sy besittings weeg hééltemal te swaar. Dis té veel gevra!

Wanneer Jesus van hom hierdie opoffering vra, sit Hy nie 'n elfde gebod by die tien nie. Nee, Hy vra van die man 'n totaal ander soort godsdiens. Sou hy bereid wees om sy sekuriteit op te offer? Sou hy bereid wees om op te hou om staat te maak op sy eie prestasies, en alleen op God te vertrou? Sou hy bereid wees om

die eiendom en luukshede waarvoor hy so hard gewerk het sy lewe deur, net eenvoudig weg te gee en in totale afhanklikheid van God alleen te leef?

Dis hééltemal te veel gevra, en hy draai om en stap bedroef weg. Sy besittings het die oorhand gekry oor sy lewe. Wanneer Jesus hom kop onderstebo sien wegstap, sê Hy vir die manne: “Hoe moeilik sal hulle wat rykdom het, in die koninkryk van God ingaan!”

Die dissipels is verbysterd: “Wie kan dan óóit gered word?”

Die Jode het rykdom gesien as die beloning vir ‘n goeie lewe. Kyk net byvoorbeeld hoe Job van

ouds beloon was nadat die duiwel sy goed weggevat het en hy steeds bly glo het. Die Here het hom dubbel teruggegee wat hy verloor het! Ryk Jode het dan ook baie aalmoese gegee en betaal vir die instandhouding van die sinagoge, met die gevolg dat die gedagte ontstaan het dat sulke voorbeeldige ryk mense 'n baie beter kans het vir die hemel as gewone arm mense. Daarom is die dissipels so ontsteld, want as die rykes dit nie kan regkry om in die hemel te kom nie, dan sal die gewone man mos nooit óóit 'n kans hê nie!

Maar dan verduidelik Jesus: “By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie, want by God is alles moontlik.” As jy bereid is om alles te laat staan, sal jy uiteindelik baie meer terug kry. Jy word in die eerste plek deel van God se gesin, maar ook in die hiernamaals sal jy ryklik beloon word.

Die vraag is: Moet ons Jesus se uitspraak letterlik opneem? Wat wil Hy vandag vir jou en my sê? Ons leef in ‘n gemeenskap wat absoluut ingestel is op sekuriteit. Ons spandeer groot geld aan polisse en pensioenfondse. Ons belê in duur eiendomme.

Uiteindelik voel ons tevrede met onsself as ons kan terugsit en sê dat ons alles het wat nodig is. Ongelukkig is dit gewoonlik juis daardie sekuriteit wat maak dat ek vergeet van my afhanklikheid van die Here. Die vraag is of ryk mense dan verlore is? Kan enigeen hoegenaamd gered word?

Wat vir ons dikwels onmoontlik lyk, is by God moontlik. Hy kan enige mens se hart verander. Hy kan jou laat besef dat jou kosbare besittings slegs leen-geskenke is van Hom, geskenke waaraan jy nie jaloers moet vasklou nie, maar jy moet dit deel met ander

wat nie daardie voorreg het nie. Wanneer jy die dag jou hand so begin oopmaak, sal jy geestelik baie meer terugkry as wat jy weggegee het.

Gebed:

Here, leer my asseblief hoe om waarlik met my besittings om te gaan!

# 48

# Ereplek in die Koninkryk

# Markus 10:32-45

**VIDEO * OUDIO**

Daar hang ‘n donker wolk oor die twaalf manne. Die pad is moeilik, en hulle moet draf om by Hom te bly. Dit voel vir hulle asof iets Hom dryf. Die Meester het gesê dat hulle Jerusalem toe moet gaan, en toe begin Hy stap. Hy loop ver voor hulle uit, en die manne is baie bekommerd. Om van Kapernaum af tot by Jerusalem te kom, is beslis nie ‘n maklike pad nie. Dit is omtrent 130km se stap, maar dit is nie die

lang afstand wat dit moeilik maak nie, dit is die verskriklike klim. Van Kapernaum, ‘n kusdorpie aan die see van Galilea, stap jy al in die Jordaanvallei af tot by Jerigo, een van die laagste dorpe op aarde - 170m onderkant seevlak. Vandaar is dit berg-op na Jerusalem, meer as 700m bo seevlak. Dit is dus byna ‘n kilometer se vertikale klim oor ruwe en uiters gevaarlike terrein, ‘n bergwoestyn met moeilike paaie.

Maar steeds is dít nie wat die manne so pla nie. Hulle nagmerrie is dat hulle wéét dat daar baie groot moeilikheid wag

in Jerusalem. Die wetsgeleerdes het hulle mes in vir hulle Meester. Wat met Hom gaan gebeur, wil hulle liewers nie oor dink nie. Dit is dus ‘n baie bekommerde twaalftal wat ‘n ent agter Jesus aanstoom, die gevaarlike berge op.

Wanneer hulle vir ‘n bitter nodige blaaskansie uitspan, verduidelik Jesus vir hulle die erns van die saak. Ja, hulle ís op pad na Jerusalem. En ja, Hy wéét dat die wetsgeleerdes daar vir Hom wag. Om hulle gemoed nog meer te vertroebel, vertel Hy vir hulle dat Hy daar oorgelewer gaan word aan die priesterhoofde. Nog

erger: Hy gaan aan die heidene uitgelewer word, en hulle gaan Hom ter dood veroordeel. Die Meester berei hulle dééglik voor op alles wat met Hom gaan gebeur in Jerusalem, ook dat daar ‘n bespotting van Hom gemaak sou word, dat mense op Hom sou spoeg uit afsku en dat hulle Hom sou slaan en uiteindelik doodmaak. Dit moes verskriklik gewees het vir Jesus om presies te weet wat op Hom wag - watter hel Hy sou moes deurmaak!

Die manne luister, maar dit wil nie insink nie. Alles is so verskriklik onwerklik. Hulle het sulke groot

verwagtinge van Hom gehad. Hulle het selfs gedink dat Hy die groot Messias is wat hulle van die Romeine sou bevry. Maar nou vertel Hy hulle hierdie verskriklike dinge. Dit maak nie sin nie! Hulle hoor nie eers as Jesus hulle vertel dat Hy weer sal opstaan uit die dood nie. Drie dae nadat hulle Hom doodgemaak het, sal Hy weer lewe! Maar dit sink nie in nie. Die verskrikking van die dood is vir hulle ‘n ondeurdringbare muur sodat hulle gladnie die lewe ná die dood kan raaksien nie!

Is dit nie dikwels ook maar vandag so met ons nie? Die dood is vir ons só ‘n verskriklike

finaliteit, dat ons verstand nie kan begryp dat die dood maar slegs ‘n deur is na die ware lewe nie.

Maar dan is dit weer tyd dat hulle moet aanstap en weereens is dit Jesus wat voor hulle uit loop en die manne wat moet sukkel om by te bly. Die twee broers, Jakobus en Johannes loop en konkel: daar is ‘n diep gesprek tussen hulle en die ander kan sien dat iets nie baie kosjer is nie. Dan draf die twee vorentoe tot by Jesus. “Meester, ons het ‘n versoek,” hyg hulle na hulle asem. “Wanneer U as Koning heers, wil ons weerskante van U langs U troon sit!” Baie duidelik

verstaan hierdie manne gládnie waaroor dit gaan nie. Het hulle dan nie gehoor wat Jesus hulle die hele tyd probeer leer het nie? Dit gaan vir hulle om ereposisies, hier op die mees kritieke tyd in Jesus se lewe!

Jesus sê ook dan dadelik vir hulle dat hulle nie besef wat hulle vra nie. Hulle vra eintlik dat hulle saam met Hom sal ly en sterf. Sien hulle kans daarvoor? Sien hulle werklik kans vir die kruis en alles wat daarmee saamgaan? "O ja, hulle sien kans daarvoor!"

Baie duidelik het die twee nie die vaagste idee waarvan Jesus praat nie. "Die beker wat Ek drink,

sál julle drink!” Ja, Hy weet alreeds dat hulle wreed gemartel sou word jare later en dat hulle óók baie sou ly vir die Evangelie. Maar oor die ereposisies - nee, dié sou hulle nie toegestaan word nie. God alleen kan bepaal wie dáár sal sit.

Ons weet vandag nie wat met Johannes gebeur het nie. Ons kan maar net raai dat hy om die lewe gebring is. Jakobus is deur koning Agrippa laat doodmaak.

Die manne is verontwaardig oor die twee broers se arrogante versoek. Jesus roep hulle nader, en praat baie ernstig met hulle. Hy verduidelik dat daar by

gelowiges nie dieselfde soort leierskapstelsels werk as by die wêreld, waar iemand baas is nie. Magsmisbruik gebeur net eenvoudig nie onder gelowiges nie! By gelowiges is daar eerder kompetisie oor wie mekaar kan dien! Die groot sleutelwoord is DIENS. Jesus is die voorbeeld vir alle gelowiges. Hy het Sy lewe daaraan gewy om te dien - dit sien ons regdeur Markus se verhaal. En dit is wat elke gelowige moet nastreef!

As ons deur die stowwerige blaaie van die kerkgeskiedenis blaai, sien ons dat daar maar baie min tot reg gekom het van Jesus

se lering en dat daar baie stryd was om die hoogste leierskapsposisie. Vandag gebeur dit steeds dikwels. Die tyd het aangebreek dat ons nou meer as ooit Jesus se woorde ons eie sal maak en dat ons as gelowiges ons daarop toelê om mekaar te dien eerder as om leiers in ereposisies te wil wees.

Gebed:

Here, leer my asseblief hoe om waarlik te dien.

49

# Bartimeus, die Blinde

## Markus 10:46-52

**VIDEO * OUDIO**

Agter Petrus lê die stad Jerigo, volgens sommige mense die oudste stad op aarde. Die stad is geleë in die Jordaanvallei, naby die bopunt van die Dooie See. Petrus se hart krimp ineen as hy die stad agterlaat, want voor hulle toring Jerusalem se berge uit. Dit is ‘n steil klim wat voorlê, maar dit is nie wat hom pla nie - dit is dít wat vir hulle in Jerusalem, die stad van Dawid wag, wat hom koue rillings gee. Gaan hulle daar

almal saam met die Meester doodgemaak word? Hulle groepie word gevolg deur ‘n groot skare mense, almal wat Jesus wil hoor, of wat hoop om dalk van die een of ander kwaal genees te word. Dalk hoop hulle om die een of ander asemrowende wonderwerk te sien!

Maar Petrus se gedagtes is lankal nie meer by die skare wat hier rondom hom raas nie: “Die stad van Dawid!” stroom dit deur sy gedagtes, “Hoe wonderlik moes dit nie wees om in daardie groot koning se tyd te kon lewe nie!” In sy geestesoog stap hy deur die stad. Hoe lief is hy nie vir daardie

antieke ou stad met sy manjifieke mure nie. En dan is daar natuurlik die asemrowende tempelgebou. Elke keer as hy dit sien, snak hy na sy asem en trane van aandoening stroom oor sy bebaarde wange. Dat Herodus hierdie tempel gebou het, sal hy maar liewer vergeet…...

Petrus herinner homself daaraan dat hy eenmaal ‘n preek gehoor het waar die Skrifgeleerde gepraat het oor Esegiël. Daardie profeet het gesê dat die Here Sy dienaar, Dawid sou stuur om as Herder te dien oor Sy kudde. En toe sê die man dat Esegiël eintlik bedoel het dat hierdie “Dawid” die

Seun van Dawid, die Messias is! "Is ons Meester nie dalk hierdie einste Seun van Dawid nie?" wonder Petrus vir die sovéélste maal.

Hulle bereik die buitewyke van Jerigo, en dan klink daar 'n stem op iewers langs die pad: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!"

Petrus glimlag: "Is dit nou nie toevallig nie?" Ja, hy onthou nog dat daardie ou Skrifgeleerde die dag gesê het dat die "Seun van Dawid" 'n nuwe tydperk sou inlei vir Israel, en dat Hy nie net sou regeer nie, maar siekes sal gesond maak en blindes genees.

“Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!” Die stem klink al harder en dringender langs die pad op.

Petrus kan die man nie sien nie - daar is te veel mense, maar hy begin nou half irriterend raak! “Aag bly tog stil!” hoor Petrus iemand die man toesnou. Maar hy roep net al harder: “Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!”

Die Meester gaan staan, en dan draai Hy om. “Hier kom ‘n ding!” dink Petrus. “Roep hom nader.” beveel Jesus die mense.

Petrus hoor iemand fluister: “Dis Bartimeus. Hy sit al jare lank hier en bedel.”

“Ken jy hom?” vra sy maat.

“Ja, dis een van Timeus se seuns - stokblind, die arme drommel. Nog nooit ‘n oortjie in sy lewe kon verdien nie. Hy lewe net van bedelgeld.”

“Ag foeitog!” fluister sy maat. “Wat ‘n lewe!”

“Hou moed, Bartimeus,” hoor Petrus iemand skree, “hou moed, Jesus roep jou!”

‘n Gangetjie maak tussen die skare oop as Bartimeus nader gelei word. Hy bewe van opgewondenheid. Sy dag het uiteindelik gekom! Hy het al só baie van hierdie Jesus gehoor, en

nou kan hy uiteindelik die Man persoonlik sien. Sien? Wel.......

“Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” hoor hy Jesus vra.

Met ‘n stem wat bewe van aandoening vra Bartimeus: “Rabboeni, dat ek kan sien!” Dis al wat hy begeer in die lewe, om maar net te kan sien. Om ook normaal te kan wees soos ander mense en om vir ‘n gesin te kan sorg. O, hoe smag sy hart nie daarna nie!

Jesus se woorde slaan hom tussen die oë - letterlik! “Jy kan maar gaan. Jou geloof het jou gered.”

Die volgende oomblik gaan daar skielik ‘n lig op vir Bartimeus. Hy sien! Sy oë is normaal soos enige ander man s’n! Petrus se mond hang oop van verwondering, hoeveel keer het hy nie al hierdie asemrowende wonderwerke aanskou nie, en steeds is elkeen vir hom nuut en vars en vul hom met verwondering!

En Bartimeus? Nadat hy vir baie jare op een ou kolletjie moes sit en bedel, los hy sy bedelbekertjie nét daar en huppel agter Jesus aan. Hierdie Man móét hy net eenvoudig volg! Hy ís immers die Seun van Dawid, die beloofde Een!

Markus wys ons op meesterlike wyse hoe ‘n mens werklik moet glo. In die eerste plek beteken dit dat jy daardie verwagting moet hê dat Jesus daardie situasie waaraan jy sélf niks kan doen nie, wél kan verander. Tweedens beskryf hy hoe geloof hindernisse oorkom. Die mense wou Bartimeus stilmaak, maar hy het aangehou. Hy kon Jesus nie eers sien nie, maar hy het geroep. En derdens wys Markus dat geloof daartoe lei dat jy Jesus volg. Bartimeus het letterlik agter Jesus aangeloop na Jerusalem. As gelowige moet ek en jy bereid wees om Jesus te volg op die geestelike pad na “Jerusalem”,

waar swaarkry en vervolging dalk deel van ons lewens kan wees - lyding ter wille van die Evangelie. Is ons werklik bereid?

Gebed:

Here, maak my asseblief bereid om U te volg, al beteken dit ook swaarkry, lyding en vervolging!

# 50

# Die Intog

# Markus 11:1-11

**VIDEO * OUDIO**

Petrus se hart klop in sy keel. Hier vanaf die dorpie Betanië, ‘n klein entjie van Jerusalem, sien hy die indrukwekkende mure van die ou stad uittroon. Tussen hulle en Jerusalem is daar nog ‘n dorpie wat hulle eers moet deur, Betfage. Die skare mense rondom hulle begin al hoe meer opgewonde raak. Daar broei ‘n gevoel van afwagting, asof hier vandag iets baie groot gaan gebeur. Skielik tref die gedagte

Petrus, dat Jesus gewaarsku het dat hulle hom gaan doodmaak. Maar dit kan tog nie wees waarom almal so opgewonde raak nie? Dis seker maar net die naderende Paasfees! Dís wat almal só laat rondtrippel, dis die Paasfees! Petrus kan egter maar steeds net nie ontslae raak van hierdie verskriklike knop op sy maag nie. Hy voel aan dat iets verskriklik gaan gebeur!

Van Betanië af is dit ’n skotige opdraende na Betfage. Jesus roep twee van die manne nader. Hulle kry die opdrag om ‘n donkievul in die dorpie te gaan haal vir Hom. Hulle sal die dier

kry waar hy vasgemaak is. En as iemand dalk wil weet waarom hulle die donkie vat, moet die manne bloot sê dat die Here hom nodig het.

“Nou wat sou die Meester met ‘n donkie wil maak?” wonder Petrus. Hier klim hulle al vir ‘n volle dag lank berg, en nes hulle die héél laaste bultjie kry, dan wil Hy opsluit ‘n donkie hê om op te ry. Dit maak nie sin nie! Maar as hy mooi dink, dan maak net mooi niks meer vir hom sin nie. Waarom moet al hierdie dinge gebeur? Waarom wil die Meester so reg in die slagyster inry? En dit nogal op ‘n donkie?

Hulle het die donkie gekry nes Jesus voorspel het, en toe hulle hom losmaak, was dit ook presies soos Jesus gesê het dat dit sou gebeur. Sy eienaar wou weet wat hulle met die donkie wou maak, en toe hulle sê dat die Here hom nodig het, het hy gesê dat hulle maar die donkie kan vat. “Hoe het Hy geweet?” wonder hulle.

Petrus kyk hoe Jesus die donkie bestyg. Nou raak die mense éérs opgewonde! “Hier kom ‘n ding!”, dink Petrus as hy sien hoe iemand sy klere oor die donkie se rug gooi sodat Jesus daarop kan sit. Petrus voel half verleë as hy sien hoe ‘n groot ophef die mense

van Jesus maak. Hulle trek selfs hulle boklere uit en gooi dit op die pad sodat Jesus daaroor kan ry. “Hulle wil Hom koning maak!” besef Petrus baie gou. Dié wat jammer is vir hulle klere, breek groen takkies af en plavei die pad waarop Jesus moet ry met ‘n groen lower. Die skare raak al hoe meer opgewonde en hulle sweep mekaar op. “Hosanna!” sing hulle. “Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!”

Heimlik wonder Petrus of hierdie mense óóit besef wat hulle doen? Skielik dink hy terug aan daardie asemrowende dag op die berg saam met Jakobus en Johannes,

toe Moses en Elia uit die hemel gekom het. Alles is nog só onwerklik! Was dit nie dalk net ‘n droom nie? Nee! Dit het werklik gebeur! Hy het nog God se stem uit die hemel gehoor, en hy onthou hoe verskriklik hy gebewe het van angs. Die Meester is daar op die berg verheerlik deur God Sélf, Persoonlik! En nou is hy boonop ook getuie van die duisende mense wat óók vir Jesus verheerlik, hier vlakvoor Jerusalem.

“Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” dreun-sing dit uit duisende monde. “Geseënd is die

Koninkryk wat kom, dié van ons vader Dawid! Hosanna in die hoogste!”

Die angsgevoel wat dreig om Petrus se maag op te vreet maak plek vir ‘n wonderlike gevoel van trots. O hoe wonderlik is dit om deel te wees van die binnegroepie van die Meester! Al singende en dansende beweeg die optog deur die dorpie Betfage. Dan kronkel hulle die lang afdraende af teen die hange van die Olyfberg tot onder in die Kidronvallei. Voor hulle troon die statige mure van die stad Jerusalem, en natuurlik daardie

manjifieke gebou wat Petrus trane in sy oë gee, die tempel.

By die noordelike ingang van die tempelterrein klim Jesus van die donkie af. Hulle stap deur die groot binnehof met sy pilaargange wat die tempelterrein omring. Petrus se mond hang onbeskaamd oop van verwondering. Oral sien hy klein groepies jong manne in die skadu sit tussen die rye en rye pilare, elkeen met ‘n Rabbi wat besig is om hulle te leer. Petrus glimlag, dan verskuif sy blik na die hoofgebou. Hy snak na sy asem, en ‘n loflied begin spontaan oor sy lippe borrel.

Dis al laatmiddag en die tempelgebou gooi reeds lang skadus. Jesus ruk die twaalftal terug na die werklikheid: “Kom, ons moet nog terug tot by Betanië om slaapplek te kry vir die nag. Ons sal more weer terugkom.”

Wanneer Petrus en sy maats die steil Olyfberg uitklim, terug op pad na Betanië, skiet sy gemoed vol. Wat ‘n wonderlike voorreg is dit nie om deel te mag wees van die volk van God, en om te mag deel in al hierdie dinge!

Kan ek en jy nie óók vandag dieselfde sê nie? Hoe groot is God se genade oor ons as gelowiges, dat ons mag deel in al

die rykdom van God se Koninkryk. Soms, as ek daaraan dink, dan loop die trane oor my wange, trane van dankbaarheid. Hy is groot! Hy is goed! Hy is genadig!

Gebed:

Here, dankie dat U my ook 'n plek gegee het in U wonderlike Koninkryk. Ek besef vandag dat dit alles slegs genade is, en dat ek niks hiervan verdien nie. Dankie, dankie Here!

# 51

# Chaos in die Tempel

# Markus 11:12-26

**VIDEO * OUDIO**

Met die gedagtes van die skoonheid en majesteit van die tempelgeboue nog vars in sy gedagtes, stap Petrus en sy maats vroeg die Maandagoggend uit Betanië terug na Jerusalem. Jesus is op ‘n missie, dit kan Petrus baie duidelik sien. Petrus glimlag as hy sien hoe die palmbome langs die pad gestroop is van hulle takke. Daardie optog gister het ‘n warm gevoel in sy hart gemaak. Watter avonture

wag daar nie vandag op hulle nie? Meester het gesê dat hulle wéér tempel toe gaan.

Langs die pad staan ‘n vyeboom - snaaks, gister het hy hom nie eers raakgesien nie. Tóg so jammer dat dit nie nou vyetyd is nie. Hulle ontbyt was vanoggend maar baie eina-eina, en hy sou nou beslis kon doen met ‘n paar sappige vye! Blykbaar het sy Meester óók dieselfde idee, want Petrus sien hoedat Jesus reguit na die vyeboom loop en vroetel tussen die blare. “Dis nie vyetyd nie,” wil hy nog vir Jesus sê, maar dan sien hy dat Jesus dit klaar uitgevind het. “Mag niemand tot in

ewigheid ooit weer 'n vrug van jou af eet nie!”, hoor hy die Meester vir die boom sê. “Dis onregverdig,” dink Petrus. “Hoe kan Jesus dan nou vye verwag buite seisoen?”

Die res van die pad loop Petrus verdwaal in sy eie gedagtes. As hy weer sien, is hulle by die poorte van die tempel. Sy hart gee sommer so ‘n wilde bokspring. Op die tempelterrein is alles vanoggend in chaos. Net waar hy kyk sien hy stalletjies van handelaars: sommige verkoop skape, ander duiwe en ander ruil weer geld om. Petrus stap na een van die geldwisselaars, hy haal ‘n

paar muntstukke uit sy sak. Op die een is die gesig van die keiser afgebeeld, en op die ander is daar afbeeldings van Griekse gode. Petrus ril as hy na die munte kyk: “Ek mag mos nóóit hierdie goed in die tempel se skatkis gooi nie? Die wet sê mos baie duidelik dat jy nie ‘n afbeelding van enige mens of afgod mag maak nie, en hier is dit nou mos duidelik op die munte!”

“Wat kos dit om my geld te ruil vir Tirus-munte?” Petrus weet dat Tirus-munte nie daardie beelde op het nie. As hy egter hoor wat die wisselkoers is, kry hy amper

‘n hartaanval. “Dis mos rowery! Julle steel arm mense se geld!”

Die wisselaar trek sy skouers op. Hy wéét mos dat Petrus daardie geld móét hê, en hy gaan dit nêrens anders kry nie!

Dan hoor Petrus ‘n groot rumoer elders op die tempelterrein. Mense skree en vloek verontwaardig. Sy hart gaan amper wéér ‘n slag staan as hy sien dat dit niemand anders is as sy Meester wat besig is om die geldwisselaars en smouse se tafels om te smyt! “Julle maak ‘n rowerspelonk van God se huis!” hoor hy sy Meester skree.

Hy het Jesus nog nóóit so kwaad gesien nie! Petrus se hart krimp ineen as hy ‘n groepie Priesterhoofde en Skrifgeleerdes eenkant sien staan. “Daar broei baie onheilige dinge uit!” sê hy vir homself. “Daardie manne beplan beslis nie ‘n verjaardagpartytjie nie.....”

Daardie aand in Betanië lê Petrus en rondrol, hy kan nét nie slaap nie. Die dag se gebeure maal deur sy kop. Daardie handelaars buit mense uit! Hulle wéét dat mense dikwels baie ver trek met ‘n skapie om te offer oor Paastyd, en dan is die skaap nie meer in so ‘n goeie kondisie wanneer hy

in Jerusalem aankom nie. Dan ruil hulle dit om vir ‘n vet skaap, maar hulle vra ‘n buitensporige prys vir die dier. En die duiwe wat hulle verkoop aan die arm mense - ‘n mens kan amper ‘n skaap koop vir die prys wat hulle vra vir ‘n simpele duif! Petrus is sommer van vooraf omgekrap. Ja, sy Meester het beslis die regte ding gedoen!

Die volgende oggend is dit weer vroeg uit die vere om na Jerusalem te gaan. Meester het gesê dat Hy vir die mense wil gaan preek op die tempelterrein. Dit gaan opwindend wees! Petrus wonder watter wonderlike stories

Jesus vir die mense gaan vertel. Hy geniet Jesus se stories, al verstaan hy hulle nie altyd nie. As hulle by gister se vyeboom verby stap, moet Petrus tweekeer kyk. Hy glo nie wat hy sien nie: “Meester! Meester, kom kyk!” Gister nog was die boom lowergroen; vandag is hy kurkdroog uitgedroog tot in sy wortels in, sonder ‘n teken van lewe. “Rabbi, dis mos dieselfde boom wat U gister vervloek het?” Petrus het ‘n reuse vraagteken op sy gesig.

Jesus sien dat die manne gladnie verstaan nie, en dan begin Hy verduidelik: “Julle moet geloof in

God hê.” Hy verduidelik dat jy deur geloof berge kan versit, en dat God die gelowige se gebed verhoor. Hy verduidelik verder van vergifnis, en dat God die gelowige se sondes vergewe. Maar terselfdertyd beteken dit ook dat jy diegene wat iets aan jou gedoen het moet vergewe, want hoe kan jy verwag om God se vergifnis te kry as jy sélf nie bereid is om iemand anders te vergewe nie?

“Maar Meester, wat het dit met die vyeboom te doen?” wil Petrus weet.

Miskien sê jy ook vanoggend dat hierdie dinge vir jou nou net mooi

niks sin maak nie. Maar gebruik ‘n bietjie geduld. In ons volgende dagstukkie gaan ons DV weer ‘n slag in perspektief kyk na die gebeure van hierdie twee dae gedurende die laaste week in Jesus se lewe op aarde. Markus het ‘n “toebroodjie” geskryf: die vervloeking van die vyeboom en die verdroging daarvan is twee snye brood, en die tempelreiniging is die vulsel. Hierdie drie moet saam gelees word, maar dáárna kyk ons in die volgende oordenking.

Gebed:

Here, my geloof is dikwels so klein. Gee my asseblief ook

daardie geloof wat berge kan versit.

52

# Vye-Toebroodjie

## Markus 11:12-26

VIDEO * **OUDIO**

Om die gebeure rondom die vervloeking van die vyeboom te verstaan, moet ons ook die gebeure waar Jesus die tempel gereinig het, asook die verdroogde vyeboom as ‘n geheel lees. Inderdaad het Markus ‘n “toebroodjie” geskryf! Lees jy die eerste deel op sy eie, maak dit gladnie sin nie, is Jesus se optrede onverstaanbaar, dalk selfs onregverdig.

Dit is belangrik om te weet dat hierdie handeling van Jesus ‘n simboliese daad was. Wat wou Hy hiermee sê? Jesus wou hiermee aantoon dat die Joodse volk en die stad Jerusalem vergelyk kon word met hierdie vyeboom wat nie vrugte gedra het nie. God het van hulle as Sy volk verwag dat hulle geestelike vrug sou dra, maar daar was niks. God het selfs so ver gegaan om Sy Seun, Jesus te stuur om vir drie jaar lank vir hulle te sê dat Sy Koninkryk aangebreek het. Hy het daardie wonderlike nuus nie alleen met woorde uitgebasuin nie, maar Hy het met die dinge wat Hy gedoen het vir hulle op ’n

praktiese manier gewys dat die Koninkryk daar was. Asemrowende wonderwerke was aan die orde van die dag, maar hulle het Hom verwerp!

Die ergste was dat die kerkleiers, die mense wat verantwoordelik was om die volk te lei op Godsdienstige vlak, Jesus gedurig teengestaan het. In plaas daarvan dat hulle die volk aangemoedig het om Jesus te volg, het hulle Hom probeer doodmaak. Deur die vyeboom te vervloek, wys Jesus dus simbolies dat Hy die deel van die volk wat weier om Hom te volg, verwerp.

Kort daarna sien ons Jesus by die tempel, waar Hy die geldwisselaars se tafels omgooi en die handelaars uitjaag. Om te verstaan wat hier gebeur het, is dit nodig om te besef dat die tempel die spil was waarom alles in die Joodse Godsdiens gedraai het. Dit was as’t ware die hartklop van die kerk en die volk. Anders as meeste kerkgeboue vandag, waar dit ses dae van die week toe staan en daar niks gebeur nie, was die tempel anders. Daar was altyd ‘n gewoel en gewerskaf. Daar is offers gebring en mense het hulle gawes na die tempel gebring. In die pilaargange is

daar onderrig gegee en dit was ‘n bymekaarkomplek.

Maar daar was iets baie tragies besig om te gebeur, want van die tempel as sentrum wat die koms van die Seun van God moes uitbasuin, het daar absoluut niks gekom nie. Die lewe het bloot voortgegaan soos wat dit elke dag voortgegaan het vir die afgelope paar honderd jaar. Alhoewel Jesus sélf in die tempel die Evangelie verkondig het, het niemand hulle daaraan gesteur nie. Niemand in die tempel - die huis van God - het ag geslaan op die koms van die Seun van God nie!

Eintlik was dit nog veel erger, want die Tempel het in ‘n sekere sin ontaard in ‘n rowersnes, waar die rowers baie vroom gesigte aangeplak het en mense laat glo het dat hulle eintlik vir hulle ‘n guns bewys het. Intussen is die arme mense uitgebuit met buitensporige pryse wat hulle moes betaal vir die voorreg om ‘n offer aan God te kon bring.

Met Jesus se skoonmaakveldtog wou Hy nie alleen die rowers aan die kaak stel nie, maar Hy wou ook wys hoe ver die “vroom” mense wat die tempel beman en besoek het werklik van God afgedwaal het.

In die derde gedeelte sien ons hoedat die dissipels ontdek dat die vyeboom oornag uitgedor het. Die vloek het ‘n werklikheid geword! Die boodskap is baie duidelik: As jy God se genade en liefde ondankbaar van die hand wys, is die gevaar daar dat jy uiteindelik ook deur God verwerp kan word.

Wat in die tempel aan die gang was, was op die oog af baie mooi en edel. Daar is offerandes aan God gebring en mense is gehelp op ‘n georganiseerde wyse om geld en diere te kon kry om te offer. Onder was dit egter vrot!

Dis was leeg, want God was nie in hulle Godsdiens nie.

Dit is vandag ook ‘n waarskuwing aan ons, die kerk van Jesus, dat Jesus altyd die middelpunt van ons aanbidding moet wees.

Jesus roep dan ook die dissipels op tot die ware Godsdiens. Hy gee vir hulle drie baie belangrike sleutelwoordjies: Geloof, Gebed en Vergifnis. Wat beteken dit om in Jesus te glo? Daar is ‘n paar elemente in die woordjie “geloof” saamgevat. Die belangrikste is natuurlik om te glo dat Jesus vir my gesterf het en dat Hy my Verlosser is. Maar daar is meer: Geloof beteken onder meer ook

dat ons Jesus ten volle vertrou vir wie en wat Hy waarlik is - God Almagtig. Hy wil hê dat ons geloof moet hê in Sy krag, en dat selfs die onmoontlike moontlik is met Jesus.

Die tweede sleutelwoordjie is natuurlik gebed, want dit is juis deur ‘n gelowige gebed wat Jesus ons toegang gee tot Sy krag. Ons moet egter onthou dat Hy ons nie hiermee vrye teuels gee om allerhande “sirkustoertjies” met gebed uit te voer nie. Wat ons vra moet in ooreenstemming wees met die wil van God.

Die derde sleutelwoord, vergifnis, is seker die mooiste woord in ons

taal, want God vergewe al ons sondes in Jesus. Maar dit plaas op die gelowige ‘n baie groot verantwoordelikheid, want soos God ons vergewe, nét so moet ons ook bereid wees om ander mense te vergewe. Kan ons verwag dat God ons vergewe as ons selfsugtig weier om ons medemens te vergewe?

Gebed:

Here, gee my asseblief ‘n vergewensgesinde hart!

53

# Jesus se Gesag

# Markus 11:27-33

VIDEO * OUDIO

Die volgende dag is hulle weer by die tempel. Vir Petrus is dit heerlik en hy verlustig hom in alles wat daar gebeur. Maar dan is dit asof iemand hom met ‘n skottel yswater in die gesig gooi. Sy hart krimp ineen as hy die groepie ernstige Fariseërs reg op sy Meester afgestap sien kom. Saam met hulle is daar nog ‘n paar manne wat baie belangrik lyk, seker maar Skrifgeleerdes en familiehoofde. Wat gaan hulle

doen? Gaan hulle nou sy Meester gevange neem soos wat Hy voorspel het? Maar dan bedaar Petrus as hy sien dat hulle nie sulke dinge gaan probeer nie. Petrus staan nader om móói te kan hoor wat hulle vir Jesus sê. Dan hoor hy dat hulle Hom eintlik ‘n vraag vra, en Petrus het nou al geleer dat as hierdie addergebroedsels vrae vra, is dit beslis nie omdat hulle iets wil leer nie!

“Op watter gesag doen jy hierdie dinge? Of wie het aan jou dié gesag gegee dat jy hierdie dinge kan doen?” Hulle klink maar bra omgekrap!

Petrus wonder hoe Jesus hierdie tameletjie gaan antwoord?” Vertel Hy die waarheid, dan gaan hulle Hom verséker arresteer, want as Hy sê dat Hy dit met God se gesag doen, dan gaan hulle sê dat dit Godslasterlik is. Wat gaan Hy sê?

Meesterlik beantwoord Jesus hulle strikvraag met ‘n teenvraag: “Die doop van Johannes, was dit van die hemel of van mense?”

Petrus wonder waarom hý nie daaraan gedink het nie? Hy lag in sy mou en hy wonder hoe die slim manne uit híérdie een gaan kom? Maak nie saak watter kant

toe hulle antwoord nie, hulle gaan moeilikheid optel!

Met ‘n stout glimlag kyk Petrus toe hoe die manne onder mekaar brom om ‘n antwoord te kry. Uiteindelik draai een om: “Nee, ons weet nie.”

En dan kry Petrus baie lekker as hy hoor hoe sy wonderlike Meester hulle antwoord: “Dan sê Ek ook nie vir julle op watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.”

Jesus het dwarsdeur die slim manne gesien! Hy het natuurlik gewéét dat hulle nie werklik belang gestel het in ‘n antwoord nie, hulle wou Hom net probeer vastrek. Sou dit enigsins verskil

gemaak het in hulle lewens as Hy hulle vertel het dat Hy nie alleen die langverwagte Messias was nie, maar boonop die Seun van God? Sou dit werklik hulle lewens verander het as Hy aan hulle openbaar het dat Hy die Almagtige God is wat mens geword het? Ek wonder soms of Jesus nie dalk gebrand het om dit vir die wêreld uit te basuin nie. Maar wie sou Hom glo? Baie beslis nie die Fariseërs nie! Dit sou hulle net rede gee om Hom onmiddellik te stenig vir Godslastering!

Jesus het egter geweet dat daar slegs enkele dae oor was voordat

alles op die lappe sou kom, soveel só dat selfs die Romeinse soldaat by die kruis sou uitroep in verwondering: “Waarlik, Hy was die Seun van God!” Jesus het óók geweet dat Hy deur stilswye nóg ‘n rondte sou wen teen die duiwel en die manne wat gedink het dat hulle so verskriklik slim was!

Vandag weet ons natuurlik presies met watter gesag Jesus al hierdie dinge gedoen het. En veral nadat ons Markus se Evangelie tot hier gelees het, begin jy Jesus se gesag waarlik besef. Dink maar aan die wonderdade waarvan ons gelees het, hoedat Hy derduisende

mense kos gegee het met slegs vyf brode en twee ou vissies. Die asemrowende genesingswonders wat Jesus gedoen het, slaan jou asem weg: ‘n blinde wat oombliklik kon sien sonder ‘n ingewikkelde operasie; ‘n man wat sy lewe lank verlam was, wat skielik huppel en rondspring soos ‘n jong seun; ‘n kind wat al dood was en dan skielik springlewendig en gesond is. Is dit nie al genoeg om Jesus se gesag te bewys nie? Maar dan sien ons boonop hoedat Hy nie net in menselewens kon ingryp en ‘n verandering maak nie, maar óók Sy gesag selfs oor die natuur uitoefen. ‘n Verwoede storm

bedaar oombliklik wanneer Jesus dit beveel om stil te word. Hy maak alle natuurwette nietig wanneer Hy doodluiters op die see oor die branders aangestap kom.

Jesus se gesag strek egter véél wyer as die dinge hier op die aarde! Ons het gesien hoe die hemel oopskeur tydens Sy doop, en hoe die Heilige Gees op Hom neergedaal het uit die Hemel. God het met 'n hoorbare stem uit die Hemel gepraat sodat die mense daar teenwoordig dit kon hoor. Later was dit weer Moses en Elia wat uit die hemel afgeklim het om eer te betoon aan Jesus

op die berg, en weereens het God uit die hemel met Jesus gepraat en Hom verheerlik.

Om die Fariseërs se vraag te beantwoord: Jesus het wáárlik opgetree met God se gesag. Ons kan slegs op een van twee maniere reageer op Jesus se gesag: Ons kan dit verwerp, soos die wetsgeleerdes gedoen het, of ons kan dit gelowig aanvaar. Verwerp jy dit, dan verbeur jy die wonderlike voorreg om deel van God se gesin te wees. Aanvaar jy dit egter en maak dit jou eie, dan deel jy in al die voorregte van Sy gesin.

Gebed:

Here, dankie dat U my oë oopgemaak het sodat ek kan sien wie Jesus waarlik is. Dankie dat U my uit U groot genade deel gemaak het van U gesin!

54

# God se Wingerd

# Markus 12:1-12

**VIDEO * OUDIO**

Die “wyse” manne het nog steeds daar rondgestaan en redeneer oor hoe hulle nou eintlik hierdie Jesus kon vastrek ná hulle vorige nederlaag teen Hom, toe Jesus hulle nader wink. Hy wou ‘n storie met hulle deel! Rondom Jesus het alweer ‘n groot klomp nuuskierige mense gestaan.

Toe al die ou wyses, dis nou die leierpriesters, skrifkenners en die familiehoofde by was, het Jesus sy storie vertel, wat gegaan het

oor ‘n boer wat ‘n wingerd aangeplant het.

Hierdie boer het baie moeite gedoen om die wingerd spesiaal te maak. Hy het ‘n klipmuur om dit gebou en groot moeite gedoen om ‘n parskuip uit te kap sodat die oes verwerk kon word. Hy het selfs vir die sekuriteit gesorg en ‘n wagtoring laat oprig sodat hulle kon uitkyk vir skelms wat hulle oes wou steel. In plaas daarvan om self sy belegging te benut, verhuur hy dit aan ‘n klompie boere, met die verstandhouding dat hy elke jaar ‘n deel van die oes kon kry.

Maar dis toe nou nét hier waar al die moeilikheid begin, want toe hy ná die oes ‘n slaaf stuur om sy afgespreekte deel te gaan haal, word hy afgeransel en met leë hande teruggestuur. Hy stuur ‘n tweede slaaf, en dié word oor die kop geslaan. Die derde slaaf word doodgemaak!

Die boer was moedeloos! Toe besluit hy om sy geliefde seun te stuur om die situasie te gaan beredder. Daardie boere het egter sy seun gegryp, vermoor en hom uit die wingerd uitgegooi. Hulle het gedink dat hulle die wingerd toe maar vir hulleself kon hou, want die erfgenaam was uit die

weg geruim. Hulle het egter nie met die boer rekening gehou nie. Hy het gekom en hulle tereggestel en die wingerd vir iemand anders gegee.

Die geleerde manne het stil staan en luister na Jesus se storie. Hulle het maar ál te duidelik besef dat Jesus op húlle gesinspeel het met die verhaal. Hulle was bitter! Hierdie Jesus moes so gou moontlik uit die weg geruim word! Onder mekaar het hulle gewonder: “Hoe gaan ons Hom vastrek?” Min het hulle geweet dat hulle kans baie gouer sou kom as wat hulle besef het en dat daardie einste Jesus slegs drie

dae later aan ‘n kruishout sou hang.

Daar was nou ‘n dringendheid onder die kerkleiers om Jesus agter tralies te kry. Aan die ander kant was daar by Jesus óók ‘n dringendheid om alles betyds afgehandel te kry voor daardie verskriklike Vrydag. Daar was nog só baie wat Hy vir die dissipels en al die ander mense wou sê, maar die tyd was só min.

Die groot vraag is: waarom het hierdie storie die kerkleiers so omgekrap? Wat presies wou Jesus vir hulle sê?

Die boer in hierdie verhaal is natuurlik God. Hy het groot

moeite gedoen met die wingerd, die muur, parskuip én die wagtoring. Dit sinspeel op die volk Israel. Van die vroegste tye af het die Here gebou aan daardie volk. Dit het begin by die stoere ou pilaar van geloof, Abraham. Die Here het gesorg dat daar in Abraham iemand was na wie die volk met deernis en trots kon verwys as die voorvader van die volk. Jare later het die Here die volk, wat toe al in hulle miljoene getel het, gelei na die land wat Hy alreeds aan Abraham belowe het. Hy het hulle gevestig en gepamperlang en sterk gemaak. Hy het vir hulle konings gegee soos Dawid, asook profete

om hulle te lei. Hy het vir hulle voorspoed gegee en hulle eksklusief gemaak. Hulle was immers die volk van God!

Maar wat maak hulle? Die profete wat God hulle gegee het om hulle op die regte pad te lei, word mishandel, verwerp, geslaan. Die arme Elia moes in die woestyn gaan wegkruip om uit die kloue van die koningin, Isebel te bly. Ander profete was minder gelukkig! Die laaste profeet, Johannes, is sonder sy kop die ewigheid in, nadat hy eers in die tronk vasgeketting was, en dít bloot omdat hy die waarheid gepraat het!

Jesus vertel hierdie storie spesifiek vir die leierpriesters, skrifkenners en die familiehoofde. Uiteraard was hulle die mense wat die volk van God geestelik moes lei. Hulle was dus die verteenwoordigers van Israel, en dit was binne hulle mag om nie alleen namens die volk besluite te neem nie, maar ook om die volk te beïnvloed in hulle denke en handelinge. As die volk ten gronde sou gaan, was dit hierdie leiers se skuld! Dis dan presies ook hierdie mense wat direk vir Jesus se kruisiging verantwoordelik was!

Met hierdie storie wou Jesus dan ook beklemtoon hoe ondankbaar God se volk was. Met die aanbou van die wingerd het Hy aan absoluut álles gedink, en vir hulle die héél beste gegee. Hoe het God nie deur die eeue ook vir Israel oorlaai met goedheid en genade nie! Maar keer op keer het hulle Hom verwerp. Maar God se geduld is nie onbeperk nie, en uiteindelik sou Hy diegene straf wat Sy genade bly vertrap het. Dit geld vir Israel, en dit geld óók vir ons vandag.

Die gelykenis sluit egter af deur Jesus in ‘n besonderse posisie te plaas. Ja, hulle het Hom verwerp.

En ja, hulle het Hom selfs doodgemaak. Maar juis in hierdie verwerping kom God op ‘n verrassende manier en gebruik dit om verlossing te bewerkstellig vir elkeen wat in Hom glo. Die Klip wat deur almal verwerp is, word juis die Hoeksteen waarop die ganse gebou van God se Kerk gevestig word.

Gebed:

Here, ek kan vanoggend net weereens in groot verwondering dink aan U genade wat geen einde ken nie - dat U selfs die verwerping van U geliefde Seun gebruik om mense te verlos uit die ellende!

# 55

# Wat van Belasting?

# Markus 12:13-17

**VIDEO * OUDIO**

Jerusalem, en veral die tempel begin nou een te veel raak vir Petrus. ‘n Paar dae gelede was dit nog baie lekker om die tempel te kon bewonder, en hy het hom verlustig in al die dinge wat daar aangaan, maar nou begin die verkeer te kwaai raak, en dit maak hom senuweeagtig. Kort-kort is daar iemand wat sy Meester probeer vastrek met strikvrae. Hy weet nie hoe die Rabbi dit regkry om elke keer uit

die slagyster te kom nie. Netnou nog was dit die spul kerkleiers wat wou weet waar sy Meester Sy gesag vandaan kry. Petrus lag in sy mou as hy terugdink hoe hulle daar druipstert weg is. Sy meester het hulle slagyster meesterlik gefnuik! Petrus ril as hy dink wat hulle volgende kan beplan.

Dan ís dit ook weer nét sulke tyd! Doelgerig kom die bondel manne op hulle afgestap, onmiskenbaar Fariseërs, vergesel van ‘n paar van daardie halfgebakte Herodiane. Daardie spul irriteer hom grensloos! Hulle probeer hulle alewige wette op almal

afvorseer. Waarmee gaan hulle Jesus vanoggend kom konfronteer?

“Meneer, ons weet dat U iemand is wat U mening eerlik uitspreek.”

Petrus bars amper uit van die lag. Sulke mooi woorde het hy nog nooit uit ‘n Fariseër se mond gehoor nie! Die heuningkwas word omtrént mildelik geswaai! Maar hulle is nog nie klaar nie.

“U is getrou aan die waarheid en so maak U die wil van God bekend.”

Petrus kan sy ore amper nie glo nie! Wat het in die manne gevaar? Hulle kan tog sékerlik nie

ernstig wees nie? Hulle het nog nóóit ‘n goeie woordjie vir Jesus gehad nie! Waarom nou skielik al die komplimente?

“Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal?”

Petrus verstar! Hy het gewéét dis te goed om waar te wees! Hier kom ‘n lelike strik! “Pasop Meester, hulle wil U in ‘n lokval lei!”, wil Petrus nog waarsku, maar dan onthou hy hoe Jesus nog elke keer daardie soort van strikvrae baie slim omseil het.

“Moet ons betaal, of moet ons nie betaal nie?”

Petrus se oë dwaal na die groepie Herodiane wat saam met die Fariseërs gekom het. “Die verraaiers! Hulle ondersteun die Romeinse oorheersing!” Nou stoom Petrus behóórlik, nou verstaan hy waarom die walglike Herodiane hier saam met die Fariseërs is! As Jesus hierdie vraag verkeerd antwoord, gaan hulle Hom nét daar en dan aankla by ou Herodus. Addergebroedsels! Skelms! Petrus voel-voel so na sy swaard. Binne in hom kook dit. Hierdie spul witgepleisterde grafte probeer elke toertjie in die boek om sy Meester uit te vang!

“Waarom toets julle My? Bring vir My 'n denarius sodat Ek daarna kan kyk.”

“Dan het Hy sowaar die ding sien kom!” dink Petrus verlig. “Maar wat sou Hy dan nou met ‘n muntstuk wou doen?”

Maar dan kom Jesus se volgende vraag as Hy ‘n muntstuk in die hand het: “Wie se afbeelding en inskripsie is dit dié?” Almal stem saam dat dit die keiser s’n is, ongetwyfeld. “Gee dan aan die keiser wat hom toekom en aan God wat Hóm toekom!”

Petrus se mond hang oop oor Jesus se briljante antwoord. “Nou waarom het ek nie daaraan

gedink nie?” Hy moet hom inhou om nie weer hardop van die lag uit te bars as hy die slim manne se verslae gesigte sien nie. Hulle weet nie wat hulle getref het nie, die wind skoon uit hulle seile! “Dit sal hulle beslis ‘n les leer!”

Vir die Joodse volk was die hele kwessie van belasting wat hulle elke jaar aan die Romeine moes betaal, ‘n groot pyn. En wat die sakie nog seerder gemaak het, is die munte wat hulle moes gebruik. Joodse muntstukke het nie ‘n afbeelding van ‘n persoon op gehad nie. Hulle kon egter nie hierdie munte gebruik vir belasting doeleindes nie. Hulle

was verplig om die Romeinse Denarii te gebruik, ‘n silwer muntstuk met die keiser se kop op die een kant, met die inskripsie: “Tiberius Caesar Augustus, seun van die goddelike Augustus.” Op die agterkant van die munt was ‘n vrouefiguur met ‘n kroon, septer en palmtakke. Vir enige toegewyde Jood was hierdie munte iets afgryslik, want dit het die tweede gebod oortree! Die Selote, ‘n Joodse terroristebeweging, het botweg geweier om enige vorm van belasting te betaal. Die Fariseërs het wél die belasting betaal, maar nie sonder om baie duidelik hulle misnoë te kenne te gee nie!

Wanneer Jesus die Fariseërs antwoord, sê Hy eintlik vir die manne dat daardie munte die keiser se eiendom is. Deur belasting daarmee te betaal, gee jy eintlik net dít wat aan die keiser behoort vir hom terug.

Maar dan voeg Jesus dadelik by, dat daar 'n ander baie belangrike saak is wat jy nie mag vergeet nie: Gee óók aan God wat aan Hóm behoort! Hier het Jesus op 'n paar seer liddorings getrap, want hulle Godsdiens het oor die wet en oor hulleself gegaan, sonder om God se wil waarlik in ag te neem!

Vandag vra Hy ook van my en jou om aan Hom te gee wat aan Hom behoort. Nee, en dit beteken nie nét jou geld nie, maar jou tyd, jou lewe, jou álles! Hy vra dus dat ons waarlik deel moet word van Sy Koninkryk en om ons dissipelskap uit te leef vir Hom.

Gebed:

Here, Ek staan vandag skuldig voor U as ek moet bieg dat ek nie waarlik aan U gee wat U toekom nie. Help my om my dissipelskap waarlik uit te leef.

# 56

# Opstanding, ‘n Werklikheid?

## Markus 12:18-27

**VIDEO * OUDIO**

Die groepie Sadduseërs kom na Jesus toe aangestap, en Petrus sien sommer dat hier alweer splinternuwe moeilikheid is. “Wat sou hiérdie manne wou hê?” wonder Petrus. “Hulle stel mos nie juis só belang in Godsdienstige sake nie?”

Moenie die Sadduseërs met die Fariseërs verwar nie! Anders as die Fariseërs, was hulle baie wêreldsgesind, eintlik eerder kultuurmense wat die Griekse

beskawing baie hoog geag het. En dít was iets wat ‘n Fariseër beslis nooit óóit sou doen nie! Sadduseërs was meestal welgestelde lede van die samelewing, en dikwels baie invloedryk. Om daardie rede het hulle gewoonlik hoë posisies beklee, soos om op die Joodse Raad sitting te hê, dikwels nogal langs hulle aardsvyande, die Fariseërs!

Ten spyte van al hulle streke, was die Sadduseërs tóg in ‘n sekere sin godsdienstig. Hulle het egter nou nie juis veel erg gehad aan die bestudering van die Skrifte nie. Om die waarheid te sê, het

hulle slegs die vyf Boeke van Moses as Woord van God aanvaar! Die Profete en ander geskrifte was vir hulle gladnie belangrik nie. Hulle het dit gladnie eers as deel van die Woord beskou nie! En dan is daar die kwessie van engele, geeste en die opstanding: hierdie sake het hulle totaal verwerp. Engele en alles buite die tasbare aardse lewe, het net eenvoudig nie vir hulle bestaan nie. As jy die dag gesterf het, was dit die finale einde. Daar was nie lewe na die dood nie, uit en gedaan! Juis omdat hulle só geglo het, was daar by hulle 'n soort fatalisme. Jy was vry om te doen wat jy

wou, solank jy net God aanbid het!

Petrus onthou nog hoe die Sadduseërs se hare regop gestaan het die dag toe Jesus vir Lasarus uit die dood opgewek het. Die Sadduseërs moes sekerlik die gevaarligte sien flikker het, en toe besluit hulle saam met hulle aardsvyande dat Jesus moes dood. Hy het immers hulle hele argument omver gegooi!

Dit laat Petrus se hare regop staan as hy besef dat hierdie mense juis dikwels poste beklee in die kerk. Baie van hulle is priesters! Die grootste deel van

die Sanhedrin is juis saamgestel uit Sadduseërs. Selfs Kajafas, die Hoëpriester en sy voorganger, Annas is albei Sadduseërs, beslis twee baie invloedryke manne! Terloops, Kajafas is mos Annas se skoonseun. Hy moet sékerlik maar doen wat Skoonpa sê, al is hy die hoëpriester!

Dit is vir Petrus aan die een kant skrikwekkend, maar terselfdertyd tóg ook interessant om te sien dat, alhoewel dit die Fariseërs is wat so giftig teen Jesus is, en dan nog die feit dat hulle nooit met die Sadduseërs kan saamwerk nie, hulle tóg uiteindelik saamspan teen Jesus. Petrus wonder

heimlik watter een van hierdie twee groepe die hoof aanvoerder gaan wees om sy Meester tereg te stel. Maar hy voel iewers hier binne séker dat dit eintlik die Sadduseërs gaan wees!

Petrus word teruggeruk na die werklikheid. Hierdie groepie Sadduseërs kom met ‘n absurde situasie na Jesus, net om te wys dat die hele gedagte van die opstanding uit die dood belaglik is. Hulle argument is gegrond op die sogenaamde leviraatshuwelik wat beskryf word in Deuteronomium 25. Volgens hierdie wet van Moses is dit ‘n man se plig, as sy broer

kinderloos sou sterf, om met sy broer se vrou te trou en kinders te verwek namens sy broer. Hierdie Sadduseërs beskryf ‘n belaglike situasie waar ‘n vrou al deur sewe broers was, en dat almal dood is, en steeds is sy kinderloos. By die opstanding - wie se vrou sou sy dan nou eintlik wees?

Jesus se antwoord gryp totaal die wind uit hulle seile. In die eerste plek kan God die onmoontlike doen. Dit is binne Sy mag om mense uit die dood te kan laat opstaan. Maar hulle moet duidelik verstaan dat die hemelse lewe nie maar net ‘n voortsetting is van die aardse lewe nie. Dit is iets

totaal anders, ‘n totale nuwe vorm van lewe. Geen mens kan hom dus nou al voorstel presies hoe dit gaan lyk nie. Dit is vir ons ‘n reuse verrassing!

Maar dan sê Jesus vir hulle verder dat hulle gladnie die Bybel ken nie, want as hulle die Skrif, dis nou die gedeelte wat hulle wél aanvaar, sou lees, dan sou hulle besef dat God die God van lewendes is en nie van dooies nie, en dat daar in Eksodus 3:6 staan dat Hy die God van Abraham en Isak en Jakob is, drie mense wat reeds gesterf het, en wat nou **LEWE** in die hemel.

Paasnaweek herdenk ons nie alleen die dood van Jesus nie, maar ook Sy opstanding. En as ons hiermee saam ook lees wat Paulus in Kolossense 3:1-4 skryf, dat ons saam met Jesus uit die dood opgewek is, en dat ons saam met Hom Sy heerlikheid sal deel by Sy wederkoms, dan kan ons nie anders nie as om te jubel en juig in die opstanding uit die dood! Ja, daar bestaan by my géén twyfel dat daar wél 'n opstanding is nie! En wat meer is: as ek lees wat die Here my belowe op talle plekke in die Bybel, dan is ek baie seker dat ek deel gaan hê in hierdie opstanding. Hy sê dat almal wat

in Jesus glo die ewige lewe het - nie eers eendag nie, maar vandag alreeds! En ek glo, dus het ek daardie ewige lewe. En jy? Is jy seker daarvan?

Gebed:

Here, dankie dat ek vanoggend net weereens die versekering gekry het dat U vir my die ewige lewe gegee het, en dat ek eendag ook weer gaan opstaan uit die dood!

57

# Die Grootste Gebod

# Markus 12:28-34

VIDEO * OUDIO

Petrus lag in sy mou as hy die groepie Sadduseërs druipstert sien wegstap. Hulle het tog sékerlik nie gedink dat hulle die Meester sou vasvra nie? Sal hierdie spul addergebroedsels dan nóóit leer nie? Sy Rabbi het vir elke vraag van hulle tien antwoorde. Maar dan raak Petrus sommer weer warm onder die boordjie as hy die Skrifgeleerde sien aangeloop kom. Blykbaar het die man nie die boodskap gekry

nie! Tot sy verbasing sien Petrus egter dat hierdie Skrifgeleerde nie bymotiewe het nie. Dit lyk asof hy eerlik ‘n antwoord soek as hy vir Jesus vra wat die grootste gebod is. Hierdie man het besef dat Jesus die Sadduseërs baie slim geantwoord het.

Eintlik is hierdie gladnie so ‘n dom vraag nie, want as ons die magdom wette waaronder die Jode gebuk moes gaan, in ag neem is dit ‘n vraag wat dalk op elke Jood se lippe kon hang. As daar tóg maar net een enkele wet was wat al die ander wette kon vervang!

Moses het vir die eerste keer die wet van God, die tien gebooie ontvang op die berg. Elke Jood moes stiptelik volgens hierdie wet leef om enigsins in aanmerking te kon kom vir die ewige lewe. Later is daar nog ‘n lang ry wette bygevoeg, soos wat hulle mag eet en wat nie. Die reinheidswette het dit weer duidelik uitgespel waaraan jy mag en nie mag raak nie, en wat jy mag doen en wat nie. En dan het die Fariseërs boonop nog ‘n streepsak-vol ekstra wette bygevoeg, net vir ingeval. Daar was ‘n volle 613 bepalings buiten die 10 gebooie! En dan het ons nog nie eers gepraat van al die offerandes en

rituele nie. Daar was omtrent ‘n offer vir elke situasie. Vir die doodgewone Jood was hierdie dinge net eenvoudig te veel om te begryp. Selfs vir hierdie Skrifgeleerde het dit nou al een te veel geword! Is daar nie dalk nét miskien een enkele gebod wat almal kan vervang nie?

Jesus sien dadelik dat hierdie man geen bymotiewe het nie: “Die Here ons God is die enigste Here,” begin Hy. Dit is baie belangrik om te begryp dat daar slegs EEN God is. Dit onderskei dan ook die Joodse Godsdiens van al die ander godsdienste.

Jesus haal nou verder twee gebooie uit wat ewe belangrik is - die een kan nie sonder die ander gelees word nie. Die eerste kom uit Deuteronomium 6:4-5, wat sê dat jy jou volledige toewyding aan God alleen moet gee. Jy moet God dus liefhê met jou hele wese. Die tweede kom uit Levitikus 19:18, en dit lui dat mense mekaar moet liefhê, net soos wat hulle hulleself liefhet.

Die vraag is: Hoe kan twee gebooie al die ander vervang? Is dit ooit moontlik? Wat dan van die tien gebooie? Word dit dan nou nietig verklaar? Nee, géénsins! As ons mooi kyk na die tien

gebooie, sien ons dat die eerste vier handel oor hoe ons God moet aanbid. As jy God werklik liefhet, is dit net natuurlik dat jy Hom alléén sal aanbid en dat daar géén ander gode in jou lewe sal wees nie. Daar sal niks tussen jou en God kom nie, want jy het Hom mos lief. En natúúrlik sal jy Sy wonderlike en heilige Naam mos eer! Jy sal nie Sy Naam ligtelik of spottend gebruik nie, veral nie as ‘n kragwoord nie (Oh my God!) Alles kan saamgevat word as liefde vir God.

Die laaste ses gebooie sê presies dieselfde in verband met ons medemens. As jy hom liefhet, sal

jy sy eiendom respekteer en diefstal sal nie ‘n opsie wees nie. Jy sal hom op géén manier seermaak nie, nie eers gepraat van doodmaak nie. Egbreuk is iets wat bittere pyn veroorsaak. Ook dít sal nie ‘n opsie wees nie! En natuurlik sal jy nie iets sleg sê van enige iemand anders nie en beslis nie skinder van hom nie, want dit kan groot skade en pyn veroorsaak. En jou ouers? Jy sal aan hulle (én al jou meerderes) die nodige eerbied en respek betoon. Alles kom neer op liefde vir jou naaste.

Jesus het egter nie slegs in teorie hierdie saak gestel nie. Hy het dit

prakties uitgeleef! Hy het inderwaarheid uit Sy pad gegaan om daardie naasteliefde op alle terreine uit te leef. Sodoende het Hy vir Sy volgelinge ‘n voorbeeld gestel van hoe ware naasteliefde lyk. Hy het die ekstra myl geloop en Homself afgesloof vir ander mense. Hy het siekes gesond gemaak, mense kos gegee, skares geleer. Hy was nederig, nie alleen teenoor Skrifgeleerdes en Fariseërs soos Nikodemus nie, maar ook teenoor doodgewone mense, selfs die uitgeworpenes van die samelewing! Hy het alles oorboord gegooi, selfs ’n goeie reputasie, deur Homself te meng met ‘n veragtelike Samaritaanse

vrou met ‘n slegte reputasie en gehate tollenaars en hulle twyfelagtige sondaar-vriende.

Hierdie Skrifgeleerde het baie goed begryp wat Jesus gesê het. Hy het selfs verstaan dat dit belangriker is om jou naaste lief te hê as al die offerandes aan God. “Jy is nie ver van die Koninkryk van God af nie,” sê Jesus vir hom. Hierdie man het dalk beter verstaan waaroor dit gaan, selfs as Jesus se Apostels. Daar was nog net een ding wat in sy pad gestaan het om die ewige lewe te kon kry, een enkele eenvoudige treetjie: Hy moes in Jesus glo. Het hy ooit daardie

tree geneem? Ons kan maar net raai.

Die vraag wat ek vanoggend in groot erns vir jou, liewe leser, wil vra, is of **JY** daardie finale tree gegee het? Baie wat vanoggend hierdie oordenking lees, het nog nie so ver gekom nie. Een enkele treetjie………..

Gebed:

Here, ek bid vir elkeen wat vanoggend hierdie oordenking lees, wat nog nie vir Jesus "Ja" gesê het nie. Plaas asseblief 'n dringendheid in elke hart om Jesus se aanbod van die Ewige Lewe te aanvaar.

# 58

# Geestelike Hoogmoed

# Markus 12:35-44

**VIDEO * OUDIO**

Uiteindelik het die slim manne begin besef dat hulle Jesus nie kon vasvra nie, en hulle het Hom uitgelos. Jesus kry dus nou kans om Sy laaste paar dae te gebruik om die dissipels en ander aanhangers in die tempel te leer.

Jy sal nog onthou dat Jesus kort vantevore die blinde Bartimeus genees het? (Markus 10:46-52) Bartimeus het langs die pad gesit en tot almal se frustrasie aanhou skree: “Jesus, Seun van Dawid,

ontferm U tog oor my!” Hierdie mense wat nou rondom Jesus sit by die tempel, onthou sékerlik nog daardie insident, want hoe kan jy óóit so ‘n aangrypende genesing vergeet? Maar het hulle ooit werklik verstaan wat Bartimeus gesê het? En wat van Palmsondag, toe hulle Jesus al palmswaaiend toegesing het: “Prys die Seun van Dawid!” Het hulle toé verstaan? Boonop leer die Skrifgeleerdes die mense ook dat die Messias die Seun van Dawid is. Jesus wil nie dat hulle die verkeerde indruk kry oor daardie uitdrukking, dat Hy die Seun van Dawid is nie, dus verduidelik Hy dit vir hulle.

‘n Mens sou maklik verkeerd kon verstaan, dat die Messias as Seun van Dawid dalk ondergeskik sou wees aan Sy voorvader Dawid. Jesus verduidelik dus dat dit beslis nie die geval is nie. Hy haal aan uit Psalm 110:1 om vir hulle duidelik te maak waaroor dit gaan. Oorspronklik is die Psalm geskryf om te beskryf hoe die Here Dawid se Koninkryk op Sionsberg sou vestig. Maar later is dit óók verstaan, dat dit die finale oorwinning van die Messias sou beskryf. As dit die geval is, maak iets nie mooi sin nie. Dawid noem dan sy eie Seun “Here.” Die belangrike punt wat Jesus wil maak, is dat die Messias nie bloot

‘n baie besonderse koning is, soos meeste Jode geglo het nie, maar dat Hy in werklikheid die Seun van God is, en dat Hy baie groter as die groot koning Dawid is.

In die tweede gedeelte waarsku Jesus teen die skynheiligheid van die Skrifgeleerdes. Ons kry amper die indruk dat Jesus sy mes inhet vir hierdie skynheilige manne. Dis egter nie die geval nie. Hulle godsdiens het geensins die eer aan God gegee nie. Dit was selfgesentreerd en die klem het op hulle eie aansien geval. Almal moes hulle mooi klere raaksien, en hulle moes ereplekke kry by

groot feeste en in die sinagoge. Hulle kon die mooiste, lang, indrukwekkende gebede opsê, en dít terwyl hulle die weduwees van hulle eiendom beroof het, wat ‘n gruwel is in God se oë is volgens Eksodus 22:22-24.

Wou Jesus hiermee slegs die mense waarsku om weg te bly van die Skrifgeleerdes af? Dit sou nie sin maak nie! Jesus wou mense waarsku om nie dieselfde paadjie te loop as daardie “wyse” manne nie. Vir ‘n gelowige is dit baie maklik om in dieselfde strik te trap as die Skrifgeleerdes, veral as jy al ‘n goeie ent gevorder het op die geloofspad.

Jy ken die Bybel al redelik goed, en jy weet watter soort betekenis om te heg aan Skrifgedeeltes. Jou geloof staan sterk, en jy kry dit reg om die lastige sondes af te sweer. Jy het geleer om mooi te kan bid, veral in die openbaar. En nou begin jy ‘n geestelike hoogmoed kry!

Jy voel jammer vir die arme drommels wat nog sukkel met die basiese geloofsdinge, en jy begin neersien op hulle, jy het immers gevorder! Jy maak seker dat wanneer jy die dag vas, dat almal wat saakmaak daarvan sal weet. Dit is immers lekker om die aandag te kry! Jy sorg dat mense

kennis neem dat jy jou volle tiende gee, en nie ’n sent minder nie, vir die kerk! En by elke geleentheid wat jy in die openbaar kan bid, bid jy sodat veral die arme klomp wat nog nie mooi leer bid het nie, kan kennis neem van hoe ‘n gebed nou éintlik behoort te klink.

Intussen knyp jy die kat in die donker, daar waar niemand wat jou ken, dit sal sien nie!

Dit klink verskriklik kras, maar dit is ‘n gevaar vir elke gelowige. Ons moet waak en bid om te alle tye Jesus se voorbeeld te volg en nederig te bly. Onthou: as ons iets goed doen, dan doen ons dit nie

vir mense of ons eie selfbeeld nie, maar alleen vir God!

Dan gaan sit Jesus naby die offergawekis en Hy kyk hoe mense geld daar ingooi. Talle skatryk mense gooi groot bedrae geld in. Maar dan kom ‘n weduwee daar aan en gooi slegs twee klein muntstukkies in. Jesus roep die manne nader: “Sy het meer ingegooi as al die ander mense,” merk Jesus op.

“Meester, hoe kan Meester dan nou so ‘n ding sê?”

Dan verduidelik Jesus dat hierdie vrou uit haar hart alles wat sy gehad het vir die Here gegee het. Sy kon maklik een muntstukkie

teruggehou het vir haarself, maar sy het nie. Sy is ‘n voorbeeld van ware toewyding aan God. Anders as die Skrifgeleerdes van wie Jesus so pas gepraat het, is haar toewyding waarlik opreg. Sy kon niemand beïndruk met haar twee muntstukkies nie. Wat sy gedoen het, het sy gedoen omdat sy geglo het dat dit vir die Here alleen is. Dalk het sy selfs skaam gekry dat iemand dalk sou sien hoe min sy ingooi. Sy het egter haar plig gedoen vir die Koninkryk van God!

Dit is wat die Here van ons vra: om ons álles vir Hom te gee

sonder om daarvan ‘n ophef te maak.

Gebed:

Here, ek staan baie skuldig voor U, sien myself as beter of verder op die geloofspad gevorder as ander. Dan vergeet ek dat alles slegs genade is!

59

# Die Tempel Verwoes

# Markus 13:1-13

**VIDEO * OUDIO**

Vir die soveelste keer die afgelope week vergaap Petrus hom aan die tempelgeboue en veral daardie reuse klippe wat so perfek gekap is deur meester-vakmanne. Die tempelgebou toring bo Petrus se kop uit, en hy moet sy nek rek om die bopunt te kan sien. "Here, kyk net na daardie indrukwekkende klippe, en die manjifieke geboue!" Elke keer as hy daarna kyk, bring dit trane van pure verwondering in sy

oë. Hoe lief het hy nie geword vir hierdie argitektoniese wonderwerk nie! Dat dit die simpele ou Herodus se werk is, skuif hy maar liewer uit sy gedagtes. "Dis mos Salomo se tempel! Herodus het dit mos maar net hérbou, het hy nie?"

Dan blaas Jesus Petrus se borrel met ‘n emmer yskoue water: “Sien jy hierdie groot geboue? Hier sal beslis nie een klip op 'n ander gelaat word nie – alles sal afgebreek word.”

Petrus se verstand wil dit nie verwerk nie. Dis mos totaal onmoontlik! Niemand kan so ‘n gebou totaal vernietig nie! Sy

Meester is hierdie slag beslis verkeerd!

Hoe verkeerd was Petrus nie! ‘n Skamele dertig jaar later kom die Jode in opstand teen die Romeine. ‘n Bloedige oorlog breek uit, en drie jaar later neem die Romeinse generaal Titus die stad in. Ook die tempel is in sy visier, en in 70 nC. word die pragtige gebou totaal verwoes, sodat daar letterlik nie een klip op die ander bly staan nie. Vandag staan daar ‘n moskee op die plek waar die manjifieke tempel eens die berg Moria versier het.

Later daardie dag stap Jesus en die twaalf manne terug na

Betanië. Wanneer hulle die bopunt van die Olyfberg bereik, draai Jesus om en hulle gaan sit om ‘n bietjie te rus en die uitsig te geniet. Van waar hulle sit, kyk hulle oor die stad. Vir die eerste keer in ’n lang tyd het die manne ’n tydjie alleen saam met Jesus. Voor hulle, oorkant die Kidronvallei, staan die tempelgebou. Hulle kyk af op die reuse kompleks, en weereens vervul dit Petrus met die asemrowende majesteit van die pragtige geboue. Maar Jesus se woorde van ‘n rukkie gelede pla hom. Sou dit dalk die voleinding van die wêreld wees waarvan Jesus gepraat het? “Rabbi, sê

asseblief vir ons wanneer hierdie dinge gaan gebeur? En hoe gaan ons weet as dit gaan gebeur? Watter tekens gaan ons sien?”

Dan verduidelik Jesus vir hulle dat daar baie groot krisistye gaan kom. Daar gaan oorloë, opstande en allerhande skrikwekkende dinge plaasvind. Mense gaan met allerhande soorte gerugte kom dat die einde aangebreek het. Maar hulle moet hulle nie daardeur laat mislei nie. Al die rampe, aardbewings en hongersnode is nie die eindgebeure nie - dit is egter alles geboortepyne van die wederkoms.

Dinge gaan egter vir hulle baie moeilik raak in die toekoms. Hulle gaan deur ‘n tyd gaan van wrede vervolging omdat hulle dit waag om die evangelie te verkondig. Hulle sal uitgelewer word aan die gereg en selfs die sinagoges gaan hulle vervolg. Hulle sal geslaan word en allerhande verskriklike dinge sal met hulle gebeur. Dit sal so erg gaan, dat hulle eie familie teen hulle sal draai en hulle aan die gereg uitlewer. Vir enige Jood was hierdie verskriklike nuus, want familiebande was baie sterk. Jy het net eenvoudig nie jou familie verraai nie - julle staan mekaar by deur dik en dun!

Die gelowiges moet egter al hierdie vervolging en swaarkry aangryp as ‘n geleentheid om die evangelie te versprei. Hoe wonderlik het baie van hulle dit dan ook nie later gedoen nie. Toe Petrus voor die Joodse Raad aangekla word, gebruik hy die geleentheid om vir hulle te preek. Toe Paulus in die tronk beland, gesels hy met elke soldaat wat hom bewaak. Boonop skryf hy briewe by die dosyne - briewe wat tweeduisend jaar later nog steeds miljoene der miljoene gelowiges regoor die wêreld bemoedig en leer en troos en na Jesus lei.

Daar wag egter ook nog ‘n baie groot bonus op die manne. Nie een van hulle was geleerde manne nie. Dit was net die rykes wat kon bekostig om opgelei te word in dinge soos welsprekendheid. Petrus was byvoorbeeld ‘n eenvoudige visserman wat net keer op keer sy mond verbygepraat het. Daar gaan egter iets wonderlik gebeur: Hulle gaan die Heilige Gees kry om hulle te help wanneer hulle in situasies sou beland waar hulle moet praat oor die evangelie. Hy sal vir hulle die woorde in hulle mond gee. Hulle sal nie alleen hulleself so kan verdedig in ‘n regsbank voor al die

wetsgeleerdes nie, maar hulle sal boonop daar nog die evangelie kan uitdra, en dit sodoende verder versprei!

Hoe wonderlik dat die Heilige Gees nog steeds vandag tot beskikking is vir elke gelowige. Hierdie oordenking kom vandag na jou, nie omdat ek so ‘n goeie skrywer is of omdat ek die Bybel so vreeslik goed verstaan nie. Dit spreek tot jou omdat die Heilige Gees my gebruik as Sy skrywer. Ek probeer so goed ek kan luister na wat Hy vir my sê, en ek skryf in die volle oortuiging dat hierdie boodskap van Hom kom. En nee, ek is geensins “spesiaal” nie! Elke

gelowige kry die gawe om die inspraak van die Heilige Gees te kan ervaar. Elkeen beleef dit egter verskillend. Die belangrikste is egter: luister na wat Hy vir jou sê en voer Sy opdragte met blydskap uit!

Gebed:

Here, dankie dat U vir ons die Heilige Gees gegee het om ons te lei en leer. Maak ons gewillig om te doen wat U vir ons sê.

60

# Die Groot Verdrukking

# Markus 13:14-23

**VIDEO * OUDIO**

Die profetiese rede is seker een van die moeilikste gedeeltes in Markus om te verstaan, en daar is baie verskillende menings oor presies wat Jesus bedoel het toe Hy hierdie dinge voorspel het, en hoe ons dit moet verstaan. Daar is egter ‘n basiese boodskap, dat daar baie groot swaarkry voorlê voor Jesus se wederkoms.

In omtrent dieselfde tyd toe Markus hierdie Evangelie geskryf het, 67 tot 70nC, het daar ‘n baie

groot krisis geheers in Palestina. Dit was die tyd van die Joodse opstand, en die Romeine het dit net eenvoudig nie geduld nie. Hulle het oorlog gemaak teen die Jode, en ek kan myself voorstel dat daar gruwelike dinge gebeur het, en daar was baie swaar lyding vir die Joodse volk.

In vers 14 sê Jesus dat almal berge toe moet vlug "wanneer julle die gruwel van verwoesting sien staan waar dit nie hoort nie." In Daniël 9 lees ons van 'n soortgelyke beskrywing. Daniël se profesie het gehandel oor die Siriese koning Antiogus IV wat 250 jaar voor Markus se

Evangelie die tempel in Jerusalem laat ontheilig het. Hy het daar offers laat bring aan die god Zeus en daar is selfs varkvleis in die tempel geoffer vir die afgode. Daardie tyd is dit genoem: Die gruwel van verwoesting.

Jesus praat egter van iets anders. Dit sal die begin van die verdrukking wees. In vers 15-20 sien ons hoe erg hierdie verdrukking sal wees. Tydens die Romeins-Joodse oorlog was dit baie erg, soos wat Jesus beskryf het en die Christene moes inderhaas uit Jerusalem vlug na

‘n klein dorpie met die naam Pella.

Soos wat dit gebeur tydens sulke situasies, is daar gewoonlik maar die doemprofete wat aankondig dat dit nou die einde van die wêreld is. Onder die Christene is daar diegene wat in sulke tye beweer dat die wederkoms nóú hier is, en dan gee hulle dikwels selfs ‘n datum wanneer dit gaan gebeur. Iemand skryf een slag vir my dat sy ‘n verskriklike e-pos gekry het van die een of ander dominee wat bewerings maak van ‘n onbekende planeet met die naam Niburu wat in Desember 2012 so naby die aarde sou verby

beweeg dat dit die aarde sou laat omslaan (of iets) en alles sou verwoes word. Volgens die dominee het NASA alles hiervan geweet, maar Obama het hulle verbied om iets uit te lap, want dit kon almal paniekbevange maak. Volgens hom sou dit dan ook die einde van die aarde wees, én die Wederkoms. Dit is tog snaaks dat sy bewerings gekom het so pas nadat die fliek “2012” gemaak was!

Natuurlik, soos jy weet, het Desember 2012 gekom en gegaan, en daar het niks van sy voorspellings gekom nie!

Die ergste is egter wanneer iemand begin beweer dat hy eintlik die Christus is wat alreeds gekom het. “Want vals christusse en vals profete sal na vore tree, en hulle sal tekens en wonders doen om, indien moontlik, die uitverkorenes te laat afdwaal,” waarsku Jesus.

Ek kry nou eenmaal ‘n e-pos wat so ‘n vals christus beskryf. Eers het ek gedink dat dit weer een van daardie gemorsposse is, maar toe gaan vergewis ek myself van die ware feite. Ek het selfs die man se webwerf opgespoor. Hy is iewers in Amerika, en hy het ‘n baie groot

aanhang. Hy beweer dat hy die Christus is en dat Christene ‘n groot fout maak deur Jesus elders te soek. Ek het siek gevoel nadat ek dit gelees het!

Wat moet ons maak van al hierdie dinge? Hoe moet ons Jesus se profetiese rede verstaan? Ja, inderdaad het Jesus waarskynlik die Jode gewaarsku oor die Romeinse oorlog en dat hulle daar baie swaar sou kry. Maar die profetiese rede het ook ewigheidsbetekenis en dit is steeds net so relevant vandag as wat dit in daardie tyd was. Jesus se wederkoms is op hande, maar ons weet net eenvoudig nie

wanneer dit gaan gebeur nie. Jesus se waarskuwing behels dat Sy wederkoms voorafgegaan sal word deur ‘n baie groot verdrukking van Christen-gelowiges. In Markus se tyd het dit alreeds begin, en ons weet dat dit later selfs baie erger gegaan het toe Nero die Christene in Rome op walglike en wreedaardige maniere uitgewis het. Hulle is vir leeus gevoer en hulle is selfs met teer besmeer en aan die brand gesteek om as straatfakkels te dien.

Vandag word Christene steeds wreed vervolg, veral in sommige Moslem-lande waar Christene in

die geheim moet aanbid, anders kan hulle tronk toe gaan. En as ‘n Moslem daar tot bekering kom, is dit feitlik ‘n uitgemaakte saak dat hy onthoof gaan word as iemand dit sou uitvind. Kan jy glo dat sulke dinge steeds gebeur in ons moderne tye? Ja, selfs hier in vrye Suid-Afrika is ‘n Moslem wat tot bekering kom nie seker van sy lewe nie. Nie alleen word hy totaal uit sy familie en die gemeenskap uitgesluit nie, maar hy word vervolg - selfs gejag!

Die wederkoms van Jesus is naby - alles dui daarop. Ons weet egter nie wanneer dit gaan gebeur nie. Wat egter nóg belangriker is, is

dat die “wederkoms” vir ons elkeen gebeur die dag wanneer jy sterf. Dit kan dikwels baie onverwags wees. Dit kan selfs vandag of more wees. Die vraag is of jy gereed is daarvoor?

Gebed:

Here, dankie dat ek kan uitsien na U wederkoms. Kom gou, Here Jesus, kom gou!

61

# Die Seun Kom Weer!

# Markus 13:24-37

**VIDEO * OUDIO**

In die derde deel van die Profetiese rede verskuif die verskriklike verdrukking voor die wederkoms na Jesus se wederkoms sélf. Dit is die dag waarna elke gelowige met groot verwagting uitsien!

Wat gaan op daardie dag gebeur? Die wederkoms word voorafgegaan deur ’n paar gebeure wat beslis nie as “natuurlike verskynsels” beskryf kan word nie: die son gaan

verduister en so ook terselfdertyd die maan. Die ganse hemelruim sal ontwrig word, en die sterre sal uit die hemel val. Kort daarna sal Jesus saam met Sy engele in heerlikheid verskyn.

Al die klem verskuif nou van die swaarkry, verdrukking en vervolging – dus menslike ervarings – na Jesus. Nóg ‘n baie groot klemverskuiwing is, dat Hy nou nie meer die Lydende Kneg is nie, maar Sy krag en majesteit word hier uitgebeeld. Tot op hierdie stadium was Jesus die lydende Messias wat gekom het om die mensdom te dien en om Homself as losprys te kom gee vir

die verlossing van verlore sondaars. Maar by Sy wederkoms sien ons die ware heerlikheid van die Seun. Inderdaad is dit nog steeds tot voordeel van die mensdom, want Hy stuur Sy engele om al die gelowiges bymekaar te maak uit elke uithoek van die aarde.

Die vraag op elkeen se lippe is natuurlik: wanneer gaan dit gebeur?

Vers 31 beklemtoon dit dat die wederkoms ’n absolute werklikheid is. “Die hemel en die aarde sal tot 'n einde kom, maar my woorde sal beslis nie tot 'n einde kom nie.” Só sê Jesus. Sy

woord is betroubaar. Die feit is egter dat die wederkoms 'n baie groot verrassing is en niemand weet wanneer dit gaan gebeur nie. “Slegs die Vader weet,” beklemtoon Jesus dit. Maar Hy lê hulle dit op die harte dat hulle dit binnekort moet verwag. Die “tekens van die tye” sal vir hulle wys dat die wederkoms naby is: “Leer hierdie les van die vyeboom: Sodra sy takke begin sag word en blare uitstoot, weet julle dat die somer naby is. So moet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, weet dat dit naby is, voor die deur.” (v. 28)

Jesus wil by Sy volgelinge 'n wederkomsverwagting kweek: "Pasop en wees waaksaam!" Wat beteken dit? Sou dit meen dat hulle moet gaan sit en wag vir die wederkoms om plaas te vind? Nee, allermins! Hulle moet met alle ywer voortgaan met hulle taak. Hy verduidelik dit met behulp van die beeld van 'n man wat weggaan en sy slawe in beheer van die huishouding los. Hulle weet nie wanneer hy terugkom nie. Wat doen die slawe in die tussentyd? Sit hulle maar rond en niksdoen terwyl hulle vir die eienaar wag? Nee, beslis nie! Hulle gaan voort met hulle dagtaak en behartig die

huishouding. Wanneer die eienaar die dag onverwags terugkom, sal hy natuurlik alles in orde vind soos wat hy dit graag wil sien. Daar sal mos nie nog ’n laaste-minuut-geskarrel wees om vinnig die plek aan die kant te kry wanneer hy voor die deur stilhou nie?

Op dieselfde wyse moet gelowiges te enige oomblik gereed wees vir Sy wederkoms, want dit kan enige tyd gebeur.

Maar dit was tweeduisend jaar gelede, en ons wag steeds! Baie mense het al moeg geword om te wag. Die probleem is dat baie gelowiges nie meer ’n

wederkoms-verwagting het nie en dat jy eerder jou eie dood verwag as die wederkoms van Jesus. Dit maak ’n mens se geloofslewe arm, en dit maak jou verhouding met God arm. Ons moet weer begin om met opgewondenheid uit te sien na Sy wederkoms.

Ons moet egter baie versigtig wees om nie met allerhande soorte spekulasies te kom oor Jesus se terugkeer nie. Ek het al sóveel keer gesien hoe mense sekere Bybelversies manipuleer om ’n sekere datum of tydperk aan die wederkoms te koppel, soos die geval byvoorbeeld is van Desember 2012. En dan is daar

boonop nog die Antichris wat geïdentifiseer word en alles wat daarmee saamgaan. Ek wil weer herhaal wat ek hier bo gesê het: Niemand weet wanneer die tyd daar sal wees nie! Jesus maak dit baie, baie duidelik! Die feit is dat ons elke oomblik gereed moet wees en ons moet leef daarvolgens!

Die vraag is: hoe verwag die Here dat ons vandag moet leef vir ’n wederkoms-verwagting? In die eerste plek wil Hy natuurlik hê dat ons volgens Sy wil moet leef. Ons moet die sonde afsterf en in liefde met God en ons medemens leef. Maar die belangrike is dat ons

aktief sal wag op Sy terugkeer. Aktief, in die sin dat ons Sy Evangelie sal versprei aan elkeen wat wil luister. Juis omdat Jesus se wederkoms alreeds so naby is, moet daar by ons ’n dringendheid wees om die Evangelie uit te dra. Daar is soveel verlore siele daar buite – soveel mooi mense wat verlore sal gaan as Jesus vandag sou kom!

Wat is die evangelieboodskap wat ons moet verkondig? Natuurlik in die eerste plek van Jesus se verlossing, en dat daardie verlossing slegs in Jesus is en niemand anders nie. Maar ons mag dit ook nie ’n soetsappige

boodskappie maak wat impliseer dat as jy in Jesus glo dan sal alles net goed gaan met jou nie. Daar is implikasies as jy Jesus wil volg. Die paadjie mag dalk besaai wees met vervolging en swaarkry. Maar die uiteinde is iets wat ek nooit sal verruil vir enigiets op aarde nie!

Gebed:

Here, hou my asseblief elke dag paraat en gereed vir Jesus se wederkoms. En kweek by my ’n dringendheid om die Evangelie te verkondig te alle tye.

62

# Jesus Word Gesalf

# Markus 14:1-9

**VIDEO * OUDIO**

Dit was twee dae voor Paasfees, Jesus se laaste Paasfees as Mens op aarde. Direk na die Paasfees het die fees van ongesuurde brode gevolg. Hierdie fees het sewe dae geduur, waar alle suurdeeg uit die Jode se huise verban was. Dit was simbolies van ’n tydperk van reinheid. Jesus sou egter nie deel kon hê in hierdie fees nie, want dan sou Hy alreeds gekruisig gewees het. Op hierdie stadium

was die priesterhoofde en Skrifgeleerdes desperaat om ’n plan te beraam om Jesus tereg te stel. Hulle besluit egter dat dit moes wag tot ná die fees, want daar sou te veel mense in Jerusalem wees gedurende die feestyd, en hulle was baie deeglik bewus van Jesus se aanhang onder die mense. Min het hulle geweet dat hulle probleem baie spoediger opgelos sou wees as wat hulle verwag het, uit die geledere van Jesus se eie binnekring!

Petrus en sy elf kollegas kuier aan huis van Simon die Melaatse, in die dorpie Betanië op die

koppie net buite Jerusalem. Die gebruik was dat wanneer daar vir mense ’n maaltyd voorgesit was, daar eers ’n voorgereg bedien sou word, maar eers nadat ‘n slaaf die gaste se voete gewas het. Daarna was die gaste bederf deur geurige parfuum oor hulle te sprinkel. Slegs ’n enkele druppeltjie was genoeg om die vertrek te vul met ’n heerlike geur.

Petrus is sulke bederf nie meer gewoond nie. Drie jaar van swaarkry saam met sy Meester het hom ontneem van hierdie soort luukshede. Dikwels moes hulle selfs in die veld slaap en dalk net ’n stuk droë brood eet!

Dan sien Petrus die vrou die vertrek binnekom. Sy belangstelling word dadelik geprikkel as hy die duur albastefles in haar hande sien. Wat sou sy daarmee wou doen? ‘n Druppeltjie of twee oor elkeen sprinkel? Wat ookal in daardie fles is, moet baie kosbaar wees! Dit moes ’n fortuin gekos het! Daar is ’n eienaardige uitdrukking op die vrou se gesig, amper iets soos droefheid. Dit maak Petrus bang! Sy sien die manne in die vertrek amper nie eers raak nie, haar fokus slegs op Jesus, as sy reguit op Hom afstap. “Wat beplan sy?” wonder Petrus nog. Sy gaan staan agter Jesus.

Alle oë is op haar gerig. Jy kan ‘n speld hoor val! Almal hou asem op – wat gaan sy doen? Sy breek die dun nekkie van die fles af, en onmiddellik vul die hemelse geur van nardusolie die hele vertrek. Stadig lig sy die fles bokant Jesus se kop, en dan begin sy die inhoud daarvan oor Jesus se hare uitgooi. Petrus wil opspring: “Dis genoeg!” wil hy skree, maar dit is asof ’n hand hom terughou. Sy mond hang onbeskaamd oop as hy toekyk hoe die dun stroompie peperduur vloeistof uit die fles sypel en Jesus se hare deurdrenk met die kosbare olie uit Indië. Die oorweldigende geur

van nardus vul elke hoekie van die huis van vloer tot plafon.

Eers nadat die héél laaste druppel uit die fles getap het, vlieg Judas op. Hy is briesend. “Hoe kon jy!” raas hy met die vrou, “Besef jy nie wat jy doen nie?” Judas is buite homself van verontwaardiging. “Daardie flessie olie kon vir driehonderd silwermunte verkoop gewees het! Ons kon daardie geld vir die armes gegee het, en nou kom vermors jy dit so!” Die ander manne stem heftig saam.

Jesus maak hulle stil, en verduidelik dat Hy nie meer lank met hulle sal wees nie. Hierdie

vrou het Sy liggaam vooruit gesalf vir Sy begrafnis. Petrus voel soos ’n wurm! Niemand het vir die Meester gevra hoe Hý hieroor voel nie! Almal het sommer maar net aangeneem......

“Julle sal die armes áltyd by julle hê,” verduidelik Jesus. Hy sien hulle onkunde en die feit dat hulle nog steeds nie kan begryp dat Hy binne die volgende paar dae tereggestel gaan word nie. Met weemoed kyk Hy ook na Judas. Hoe hard het Hy nie probeer om vir Judas te laat verstaan van die Evangelie nie. Die man het sy hart verhard. Hy was ontnugter toe hy agtergekom het dat Jesus

nie dieselfde Messias was wat hy graag sou wou gehad het nie.

Jesus kyk met deernis na die vrou, en dan draai Hy na die manne: "Oral in die hele wêreld waar die evangelie ook al verkondig word, sal daar, ter herinnering aan haar, vertel word van wat sy gedoen het."

Dis tweeduisend jaar later, en steeds vul die vrou se onselfsugtige daad daardie dag elke gelowige met verwondering en deernis. Sy het haar álles gegee vir Jesus, sonder om te dink aan die gevolge. Vra ek en jy onsself ooit af wat Jesus sou wou gehad het? So baie keer doen

ons dinge – dikwels baie edel dinge – maar ons soek nie eers die wil van die Here voordat ons dit doen nie. Dikwels vra die Here van ons om iets te doen wat gladnie vir ons sin maak nie, iets wat ons nie verstaan nie. Ek is baie seker dat hierdie vrou nie verstaan het waarom sy Jesus moes salf nie. Maar sy was gehoorsaam toe God dit op haar hart gelê het. Die manne se verstand het vir hulle gesê dat die geld prakties aangewend moes word, maar dit was nie wat die Here wou hê nie.

Die Here vra van ons om fyn te luister na die influistering van die

Heilige Gees. Ons kan slegs Sy stem hoor as ons waarlik stil word voor die Here en in navolging van Jesus lewe.

Gebed:

Here, help my asseblief om te kan onderskei tussen my eie wil en U wil!

63

# Judas – God se Pion?

## Markus 14:10-16

**VIDEO  *  OUDIO**

Daar is al baie vrae gevra oor Judas se verraad, vrae sonder eenvoudige antwoorde! Was dit iets wat Judas op die ingewing van die oomblik gedoen het? Nee, dit was inderdaad beplan! Hy het nog voor daardie aand van die laaste paasmaal alrééds sy dienste vir die priesterhoofde gaan aanbied. Boonop is hy nooit gedwing of omgepraat nie, maar hy het dit uit eie vrye wil gedoen. Natuurlik was hulle verheug, want

skielik was hulle grootste probleem opgelos, hoe om Jesus finaal vas te trek. En dít nogal uit die mees verrassende en totaal onverwagse oord.

Dit moes vir Jesus verskriklik gewees het om vir Judas as 'n Apostel te kies saam met die ander elf. Hy moes sékerlik voor daardie tyd al geweet het dat Judas Hom sou verraai. Vir die volgende drie jaar moes Hy saam met Judas werk en moes Hy hom liefderyk leer, wetende dat Judas daardie verfoeilike daad sou pleeg.

Maar waarom juis Judas? Waarom een van sy binnekring

dissipels? Waarom kon dit nie maar ’n buitestaander wees nie? Dit moes júís een van Sy vertrouelinge wees om Jesus se lyding soveel erger te maak. Onthou: Jesus moes die straf dra van die sondes van die ganse mensdom. As dit sommer net ’n ligte straf sou wees, sou dit nie waarlik betekenis gehad het nie. Jesus se lyding het alreeds begin by Sy geboorte toe Hy, die Koning van die heelal in ’n stinkende, vuil stal sonder enige weelde en glorie die eerste lewenslig moes sien. Jesus se lyding was beslis nie alléén die klein rukkie aan die kruis nie. Dit het ook al die vernedering wat Hy moes

deurmaak ingesluit, asook die verwerping, valse beskuldigings, die angs in Getsemane en die vernedering dat een van Sy eie dissipels Hom verraai het. Daarom móés dit een van die Apostels wees vir wie Hy met soveel deernis en liefde vir drie jaar lank opgelei het!

Die groot kwelvraag is of Judas dan maar net ’n pion in God se hand was? Was hy deur God aangewys as die een wat Jesus moes verraai? Moes hy dan net eenvoudig maak soos God hom beveel het?

Nee, baie beslis nie! God het in Sy alwetenheid wél vooraf

geweet dat Judas vir Jesus sou verraai en juis om daardie rede het Jesus vir Judas gekies as ’n Apostel. Judas was sékerlik aanvanklik vuur en vlam om Jesus te volg. Maar vermoedelik was hy, soos baie ander Jode, onder die indruk dat Jesus ’n Messias sou wees wat hulle van die Romeinse oorheersing sou bevry. Toe hy agterkom dat Jesus totaal anders optree, het Judas waarskynlik mismoedig geraak. Jesus het nie met geweld opgetree nie, maar eerder met liefde!

Judas was nie meer hart en siel in hierdie dissipel-ding nie. Ons

weet ook dat Judas géén engeltjie was nie. Sy eie mede-Apostels het hom daarvan verdink dat hy lang vingers gehad het, en dat hy die geld wat vir hulle lewensonderhoud moes sorg, laat voete kry het en in sy eie sak gesteek het.

Die vraag wat ons onwillekeurig ook moet vra, is of God dan beheer verloor het? Uit wat ons hier bo gesien het, kan ons nie anders nie as om te erken dat God die hele tyd in volle beheer was, want Judas het opgetree presies soos wat God geweet het dat hy sou doen. Nou was die verhoog opgestel vir die finale

gebeure in hierdie aangrypende ware lewensdrama!

Maar eers was daar nog iets wat afgehandel moes word voordat Jesus die groot offer sou bring, ’n uiters belangrike nalatenskap wat Hy moes gee. Dit sou nie alleen vir Sy dissipels van daardie tyd wees nie, maar ook vir al Sy volgelinge in die toekoms. Daarvoor het Hy ’n groot vertrek nodig gehad in Jerusalem. Maar hoe sou Hy daar so ’n vertrek bekom? Maar ook hier was God in volle beheer. Hy het die perfekte vertrek vooraf gereël. Jesus het bloot ’n paar manne met ’n spesifieke opdrag gestuur

om uit te kyk vir ’n man wat ’n kruik water sou dra. Dis ’n baie buitengewone opdrag, want mans het in daardie tyd nóóit kruike met water rondgedra nie, dit was immers vrouens se werk! Toe hulle dus die man met die kruik op sy skouer gesien het, het hulle gewéét! Alles was haarfyn vooruit beplan.

Die manne het Jesus se instruksies noukeurig gevolg, en die man met die kruik gevolg tot waar hy in ’n huis ingegaan het. Daar het hulle aangeklop en vir die eienaar gevra waar die kamer was waar hulle saam met hulle Leermeester die paasmaaltyd kon

eet. Dit was ’n wildvreemde man, maar onmiddellik het hy geweet waarvan hulle gepraat het. Hy het hulle na ’n bovertrek geneem wat reeds klaar ingerig was vir hulle paasmaaltyd. Hoe het hy geweet? Die manne se monde het oopgehang van verbasing!

Dadelik het hulle aan die werk gespring met voorbereiding vir die belangrikste paasmaaltyd van hulle lewens. Dit sou ’n maaltyd wees wat volgepak sou wees met drama. Dit sou ’n maaltyd wees wat vir hulle groot skok en pyn sou besorg. Maar dit sou ook een wees wat hulle nooit óóit sou kon vergeet nie! Vir die jare daarna

sou hulle telkens met groot deernis terugdink aan hierdie maaltyd, die héél laaste een saam met hulle Meester!

Vandag wéét ons dat niks gebeur buite God se beheer nie. Hy is te alle tye in volle beheer, al wil dit soms vir ons anders lyk. Maar ons kan ook weet dat ek en jy nie maar net pionne is in God se hand nie. Elke mens het sy eie vrye wil om te kies en te doen. Judas het verkeerd gekies. Maak seker dat jy reg kies!

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag net weereens kan besef dat U in volle beheer is!

64

# Die Paasmaal

# Markus 14:17-25

**VIDEO * OUDIO**

Die heerlike geur van gebraaide lam vul die bovertrek as die manne daardie Donderdagaand in die bovertrek instap. Die lam is daardie selfde oggend nog geslag en die bloed is geoffer as deel van die Paasfees. Die dertien manne gaan lê behaaglik rondom die tafel. Dit was ’n harde dag daar by die tempel waar Jesus heeldag lank mense geleer het, en almal is moeg. Hoe heerlik is dit nie om vir ’n verandering weer

die luukse te kan smaak om jou so te kan uitstrek en rustig ’n maaltyd geniet.

Al die Paasmaal seremonies is vir die manne tweede natuur, hulle doen dit elke jaar van kleins af. Die groot skottel gebraaide lam staan in die middel en die manne breek stukke brood af en doop dit in die geurige sous.

Skielik raak Jesus se gesig stroef: “Ek sê vir julle: Een van julle sal My verraai, een wat saam met My eet.”

Daar sak ’n geskokte stilte toe oor die vertrek. Almal is te bang om ’n woord te sê. Dit kan tog sékerlik nie waar wees nie? Wie sou dan

nou so ’n verraderlike daad wou pleeg? Dis tog net hulle twaalf Apostels wat hier in die vertrek is saam met Jesus…. Nee! Hy maak seker ’n fout!

Onthuts kyk die manne na mekaar. Petrus breek die stilte: “Dis tog sékerlik nie ek nie, Meester?”

Jesus kyk hom meewarig aan. “Beslis nie ek nie!” verklaar Johannes, baie seker van homself. Hy sal mos nóóit so ’n verraderlike ding doen nie!

“Is dit dalk ek?” Ongeloof straal geskok uit Thomas se gesig.

“Dit is een van julle twaalf,” sê Jesus, en almal kan sien dat Sy gemoed baie swaar is, “die een wat saam met My sy hand in die skottel insteek.”

“Maar almal doen dit dan!” dink Petrus. “Ons almal steek ons brood saam met Hom in die skottel!”

Die manne brom onder mekaar, hulle verstaan nou gladnie. Wie van hulle kan die verraaier wees? Mens kan deesdae ook niemand meer vertrou nie!

“Die Seun van die Mens gaan wel heen, soos daar oor Hom geskryf staan, maar wee daardie man deur wie die Seun van die Mens

verraai word. Dit sou vir hom beter gewees het as hy nie gebore was nie.” Jesus se woorde laat almal sprakeloos!

Niemand merk op dat Judas spierwit word in die gesig nie. Hy voel siek, maar hy durf dit nie wys nie. Die manne sal hom doodmaak as hulle weet wat hy beplan. As hy opkyk, sien hy Petrus se gesig. Hy kyk vinnig weer af – hy is bang vir daardie man. Petrus kan soms so impulsief optree, jy weet nooit waar jy met hom staan nie. Judas vermy die ander se oë. Daar sak ’n donker wolk toe oor die manne. Niemand sê ’n woord nie! In stilte

eet hulle verder, maar skielik het die kos nou onsmaaklik geword…...!

Dit is Jesus wat ’n lang, ondraaglike stilte verbreek. Hy tel ‘n brood op, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, breek Hy die brood in stukke en gee vir elkeen van die manne ’n stuk: “Neem, dit is my liggaam.” Sy woorde eggo deur die vertrek en deur elkeen se gemoed. Petrus voel siek, dit klink vir hom soos doodswoorde. Dan neem Jesus die beker met wyn en terwyl Hy dit ophou bid Hy weer en spreek ‘n dankgebed uit. Nadat hulle in ’n koor “Amen”

gesê het, gee Jesus die beker om sodat almal daaruit kan drink. “Dit is My bloed,” kom Jesus se skokkende woorde. Judas verstik amper in die wyn: “Wat is ek besig om te doen?” skree dit deur sy liggaam. “Dis nou te laat!” dink hy verbitterd. “Daar is nie meer omdraaikans nie! Wat moet gebeur, móét gebeur!”

Vaagweg hoor Judas Jesus se woorde voortgaan, oor Sy bloed wat vergiet word en die verbond wat beseël word en dat Sy bloed vir baie mense vergiet word, maar hy wil sy ore toedruk. Hy wil nie meer hoor nie. Hierdie is nie die Messias wat hy verwag het nie!

Hy wil ’n Messias hê wat sal opstaan teen die Romeine! Hy wil ’n Messias hê wat sterk is en die volk na oorwinning sal lei. Hy het nou net mooi genoeg gehoor van sterwe en ly en nederigheid. “Verskoon my,” mompel Judas as hy opstaan en die vertrek uitstap. Alle oë is op hom gerig, maar niemand durf ’n woord sê nie.

Vir die manne het daardie Paasmaaltyd begin as maar net nóg ’n Paasmaal. Maar dit het ontaard in een wat nie een van hulle óóit kon vergeet nie. Ja, selfs vandag nog is dit vir gelowiges regoor die wêreld een van die mees dramatiese en

heilige oomblikke om daardie maaltyd van Jesus saam met Sy dissipels te kan herdenk. Om die brood te kan proe en dit in jou mond rond te rol, sien jy in jou geestesoog hoe ons Verlosser stukkend geslaan is; hoe Hy wreed mishandel is; hoe Hy gespot is; daardie kroon gevleg van doringtakke wat in Sy kopvel ingedruk is sodat die bloed oor Sy gesig stroom. Dit voel vir my of die brood nooit klaar kan raak nie, en ek sluk swaar daaraan. Maar hoe swaar het Jesus gesluk?! Die sweepslae, hoe het Hy gekrul van pyn! En die spykers, groot, aaklige spykers wat wreed deur

Sy hande en voete gekap is en Sy vleis geskeur het.......

En wanneer ek die wyn drink, het dit ’n bitter-soet smaak, want dan sien ek in my gedagtes hoe my Heiland se bloed gestort is. Vir my, ellendige mens! Hoe swaar moes Hy nie drink aan daardie beker nie.........

Gebed:

Here, laat my nooit vergeet wat U alles moes deurmaak om te betaal vir my sondes nie…...

65

# Op pad na Getsemane

## Markus 14: 26-33

VIDEO * OUDIO

Na die ontstellende Paasmaal sing hulle ‘n lofsang. Daar is egter géén lof in vir Petrus nie, dit voel eerder na ‘n begrafnislied! Binne-in hom kóók dit! Ja, dit kan maar nét Judas wees wat vir Jesus gaan verraai, so ’n addergebroedsel!

Hulle pak op en vertrek om slaapplek te gaan soek vir die nag. Hulle het ’n lekker plekkie ontdek teen die hange van die Olyfberg in die tuin van

Getsemane. Hier het hulle al ’n paar keer kom slaap. Die twaalf het al gewoond geraak om sommer iewers in die veld slaapplek te maak, sommer so op die harde grond. Terwyl hulle die voetpaadjie volg in die donker deur die Kidronvallei, is Jesus die eerste wat die ondraaglike stilte verbreek. Maar Sy woorde sny soos ’n mes deur Petrus: “Julle sal almal afvallig raak.” In die donker probeer Petrus Jesus se gesig sien – hy kan nie glo wat hy hoor nie! Jesus gaan egter ongestoord voort: “Daar staan geskryf: ‘Ek sal die herder neervel, en die skape sal uitmekaar gejaag word’.”

Petrus wil sy ore toedruk. “Nee! Dit kan nie!” wil hy skreeu. Hoe kan die Meester se getroue volgelinge ophou glo? Natuurlik sal hulle saamstaan!

In sy verbeelding sien hy ’n trop skape saam met hulle herder loop, en dan skielik spring ’n leeu uit die ruigtes en verskeur die herder. Verslae sien hy in sy geestesoog hoe die skape in alle rigtings uitmekaar spat en wegraak. Is dit wat die Meester bedoel? Sal hulle twaalf so uitmekaar spat soos herderlose skape? Hy skud sy kop heftig om van die prentjie ontslae te probeer raak.

Petrus is só ontsteld dat hy nie eers hoor nie as Jesus sê: “Nadat Ek opgewek is, sal Ek voor julle uit gaan na Galilea.”

Eers baie later sou hy dáárdie trooswoorde onthou. Eers tóé kon Petrus met 'n glimlag terugdink aan daardie aand. Hoe groot, hoe oneindig groot is God se genade nie! Al sou Sy dissipels Hom totaal in die steek laat - Hy sal húlle nooit óóit in die steek laat nie! Ja, as Petrus terugdink, besef hy dat Jesus daardie eensame paadjie sonder Sy vriende alleen móés stap. Na die opstanding sou Hy weereens met hulle 'n verhouding aanknoop en

die ganse mooi verhouding herstel. Ja, eers tóé het Petrus besef dat Jesus waarlik die langverwagte Herder is wat Sy skape vir altyd liefderyk sou versorg!

Maar nou is Petrus eers besig om die grootste krisis óóit in sy lewe te probeer verwerk. Hoe kan die Meester hulle so verskriklik beskuldig? Hy, Petrus sal mos nóóit toelaat dat so ’n verskriklike ding gebeur nie! “Meester, al sou hulle almal struikel, ek, Petrus sal dit nooit in der ewigheid doen nie!” Petrus is bitter omgekrap. Wat dink die Meester dan van hom? Hy het nie ’n bang haar op

sy kop nie! Hy sal deur dik en dun by die Meester staan, maak nie saak wát gebeur nie!

Die volgende oomblik sny Jesus se woorde deur sy siel, “Petrus, Ek sê vir jou: Jy sal vandag, vannag nog, voor die haan twee maal kraai, My drie maal verloën.”

Petrus wil huil! Hoe kan die Meester so ’n verskriklike ding van hom sê? “Nee! Nee! Nee!” skreeu dit deur sy verwarde gemoed. “Meester…..” Petrus se stem bewe van aandoening. “Selfs al moet ek saam met U sterf, ek sal U beslis nie verloën nie!”

“Ja, ja,” beaam al die ander. “Ons sal as één man saamstaan, en al moet ons ook sterwe, ons sal elke oomblik by U bly en U bystaan tot die end!”

Daar word nie baie gepraat op die steil paadjie teen die Olyfberg uit nie. Die manne is moeg, dit was ’n bitter lang, harde en emosioneel-uitmergelende dag. Wanneer hulle by hulle slaapplekkie in Getsemane aankom, val die manne dankbaar op die grond neer. Maar steeds is Jesus nie klaar vir die dag nie: “Bly hier sit totdat Ek klaar gebid het.” Hulle brom. Hulle is moeg en vaak en nou wil die Meester

eers weer gaan bid! En hulle moet wakker bly? Hoe kan Hy dit van hulle verwag?

“Petrus, kom jy, Jakobus en Johannes asseblief saam met My.” Die manne sug swaar, maar hulle stap saam. ’n Entjie van die ander af, gee Jesus hulle ‘n klein kykie in Sy verskriklike worsteling: “My siel is diep bedroef, tot die dood toe.”

Die drie manne saam met Hom is nie alleen die leiers in die groep nie, maar al drie het al per geleentheid bevestig dat hulle absoluut getrou aan Jesus sou wees. Twee weke tevore het Jakobus en Johannes nog gesê

dat hulle bereid sou wees om die lydensbeker van Jesus saam met Hom te drink, en vroeër die aand nog het Petrus klem gelê daarop dat hy nooit óóit vir Jesus sou verloën nie. Maar is hulle werklik in staat om hulle trou uit te leef? Nou is die tyd om dit te bewys!

“Bly hier en waak.”

Sal hulle ooit wakker kan bly? Sal hulle kan vasstaan terwyl hulle Meester in gebed worstel? Sal hulle Hom werklik volg tot die einde? More lees ons verder.

Gebed:

Here, as ek sien hoe die Apostels opgetree het, dan besef ek dat

hulle verkeerd was. Maar dan besef ek ook dat my eie lewe dikwels net soos dié van die dissipels lyk. Vergewe asseblief Here!

66

# Jesus se Gebedsworsteling

# Markus 14:32-40

**VIDEO * OUDIO**

Dit is die langste nag óóit in Petrus se lewe, waar hy saam met Johannes en Jakobus teen die skurwe stam van ’n knoetsige ou olyfboom gaan sit. Hy is moeg tot diep in sy siel. ’n Entjie van hulle af sien hy Jesus op die grond in die flou maanlig kniel. Die hele aand se gebeure maal weer deur sy kop. Die skok van Jesus se aankondiging dat een van húlle Hom sou verraai. Hy sien weer Judas se gesig, asvaal,

skuldig! Dit kan maar nét Judas wees! Ja, hy moes dit geweet het! Hy het nog nooit rêrag vir Judas mooi kon vertrou nie! Daar is net iets omtrent daardie man........

Hy hoor sy Meester saggies bid, en hy kan hoor dat Jesus deur ’n verskriklike sielewroeging gaan: “Abba Vader, alle dinge is vir U moontlik!” Jesus se smeekwoorde kom na Petrus op die koel nagluggie aangesweef. “Neem hierdie beker van My af weg – nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.”

Vir Petrus voel dit asof ’n dolk deur sy hart steek, om sy Meester so te hoor pleit. Hy hoor die rou

pyn in Jesus se stem, en dit maak baie seer. Trane loop oor Petrus se wange. Hoe bitter swaar het sy Meester nie al gekry die afgelope paar dae nie! Elke dag kon hy sien hoedat Jesus geestelik uitgemergel word. Die spanning was by tye ondraaglik. Maar steeds het Jesus blymoedig voortgegaan om te preek en mense te leer. Daar is ‘n dringendheid by Hom om so veel as moontlik in ’n baie kort tydjie af te handel, asof Hy nog net ’n paar dae oor het het om te leef!

En die alewige priesterhoofde en Fariseërs en Herodiane! As dit nie die een is nie, dan is dit die

ander! Hulle is soos klein brakkies wat net kef en hap, al om ’n mens se enkels. Wat probeer hulle doen? Die vuur van haat en jaloesie gloei gedurig in hulle oë. Hierdie manne het net één ding in gedagte: om Jesus vas te trek en Hom in die tronk te kry, nes dit gegaan het met Johannes. Arme Johannes!

Die vaak oorval Petrus en hy begin droom, die allerverskriklikste nagmerries. “Simon! Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur lank te waak nie?”

Met ‘n hart wat wild bons, skrik Petrus wakker. “Jammer

Meester!" Hy voel baie skuldig. Hoe kon hy slaap terwyl Jesus met God worstel?

Nou is die ander twee ook wakker, en half deur die slaap hoor hulle hoe Jesus hulle bekommerd vermaan: "Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak." En daarmee draai Hy om om verder te gaan worstel met God.

Petrus kyk beskuldigend na die ander twee: "Julle ouens het nou die dag nog gesweer dat julle saam met die Meester Sy lydensbeker sal drink. Toe julle netnou al geslaap het, het ek

gehoor hoe Hy by God pleit om daardie lydensbeker weg te vat. Dit was hartverskeurend om Hom so te hoor.”

“Watter soort vriende is ons? Ons is almal besig om Hom in die steek te laat!” Johannes voel bitter skuldig. Dan sak ’n doodse stilte oor hulle neer terwyl hulle met pyn in die harte lê en luister hoe Jesus worstel en wroeg in gebed. Maar vir hierdie drie is die vlees net eenmaal te swak, en weldra verval hulle weereens in slaap.

In totale eensaamheid, verlaat selfs van Sy intiemste vriende, worstel Jesus, die Seun van God

deur Sy grootste krisisuur. Sal ons ooit die ware omvang van Sy lyding kan begryp? Sal ons óóit kan verstaan waardeur Jesus werklik daardie nag gegaan het? Lukas vertel dat Jesus fisies bloed gesweet het daardie nag. Bloeddruppels het op die grond geval terwyl hy worstel in gebed. Al was Hy die Seun van God, was hy terselfdertyd ook ten volle mens, met dieselfde angste en gevoelens as enige ander mens. Wat dit soveel erger gemaak het, is die feit dat Hy presies geweet het wat in daardie volgende ure op Hom sou wag, die verskriklike vernedering en die ondraaglike pyn wanneer die soldate Hom

gésel. Ek was verskriklik ontsteld toe ek die fliek “Passion of Christ” gekyk het. Dit was veral die toneel waar hulle Jesus gegésel het, waar ek nie verder kon kyk nie. Baie mense het kapsie gemaak teen daardie tonele. Maar is dit nie maar wat werklik gebeur het nie? En Jesus het presies geweet waarvoor Hy Hom inlaat.

Dan die kruisiging - totaal verlaat van vriende; verlaat van familie; verlaat...... van God! Hy sou moes hang in die mees uitmergelende pyn denkbaar, Sy gewrigte verbrysel deur dik ysterspykers.

Die sondes van die ganse mensdom sou op Hom neerkom; die straf vir die sondes van die ganse aarde moes Hy dra.

En Sy vriende lê en slaap......

Markus wil elke leser van hierdie Evangelie, ook vir jou en my, probeer aanspoor om ’n beter dissipel te wees as wat hierdie manne was. Om te waak en te bid dat ons nie in die versoeking sal kom nie. Hierdie oproep van Jesus aan die manne, weergalm deur die tuin van Getsemane, weergalm oor die ganse wêreld, weergalm deur die eeue sodat ek en jy vandag ook moet kennis neem. Nee, nie alleen kennis

neem nie, maar dat ons waarlik gaan doen wat Jesus vra. Die angs wat Hy daardie nag gely het, was ook vir my en ook vir jou. Is ons waarlik opreg dankbaar daarvoor?

Gebed:

Here, ek sal nooit kan begryp hoe groot U lyding waarlik was nie. Maar ek wil dankbaar leef voor U. Help my om my dankbaarheid prakties te kan uitleef!

67

# Verraad in die Nag

# Markus 14:41-51

**VIDEO * OUDIO**

Petrus word weereens uit ‘n rustelose slaap geruk wanneer Jesus die derde keer na die drie manne toe kom: “Slaap en rus julle nog steeds?” Petrus voel asof hy inmekaar kan krimp van skaamte. Dan raak hy yskoud by Jesus se aankondiging: “Genoeg! Die uur het gekom. Kyk, die Seun van die Mens word in die hande van sondaars oorgelewer.”

Nou is Jakobus en Johannes ook wawyd wakker. “Meester?” huiwer

Johannes met ’n vraag wat hy dalk liewer nie wil vra nie.

“Staan op, laat ons gaan! Kyk, die een wat My verraai, is naby!”

Fakkelligte kom tussen die bome aangesweef. Voetstappe van baie mense, gedemp asof hulle iemand bekruip. Petrus se hart klop wild in sy borskas. “Nou is die tyd om die Meester ten alle koste te beskerm! Ek het mos gesê dat ek by Hom sal staan deur dik en dun. Ek gaan Hom verkeerd bewys!”

As die optog tussen die olyfbome deur voor hulle verskyn, herken Petrus die man wat heel voor stap onmiddellik. “Jou lae

uitvaagsel!" wil hy skree. "Jou addergebroedsel!" Maar hy kry nie 'n geluid uit nie. Magteloos kyk hy toe hoe Judas reguit na Jesus loop. Petrus voel dat hy wil ontplof. Skielik is die stilte ook weg en almal praat gelyk. Bevele word uitgeskree, en daar heers chaos. Van al die lawaai het die ander manne nou ook wakker geskrik, en hulle kom aangehardloop om te sien wat gebeur.

Jesus staan net daar, soos 'n Lam wat gedwee wag om geslag te word. Judas groet Jesus half stotterend: "Rabbi...." Hy het niks meer as dit om vir sy Leermeester

van die afgelope drie jaar te sê nie. Jesus kyk hom vol in die oë – ’n kyk wat vir Judas sê dat Hy so innig jammer voel vir hom. Hy het die ewige lewe verruil vir ’n paar muntstukke. Judas se hande bewe onbedaarlik as hy Jesus soen. Hy draai om. Niemand merk die trane in sy oë nie. Oorhaastig verdwyn hy tussen die mense deur.

Die spul wat saam met Judas gekom het beur vorentoe om Jesus te gryp, ’n mengelmoes van manne, gewapen tot die tande. Die paar tempelwagte is die enigstes wat ’n bietjie georganiseerd lyk. Hulle tree

nader met ontblote swaarde. Die res swaai stokke en kieries wild rond om hulle misnoë en hulle aggressie te vertoon.

Petrus het nou net mooi genóég gehad! Hy pluk sy swaard uit en storm wild af op die klomp. Vandag is die dag wat hy sy Meester gaan red uit die hande van hierdie klomp skurke, hy sal veg tot die bitter einde! Hy swaai sy swaard wild na die eerste man wat hy teëkom en tref die kêrel skrams teen die kop, sodat jy net bloed sien spat. Nou is Petrus goed opgewerk, en hy is gereed om die ganse leër aan te vat!

“Simon! Stop!” hoor Petrus sy Meester se stem en stadig begin hy kalmeer. Eenkant staan die hoëpriester se slaaf kermend. Hy hou sy oor vas, oftewel daar waar netnou nog ’n oor was voordat Petrus hom bygekom het. Jesus wink hom nader. Sy oor is ’n gemors en die bloed stroom teen sy nek af. Jesus sit Sy hand op die wond en oombliklik stop die bloed. As Jesus Sy hand terugtrek, is die slaaf se oor volkome genees, asof Petrus se swaard nooit naby hom was nie. Die slaaf kan sy oë nie glo nie!

Dreigend staan die manne nou nader om Jesus gevange te

neem. Dan praat Hy, Sy stem spreek van kalmte en aanvaarding: “Het julle soos teen 'n rower met swaarde en knuppels uitgetrek om My gevange te neem?” In die flikkerende fakkellig herken Hy etlike gesigte wat gereeld na Hom kom luister het in die tempel. “Dag ná dag was Ek by julle op die tempelterrein besig om onderrig te gee, en julle het My nie gevange geneem nie.” Dan glimlag Jesus, want Hy weet presies waarom hulle Hom nie gevange kon neem nie – die tyd was nog nie reg nie! Dit was nie hoe God beplan het dat Hy gevang moes word nie. God het

bepaal dat dit in die nag moes wees, en dat een van Sy dissipels, Sy eie vriende Hom moes verraai. “Die Skrifte moes vervul word!” verduidelik Jesus.

Woedend storm die spul nou op Jesus af. Hulle ego is geknak! “Kom ons gryp Sy aanhangers ook!” Verskrik spat die elf manne uitmekaar. Selfs Petrus! Hy is verward. Hy weet nou gladnie meer wat om te doen nie, en dan laat spaander hy ook maar saam met die ander.

En so word Jesus gearresteer en hardhandig afgelei teen die steil paadjie van die Olyfberg af, deur die Kidronvallei tot in Jerusalem.

’n Entjie agter Jesus kom ’n jong man aangeloop, geklee slegs in ’n linnedoek om die lyf. Hy wil sien wat hulle met Jesus gaan doen. Dan merk een van die tempelwagte hom. “Gryp daai man!” Die jongman sien groot moeilikheid kom en hy vlieg om. ‘n Tempelwag kry hom egter aan die klere beet, en in ’n laaste desperate poging ruk hy homself los. Maar hy betaal duur, want in die proses word sy enigste kledingstuk, die doek van sy lyf afgeruk. Al laggende kyk die manne hom agterna as hy vreesbevange en poedelnaak die straat afhardloop en dan tussen die huise verdwyn.

Die optog marsjeer reguit na die hoëpriester se huis. Dan begin Jesus se grootste lyding.

Gebed:

Here, saam met Petrus wil ons ook kwaad word, kwaad vir die verskriklike onreg wat U moes ly. Maar dan besef ons dat sonder daardie onreg, ons nie die verlossing sou kon smaak nie. Dankie dat U die volle prys vir ons betaal het!

68

# Voor die Joodse Raad

## Markus 14:53-65

**VIDEO * OUDIO**

In die vroeë oggendure, nog lank voordat die haan gekraai het, word Jesus voor die Sanhedrin, die Joodse Raad gebring. Vir 'n begin was hierdie 'n onwettige verhoor, want volgens Joodse regspleging was dit nie wettig om regspraak te lewer in die nag nie, en veral nie om die doodsvonnis op te lê nie.

Die Sanhedrin het bestaan uit 70 lede. Die hoëpriester was die voorsitter. Verder was die Raad

saamgestel uit priesteradel (hoofsaaklik Sadduseërs), familiehoofde (verteenwoordigers van vername Joodse families) en Skrifgeleerdes (wat hoofsaaklik Fariseërs was).

Nog lank voordat die verhoor begin het, het hierdie mense alreeds besluit dat Jesus skuldig was. Hulle het slegs één ding in gedagte gehad, dat Hy tereggestel moes word! Hy sou beslis nie ’n regverdige verhoor van hulle kry nie en hierdie “hoogheilige” manne sou selfs so ver gaan om vals getuienis teen Hom in te bring om in hulle doel te slaag. Al wat hulle moes doen,

was om ’n aanklag te kry wat Hom skuldig sou bewys. Dit was egter ’n bietjie moeiliker as wat hulle beplan het. Die probleem was dat die getuies wat hulle geroep het nie met mekaar kon ooreenstem nie. Volgens die wet (Deut. 17:6) was dit verpligtend dat getuies eenparig moes wees, anders kon ’n vonnis nie voltrek word nie. En hulle kon mos nou nie teen die wet gaan nie!

Markus sonder een spesifieke getuienis uit wat gelewer was. Volgens hierdie man sou Jesus gesê het dat Hy die tempel sou vernietig, en binne drie dae ’n ander een bou, een wat nogal nie

deur mense gemaak sou wees nie. Selfs oor hierdie getuienis was daar nie ooreenstemming nie. Na alle regte was die hoëpriester eintlik verplig om die saak uit te gooi op grond van onvoldoende getuienis. Hy doen dit egter nie, en só oortree hy alreeds die tweede wetlike aspek wat die hof onwettig maak.

Die hoëpriester steur hom egter nie aan die wettigheid van die verhoor nie en gaan net eenvoudig onverstoord voort om Jesus verder te ondervra. Alle wetlikheid word oorboord gegooi om Jesus aan die pen te laat ry.

Dan vra die hoëpriester vir Jesus: “Is jy die Christus, die Seun van die Lofwaardige?” Uit vrees dat hy per ongeluk die Naam van God ydellik gebruik, verwys hy na God as “die Lofwaardige.” Baie wetsgehoorsaam in een opsig, maar in die ander gooi hy die wet totaal by die venster uit!

Jesus antwoord hom reguit: “Ek is!” Ons het gesien dat Jesus regdeur die Markus Evangelie baie versigtig was dat die feit dat Hy die Messias is, nie uitlek nie. Nou maak Hy dit egter openbaar, want nou het die tyd aangebreek om dit af te kondig. Sy lydingstyd het nou ’n hoogtepunt bereik, en

die tyd is ryp daarvoor dat almal moet weet dat Hy die Messias is, ook die Joodse Raad. Daarom gaan Jesus voort en Hy vertel vir die hoëpriester baie meer as wat hy werklik wil weet: “Julle sal die Seun van die Mens sien sit aan die regterhand van die Magtige, en sien kom met die wolke van die hemel."

Die hoëpriester is hewig ontsteld! So erg dat hy sy klere skeur, nes Jakob van ouds toe hy gehoor het dat Josef dood was. Jesus se woorde is vir hom suiwer Godslastering. Vir so ‘n afgryslikheid is slegs een straf goed genoeg: die doodstraf!

Natuurlik moet dit eers deur die Romeinse owerheid bekragtig word, want die Joodse Raad is nie by magte om die doodsvonnis te voltrek nie.

Die volle Joodse Raad stem eenparig saam dat Jesus skuldig is en dat Hy die dood verdien. Skuldig? Waaraan? Dat Hy die waarheid gepraat het? Skuldig omdat Hy die Seun van God is?

Die tragiese is dat die sewentig manne wat Jesus verhoor het, almal leiers was en mense wat die Skrifte deeglik geken het. Hulle moes uit die Skrifte geweet het dat slegs die Messias in staat kon wees om die dinge te doen

wat Jesus gedoen het. Vir oulaas kon hulle nog hoor toe Hy persoonlik vir hulle in géén onduidelike taal bevestig het dat Hy wél die Messias was. Wat het hulle daarmee gemaak? Nee, hulle het nie in aanbidding voor die Seun van God neergeval nie, maar hulle het begin om Hom te spot. Hulle het ’n bespotting van God gemaak, terwyl hulle terselfdertyd uit respek vir God nie eers Sy Naam hardop wou noem nie! Dit rym nie!

Jesus kon stilgebly het en vir hulle absoluut géén aanklag gegee het waarop hulle Hom kon skuldig vind nie. Hy het dit egter

nie gedoen nie, maar gewillig Sy dood tegemoet gestap. Waarom? Omdat dit die Goddelike plan was waarvolgens Sy eie Goddelikheid bekend gemaak moes word aan die mensdom.

Dit was egter nie die enigste rede nie: daar was ’n groot offer wat Jesus moes bring en dit kon slegs gebeur as Hy onskuldig ter dood veroordeel sou word. Daarom gee Jesus hulle genoeg rede om wél die vonnis op te lê. Die offer sou behels dat Hy die straf – die vólle straf – moes dra om te betaal vir die sondes van elkeen wat in Hom glo. Dit sluit ook vir

jou en my in. Ja, Hy het alles, álles betaal!

Gebed:

Here, dit wil skree hier binne my, elke keer wanneer ek lees hoe verskriklik onregverdig U Seun, Jesus veroordeel is. Maar dan besef ek dat dit vir my was. Maak my asseblief opreg dankbaar daarvoor!

69

# Wanneer Die Haan Kraai......

# Markus 14:66-72

**VIDEO * OUDIO**

Terwyl die tempelwagte en die manne met die stokke en kieries vir Jesus na die huis van die hoëpriester neem, volg Petrus hulle op 'n afstand. Hy kan nie bekostig dat hulle hom nou gaan sien nie. Buiten vir die raserige klomp daar voor by die Meester, is die strate stil en verlate – dit is immers in die vroeë oggendure! By 'n groot huis in die bo-stad kom die stoet tot stilstand. "Dit

móét seker die hoëpriester se huis wees!”

Hulle is nou nie te ver van die verfoeilike ou Herodus se paleis af nie. Petrus maak ’n besluit: Hy wil daar binne wees naby sy Meester. Dalk kan hy selfs sien wat hulle met Hom maak. Moontlik kan hy die Meester bystaan.

Die deur staan half oop, en Petrus sluip in. Nou bevind hy hom in die groot binnehof van Kajafas se huis. Vir só vroeg in die oggend is hierdie huis ’n baie besige plek. Oral staan mense rond. In die middel van die hof brand ’n vuur om die oggendkoue

’n bietjie te verdryf en ’n paar manne staan hulleself by die vlamme en warm maak. Die Man van Nasaret, Jesus, is die besprekingspunt by elke groepie. Petrus hou hom maar eenkant – hy ken tóg niemand hier nie. Gelukkig sal niemand hier hóm ook herken nie. Hy is teleurgesteld dat hy nie kan sien wat binne met Jesus aangaan nie. Iemand praat iets van ’n “hofsaak teen die Nasarener.” Maar waaraan kan hulle Hom dan skuldig vind?

Die ure draal stadig verby. Petrus merk dat een van die diensmeisies hom vraend aankyk.

Herken sy hom dalk? Hy probeer die doek laag oor sy oë trek, maar dit maak die meisiekind net nóg meer nuuskierig. Petrus se hart krimp ineen as sy reguit na hom toe stap: “Jy was mos ook saam met Jesus, die Nasarener? Ek is séker ek het jou saam met Hom gesien!”

Petrus se mond word kurkdroog: “Nee…. Nee, jy maak seker ’n fout. Ek ken Hom nie! Ek verstaan nie wat jy probeer sê nie...”

As die meisie omdraai, word Petrus yskoud. So byna-byna het hy alles opgemors. Hy sal nou baie versigtiger moet wees dat hulle hom nie dalk herken nie!

iewers agter die gebou kraai ’n haan dat die nag amper verby is. Vaagweg maak dit iets in Petrus wakker. Uit die hoek van sy oog hou hy die diensmeisie dop. Sy stap terug na haar maats. Hy kan sommer sien dat hulle hóm bespreek, want kort-kort kyk die meisies om in sy rigting. Hy trek die doek nog laer oor sy oë. Hy probeer baie hard wegkruip agter sy stukkie lap.

’n Tweede keer kom die meisie na Petrus: “Jy is verséker een van daardie Man se volgelinge! Die ander sê ook so. Hulle het jou saam met Hom gesien!” Die meisie kyk Petrus reguit in die oë:

“Moenie ons om die bos probeer lei nie! So ’n rowwe gesig soos joune vergeet mens nie maklik nie!”

“Nee, julle maak ’n groot fout!” Petrus lag half senuweeagtig, “Julle verwar my met iemand anders. Ek weet nie wie daardie Man is waarvan julle praat nie.”

Die groepie diensmeisies verdwyn genadiglik na binne en Petrus begin meer gerus voel. Iemand stap verby hom op pad na die vuur. Skielik steek hy vas en draai om: “Haai manne! Kyk net wat het ons hier! Jy is mos een van daardie Galileër se maatjies?”

“Nee, nee.....” protesteer Petrus, “ek weet nie waarvan julle praat nie!”

“Ja waarlik!” antwoord iemand by die vuur, “Ek het jou Maandag daar by die tempel gesien! Jy was saam met Hom toe hy die handelaars so uitgesmyt het.” Die ander lag vulgêr. “Nee, nee....” wil Petrus protesteer.

“Man, moenie ons probeer flous nie, ons is mos nie blind nie! Enige aap kan mos sien dat jy ’n Galileër is nes Hy! Al julle simpele Galileërs lyk mos eenders!”

Nou is Petrus woedend: “Kan julle dit nie in julle simpele koppe kry dat ek daardie Man van wie julle

praat van géén kant af ken nie!" 'n Paar lelike woorde verlaat Petrus se mond. Hy vloek die manne wat hom so "vals" beskuldig, en hy sweer dat hy, Petrus vir Jesus nog nóóit geken het nie.

Dan kraai die haan weer ....... oorverdowend hard. "Jy sal vandag, vannag nog, voor die haan twee maal kraai, My drie maal verloën, Petrus." Jesus se woorde van die vorige aand weergalm deur Petrus. Hy draai om en hardloop by die deur uit, die nag in. Rou snikke skeur deur sy bors. "Petrus, hoe kón jy ..... hoe kón jy!" Trane stroom oor sy

gesig as hy bid en God om vergifnis smeek. Dat hy willens en wetens so ’n veragtelike ding kon doen!

Agter hom hoor hy die deur oopgaan en dan word Jesus, sy Rabbi en Meester deur ’n spottende skare uitgelei die straat op. Waarheen? Dit weet Petrus nie. Maar hy is séker hy kon sien dat Jesus reguit vir hom kyk, daar waar hy in die donker skuil. En hy is séker hy kon in Jesus se oë lees: “Toemaar Petrus, Ek verstaan.......”

Gebed:

Here, hoeveel maal in my lewe het ek nie ook al soos Petrus U

verloën nie. Nes Petrus bid ek ook om vergifnis. Dankie Here, dat U verstaan en dat U my alreeds vergewe het!

70

# Voor Pilatus

# Markus 15:1-15

**VIDEO * OUDIO**

Die hoëpriester het gemengde gevoelens wanneer hy vir Jesus na Pilatus stuur. Die veragtelike Romeine het die magte van die Joodse Raad ingekort, sodat hulle byvoorbeeld nie aan iemand die doodsvonnis kan oplê nie, al het die beskuldigde dan ook hóé erg oortree. Slegs die goewerneur of prokurator wat deur die Romeine aangestel was, het daardie bevoegdheid gehad. Nou moet die hoëpriester, wat

veronderstel is om al die mag in Israel te hê, homself verneder deur Jesus na daardie onrein heiden, Pontius Pilatus te neem.

Pilatus was beslis nie die Jode se liefling nie! Hy was gierig, gevoelloos en so hard soos klip, en boonop het hy natuurlik absoluut niks vir God omgegee nie! Per geleentheid wou hy 'n waterleiding laat bou, en toe Joodse aristokrasie weier om dit te befonds, het Pilatus eenvoudig die fondse uit die skatkis in die tempel laat haal! Natúúrlik was daar 'n opstand oor hierdie blatante skending. Pilatus het sy soldate, vermom soos Jode en

gewapen met knuppels onder die mense ingestuur en gemaai onder die niksvermoedende Jode. Talle het gesterf!

Jesus het egter só ‘n obsessie vir die hoëpriester en die Joodse Raad geword, dat hulle selfs bereid was om saam met hierdie gehate man te werk om Hom uit die weg te ruim. Hulle dilemma was egter dat Pilatus hulle sou uitlag as hulle na hom toe sou gaan met die aanklag waarop húlle Jesus skuldig bevind het, oor Jesus se bewering dat Hy die Christus, die Seun van God is. Hulle sou ‘n politieke aanklag moes fabriseer om énigsins

Pilatus se aandag te kon trek. Jesus móés gesien word as ‘n bedreiging vir die Romeinse Ryk.

Die Jode het die verwagte Messias gesien as iemand wat waarlik ‘n bedreiging sou wees vir die Romeinse Ryk, want Hy sou die Jode bevry van die Romeinse juk. Nou kom formuleer die Hoëpriester en sy trawante júís die aanklag só, dat Jesus Homself sou voordoen as daardie Messias, die Koning van die Jode, en dat Hy dus polities uiters gevaarlik sou wees!

Dis nog baie vroeg in die oggend as die belangrike manne met Jesus by Pilatus se

asemrowende paleis opdaag. Pilatus is gewoond dat géén ordentlike Jood ooit sy voete in daardie paleis van hom sal sit nie, uit vrees dat hulle dalk die een of ander onreinheid kan optel. Hy's immers 'n heiden! Hy verkies dit in elkgeval so, want hy wil beslis nie sy drumpel deurgetrap hê deur 'n spul simpele Jode nie!

Pilatus stap op sy balkon uit. Dan skrik hy, want daar onder staan nie net die Sanhedrin nie, maar die helfte van Jerusalem. Hy kan sien dat hierdie klomp sommer baie omgesukkel is! Hy lag in sy mou: "Kajafas, die ou jakkals! Hy't natuurlik weer die skare

opgesweep om agter hom te staan!”

‘n Soldaat bring hom ‘n nota van die Sanhedrin af. “Wat is die aanklag?” Voor Pilatus staan Jesus in boeie. Pilatus lees en dan kyk hy met ‘n vraagteken op sy gesig na Jesus: “Is jy die Koning van die Jode?” Hy kan nie glo dat hierdie Man só ‘n aanklag kan regverdig nie! Hy’s nie aggressief nie en beslis nie iemand wat die regering sou wou omverwerp nie.

“Dit is soos u sê.” Jesus ontken nie die aanklag nie. Ja, natúúrlik is Hy Koning, maar baie beslis nie in die sin wat die Jode bedoel nie!

Pilatus besef baie gou dat hierdie ‘n opgemaakte storie is van Kajafas, en dat Jesus eintlik onskuldig is. Dis suiwer die priesterhoofde se afguns wat Jesus hier voor hom laat staan. Hy kan mos nie hierdie onskuldige Man só veroordeel nie? Sy oë dwaal oor die skare wat steeds al hoe groter aangroei. Dalk is hulle nie so ongenaakbaar soos hierdie klomp priesters nie. Dan dink hy aan ‘n briljante idee: As hy vir hulle die keuse sou gee tussen Jesus en daardie geharde moordenaar, Barabbas, sal hulle tog sékerlik eerder vir Barabbas in die tronk wou sien as Jesus? “Wie moet ek

vrylaat, Jesus of Barabbas?" vra hy vir die skare.

"Laat Barabbas vry!" skree hulle soos een man. Kajafas glimlag tevrede, dit het gewerk!

"En wat wil julle hê moet ek met hierdie Man maak, die een wat julle die Koning van die Jode noem?"

"Kruisig Hom! Kruisig Hom!" skree hulle.

Pilatus wil nog probeer vra wat Jesus dan so vreeslik verkeerd gedoen het, maar dit eggo deur die klowe van die Kidronvallei: "Kruisig Hom! Kruisig Hom!"

Dis tóg ironies, dat die eerste mens wat vrygemaak word deur Jesus se kruisdood, die moordenaar, Barabbas was! Jesus het gekom om Sy lewe te gee as ‘n losprys vir baie. Selfs vóór Sy kruisiging neem Hy alreeds die plek in van ‘n moordenaar. En terwyl Hy nog aan die kruis hang, word ‘n tweede moordenaar, Sy mede-gekruisigde óók vrygespreek van God se straf. Jy kan ook vrygespreek word!

Gebed:

Jesus, dankie dat U ook in my plek die straf gedra het.

# 71

# Geslaan en Gespot

# Markus 15:15-20

**VIDEO * OUDIO**

Die weermag maak mense gevoelloos en selfs wreed. Ek het al baie stories gehoor wat jou hare laat regop staan, van wat die manne alles aangevang het in hulle weermagjare. Ek was sélf in 1966 in die weermag vir nege maande diensplig. Toé was dit nog redelik mak, maar tydens die bosoorlog het baie van die manne skoon “bossies”geraak en dikwels met moord weggekom! Daar was manne wat absoluut géén respek

gehad het vir ander se eiendom nie, en dikwels is van die boere se skape en hoenders sommer net "gevat"! En as sy bees dalk hulle pad sou kruis, dan het dié ook stilletjies verdwyn en die manne het braaivleis gehou met 'n groot gejuig! Verkragtings en aanrandings was aan die orde van die dag. Gelukkig was meeste van die manne darem "normaal!"

Ongelukkig is dit maar so, dat die weermag mense hard en ongenaakbaar maak, en só was dit natuurlik ook met die Romeinse soldate in Jesus se tyd. Die soldate was rowwe

manne wat die frustrasies van hulle harde weermaglewe uitgehaal het op hulle slagoffers.

Pilatus besluit om die Jode hulle sin te gee ter wille van stabiliteit in Jerusalem en Judea, wat juis berug is vir voortdurende politieke onrus. Uiteraard is sy goeie naam op die spel, en hy wil beslis nie deur hoër gesag oor die kole gehaal word oor ‘n opstand nie. Daarom gee hy Jesus oor aan die soldate.

Dit was destyds standaard prosedure dat iemand wat gekruisig sou word, eers gegésel moes word. Die gésel was ‘n sweep met ‘n klomp punte wat

stukkies yster vooraan gehad het. Die fliek: “Passion of the Christ” gee ‘n baie goeie voorstelling van die verwoesting wat hierdie martelinstrument aan ‘n mens se liggaam kon aanrig. Die idee was dat die persoon se liggaam só verswak word as gevolg van wonde en bloedverlies, dat dit sy dood sou verhaas met die kruisiging.

Die soldate lei Jesus weg na die binnehof, trek Sy boklere uit en maak Hom aan ‘n paal vas. Met ‘n ontblote rug staan Hy daar, absoluut weerloos teen die Romeinse soldaat met sy gésel. Die eerste hou val op Jesus se

rug, en ruk stukkies vleis uit Sy vel. Met brute krag haal die soldaat sy opgeboude frustrasies uit op Jesus. Hou op hou reën op Hom neer terwyl Hy krul en skreeu van pyn. Die manne lag as hulle sien dat hierdie sogenaamde "Koning" die pyn naderhand nie meer kan vat nie. Elke keer as die gésel op Hom neerkom, spat die bloed op die omstanders.

Uiteindelik, na 39 houe is die nagmerrie verby en Jesus word losgemaak. Hy is onherkenbaar stukkend geslaan. Maar steeds is dit nie die einde nie. Nou word die hele afdeling soldate bymekaar

geroep. Hierdie is tog ‘n gróót geleentheid as ‘n “Koning” onder hulle hande kan deurloop! Iemand bring ‘n pers mantel na vore, want ‘n koning moet mos purper dra. Dit bulder van die lag as hulle dit vir Jesus om Sy stukkende skouers hang. ‘n Riet moet dien as Sy septer.

Maar dan sit hulle met ‘n dilemma: wat van die kroon? ‘n Koning móét ‘n kroon hê! Een van die soldate onthou van daardie rankplant wat hy gesien het, die een met die allerverskriklikste dorings. Versigtig sny hy ‘n rank af met sy dolk en vleg dit in ‘n kroon. Wanneer dit op Jesus se

kop gesit word, bulder die manne weer van die lag. Die kroon word behóórlik vasgedruk sodat die dorings diep in Sy kopvel indring. Hy het nie meer krag om te skree van pyn nie. Bloed stroom oor Sy gefolterde gesig. “Ons groet u, Koning van die Jode!” buig een van die manne gemaak-eerbiedig voor Jesus, en die ander kraai van die lag. Iemand slaan Hom van agter met ‘n stok oor die kop, en forseer die dorings nog dieper in Sy kop in. Die manne buig die knieë voor Hom soos vir ‘n koning, asof hulle vir Hom groot eer betoon. Ander spoeg veragtelik op Hom.

Dan blaf die bevelvoerder dat dit nou genoeg is. Dit word laat, en Jesus moet nog gekruisig word. Hulle pluk die pers mantel af en gee Hom sy klere om aan te trek. Die swaar hout dwarsbalk van die kruis word op Jesus se skouers geplaas en met 'n tou vasgebind sodat dit nie afval nie. Hy steier onder die gewig van die stuk rowwe hout. En dan word Hy weggelei na 'n klipkoppie buite die stad, Skedelbeen-koppie, Golgota.

Ek wil my ore toedruk om nie te hoor hoe Jesus skreeu van pyn, daar waar Hy gegésel word nie. Ek wil my hande voor my oë hou

om nie te sien hoe die bloed van Hom afstroom nie. Ek wil weghardloop om nie te sien hoe Hy wreed gespot word nie! Besef ons werklik deur hoeveel helse pyn Jesus gegaan het, selfs nog vóór die kruisiging plaasgevind het? Besef ons hoe ondraaglik, hoe onmenslik die lyding was wat Hy moes deurmaak? Vir jou en vir my? Besef ons werklik? Sal ons óóit kan besef hoe duur ons gekoop is? Die vraag is: leef ons ooit genoeg ons dankbaarheid uit?

Gebed:

Here, my hart huil as ek dink aan die lyding wat U vir my moes

deurgaan. Gee my ‘n ware dankbare hart, asseblief Here.

72

# Gekruisig.

# Markus 15:21-32

**VIDEO * OUDIO**

Het jy al ooit gewonder presies wat gebeur het tydens ‘n kruisiging in die Bybelse tyd? Dit was seker die wreedste van al die teregstellingsmetodes van daardie tyd. Dit kom al ‘n lang pad, en dit is bekend dat dit reeds in 700 vC gebruik was. Die Romeine het hierdie vorm van teregstelling baie algemeen gebruik, maar dit was gewoonlik slegs vir slawe of mense uit die

laagste klas van die samelewing gereserveer.

Ook by die Jode was dit bekend: die goewerneur van Sirië het byvoorbeeld in 4 vC nie minder nie as 2000 Jode laat kruisig.

Vir die Romeine was dit ‘n uitstekende afskrikmiddel, omdat dit mense met vrees en bewing gevul het. Dit was ‘n stadige en uiters pynlike dood, wat dikwels dae lank geduur het. Eers is die veroordeelde gegésel om hom te verswak en dan was hy gedwing om die swaar dwarsbalk van die kruis na die teregstellingsplek te dra. Dit het hom natuurlik verder uitgeput en die straf soveel groter

gemaak. Die regop paal was permanent by die teregstellingsplek gelos. Dus is die voorstelling dat Jesus ‘n volledige kruis na Golgota gedra het, verkeerd. Hy moes slegs die dwarsbalk dra. Dikwels is die gekruisigdes se dood verhaas deur hulle met ‘n spies te steek of hulle bene te breek.

Jesus was egter alreeds só uitgeput van die wrede marteling dat Hy nie meer krag gehad het om die kruis se dwarsbalk te dra nie. Die Romeinse soldate het toe sommer iemand langs die pad voorgekeer om Hom te help. Markus noem baie noukeurig wie

die man was, en hy noem ook sy seuns se name wat ons laat vermoed dat hierdie Simon van Sirene of sy seuns dalk later ‘n groot rol gespeel het in die kerk.

Markus noem dat daar vir Jesus wyn met mirre gegee is. Dit was destyds gebruik as ‘n verdowingsmiddel. Wanneer Jesus weier om dit te drink, beteken dit waarskynlik dat Hy end-uit by Sy bewussyn wou bly, maar ook dat Hy die volle straf wou dra. Hy wou nie gehelp word om dit ligter te maak nie.

Markus noem dat hulle Jesus se klere verdeel het. Ons moet besef dat ‘n gekruisigde se klere alles

uitgetrek was, en dat hy dus naak aan die kruis gehang het as deel van sy vernedering. Die prente wat Jesus dus voorstel waar Hy ‘n lendedoek om het, is nie ‘n akkurate weerspieëling van wat werklik gebeur het nie.

Hierdie is net ‘n bietjie agtergrond om jou beter te laat verstaan waardeur Jesus werklik gegaan het!

Kort voor nege daardie swart Vrydagoggend sien ons Jesus, besig om die steiltes van die Golgota-koppie op te klim, gevolg deur Simon van Sirene met die kruis se dwarsbalk en ‘n afdeling spottende, vloekende soldate. Hy

is reeds tot die dood toe uitgeput, van die verskriklike liggaamlike sowel as geestelike marteling. Hy verduur hierdie dinge alreeds van die Donderdagaand af, die aand toe Judas hom verraai het en Sy intieme vriende wat Hom verloën het. Die spot; die onmenslike géseling; die doringkroon - al hierdie dinge het alreeds hulle tol geëis.

Nou begin die ergste deel egter. Dik, ruwe ysterspykers word deur Jesus se hande gekap om Hom aan die dwarsbalk vas te spyker. Die pyn is ondraaglik, onbeskryflik, as die dik ysterspykers Sy gewrigbene

vermorsel in die proses. En dan word Hy teen die paal opgehys en spykers word ook deur Sy enkels gekap. Jesus krul van pyn, maar Hy is magteloos. Om die pyn en vernedering te vererger, word Hy gespot en gelaster deur verbygangers, die priesterhoofde en Skrifgeleerdes. Hulle verlekker hulle in Jesus se (skynbare) magteloosheid. “Red jouself en kom van die kruis af!” koggel hulle Hom. Selfs die twee wat saam met Hom gekruisig word, maak ‘n bespotting van Jesus. Die kerkleiers het Hom staan en uitlag: “Hy het ander mense gered, maar Homself kan Hy nie red nie!” Vulgêr lag hulle: “Laat

die Christus, die Koning van Israel, dan nou van die kruis afkom, sodat ons kan sien en in Hom kan glo!”

Magteloos. Verraai deur Sy eie vertroueling. Verlaat van Sy vriende. Verloën deur Sy staatmaker, Petrus. Verslae. ‘n Totale mislukking van Sy triomftog! Só wil dit voorkom, veral vir die Joodse leiers. En só wil dit ook vir Petrus en die ander lyk. Maar dit is allesbehalwe wat dit voorkom, want Jesus het vooraf van elke klein detail geweet. Só maklik kon Hy eerder gevlug het, maar Hy het reguit na Jerusalem gegaan, waar Hy

gewéét het dat hulle Hom sou arresteer. Met Sy briljante redenasievermoë wat ons regdeur die Evangelie sien kon Hy homself losgepraat het tydens beide verhore, maar Hy hét nie! Hy was by magte om ‘n leërskaar van engele op te kommandeer en die Joodse Raad te verdelg. Maar Hy hét nie. Hy het gekies om die vólle pad te loop en die vólle straf te dra! Ten volle bewus van wat met Hom sou gebeur, het Hy gewillig die kruisweg geloop; Hom laat gésel; Hom laat spot; Hom laat verneder; Hom laat vasspyker aan die kruis!

Waarom? Hy het bitter duur betaal vir die sondes, die oortredinge van elkeen wat in Hom glo, sodat ek en jy ten volle vrygespreek kan wees!

Gebed:

Here, Ek kan nooit ooit genoeg dankbaar wees vir wat U vir my gedoen het nie!

73

# Jesus sterf

# Markus 15:33-41

**VIDEO * OUDIO**

Die ure draal pynlik stadig verby. Drie bittere ure het reeds verbygegaan terwyl Jesus daar hang in ondraaglike pyn, ontbloot aan al die elemente en ontbloot aan die spot van die Romeine en die koggel van Sy volk, die volk van God. Hy is dors tot die dood toe van al die bloedverlies. Die wonde aan Sy rug skaaf gedurig teen die rowwe, besmette houtkruis. Ontsteking in die wonde brand soos vuur. Die

ongenaakbare son brand my Here se naakte liggaam waar Hy uitgestal word vir die wêreld om te aanskou. Hy sukkel om asem te kry. Nie een van Sy vriende is daar om Hom te ondersteun of Hom moed in te praat nie. Eensaam hang Hy daar tussen twee moordenaars - hulle, skuldig tot die dood toe – Hy, onskuldig.

Daar hang ‘n doods-atmosfeer in die lug. Dan skree iemand: “Die son...... kyk, die son verdwyn!” Beangs klou die mense aan mekaar vas, as hulle sien hoe die daglig stadig verdwyn.

“Wat is aan die gang?” vra die soldate verbouereerd vir mekaar.

“Die gode straf ons oor hierdie Man!”

Om twaalfuur sak ‘n volslae duisternis toe oor die aarde. In Jerusalem heers daar chaos - wanorde.

‘n Entjie van die kruis af staan ‘n groepie vroue en huil. Hulle staan nou al ure daar, magteloos om iets te doen aan die situasie. As die donker om hulle toevou, wonder hulle of dit nie ‘n teken is van God se oordeel oor die mense wat Jesus gekruisig het nie. Die grootste van alle sondes is om God te verwerp. Is dit nie wat hierdie mense gedoen het nie? Hulle het God verwerp op

die mees veragtelike wyse wat jy jou kan voorstel. Sou daar óóit vir enige van hulle redding moontlik wees?

Traag sleep die ure van duisternis verby, terwyl Jesus steeds aan die kruis worstel met die allerverskriklikste, onbeskryflike pyn en ongemak. Hy raak nou baie swak, en daar is géén manier waarop Hy Sy gefolterde liggaam kan ondersteun nie. Deur al hierdie gebeure sê Jesus niks. Hy hang daar in totale eensaamheid terwyl Hy in stilte Sy smaad, angs en pyn dra……

Uiteindelik, drie-uur die middag, maak die son weer sy verskyning.

Die nag is verby! Skielik word almal rondom die kruis tot stilstand geruk wanneer Jesus Sy laaste kragte inspan en hard uitroep: “Eloï, Eloï, lemá sabagtani?”

‘n Skrikwekkende, skokkende stilte sak toe en bly hang in die lug. Dan breek een van die manne spottend die stilte: “Hy roep vir Elia!” Dan bars daar weer ‘n vlaag van spot en koggel uit onder die mense, en hulle lag. Die vroue daar naby wil ineenkrimp van pyn vir hulle Meester.

“Gaan haal wyn!” beveel een van die priesterhoofde, “Ek wil hoor of Hy dalk nog iets gaan sê.”

“Ja, dalk kom Elia Hom persoonlik hier afhaal!” Die manne bulder van die lag oor die grappie.

Wat hulle nie besef nie, is die ware betekenis van hierdie woorde, ‘n aanhaling uit Psalm 22, wat beteken: “My God, My God, waarom het U my verlaat?” In Sy oomblik van grootste angs wend Jesus Hom tot God - iets wat vir ons totaal onverstaanbaar is. Hy is dan sélf God! Hoe kon Hy dan van God verlaat wees? Was Sy menslikheid en Goddelikheid op daardie oomblik

so verskriklik geskei? Dit skreeu Jesus se situasie van absolute verlatenheid en diepste magteloosheid uit. Dit is ‘n situasie wat géén mens óóit kan ervaar nie! Ons staan vandag maar net in stomme verslaenheid oor die diep misterie van hierdie verskriklike gebeurtenis?

Kort daarna roep Jesus hard uit, en dan blaas Hy die laaste asem uit…...

Aan die voet van die kruis staan ‘n geharde Romeinse offisier. Koue rillings gaan deur sy liggaam as hy hierdie dinge aanskou. Dan kom hy tot die

slotsom: “Waarlik, hierdie Man wás die Seun van God!”

Op daardie oomblik gebeur daar elders in die stad iets onverklaarbaar wat die Jode koue rillings gee: in die tempel kyk die priesters toe hoedat die reuse gordyn wat die Allerheiligste plek afsper, die voorhangsel, voor hulle oë op ‘n bonatuurlike manier middeldeur skeur, van bo na onder, asof twee reuse hande dit uitmekaar skeur. Agter hierdie gordyn - so is geglo - is God op ‘n besonderse manier teenwoordig. God se oordeelsteken hiermee is dat die Jode vir Jesus onregverdig ter dood veroordeel

het. Nou verwerp Hy hulle tempeldiens en Godsdiens omdat hulle Sy Seun verwerp het. Hy sal van nou af nie meer in die Allerheiligste teenwoordig wees nie.

Die wonderlike van hierdie gebeurtenis is egter dat die hemel as't ware nou oopgeskeur is en dat elke gelowige skielik vrye toegang tot God het!

Gebed:

Here, ek huil elke keer as ek hierdie gebeure herleef. Sal ons ooit verstaan deur watter verskriklike smarte U vir ons gegaan het?

## 74

# Jesus se Begrafnis

## Markus 15:42-47

VIDEO * OUDIO

Jesus se sterwe is sékerlik een van die grootste hoogtepunte in die geskiedenis van die heelal. Daarom moet ons dalk nog 'n slag daarna kyk - daar is sovéél vrae rondom hierdie gebeurtenis. Gister het ons gesien hoedat die geharde Romeinse soldaat, 'n volslae heiden wat Griekse gode aanbid, in verslaenheid aan die voet van die kruis staan en in verwondering sy kop skud. "Waarlik, hierdie Man wás die

Seun van God!” Met sy eie oë het hy die dinge sien gebeur. Hy het Jesus se sterwe en alles wat daarmee gepaard gegaan het, persoonlik ervaar. Dan besluit hy dat hierdie Man wat hy nog nooit vantevore ontmoet het nie, God móét wees! En so word ‘n volslae heiden die héél eerste persoon wat besef dat, op grond van Jesus se lyding, Hy die lydende Seun van God is.

As ons die ander evangelies lees, sien ons dat daar ook ‘n paar ander dinge gebeur het wat Markus nie noem nie. Volgens Matteus was daar na die sonsverduistering ook ‘n hewige

aardbewing. Rotse het uitmekaar gebars toe Jesus die laaste asem uitblaas. Grafte het oopgegaan en mense wat reeds lankal dood was het uit die dood opgestaan. Baie mense het hulle gesien!

Die asemrowende visioen van Esegiël 37 word skielik voor jou oë ‘n werklikheid - die vlakte vol doodsbeendere wat vleis kry en herleef!

En dan was daar die voorhangsel was so bonatuurlik geskeur het - middeldeur geskeur deur die hand van God. God wou vir almal wys dat die ou bedeling finaal verby was. Die tempel is nie meer die sentrale plek van aanbidding

nie. Alles staan nou oop na God toe. Daar is ‘n onbelemmerde uitsig reg tot in die Allerheiligste. Almal het nou deur Jesus se dood vrye toegang tot God, selfs daardie geharde heidense Romeinse soldaat.

Inderdaad bring Jesus se dood lewe!

Die wonderwerke hou egter nie op wanneer Jesus sterf nie. Hy sterf om 3-uur die Vrydagmiddag. Dit het beteken dat daar slegs drie ure in die dag oor was voordat die Sabbat sou begin. Daarna kon daar niks gedoen word nie! Daar was dus drie ure om Jesus se begrafnis te reël.

Die vraag is: wie sou dit doen? Die elf manne het geskitter in hulle afwesigheid, dalk te bang dat hulle dieselfde lot as Jesus kon verwag. Hulle kon dus nie Jesus se liggaam gaan opeis nie. Die vroue wat daar naby gestaan en huil het? Wel, hulle was maar net vroue, totaal sonder énige regte. Wie sou hulle nou aan húlle steur? Alles lyk verlore en Jesus se liggaam sou maar daar moes bly hang tot die Sondag! Teen daardie tyd waarskynlik al opgevreet deur die aasvoëls!

Maar dan kom daar uitkoms uit ‘n totaal onverwagse oord waarvan niemand dit nooit sou verwag nie.

Die uitkoms is van niemand anders as uit die Joodse Raad sélf! Nogal een van die gerespekteerde lede van die Joodse Raad, Josef van Arimatea. Hierdie man het sy lewe gewaag om na Pilatus te gaan en vir Jesus se liggaam te vra. As sy kollegas moes uitvind waarmee hy besig was, sal hulle hom gekruisig het!

Toe Josef by Pilatus kom, bevestig een van die offisiere dat Jesus reeds lankal dood was. Dit moes toe dus al laat-middag gewees het.

Die wonder is dat slegs ‘n gerespekteerde Raadslid soos

Josef ál die rompslomp sou kon omseil om Jesus se liggaam te kry. Eenvoudige manne soos Petrus en Johannes sou nooit toegang tot Pilatus kon kry nie. God het op ‘n wonderbaarlike manier selfs hier voorsien, en vir ons die wonder soveel groter gemaak.

Maar daar was meer: Hierdie man was óók in die baie bevoorregte posisie om ‘n klipgraf te besit, en hy was bereid om sy graf, wat hom waarskynlik ‘n klomp geld uit die sak gejaag het, op te offer vir hierdie Man wat so pas ‘n vloekdood gesterf het. Die Jode het enigeen wat aan ‘n kruis

gesterf het as ‘n vervloekte beskou, en daar was nooit óóit vir so ‘n persoon ‘n eerbare begrafnis gereël nie. Josef het selfs die moeite gedoen om linne te gaan koop spesiaal vir Jesus se begrafnis. Nadat hulle Hom van die kruis afgehaal het, het Josef Jesus se lyk in die duur linne toegedraai en Hom in die klipgraf neergelê. Daarna was die klip voor die opening gerol.

Terloops, hierdie klip was ‘n reuse “wiel” wat omtrent twee ton geweeg het. Dit het in ‘n voortjie afdraende beweeg om die opening te seël. Voor die tyd was dit in posisie gehou deur ‘n wig.

Maar wanneer die wig verwyder was, het die klip afgerol. Daarna was dit bykans onbeweegbaar. Dit sou ‘n hele span baie sterk manne gekos het om die klip weg te rol!

Maria Magdalena en Maria, die moeder van Joses het daar naby gestaan en kyk toe Josef vir Jesus begrawe het. Dit was ‘n hartsverskeurende droewige dag, maar terselfdertyd ‘n dag gevul met wonderwerke en tekens uit die hemel. Maar die grootste van al die wonders sou nog kom, daardie Sondagoggend baie vroeg.

bed:

Here, ek kan vanoggend net my hande saamslaan in verwondering. Elke klein detail is tot in die fynste besonderheid haarfyn beplan om die groot verlossingsdaad uit te voer. Dankie Here, dat U my geloof weereens versterk met die herlewing van hierdie gebeure!

75

# Die Leë Graf

# Markus 16:1-8

**VIDEO * OUDIO**

Dit was die donkerste week óóit in Petrus se lewe. Alles het so mooi begin met daardie onbeskryflike Sondagoggend toe Jesus triomfantlik Jerusalem binnegery het. Die skares mense se vreugdevolle dreunsang, die swaaiende palmtakke. Maar alles het baie gou verander. Skaars was hulle in Jerusalem toe Jesus die skelm handelaars uit die tempel moes uitjaag! Toe Jesus se voorspelling dat die pragtige

tempel verwoes sou word. En toe daardie verskriklike Donderdagnag. Almal kon alreeds die spanning aanvoel toe hulle daar saam om die tafel gaan aansit vir die Paasmaaltyd. Die skokkende nuus dat een van hulle twaalf Jesus sou verraai, steek nou nog soos 'n dolk in sy rug. Daardie nag in Getsemane - Jesus se angs terwyl hulle gelê en slaap het. Judas se walglike verraad, en toe Petrus se lafhartige verloëning! Hy bars in trane uit as hy net daaraan dink. Hy huil bitterlik as hy dink aan die spot, die géseling, die doringkroon, die spykers, die kruis……

Sondagoggend breek uiteindelik tóg aan. Dis nog donker as Maria Magdalena haastig na die graf stap. Daar hang ‘n donker wolk oor haar gemoed wanneer sy by die klipkoppie aankom waar Jesus begrawe is. Maar dan skrik sy haar yskoud, want asof dit nie genoeg is dat Jesus dood is nie, sien sy boonop dat die swaar klip voor die graf weggerol is! Iemand het haar Meester se liggaam gesteel!

Maria kyk nie eers verder nie, sy draai geskok om en hardloop haastig terug huistoe. Uitasem vertel sy vir Petrus en Johannes die verskriklike nuus: “Hulle het

ons Meester weggevat, en ek weet nie waarheen nie! Iemand het Sy lyk gesteel! Wat gaan ons doen?”

Die twee manne spring verskrik op en hardloop so vinnig hulle kan om te gaan kyk wat daar by die graf aangaan. Johannes is nog jonk, hy kan nie nog vir Petrus wag nie en hy hardloop vooruit. Wanneer hy by die graf kom, is dit presies nes Maria gesê het: die klip is voor die opening weggerol! Hy buk en loer by die graf in. Dis leeg! Wel, nie hééltemal leeg nie want op die klipbank waarop Jesus se lyk gelê het sien hy die grafdoeke

waarin sy Meester toegedraai was.

Uitasem kom Petrus nou ook by. Versigtig klim hy deur die opening in die grafkamer. Jesus is nie daar nie.

Hy sien die doeke lê, maar daar is iets wat vir hom gladnie sin maak nie: eenkant, apart van die ander doeke, lê die doek wat om Jesus se kop gedraai was, netjies opgerol.

Johannes skraap ál sy moed bymekaar en klim ook in. Die twee manne kyk verslae, in ongeloof na die prentjie voor hulle. Wat kan dit tog beteken?

Dis twee baie verwarde manne wat die Sondagoggend stadig huistoe loop. Hulle verstaan gladnie wat daar gebeur het nie. Net mooi niks maak sin nie! Die doeke wat daar lê? As iemand Jesus se lyk sou gesteel het, sou hulle in die eerste plek baie beslis nie eers die doeke afgerol het van Sy liggaam nie. Diewe sou beslis nie die doeke daar laat lê nie, dis mos kosbaar, en hulle kan dit verkoop.

Johannes verstaan dit gladnie, daarom kan hy slegs één enkele afleiding maak: Jesus het uit die dood opgestaan!

Maria Magdalena is verward, haar hart is stukkend oor haar geliefde Meester! Doelloos begin sy sommer net loop. Sleepvoet volg sy die voetpaadjie graf toe. Voor die opening van die leë graf kom sy tot stilstand en gaan bitterlik aan die huil. As sy vir ‘n oomblik opkyk, sien sy deur haar trane twee manne in die grafkamer sit. Hulle het spierwit klere aan.

Die manne het groot simpatie met Maria. “Waarom huil jy so?”

“Hulle het my Here weggevat, en ek weet nie waar hulle Hom begrawe het nie.”

Nou kom die trane in ‘n stortvloed. Sy draai om, sy wil weghardloop. Dan staan daar iemand voor haar: “Mevrou, waarom huil jy? Vir wie soek jy?”

Deur haar trane herken sy gladnie vir Jesus nie, en sy dink dis die tuinopsigter. “Meneer, as U Hom weggevat het, sê my asseblieftog waar julle Hom begrawe het. Ek sal Hom daar gaan haal.” Rou snikke skeur deur Maria.

Dan praat die Man met haar: “Maria.”

Onmiddellik herken Maria Jesus se stem. Hy was immers die Een wat sewe demone uit haar

uitgedryf het! Waarom sal sy dan nie onmiddellik Sy stem herken nie?

Johannes skryf dat Maria na hierdie blye ontmoeting reguit terug is na die ander dissipels toe. Sy het sékerlik al die pad gehardloop so vinnig sy kon, en sy het vir hulle vertel dat sy Jesus gesien het, dat Hy leef en dat sy met Hom gepraat het. Sy het verder ook vir hulle vertel dat Jesus gesê het dat sy vir hulle moes sê dat Hy sou opvaar na Sy Vader, en dat Sy Vader ook húlle God en Vader is.

Maria Magdalena was dus die héél eerste getuie vir Jesus! Dit

was beslis merkwaardig, want dit was ‘n tyd toe vrouens absoluut géén sê gehad het in die lewe nie, hulle was slegs die man se eiendom! Dit gebeur in ‘n tyd toe die man ál die sê gehad het, en hulle die enigste was wat in die openbaar kon praat oor godsdiens sake! Ten spyte hiervan, word ‘n vrou die héél eerste een om te getuig van Jesus se opstanding!

Gebed:

Here, vanoggend jubel ons weereens oor die leë graf - U het waarlik opgestaan! Jesus leef!

76

# Epiloog

## Markus 16:9-20

**VIDEO * OUDIO**

Ons het gekom aan die einde van Markus se Evangelie - die héél eerste Evangelie wat geskryf is. Matteus, Lukas en Johannes het eers later gekom. Die laaste stukkie van Markus 16 (vers 9 tot 20) is waarskynlik nie deel van hierdie boek nie, en is moontlik eers later bygevoeg deur iemand wat die oorskryfwerk gedoen het. In die beste manuskripte eindig Markus by vers 8.

Verse 9 tot 20 is egter nie noodwendig foutief nie, want dit stem volkome ooreen met die ander drie evangelies. In hierdie gedeelte word vertel van Maria se ontmoeting met Jesus en hoe Jesus ook aan ander mense verskyn het. Dit vertel ook dat Jesus die elftal berispe het omdat hulle aanvanklik nie wou glo oor Sy opstanding nie. Ons lees hier van Jesus se sendingopdrag aan die dissipels, dat hulle die hele wêreld moes ingaan en die evangelie aan die hele mensdom moes gaan verkondig. Dit beskryf ook Sy hemelvaart. Die "epiloog" sluit af met die nuus dat die dissipels Jesus se opdrag wél

uitgevoer het, dat hulle met die krag wat die Here hulle gegee het, kragtige getuies was en dat baie wondertekens deur hulle plaasgevind het.

Ek wil egter hierdie reeks afsluit met die vraag: Wat is die boodskap van Jesus se lyding vir ons as gelowiges in 2022? Het die verhaal van Jesus se gevangeneming, kruisiging en dood 2000 jaar gelede werklik nog vandag vir my ‘n boodskap? Oor die afgelope paar weke het ons saam gehuil en saam met Petrus en die ander seergekry. Maar was dit nie maar net ‘n mooi storie nie?

As jy werklik Markus se perspektief op al hierdie gebeure reg begryp, hou dit vir jou ‘n geweldige geestelike verdieping in.

As ek vanoggend vir jou die vraag sou vra: “Waarom moes Jesus sterf?” sal jy sékerlik, sonder om tweekeer te dink, sê dat dit mos is om versoening te bewerkstellig vir ons sondes. Dit is natuurlik waar! Maar ons moet dan ook besef dat dit nie die enigste perspektief is op Jesus se dood en lyding nie. Inderdaad wil Markus dit tuisbring dat Jesus gesterf het as versoening vir ons sondes, maar as jy mooi gaan dink, sal jy

onthou dat hy dit slegs tweekeer in die Evangelie noem (Mar. 10:45 en 14:24).

Daar is egter ‘n ander saak wat Markus baie na aan die hart lê: om Jesus se Goddelikheid te beklemtoon. Wat staan in die héél eerste vers van die boek? Dat Jesus Christus die Seun van God is. Hierdie lyn word regdeur die boek getrek.

Maar nou vra jy dalk: Hoe rym dit met Sy lyding en sterwe? Dit is dan juis hier waar Markus baie moeite doen om Jesus se lyding en kruisiging te koppel aan die feit dat Hy die Seun van God is. Eintlik is dit ‘n paradoks wat

Markus gebruik om juis met die kruisgebeure Jesus se Goddelikheid te beklemtoon. Watter groter teenstelling kan daar nou wees, as dat die Koning van alle konings as vervloekte aan ‘n kruis sterf?

Maar dan sien ons hoe Markus telkemale teruggryp na die Ou Testament, en veral die Psalms om te wys dat Jesus die Groot Lydende Regverdige is. Daar is talle voorbeelde uit die Ou Testament van regverdige mense wat moes ly as gevolg van goddelose vyande wat hulle vervolg het. Markus wil wys dat Jesus moes ly ten spyte daarvan

dat Hy **totaal onskuldig** was, maar terselfdertyd dat Hy **gewilliglik** gely het. So sien ons byvoorbeeld dat Jesus op die regte tyd na Jerusalem gegaan het, terwyl Hy deeglik bewus was daarvan dat Hy daar sou sterf. Hy het die nag in Getsemané gaan bid terwyl Hy gewéét het dat Judas Hom daar sou verraai. Tydens die verhoor het Hy nie eers probeer om Homself te verdedig nie. Alles moes verloop volgens ‘n Goddelike plan. Wanneer Markus dan vertel van die Romeinse offisier wat daar by die kruis in verwondering erken het dat Jesus waarlik die seun van God was, op grond van die

wyse waarop Jesus gesterf het, is dit die finale bevestiging.

Markus wil hê dat hierdie hele gedagte elke gelowige moet aangryp, nie alleen om in verwondering Jesus te erken as God nie, maar ook dat ons die praktiese implikasies hiervan baie deeglik sal besef. In Markus 8:34 sê Jesus dat jy bereid moet wees om ook jou kruis op te neem as jy Hom wil volg, en bereid moet wees om ook te ly vir die evangelie.

Hierdie gedagte druis natuurlik lynreg teen ons menslike wese in. Om te ly beteken vandag natuurlik nie noodwendig meer

om as martelaar te sterf nie, tensy jy iewers bly waar Christene vandag nog steeds wreed vervolg word. Dit beteken om die evangelie onbevange uit te dra en uit te leef, ten spyte daarvan dat ek dalk gespot gaan word daaroor, of dat ek selfs verwerp kan word deur my vriendekring! Om te ly beteken dat ek dalk bereid moet wees om die nederigste take te verrig.

Ek wil jou uitnooi, liewe leser, om die pad wat Markus vir ons uitgestippel het, met blymoedigheid te stap ter wille van ons Here, Jesus Christus, die Seun van die lewende God!

Gebed:

Here, dankie vir die heerlike getuienis van Markus, en die wonderlike boodskap wat dit vir ons lewe inhou. Dankie dat ons vandag kan weet: U is die Lewende, Regerende en Liefdevolle God.